AFRIKAANS

VIR

ENGELSSPREKENDES

BOEK TWEE.

I. D. DU PLESSIS, M.A., B.Educ.

EN

D. J. POTGIETER, M.A.

SKB
439.36824
DUP



Juta se Tegniese Kollege Serie.

AFRIKAANS

VIR

ENGELSSPREKENDES

(BOEK TWEE)

DEUR

I. D. DU PLESSIS, M.A., B.Educ.
(SENIOR LEKTOR IN AFRIKAANS, TEGNIESE KOLLEGE, KAAPSTAD),

EN

D. J. POTGIETER, M.A.
(LEKTOR AAN DIE TEGNIESE KOLLEGE, KAAPSTAD).

JUTA & KIE. BEPK.,
Boekhandelaars en Uitgewers.
KAAPSTAD EN JOHANNESBURG.

VOORWOORD.

Die behoefte aan 'n handleiding vir Engelssprekendes wat Afrikaans wil aanleer, veral met die oog op die B-vraestelle onder die nuwe leerplanne van die Unie-Onderwysdepartement, en die Spoorwegeksamen, het ons genoop om hierdie boek as vervolg op „Afrikaans for English-speaking Students" (Book I) die lig te laat sien.

Omdat veral gemik word op bogenoemde eksamens is spesiale aandag aan drukproewe, sakebriewe en opsommings gewy; maar die orige stof word so aangebied dat ook diegene wat nie vir hulle op hierdie bepaalde eksamens wil toelê nie, maar wat ongeveer die Afrikaans van die Junior Sertifikaat agter die rug het, dit by die voortsetting van hul studie kan gebruik.

Dit word nie voorgegee dat die Leesoefeninge voldoende leesstof verskaf nie. Aanvullende leesboeke sal moet gebruik word. Die klompie leesoefeninge dui egter die gehalte van die vereiste leesstof aan en dien ook as inleiding tot dié leesstof. Die gebruik van kanttekeninge vergemaklik die taak van die student, wat anders op hierdie stadium alte veel woorde moet naslaan.

Ons wil graag die Afrikaanse lektore aan die Kaapse Tegniese Kollege bedank vir die wenke wat hulle aan ons laat bekom het gedurende die tydperk waarin die stof, wat nou hierdie boek uitmaak, in die Trap-Drie-klasse van die Kollege getoets is.

Aan sy Edele die Minister van Onderwys en sy Edele die Minister van Spoorweë is ons dank verskuldig vir hulle toestemming om die vraestelle van die Derde Trap (wat 'n goeie aanduiding is van die peil wat die kandidaat aan die end van dié kursus moet bereik) en van die Spoorwegeksamen agter in die boek te plaas.

DIE SKRYWERS.

INHOUD.

Hoofstuk.		Bls.
	Voorwoord.	
1.	Ter Inleiding	1
2.	Die Werkwoord	8
	Leesoefening 1 : Iets oor Tale	14
3.	Die Werkwoord (*vervolg.*)	16
4.	Die Werkwoord (*vervolg*)	12
5.	Die Werkwoord (*vervolg*).	28
	Leesoefening 2 : Die Ontstaan van Afrikaans ..	35
6.	Die Werkwoord (*vervolg.*)	38
7.	Die Werkwoord (*vervolg.*)	43
	Leesoefening 3 : Die Kuns om te Skrywe	48
8.	Die Werkwoord (*vervolg.*)	51
9.	Die Werkwoord (*vervolg en slot*)	59
	Leesoefening 4 : Verneukpan	68
10.	Insake Spelling	70
	Toets Een	76
	Leesoefening 5 : Sielkunde	78
11.	Die Dubbele Ontkenning	81
12.	Sakebriewe	88
13.	Sakebriewe (*vervolg*).	94
14.	Sakebriewe (*vervolg en slot.*)	101
	Leesoefening 6 : Twee Briewe	107
15.	Voegwoorde en Sinsontleding	108
	Toets Twee	115
	Leesoefening 7 : Die Huurkoopstelsel	117
16.	Voorsetsels en Bywoorde	119
	Leesoefening 8 : Wanneer Werknemers die Beste Dienste Lewer	128
17.	Insake Vertaling	131
	Leesoefening 9 : Gaan die Mensdom Uitsterf ? ..	136
18.	Idiome en Spreekwoorde	139
	Leesoefening 10 : Die Ewolusie van Krediet ..	144
19.	Drukproewe	146
	Toets Drie	150
	Leesoefening 11 : Die Beskerming van Nywerhede	152
20.	Woordvorming	154
	Leesoefening 12 : Testamente	162
21.	Opsommings	164
	Leesoefening 13 : Vakansie-Indrukke	168
22.	Die Opstel	171
	Leesoefening 14 : Vakansie-Indrukke (*vervolg.*) ..	175
	Toets Vier	178
Addisionele Leesoefeninge		180
Eksamenvraestelle Trap III.		187
Spoorwegeksamen-vraestelle		201

HOOFSTUK EEN.

TER INLEIDING.

By way of introduction.

Daar hierdie kursus nie *bedoel* is vir beginners nie, maar vir studente wat tenminste 'n Trap II (J.S.) standaard in Afrikaans *bereik* het, sal ons baie min aandag *wy* aan elementêre grammatiese dinge soos die *verbuiging* van die selfstandige naamwoord (b.v. meervoude) en van die byvoeglike naamwoord (b.v. trappe van vergelyking). Ons sal, by wyse van *herhaling*, *klem* lê op party van die belangrikste punte in verband met die grammatika wat 'n J.S. behoort te ken; as die student meer van hierdie (en ander elementêre) dinge wil weet, moet hy „Afrikaans for English Speaking Students," Dele 1 en 2 *raadpleeg*.

intended.

attained; devote

inflection.

repetition; stress.

consult.

A. WOORDORDE IN DIE ENKELVOUDIGE SIN.

(Word-order in the Simple Sentence.)

(1) As die sin met die *onderwerp* begin, is die woordorde dieselfde as in Engels (d.w.s. die ww. volg onmiddellik na die onderwerp); b.v. :—

Hy kom more.

subject.

(2) Waar die *gesegde* bestaan uit 'n *hulpwerkwoord(e)* plus verlede deelwoord (of infinitief), staan die verl. deelw. (of inf.) aan die end van die sin; b.v. :—

Hy sal more vroeg **kom.**
Hy het gister per trein **gekom.**

predicate; auxiliary.

(3) As die sin nie met die onderwerp begin nie, maar met 'n *voorwerp* of *bywoordelike bepaling*, kry ons die *omgekeerde* woordorde, d.w.s. ons kry eers die gesegde en dan die onderwerp; b.v. :—

Dié man **ken ek** nie.
More **kom hy.**
More **sal hy kom.**
Gister **het hy** per trein **gekom.**

object; adverbial; extension.
inverted.

OPMERKING.

In 'n samegestelde sin met *onderskikkende* sinsverband (Complex Sentence), waar die *hoofsin* die laaste deel van die samegestelde sin vorm, en die bysin(ne) die eerste deel,

subordinative.
principal clause.

serves.

dáar *dien* die bysin(ne) as bepaling ; met ander woorde, ons kry die omgekeerde woordorde in die hoofsin ; b.v. :—

Dat hy siek was, **het hy** my **vertel.**
Hoewel hy siek was, **het hy gekom.**
Tensy jy siek is, **kan jy gaan.**
As dit reent, **is dit** nat.

B. WOORDORDE IN DIE SAMEGESTELDE SIN.

co-ordinate.

(*a*) In 'n samegestelde sin met *neweskikkende* sinsverband (d.w.s. in 'n „compound sentence"), kry ons die **normale woordorde** na :—

en (and) ; **maar** (but) ; **dog** (yet) ; **want** (for).

concerns. regard.

Dit wil sê, sinne wat deur een van hierdie voegwoorde ingelei word kan ons, wat hulle woordorde *betref*, *beskou* as enkelvoudige sinne ; b.v. :—

Jan het gewerk, **en** ek het gespeel.
Jan het gegaan, **maar** (**dog**) ek het tuis gebly.
Ek kan nie gaan nie **want** ek is siek.

inverted. word-order.

In 'n samegestelde sin met neweskikkende sinsverband kry ons die *omgekeerde woordorde* na :—

daarna (after that) ; **tog** (yet) ; **nogtans** (nevertheless) ; **dus** (therefore) ; **derhalwe** (therefore).

Dit wil sê, na hierdie voegwoorde kry ons eers die gesegde en dan die onderwerp ; b.v. :—

Ek was siek, **tog het ek** gegaan.
Ek was siek, **dus het ek** nie gegaan nie.

OPMERKING.

Let op die verskillende woordorde na **dog** en **tog** :—

Ek was siek, **dog** ek het gegaan.
Ek was siek, **tog** het ek gegaan.

(*b*) In 'n samegestelde sin met onderskikkende sinsverband (dit wil sê, in 'n „complex sentence"). staan die **werkwoord(e)** gewoonlik altyd **aan die end** van die bysin ; b.v. :—

Hy sê **dat** hy more vroeg **kom.**
Hy sê **dat** hy more vroeg **sal kom.**
Ek sal gaan **mits** jy saam met my **sal kom.**
Ek sal gaan **hoewel** ek vandag 'n bietjie siek **voel.**

'n Paar van die vernaamste voegwoorde wat ondergeskikte sinne inlei (met die ww. aan die end) is :—

Dat	(that)
wat	(who, which, whom)
hoewel	(though)
alhoewel	(although)
ofskoon	(although)
daar	(since)
aangesien	(since)
omdat	(because)
voordat	(before)
eerdat	(before)
nadat	(after)
opdat	(in order that)
sodat	(in order that)
terwyl	(while)
as	(when—Present Tense)
toe	(when—Past Tense)
as	(if)
wanneer	(when—Present Tense)
sodra	(as soon as)
asof	(as if)
tensy	(unless)
mits	(provided that)
indien	(if)

OPMERKING 1.

Behalwe **hoewel, alhoewel** en **ofskoon** kan ons in Afrikaans ook **al** (although) gebruik om bywoordelike bysinne van toegewing (concession) in te lei, maar na **al** staan die werkwoord nie aan die end nie. In plaas hiervan kry ons die omgekeerde woordorde (wat ons b.v. na „tog," „nogtans," ens., kry). Dus :—

Ek sal gaan (al) **hoewel** ek siek **voel** ; maar :
Ek sal gaan **al voel ek** siek.
Ek sal gaan **al moet** ek ook **loop.**

OPMERKING 2.

Let op die verskil in woordorde na **want** en **omdat :**
Ek sal gaan **want** ek **wil** vroeg daar **wees.**
Ek sal gaan **omdat** ek daar vroeg **wil wees.**

OPMERKING 3.

The....The.... = **Hoe....hoe....**
Hoe verder hy loop, **hoe** kleiner **word hy.**
Hoe meer ek eet, **hoe** vetter **word ek.**

Let op dat ons in die eerste **hoe**-sin die normale woordorde kry, maar in die twede een die omgekeerde woordorde.

C. HULPWERKWOORDE (Auxiliaries).

Het, word en **is,** wanneer hulle as hulpwerkwoorde diens doen, word gevolg deur die **verlede deelwoord; sal, kan, mag, wil, moet** en **durf** deur die **infinitief;** b.v. :—

Ek het gegaan.
Ek word geslaan.
Ek is geslaan geword.
Ek sal (kan, mag, ens.) gaan.

D. VERBUIGING VAN DIE ADJEKTIEF. (Inflection of the adjective).

Byv. naamwoorde kan in Afrikaans verbuig word op een van die volgende drie maniere :—

inflected.

(1) Deur **-e** aan te voeg (*verboë* vorm van die stellende trap) : wilde.

(2) Deur **-er** aan te voeg (vergrotende trap) : wilder.

(3) Deur **-ste** aan te voeg (oortreffende trap) : wildste.

general. use.

Alleen wanneer die bnw. in Afrikaans attributief gebruik word (d.w.s. direk voor 'n snw.) kan dit 'n verboë vorm met **-e** hê. Die volgende *algemene* reël sal vir die student tot groot *nut* wees :—

syllabic. terrible. catastrophe.

Twee- of meerlettergrepige bnw. word gewoonlik verbuig ('n aangename dag, 'n *ontsettende ramp*) ; eenlettergrepige bnw. word gewoonlik nie verbuig nie, tensy hulle eindig op **d, f** en **g** ('n mooi meisie, 'n vet vrou ; **maar :** 'n goeie man, 'n dowe kêrel, 'n hoë boom).

particulars.

(Vir volledige *besonderhede*, sien „Afrikaans for English-speaking Students," Part 2, Chapter 10.)

important.

Hoewel sekere bnw. (b.v. dié wat eenlettergrepig is en nie op **d, f** en **g** eindig nie) gewoonlik nie verbuig word nie, is dit *belangrik* om te weet dat **enige bnw. verbuig kan word :**—

special emphasis.

(*a*) As dit met *besondere nadruk* gebruik word, b.v. :—
Wat 'n **grote** gebou **!**
Wat 'n **vette** vrou !
Jou **luie** vabond.

(*b*) As dit in figuurlike styl gebruik word, b.v. :—
Die **reine** waarheid (maar : rein water).
'n **Dure** *ondervinding* (maar : 'n duur ring).

experience.

E. ANGLISISMES.

Hoewel die Afrikaanse taal baie min verboë vorme het (*vergelyk* dit b.v. met Latyn of selfs Engels) sal die student by dié tyd al *ontdek* het dat Afrikaans 'n eie, en in baie *opsigte* selfs moeilike, taalidioom het. As ons die paar verboë vorme ken wat Afrikaans het, dan lê ons moeilikste taak nog voor; want dan moet ons nog leer om die idioom van die taal *meester te raak.*

compare. discovered. respects. to master.

En in hierdie *verband* moet die student veral op sy *hoede* wees teen die sogenoemde **anglisisme,** d.w.s. **'n letterlike vetaling in Afrikaans van die Engelse idioom.** Elke taal het 'n eie karakteristieke manier waarop die woorde in sinne gebruik word, en gewoonlik kan ons nie dieselfde woorde op dieselfde manier in twee *verskillende* tale (soos Afrikaans en Engels) inspan nie. As ons dit met bogenoemde tale doen, kry ons in die een *geval* stylfoute wat ons Anglisismes noem en in die ander geval sogenoemde, „Africanderisms." By voorbeeld :—

connection. guard. different. case.

As ons in Afrikaans sê „**wat is die tyd,**" dan het ons die Engelse idiomatiese *uitdrukking* net letterlik vertaal (what is the time)—ons het nog nie 'n sin wat korrekte, idiomatiese Afrikaans *bevat* gebruik nie, naamlik: **Hoe laat is dit** ? „Wat is die tyd " is dan 'n Anglisisme, waarvoor studente op hulle hoede moet wees.

expression. contains.

Sien ook Hoofstuk 17.

Oefening 1a.

Verbind die volgende sinne met behulp van die voegwoorde wat tussen hakies aangegee word :—

(1) Ek sal gaan. Dit is nog baie vroeg. (alhoewel).
(2) Ek sal gaan. Dit is nog baie vroeg. (al).
(3) Hy het hard gewerk. Hy het gedruip. (dog).
(4) Hy het hard gewerk. Hy het gedruip. (tog).
(5) Die eksamen was moeilik. Ek het geslaag. (nogtans).
(6) Die reent. Ek moet tuis bly. (dus).
(7) Ek kan gaan. Ek voel siek. (tensy).
(8) Ek sal gaan. Die reën hou op. (sodra).
(9) Jy ken jou werk nie. Jy moet by die huis bly (aangesien).
(10) Ek het daar gekom. Hy was besig om te ploeg. (toe).

Oefening 1b.

(*a*) Vul in die regte vorm van die bnw. tussen hakies, en vertaal :

'n (nuut) boek.	'n (lui) vabond.
'n (glad) vloer.	'n (wreed) kaffer.
'n (lui) kind).	'n (bang) soldaat.
'n (breed) plank.	'n (onbeskof) vent.
'n (interessant) verhaal.	'n (stout) rakker.
'n (jonk) beginner.	'n (woes) nasie.

(12)

(*b*) Gee die betekenis en die trappe van vergelyking van :—

hoog	beroemd	wonderlik	gek
skatryk	vas	muf	vroeg
baar	bleek		

(10)

Oefening 1c.

Voltooi die volgende sinne :—

(1) Ek sal gaan, want .....
(2) Ek sal gaan, omdat .....
(3) Ek sal gaan, terwyl .....
(4) Ek sal gaan, mits .....
(5) Ek sal gaan, tensy .....
(6) Ek sal gaan, maar .....
(7) Ek sal gaan, alhoewel.....
(8) Ek sal gaan, al .....
(9) Ek sal gaan, as .....
(10) Ek sal gaan, voordat .....

(20)

Oefening 1d.

Vertaal in idiomaties-korrekte Afrikaans :—

(1) What is the time ? It is exactly ten o'clock.
(2) There are six classes, each consisting of more or less twenty students.
(3) The more work, the better salary.
(4) It is a great pity that my father's brother turned out such a rotter.
(5) The result will not be out until the end of the month.
(6) He never turned up.
(7) No attempt will be made to solve this most vital problem.
(8) In the morning paper applications were invited for the post of book-keeper. (24)

Oefening 1e.

(*a*) Skryf die volgende sinne oor maar begin in elk geval met die vet-gedrukte woord (e) :—

(1) Die mense werk hard **in die tuin.**
(2) Hy het **vroeg** die volgende more gekom.
(3) Jy mag nie raas **terwyl** ek slaap nie.
(4) Ek was in die Kaap **toe** jy op vakansie was.
(5) Ek sal nie kom **as** dit reent nie. (5)

(*b*) Skryf die volgende sinne oor, maar begin met die woorde tussen hakies :—

(1) Hy het gister met die trein gekom. (Hy sê dat .....)
(2) Hy is skuldig aan diefstal. (Ons glo nie .....)
(3) More sal ek vroeg op kantoor moet wees. (Ek sê dat .....)
(4) Hy mag nooit in sy eie huis rook nie. (Hy het my nie vertel dat .....)
(5) Gert het gisteremiddag voetbal gespeel. (Dis Gert wat .....)

(9)

HOOFSTUK TWEE.

DIE WERKWOORD—THE VERB.

1. WAT 'N WERKWOORD IS.

'n Werkwoord (ww.), soos die naam ons vertel, is die **woord** wat vir ons die **werk** noem wat in 'n sin gedoen word. As ek b.v. sê: „Jan skryf," dan noem „skryf" die *handeling* wat Jan doen, en is dus die ww. van hierdie sinnetjie.

action.

condition.

Behalwe 'n handeling kan 'n ww. ook 'n *toestand* uitdruk (b.v. Jan slaap, Jan lê), of die oorgaan van een toestand in 'n ander (b.v. Jan sterf, Jan sink).

2. MIN VORMVERANDERING IN DIE AFRIKAANSE WW.

Soos ons al vantevore gesien het, verander die vorm van die ww. in Afrikaans nie om *verskil* in *getal* en persoon uit te druk nie. Die *teenwoordige tyd* van **loop** is dus :—

difference.
number.
present tense.

ek loop, jy (u) loop, ons loop, ens.

Met andere woorde, die vorm bly dieselfde, en dit is die *selfstandige naamwoord* (snw.) of *voornaamwoord* (vnw.) wat vóór die ww. staan wat vir ons sê watter getal en persoon die ww. is.

noun.
pronoun.

Verskil in tyd en *wys* druk ons in Afrikaans gewoonlik uit *deur middel van hulpwerkwoorde*. So is **ek loop** die teenw. tyd; as ek die *toekomende tyd* van die ww. **loop** wil gebruik, roep ek die hulp in van die hulpww. **sal: ek sal loop.**

mood.
by means of auxiliaries.
future tense.

Na sekere hulpww. moet ons egter die vorm van die *hoofwerkwoord* verander. Dis die *geval* met die hulpww. **het,** wat ons gebruik om die verlede tyd te help vorm, en **word,** deur middel waarvan ons die *lydende vorm* uitdruk. Dus :—

main verb.
case.
passive voice.

Jan **het geloop.** (John walked).
Jan **word geslaan** (John is being beaten).

Die vorm „geloop," „geslaan," ens., noem ons *verlede deelwoorde* (sien Hoofstuk 5, para. 16 e.a.).

past participles.

Ons kry ook vormverandering in die geval van 'n paar sterk verlede tye in Afrikaans (sien para. 3 (*f*)).

3. VERSKILLENDE SOORTE WERKWOORDE.

Gemaklikheidshalwe kan ons die werkwoorde *verdeel* in verskillende klasse. So praat ons van :— for the sake of convenience. divide.

A. ' ENKELVOUDIGE EN SAMEGESTELDE WW.

(Simple and Compound Verbs.)

b.v. loop—deurloop (deur + loop).
stel—samestel (same + stel).
deel—verdeel (ver + deel).

Samegestelde ww. kan weer *skeidbaar* of onskeidbaar samegestel wees (sien Hoofstuk 7). separably.

B. SELFSTANDIGE WERKWOORDE EN HULPWERKWOORDE.

(Finite Verbs and Auxiliary Verbs.)

b.v. loop, deurloop—sal, wil, het.

Party ww. in Afrikaans kan gebruik word as hoofsowel as hulpwerkwoorde. **Word** as *selfstandige* ww. beteken „to become," b.v. Jan word onderwyser ; as hulpww. gebruik ons „word " in Afrikaans om die lydende vorm uit te druk, b.v. Jan word geslaan (sien para. 2). finite, independent.

C. OORGANKLIKE (Transitiewe) EN ONOORGANKLIKE— (Instransitiewe) Ww.

Oorganklike ww. word gevolg deur 'n direkte *voorwerp*, onoorganklike ww. nie. Dus :— object.

Jan **kook** kos. (Oorg.).
Jan **kook.** (Onoorg.).

D. WEDERKÉRENDE (Refleksiewe) WW.

Dit is ww. waar die *onderwerp* en die direkte voorwerp een en dieselfde persoon is, b.v. :— subject.

Ek was **my.**
Hy verwonder **hom.**
Hulle skaam **hulle.**

Ons kan wederkerende ww. in twee klasse verdeel :—

(*a*) Ww. soos **was, klee,** ens., wat nie altyd wederkerend is nie. Ons kan sê :—

Ek was **my** (refleksief), of
Ek was **Jan** (nie refleksief nie).

(*b*) Ww. wat *in die reël* net wederkerend gebruik word. 'n Paar hiervan is :— as a rule.

bedink (bethink), b.v. :—
Ek het my bedink.

bekommer (be anxious about), b.v. :—
Jan bekommer hom baie oor sy werk.

haas (make haste), b.v. :—
Jy moet jou haas.

herinner (recollect), b.v. :—
U sal u nog herinner hoe ons saam skool-gegaan het.

misgis (be mistaken), b.v. :—
Piet het hom lelik misgis deurdat hy die sterkte van die man *onderskat* het.

under-estimated.

ontferm (take pity on), b.v. :—
Ons ontferm ons oor jou.

skaam (be ashamed), b.v. :—
Ek moet my altyd vir jou skaam.

verbeel (imagine), b.v. :—
Julle verbeel julle dat julle te goed is om *pak* te kry.

hiding.

vergis (be mistaken), b.v. :—
Hulle vergis hulle as hulle dink Afrikaans is 'n arm taal.

verspreek (make a mistake in speaking), b.v. :—
Gert het hom verspreek toe hy voor die predikant *gevloek* het.

swore.

verstout (make bold), b.v. :—
Ons het ons verstout om 'n *wissel* op u te trek ter *vereffening* van die *agterstallige bedrag*.

bill.
settlement.
amount in arrear.

verwonder (be amazed), b.v. :—
Ek verwonder my oor jou *gedrag*.

behaviour.

vestig (settle down), b.v. :—
Hy het hom in Kaapstad gevestig.

voorberei (prepare), b.v. :—
'n Mens moet jou goed voorberei vir die eksamen.

E. Onpersoonlike WW.

Werkwoorde wat **dit** as onderwerp neem, noem ons onpersoonlike ww.

Party ww. kan onpersoonlik of *andersins* gebruik word, b.v. :—

otherwise.

Dit **is** mooi weer. (Onpers.).
Jan **is** 'n geslepe vent. (Pers.).

Die volgende ww. word in die reël net onpersoonlik gebruik :—

(*a*) Ww. wat natuurwerkinge uitdruk, b.v. :—
dit hael, dit reent, dit sneeu, dit donder, ens.

(*b*) Die volgende ww. :—

betaam (become), b.v. :—
Dit betaam ons nie om te hard te kritiseer nie.

behaag (please), b.v. :—
Dit het die Goewerneur-generaal behaag om die dood-*vonnis* te verander. — sentence.

geluk (succeed), b.v. :—
Dit het Jan nie geluk om in die eksamen te slaag nie.

spyt (be sorry), b.v. :—
Dit spyt ons om u *mee te deel* dat u *aansoek van die hand gewys* is. — inform. application. not accepted.

vrystaan (be at liberty), b.v. :—
Dit staan hom vry om te doen wat hy wil.

F. Swak en „Sterk" Ww.

Met die *uitsondering* van 'n paar sterk verlede tye en 'n *aantal* sogenoemde „sterk" verlede deelwoorde (sien Hoofstuk 7, para. 22), is al die werkwoorde in Afrikaans swak, d.w.s. hulle verander nie die *stamklinker* om die verlede tyd en verlede deelwoord te vorm nie. Dus :— — exception. number. root-vowel.

Ek ry — ek het hery ;
Ek swem — ek het geswen.

Vergelyk Engels :—
I ride — I rode ;
I swim — I swam.

Die volgende „sterk" verlede tye word nog in Afrikaans *aangetref* :— — found.

dag — verlede tyd van dink.
had — verlede tyd van het.
kon — verlede tyd van kan.
moes — verlede tyd van moet.
mog — verlede tyd van mag.
sou — verlede tyd van sal.
was — verlede tyd van is.
wis — verlede tyd van weet.
wou — verlede tyd van wil.

OPMERKING.

In plaas van **dag, wis, had** (selfst. ww.) kan ons ook sê : het gedink, het geweet, het gehad.

Oefening 2a.

missing. preposition.

Vul die *ontbrekende voorsetsel* in, en vertaal :—

outing.

(1) Ontferm u—ons, o Heer !

(2) Ons berei ons voor—die *uitstappie*.

inflected.

(3) —die reël kry ons maar min *verboë* vorme in Afrikaans.

consists.

(4) Hierdie boek *bestaan*—drie dele.

(5) Ek verwonder my—jou gedrag.

(6) „Op Safari" is—Sangiro geskryf.

illustrate.

(7) *Helder* u antwoord *op* deur middel—voorbeelde.

(8) Die vader is baie trots—sy seuns.

right through.

(9) —sekere hulpwerkwoorde gebruik ons *deurgaans* die verlede deelwoord.

consumption.

(10) Daardie man ly—*tering*.

(10)

Oefening 2b.

Skryf die volgende sinne oor :—

(*a*) in die verlede tye,

(*b*) in die toekomende tyd.

jealous.

(1) Jan is *jaloers* op Piet.

(2) Die man weet wat hy moet doen.

(3) Ek dink nie so nie.

request. direct.

(4) Ek het 'n *versoek* en wil dit aan u *rig*.

(5) Hy verbeel hom dat hy hom verspreek.

(6) Ek skaam my omdat jy jou nie oor die arme

beggar.

bedelaar ontferm nie.

(7) Hy moet hom haas.

(8) U misgis u, meneer, as u so dink.

(9) Dit skeel my nie wat jy het nie.

(10) Dit mag u wel verwonder om te sien dat dit my nie geluk nie.

(10)

Oefening 2c.

Vertaal oefening 2b. (10)

Oefening 2d..

Skryf die volgende paragraaf oor :—

(*a*) in die teenwoordige tyd,

(*b*) in die toekomende tyd.

Toe die student in die kamer kom en al die pakkies sien, wis hy nie wat hy moes dink nie. Nieteenstaande die feit dat dit nie sy *verjaarsdag* was nie, het daar 'n groot aantal pakkies gelê. Met *gefronste wenkbroue* het hy die *boel gadegeslaan*, hulle *betas*, en weer *gepeins*, sonder dat die pogings wat hy aangewend het om agter die waarheid te kom enige vrugbare resultaat afgeworp het. En toe, *skielik*, het hy hom herinner dat dit sy kamermaat se verjaarsdag was.

(20)

birthday.
wrinkled.
brows.
whole lot.
regarded.
handled.
pondered.
suddenly.

Oefening 2e.

Gebruik die volgende woorde in goeie sinne :—

Verskil	teenwoordig
handeling	egter
uitdruk	vestig
behalwe	geval (selfstandige nw.)
toestand	verlede

(20)

OPMERKING.

Hierdie woorde is almal in die voorafgaande les gebruik.

Oefening 2f.

Vul 'n gepaste voornaamwoord in, en vertaal :—

(1) Dit spyt—om—te *berig* dat ons *voorraad* totaal uitverkoop is.

(2) Verwonder u—oor al die skoonheid ?

(3) Dit kan—nou absoluut nie skeel of jy—vergis het of nie.

(4) *By geleentheid van* sy Wellingtonse *toespraak* het die Minister—lelik verspreek.

(5) As die studente—goed voorberei sal hulle—nie hoef te skaam oor die *uitslag* nie.

(6) U sal—herinner dat—op daardie dag so hard gereent het dat ons—moes haas om tuis te kom.

inform.
stock, supply.
on occasion of speech.
result.

(7) —staan—vry om—te vestig waar— —behaag.

imbecile.
reach.

(8) Daardie *swaksinnige* verbeel — hy is 'n mieliepit, gevolglik haas — hom om uit die *bereik* van hoenders te kom.

moral.

(9) — betaam — nie om — nie te bekommer oor die *sedelike* toestand van ons bure nie.

(10) Hoewel — hard gereent het, het — — nie geluk om al sy bome nat te lei nie.

(30)

Leesoefening 1.

IETS OOR TALE.

proverb.

'n Ou *spreuk* sê: „Die man wat twee tale kan praat is dubbel gewapen"; en daar steek baie waarheid in, want elke taal is die sleutel tot die gedagtes van 'n volk; en as jy die taal nie ken nie, dan kan jy die volk nie verstaan nie.

Hoe meer tale ons dus ken, hoe beter; maar dit gaan nie so maklik om 'n nuwe taal aan te leer nie—veral as ons al uit die skool is en die kinderjare agter die rug het. Die *geheue* en die *spraakorgane* is dan nie meer so *vatbaar* vir nuwe woorde en klanke nie; en daar is baie ander sake wat die aandag vereis.

memory.
speech organs susceptible.

applied.
very widely.
respects.

Wat is nou die beste manier om te werk te gaan by die aanleer van 'n nuwe taal? Baie metodes *is* al *toegepas*. Die nuwe metodes verskil *hemelsbreed* van die oues, en in party *opsigte* ook van mekaar; maar al die moderne taalonderwysers stem oor een punt saam: hulle is vas *oortuig* dat die student in *regstreekse aanraking* met die taal moet gebring word. Hy moet van die *staanspoor* af probeer lees, praat en skrywe; en grammatiese punte, wat in die ou dae die *hoofrol* gespeel het, word nou uit die skryf- en leeswerk afgelei. Die taalonderwysers het uiteindelik besef dat 'n taal nie deur grammatika kan aangeleer word nie; dat die hoofsaak is om die taal te kan gebruik; en dat 'n mens slegs 'n taal kan leer gebruik wanneer jy daagliks daardie taal probeer *beoefen*, deur dit te lees, te praat en te skrywe.

convinced.
direct contact.
beginning.
chief part.
exercise.

ability.

Dis verbasend om te sien watter *aanleg* vir tale party volke aan die dag lê. In Switserland, by voorbeeld, praat meeste van die mense drie tale—Frans, Italiaans en 'n soort van Duitse patois; terwyl baie van hulle ook Engels praat. Dit laat 'n mens dink dat ons geneig is om die moeilikhede van *tweetaligheid* te oorskat, wanneer jy sien hoe maklik hierdie mense hulle gedagtes in drie of meer tale uitdruk.

bilingualism.

Een van die interessantste studies op *taalgebied* is die *vergelyking* van *verskeie* tale om te sien watter *gemeenskaplike bestanddele* hulle besit: baie tale besit dieselfde woorde—gewoonlik in *gewysigde* vorm—en dis die taak van die *taalgeleerdes* om uit te vind hoe hulle aan dié woorde kom. Die *natuurlike gevolgtrekking* is dat hulle die woorde aan mekaar *ontleen het*, of anders het hulle die woorde aan dieselfde *bron* ontleen. Ons vind dat albei die dinge plaasgevind het: so het Engels, by voorbeeld, baie woorde tydens die *Normandiese Inval* aan die Frans ontleen; terwyl sowel Frans as Engels tal van woorde *regstreeks* aan die Klassieke Latyn ontleen het.

sphere of language.
comparison.
different.
common elements.
modified.
language experts.
natural conclusion.
borrowed.
source.
Norman invasion.
directly.

Hieruit *kan opgemaak word* dat sekere taalgroepe van 'n *gemeenskaplike* taal afstam; en dit is dan *inderdaad* al bewys: die *taalwetenskap* het so ver *gevorder* dat dit die verskeie tale definitief onder-bepaalde groepe kan plaas—groepe wat elkeen van 'n sekere *oertaal* afstam.

can be gathered.
common; indeed
science of language.
advanced.
original language.

Sou daar enige *verband* wees tussen die paar oertale waaruit al die ander tale *voortspruit*? Dis 'n interessante vraag hierdie, want as dit blyk dat hierdie tale ook *gemeenskaplike bestanddele* besit dan sal dit moontlik wees om nog verder in die geskiedenis van *taaloorsprong* terug te gaan en nader aan die eerste taal—as daar ooit soiets was—te kom.

connection.
sprout forth.
common elements.
origin of language.

Daar het al baie *verklarings* van taaloorsprong die lig gesien; maar dis nog nie *vasgestel* hoe die wonderlike *gawe*, wat die mens van die dier *onderskei*, ontstaan het nie.

explanations.
determined.
gift.
distinguishes.

Dis nie heeltemal juis om te sê dat die mens van taal gebruik maak, en die dier nie. Diere het hulle eie taal—*oneindig minder ontwikkel* as dié van die mens, dis waar; maar tog dien dit om sekere *gewaarwordinge* aan mekaar mee te deel; en een van die teorië, waarvan hierbo melding gemaak word, is dat die mensetaal oorspronklik uit sulke *rudimentêre geluide* bestaan het.

very much less developed.
experiences.
elementary sounds.

Hoe dit ook al sy, ons moet een ding onthou: 'n mens leer 'n volk deur sy taal ken; en hoe meer volkere ons leer ken, des te beter vir ons eie *geestelike verryking*.

spiritual enrichment.

HOOFSTUK DRIE.

DIE WERKWOORD.

(Vervolg.)

4. VERVOEGING VAN DIE WERKWOORD.

Die vormveranderinge wat naamwoorde (selfstandige naamwoorde, byvoeglike naamwoorde, ens.) ondergaan, noem ons **verbuiging** (declension); dié wat ww. ondergaan, **vervoeging** (conjugation). Ons praat dus van die verbuiging van b.v. die snw. maar van die vervoeging van die ww.

connection. In *verband* met die vervoeging van die Afrikaanse ww. moet ons let op die volgende :—

vorm, persoon, wys, tyd.

5. VORM (Voice).

Deur middel van vorm druk ons uit of die onderwerp die bedrywige (aktiewe) persoon is of die lydende (passiewe) persoon. In die sinnetjies „Jan slaan die hond" is Jan (die onderwerp) die bedrywige persoon—hy doen die werk; maar as ons sê: „Die hond word deur Jan geslaan," is die onderwerp (hond) nie die bedrywige suffers. persoon nie, maar die lydende—dit *ly*.

Ons kry dus twee vorme (voices):

(1) Bedrywende vorm of aktief.
(2) Lydende vorm of passief.

Vir die lydende vorm gebruik ons, soos u weet, die hulpww. **word.** Partykeer word hierdie hulpww. weggelaat, soos in :—

Die man is geslaan (geword).
The man was beaten.

Let op die volgende :—

ENGELS.	AFRIKAANS.
I am beaten, **or** I am being beaten	Ek **word** geslaan.
I was being beaten, **or** I have been beaten	Ek **is** geslaan (geword).
I had been beaten	Ek **was** geslaan.

"Ek is geslaan (geword)" is dus die lydende vorm van die onvolttooid verlede tyd (past continuous); „ek was geslaan" die lydende vorm van die voltooid verlede tyd (pluperfect). In die eerste geval is die handeling nog onvoltooid, *d.w.s.* aan die gang; in die twede geval is die handeling voltooid, d.s.w. verby. | dit wil sê.

Vergelyk die volgende :—

Gister, toe jy **geslaan is, was** ek **geslaan**, want ek **is** eergister **geslaan.**
(Yesterday when you were beaten, I had been beaten, for I was beaten the day before.)

6. PERSOON (Person).

In verband met die Afrikaanse ww. kry ons die eerste, twede en derde persoon, *enkelvoud* en *meervoud*. | singular; plural.

Soos ons in para. 2 gesê het, verander die vorm van die ww. **nie** om persoonsverskil uit te druk nie. Dus :—

Ek leer, ons leer, almal leer.

7. WYS (Mood).

Net soos in Engels, kry ons in Afrikaans die volgende wyse :—

A. Die aantonende wys (indikatief).
B. Die gebiedende wys (imperatief).
C. Die aanvoegende wys (subjunktief).
D. Die onbepaalde wys (infinitief).

A. DIE AANTONENDE WYS word gewoonlik *gebesig* om 'n *werklikheid* uit te druk, d.w.s. iets wat werklik gebeur of waarvan ons met 'n taamlike *mate* van sekerheid kan sê dat dit sal gebeur, b.v. :— | used. actuality. measure, degree.

Ek doen my werk.
Ek sal my werk doen.

B. DIE GEBIEDENDE WYS is die vorm waardeur ons onder andere (o.a.) 'n *gebod* uitdruk—ons *gebied* iets, b.v. :— | command.

Doen jou werk.
Moenie so raas nie.
Gaan haal jou boek.

C. DIE AANVOEGENDE WYS gebruik ons wanneer ons 'n handeling wil uitdruk wat ons as *moontlik*, onmoontlik, *wenslik*, *waarskynlik*, ens., beskou; ons het geen sekerheid dat die moontlikheid, ens., vervul sal word nie (anders sou ons die aantonende wys gebruik het), b.v. :— | possible. desirable. probable.

Dit mag môre reent.
Mag jy suksesvol wees in die eksamen.
U wil geskiede!

indicates.
definite.
simply.

D. DIE ONBEPAALDE WYS, soos die naam al *aandui*, sê vir ons niks *bepaalds* nie, maar noem *eenvoudig* net die handeling, b.v. :—

decided.

(1) Ek het *besluit* **om te gaan.**

(2) Ek kan dit **doen.**

(3) U behoort u **te skaam.**

especially.
carefully.
choice.

Dis moeilik om altyd die infinitief in Afrikaans reg te gebruik, en alleen deur baie oefening—en *veral* deur *noukeurig* te luister na mense wat 'n *keurige* Afrikaans praat—sal u leer om die infinitief reg te gebruik.

appears.

Soos *blyk* uit die voorbeelde wat ons hierbo gegee het, kry ons die infinitief in Afrikaans :—

(1) Met **om te.**

(2) Alleen.

(3) Met **te.**

(1) In die meeste gevalle kry ons die infinitief met **om te.**

Dis aangenaam **om** mense **te** besoek.

Hy weet hoe **om** hom **te** gedra.

Om perd **te** ry is gesond.

(2) Die infinitief staan alleen na hulpwerkwoorde soos **sal, kan, mag, moet, wil,** ens., b.v. :—

Hy wil dit nie **doen** nie.

Mag u alle sukses **hê.**

(3) Die infinitief met **te** kry ons o.a. na **hoef, behoort, skyn, blyk, begin(t),** b.v. :—

need.

Jy *hoef* nie **te gaan** nie.

ought.

'n Mens *behoort* jou plig **te doen.**

seem, appear.

Jy *skyn* dit **te geweet het.**

seem, appear.

Hy *blyk* dit **te gehoor het.**

Dit *begin(t)* **te reent.**

Infinitiewe soos **te danke, te wyte, te wagte, te hope, te wete, te wense,** ens., wat op 'n **e** eindig is oorblyfsels uit Nederlands. Hulle word baie in Afrikaans gebruik.

Voorbeelde :—

Die *oorwinning* is aan die *bekwame* generaal *te danke*.	victory. capable.
Dis aan jou *te wyte* dat ek in my eksamen gedruip het.	to thank. to blame.
My gesondheid laat veel *te wense* oor.	to wish.
Dis *te hope* dat jy jou plig sal *nakom*.	to hope.
Hy het my *te kenne* gegee dat daar so 'n moontlikheid bestaan.	fulfil. to know.
Ek was jou vroeër *te wagte*.	to wait.

Oefening 3a.

Skryf die volgende sinne oor in die lydende vorm en vertaal :—

(1) Dié *middele bevorder* nie die gesondheid nie.	means. promote.
(2) *Aardbewings* het Japan al vir etlike eeue *geteister*.	earthquakes. afflicted.
(3) Ek sal aansoek doen om die vakante betrekking.	
(4) Ek bedank u hartlik vir al u vriendelikheid *jeens* my.	towards.
(5) Namens die vergadering sal u die spreker moet gelukwens.	
(6) Waarom het u u werkgewer *kennis* gegee ?	notice.
(7) Jy moet by dié geleentheid die *volkslied* speel, want dit doen die mense altyd.	national anthem.
(8) Hy het die moeilikheid wat so 'n *handelwyse* meebring nie *besef* nie.	procedure. realise.
(9) Die *doel heilig* nie altyd die middele nie.	purpose. sanctify.
(10) U sal my *weens* my swak gesondheid na 'n takbesigheid moet verplaas. (30)	on account of.

Oefening 3b.

Gebruik die regte vorm van die bnw. wat tussen hakies staan :—

Op (maatskaplik) gebied ;	'n (swart) wolk ;
'n (verniederend) versoek ;	(ru) soldate ;
'n (diep) sloot ;	in die (vroeg) more ;
'n (hewig) gekerm ;	'n (groter) geraas ;
(rein) water ;	die (rein) waarheid ;
'n (moeilik) onderneming ;	'n (laf) grap ;
'n (vriendelik) woord ;	'n (bang) soldaat ;
'n (heerlik) vooruitsig ;	(opreg) liefde ;
'n (dood) koei ;	(Wellington) vrugte ;
'n (laag) karakter ;	'n (leeg) huis. (20)

Oefening 3c.

Gebruik in goeie sinne :—

Ondergaan	weglaat
herinner	voltooi
keurig	bedrywig
verskil	werklik
behoort	noukeurig

(20)

(Hierdie woorde het ons in die voorafgaande hoofstuk gebesig.)

Oefening 3d.

Vul in die ontbrekende voornaamwoorde :—

(1) Daardie twee vriende groet .....

(2) Hier is die vrou ..... ons gepraat het.

(3) Die generaal ..... onlangs aangestel is het ..... deerlik misgis.

(4) Die berg ..... ons gestaan het was hoog.

(5) 'n Mens hoef ..... nie te skaam as ..... nie altyd weet hoe om te werk te gaan nie. (7)

Oefening 3e.

Voltooi die volgende sinne :—

(1) Toe ek tuis kom .....

(2) Ek sal my bes doen, mits .....

(3) Al het hy hard gewerk, tog .....

(4) Die Kaffer het nie weggeloop omdat .....

(5) Hoe verder hy loop.....

(10)

Oefening 3f.

Sit die deelteken of kappie (waar nodig) op die regte letter in die volgende woorde :—

Oujongkerel	dae	lae
ruens	oe	hoer
teenspoed	beinvloed	wereld
teespoed	liefhe	perd
opgetoe	sooloe	koeie
verskalf		geillustreer. (13)

HOOFSTUK VIER.

DIE WERKWOORD.

(*Vervolg.*)

8. TYD (Tense).

In „Afrikaans for English Speaking Students," Part I, het ons die drie *hoof*tye van die aantonende wys onder u *aandag* gebring :— main. attention.

Teenwoordige tyd — ek kies, jy kies, ens.
Verlede tyd — ek het gekies, ens.
Toekomende tyd — ek sal kies, ens.

Die aantonende wys het *altesaam* die volgende agt tye :— altogether.

(1) ONVOLTOOID TEENW. TYD (Present incomplete).
Ek kies, jy kies, ens.
(I choose, you choose, etc.)

(2) VOLTOOID TEENW. TYD (Present perfect or complete).
Ek het gekies, jy het gekies, ens.
(I have chosen, etc.)

(3) ONVOLTOOID VERLEDE TYD (past incomplete).
Ek het gekies, jy het gekies, ens.
(I chose, etc.)

(4) VOLTOOID VERLEDE TYD (Past complete, *i.e.*, pluperfect).
Ek het gekies, jy het gekies, ens.
(I had chosen, etc.)

(5) ONVOLTOOID TOEKOMENDE TYD (Future incomplete).
Ek sal kies, jy sal kies, ens.
(I shall choose, etc.)

(6) VOLTOOID TOEKOMENDE TYD (Future complete).
Ek sal gekies het, ens.
(I shall have chosen, etc.)

(7) ONVOLT. VERL. TOEK. TYD (Past future incomplete).
Ek sou kies, jy sou kies, ens.
(I should choose, etc.)

(8) VOLT. VERL. TOEK. TYD (Past future complete).

Ek sou gekies het, ens.

(I should have chosen, etc.)

9. VORMWOORDJIES EN DIE AFRIKAANSE WW.

Hoewel dit lyk asof die Afrikaanse ww. baie arm is aan tye, is dit in werklikheid nie die geval nie. In Afrikaans is dit moontlik om die fynste verskille in tyd
lot of. uit te druk. Vir hierdie doel gebruik ons 'n hele *klomp* klein woordjies wat ons **vormwoordjies** noem, en met behulp waarvan ons enige tyd kan uitdruk.

'n Paar vormwoordjies wat die Afrikaner elke dag gebruik is :—

nou	..	vir die teenw. tyd.
nou net **so ewe** **so pas**	}	vir die volt. teenw. tyd.
toe	..	vir die onvolt. verl. tyd.
al **reeds** **alreeds**	}	vir die volt. verl. tyd.
dan **netnou**	}	vir die toek. tyd.

so ewe
so pas = just.

Vergelyk die volgende :—

Toe ek daar kom, het hy **alreeds** gekies.

(Onv. verl. tyd.) (Volt. verl. tyd.)

Hy het **nou net** gekies. (Volt. teenw. tyd.)

Netnou kies hy. (Toekomende tyd.)

part. Hierdie vormwoordjies speel so 'n groot *rol* in die
presence. Afrikaanse ww. dat hulle *teenwoordigheid* alleen genoeg is om die tyd van die ww. te verander. In die sin hierbo : „Toe ek daar kom ....," is **kom** *eintlik* die vorm van die
really. teenwoordige tyd, maar omdat **toe** die sin inlei, is die hele sin „Toe ek daar kom .... " in die verl. tyd. Met ander woorde :—

Toe + teenw. tyd. = verl. tyd.

So is :—

Dan (more, ens.) + teenw. tyd = toek. tyd.

10. DIE VOLTOOID VERLEDE TYD (Pluperfect).

Hoewel daar geen onderskeid **in vorm** bestaan nie tussen die onvoltooid verlede (past) en die volt. verl. tyd (pluperfect), is dit altyd duidelik uit die *samehang* watter handeling *voorafgaan* en watter handeling volg, m.a.w. watter een volt. verl. is en watter een onvolt. verlede. In die sin :— context. precedes.

„Nadat ek die man **geslaan het, het** ek **geloop**," is „het geslaan" *blykbaar* 'n handeling wat geskied het vóór „het geloop" ; die eerste is dus voltooid verlede tyd, die twede onvoltooid verlede tyd, soos ons ook uit die Engelse vertaling kan sien :— obviously.

" After **I had beaten** the man, **I went** away."

11. DIE „PROGRESSIVE OR CONTINUOUS TENSE"

in Engels word in Afrikaans as volg uitgedruk :—

Teenwoordige Tyd.

ek is aan skryf ek is aan 't skryf ek is aan die skryf ek is besig om te skryf	I am writing, or I am busy writing.

Verlede Tyd.

ek was aan skryf ek was aan 't skryf ek was aan die skryf ek was besig om te skryf	I was writing, or I was busy writing.

12. EK HET GAAN SLAAP.

As 'n verlede deelwoord deur 'n infinitief gevolg word, verander die verl. deelw. dikwels self in 'n infinitief. Ons sê dus :—

Ek **het gaan slaap.**

(Maar : „ek het gegaan" en „ek het geslaap.")

Ek **het** hom **sien gaan.**

Hy **het** dit nie **durf doen** nie.

Het u die kanon **hoor skiet** ?

13. SKRYF, SKRYWE, ens.

next. alongside.

Baie Afrikaanse ww. het twee vorme, wat *naas* mekaar gebruik word. So kry ons :—

beloof	naas belowe (promise).
behoor	naas behoort (belong).
dryf	naas drywe (drive).
kleed	naas klee (dress).
laaf	naas lawe (help one to recover from a swoon).
leef	naas lewe (live).
skryf	naas skrywe (write).
sorg	naas sôre (look after).
sterf	naas sterwe (die), etc., etc.

how.

Veral ww. op **f** *vertoon* 'n vorm op **f** en een op **we.**

14. ONREËLMATIGE WW.

somewhat irregular.

Die volgende ww. is *ietwat onreëlmatig* :—

	IS	**HET**
Teenw. tyd :	ek is	ek het
verl. tyd :	ek was	ek had (ek het gehad)
toek. tyd :	ek sal wees	ek sal hê
teenw. deelw. :	synde	hebbende
verl. deelw.	gewees	gehad
infinitief :	wees, te wees om te wees	hê, te hê, om te hê.

15. VERVOEGING VAN DIE WERKWOORD **KIES.**

	Bedrywende Vorm.	Lydende Vorm.
	AANTONENDE WYS.	
Onvoltooid teenwoordige tyd	ek kies	ek word gekies
Voltooid teenwoordige tyd	ek het gekies	ek is gekies (geword)
Onvoltooid verlede tyd	ek het gekies	ek is gekies (geword)
Voltooid verlede tyd	ek het gekies	ek was gekies
Onvoltooid toekomende tyd	ek sal kies	ek sal gekies word
Voltooid toekomende tyd	ek sal gekies het	ek sal gekies geword het
Onvoltooid verlede toekomende tyd	ek sou kies	ek sou gekies word
Voltooid verlede toekomende tyd	ek sou gekies het	ek sou gekies geword het
	GEBIEDENDE WYS.	
2e Persoon	kies, jy moet kies	word gekies, jy moet gekies word
3e Persoon	laat hom kies, hy moet kies	hy moet gekies word
	AANVOEGENDE WYS.	
Teenw. tyd	ek sou (mag) kies	ek sou (mag) gekies word
Verlede tyd	ek sou (mag) gekies het	ek sou (mag) gekies geword het
	ONBEPAALDE WYS.	
Teenwoordige tyd	kies, te kies, om te kies	(om) gekies te word
Verlede tyd	(om) te gekies het	(om) gekies te geword het
	DEELWOORDE.	
Teenwoordige tyd	kiesende	———
Verlede tyd		gekies

OPMERKING.

Die aanvoegende wys kan nog op baie ander maniere as dié hierbo genoem uitgedruk word: Miskien sal hy kom. Dalk kom hy nog. Was ons almal eerlik! Dit gaan jou goed! ensovoorts.

Oefening 4a.

Vul in die regte vorm van die ww. tussen hakies en vertaal :—

(1) Hy het (sê) dat hy more op die vergadering teenwoordig sal (is).

(2) Hy het hoofpyn (het), en het dus dadelik (gaan) slaap.

(3) (Insluit) geliewe 'n tjek, groot £5, te vind (is) *rente* op £100.

interest.

(4) Sedert hy as voorsitter (aanstel) is, het die *vereniging* met *rasse spronge* (vooruitgaan).

society.
giant strides.

(5) As ons bid, betaam dit ons om te (sê) : „U wil (geskied)! "

(6) Dit mag so (is), maar vir my lyk dit of hy nie die klok (hoor) lui het nie.

(7) Nadat hy deur die man geslaan (is), het hy (loop).

(8) Ek sou (kies) geword het as ek teenwoordig kon (is) het.

(9) Jan sal tweehonderd pond (het) as sy plaas kan (verkoop) word.

(10) Ek het u brief (ontvang). (20)

Oefening 4b.

Verbind onderstaande sinne met behulp van die voegwoorde wat tussen hakies aangegee word :—

failed.

(1) Die student het hard gewerk. Hy het *gedruip*. (dog).

(2) Die student het hard gewerk. Hy het gedruip. (tog).

invited.

(3) Ek kan nie kom nie. Ek word *genooi*. (al).

(4) Ek kan nie kom nie. Ek word genooi. (alhoewel).

(5) Hy het pak gekry. Hy was stout. (want).

(6) Hy het pak gekry. Hy was stout. (omdat).

(7) Ek weet nie. Hy sal gaan. (of).

(8) Ek het nie geweet nie. Hy sal gaan. (dat).

(9) Dit reent. Ek kan nie gaan nie. (dus).

passed.

(10) Die eksamen was moeilik. Hy het *geslaag*. (nogtans). (10)

Oefening 4c.

Vul in die ontbrekende voorsetsels en vertaal :—

(1) — graagte deel ons u mee dat ons die goedere, wat u vanoggend — tienuur bestel het, — goederetrein versend het.

(2) Met *verwysing* — u skrywe van 10 deser, spyt dit ons dat ons u nie kan voorsien — *kruideniersware* nie. reference. groceries.

(3) Ek het dit — *ongeluk* gedoen, nie, — *opset* nie. accident ; (on) purpose.

(4) Die stig van 'n plaaslike tak — die S.A.O.U. was — bespreking, en nou hang alles — van die lede self.

(5) Ons maak staat — die tesourier en bekommer ons gladnie — finansiële sake nie. (10)

Oefening 4d.

Gebruik die volgende in flink sinne :—

Ofskoon	terwille van
ten volle	derhalwe
behalwe	terwyl
egter	indien
aangesien	in weerwil van

(20)

Oefening 4e.

Skryf 'n opstel van omtrent vyf-en-dertig reëls oor **een** van die volgende onderwerpe :—

(1) 'n Toer met 'n skoliertrein.
(2) Die voor- en nadele van die bioskoop.
(3) Die klimaat van Suid-Afrika.
(4) Die toekoms van die lugvaart in Suid-Afrika.
(5) „Eerlikheid duur die langste."

(40)

HOOFSTUK VYF.

DIE WERKWOORD.

(Vervolg.)

16. DEELWOORDE (Participles).

Soos ons in die vorige hoofstuk gesien het, het die ww. twee deelwoorde :—

(1) teenwoordige deelwoord — kiesende
(2) verlede deelwoord — gekies.

De **teenw. deelw.** druk 'n handeling uit wat in die teenw. tyd gebeur, 'n handeling wat dus onvoltooid is, b.v. spelende kinders ; die **verlede deelw.** druk 'n handeling uit wat al verby is, en dus voltooid is, b.v. geslypte messe.

prefer

(Party grammatikas *verkies* die terme ,,voltooide'' en ,,onvoltooide'' deelwoord bo ,,verlede'' en ,,teenwoordige'' deelw.)

as a matter of fact. pure. do ; often.

Die deelwoorde, soos blyk uit die voorbeelde hierbo, word dikwels as bnw. gebruik. *Inderdaad,* ons noem hulle **deel**woorde omdat hulle nie altyd 'n *suiwer* werkwoordelike funksie *verrig* nie, maar *vaak* diens doen as naamwoorde—meestal bnw. Hulle is dus **deels** ww. en deels naamwoorde.

OPMERKING:

parts of speech.

Die term ,,naamwoord'' sluit in al die *rededele* behalwe die werkwoord.

17. DEELWOORDE AS NAAMWOORDE.

Deelwoorde, wat die karakter van naamwoorde dra, kan (behalwe as bnw.) ook diens doen :—

(1) AS SELFSTANDIGE NAAMWOORDE, b.v. : Teenw. deelw. :

Help die **noodlydendes** (poverty stricken people) in die geteisterde *streke.*

regions.

Hy gaan te kere soos 'n **rasende** (madman).

Verlede deelw. :—

Al die **geleerdes** (learnéd men) van die land het byeengekom.

certifies.

Ondergetekende (the undersigned) *getuig* hiermee dat .....

Mej. M. is my **verloofde** (fiancée).
Die **besetene** (lunatic) het sy klere van hom afgeskeur.
Ek het nie genoeg **gegewens** (data) om 'n *gevolgtrekking* te *regverdig* nie. conclusion. justify.

(2) As Bywoorde, b.v. :—
Dit het **aanhoudend** (incessantly) gereënt.
Almal het **belangstellend** (in an interested manner) na die spreker geluister.
Dis **ongetwyfeld** (undoubtedly) die beste wat jy kon doen.
Jy moet **gereeld** (regularly) jou werk doen.

(3) As Voorsetsels (hier kry ons net die teenw. deelw.), b.v. :—
Gedurende (during) die winter reent dit baie by ons.
Nieteenstaande (notwithstanding) die reën het ons gegaan:

Deelwoorde wat baie as bywoorde of voorsetsels gebruik word, *verloor* dikwels heeltemal hulle karakter as deelwoorde, en ons voel hulle nie meer as sulks nie. Vergelyk die volgende wat ons in Afrikaans *uitsluitlik* as voorsetsels gebruik :— lose. exclusively.

betreffende / **aangaande**	concerning.
nieteenstaande	notwithstanding.

Hierdie *verskynsel* is in Engels ook glad nie onbekend nie. Dink aan „during," „concerning," „notwithstanding," ens. In Engels kan deelwoorde ook as snw., ens., diens doen :— phenomenon.

The undersigned (past participle used as a noun).

18. DIE TEENWOORDIGE DEELWOORD word gevorm deur **ende** te voeg by die infinitief, dus :—

kies — kies**ende**.
lees — les**ende,** ens.

Die volgende ww. en hulle *samestellings* vorm die teenw. deelwoord deur **-de** (i.p.v. -ende) by die infinitief te voeg :— compounds.

doen — **doende.**
gaan — **gaande.**
sien — **siende.**
slaan — **slaande.**
staan — **staande.**

rather. subordinate clause.

Die teenw. deelw. word baie selde deur die minder „geleerde" Afrikaner gebruik. Hy gebruik *liewer* 'n byvoeglike *bysin.* In plaas van te sê : „singende kinders" sê hy : „kinders wat sing." In die taal van die opgevoede of „geleerde" Afrikaner kom die teenw. deelw. dikwels voor.

Waar die teenw. deelw. in Afrikaans voorkom, word dit meestal as attributiewe bnw. gebruik, d.w.s. dit staan direk voor 'n selfstandige naamwoord en doen diens as 'n byv. naamwoord. Die teenw. deelw. met werkwoordelike funksie kry ons baie selde in Afrikaans. Dit bestaan alleen nog in gevalle soos die volgende wat Afrikaans *oorgeërf* het uit Nederlands :— inherited.

Die man is **sterwende.**

Hy is **horende** doof en **siende** blind.

Die saak is **hangende** (pending).

19. DIE VERLEDE DEELWOORD.

root-word. separably. compounded verbs.

Die verl. deelw. word in die meeste gevalle gevorm deur **ge-** voor die *grondwoord* te voeg, dus : **ge**staan, **ge**ry, ens. By *skeidbaar samegestelde* ww. (sien H. 7, para. 24) word **ge** tussen die twee dele van die samestelling geplaas, b.v. saam**ge**stel, uit**ge**gaan, voor**ge**voeg.

Die volgende ww. vorm hulle deelw. **sonder ge-** (d.w.s die verl. deelw. het dieselfde vorm as die grondwoord) :—

Die meeste **onskeidbaar samegestelde ww.** (sien Hoofstuk 7, para. 25). Onder hierdie klas val al die ww. wat begin met die voorvoegsels **be-**; **ge-, er-, her-, ont-, ver-.**

Voorbeelde :—

Die reën **het** my **oorval** (surprised).

Ek **het** die prys **behaal** (gained).

Hy **het** sy verstand **gebruik** (used).

U het u seker **misgis** (made a mistake).

Het u die pakkie **ontvang** (received) ?

Werkwoorde op -eer het twee vorme van die verlede deelw. : met **ge-** of sonder **ge-**, b.v. :—

Ek het die land **regeer** of **geregeer** (ruled).

Ek het die gevaar **realiseer** of **gerealiseer.**

20. DIE VERLEDE DEELWOORD WORD GEBRUIK.

(1) Na die hulpw. **het, word, is** en **was** om die ww. van die sin te *voltooi*, b.v. :— complete.

Jan **het** sy les **geleer.**
Die les **word** deur Jan **geleer.**
Die les **is** deur Jan **geleer.**
Nadat sy les **geleer was,** het Jan gaan slaap.

(2) As ATTRIBUTIEWE BNW., b.v. :—

-DE.

(l) **Betaalde** skulde (paid debts).
(m) 'n **Verdoemde** man (doomed).
(n) 'n **Geleende** bril (borrowed spectacles).
(ng) **Gemengde** tabak (mixed).
(r) 'n **Geleerde** man (learnéd).
(vok.) **Gesaaide** saad (sown seed).
(f) Die **beloofde** prys (promised).
(g) Die **gebuigde** tak (bent).
(s) 'n **Verbaasde** man (amazed).

-TE.

(p) **Geslypte** messe (sharpened).
(k) **Gebakte** brood.
(f) **Gesifte** meel.
(g) **Geagte** heer (dear sir).
(s) 'n **Gelaste** lap (patched).

-E.

(d) **Gebrande** gras (burnt).
(t) 'n **Gewitte** muur (whitewashed).
(p) 'n **Geslepe** vent (a cunning chap).
(n) Met **gespanne** aandag (fixed).

(3) As PREDIKATIEWE BNW., b.v. :—

Die man is baie **geleerd.**
Die mes voel **geslyp.**
Die vent is **geslepe.**

(4) As SNW. EN BYWOORDE.

Sien para. 17.

OPMERKING BY 1.

Het + verl. deelw. = verlede tyd.
Word + verl. deelw. = teenw. tyd (lyd. vorm).
Is + verl. deelw. = onv. verl. tyd (lyd. vorm).
Was + verl. deelw. = volt. verl. tyd (lyd. vorm).

OPMERKING BY 2.

appears. Uit die voorbeelde *blyk* dat verlede deelw., wat as attributiewe bnw. gebruik word, kan eindig op

-de, -te of **-e.**

majority. Omdat die oorgrote *meerderheid* van die ww. in Afr. swak is, vorm die meeste natuurlik hulle verlede deelw. (attributief gebruik) deur **-de** of **-te.** Dié wat op **-e** eindig in die verlede deelw. (met of sonder klankverandering), bestaan in Afrikaans óf as erfgoed uit Nederlands óf onder invloed van Ndl. (Sien Hoofstuk 6, para. 22.)

extremely. Dis *uiters* moeilik om *presies* te sê wanneer die verl. exactly. deelw. **-de, -te** of **-e** neem. Die volgende paar *algemene* general. reëls sal die student tot groot nut wees :—

OP -DE :—

(1) Ww. wat eindig op **l, m, n, ng, r** of 'n **vokaal.**
preceded. (2) Ww. op **f, g, s,** waar die **f, g, s** *voorafgegaan* word deur 'n lang vokaal of 'n diftong. (Vgl. par. 20 (2).)

OP -TE :—

(1) Ww. op **k** en **p.**
(2) Ww. op **f, g, s,** waar die **f, g, s** voorafgegaan word deur 'n kort vokaal. (Vgl. par. 20 (2).)

OP -E :—

(1) Ww. op **d** en **t.**
(2) Verl. deelw. soos **geslepe, geswore,** ens., wat uit Nederlands oorgeërf is of onder Ndl. originated. invloed in Afr. *ontstaan* het.
Die meeste van hulle vorm hulle verl. deelw. root-vowel. deur verandering van die *stamklinker* (sien Hoofstuk 6, para. 22).

OPMERKING BY 3.

Verl. deelw. wat predikatief gebruik word eindig op **-d, -e** of die stamkonsonant.

OP -D :—

Ww. wat eindig op **l, m, n, ng, r** of 'n **vokaal.**

OP -E :—

'n Aantal verl. deelw. wat ons uit Ndl. oorgeërf het, en wat alleen in *geykte* uitdrukkings voorkom, soos :— fossilised.

Die saak is **verlore** (lost).
Hy is nie in die saak **betrokke** (concerned) nie.
Hy is van die duiwel **besete** (possessed).
Hy is **ingenome** (taken up) daarmee.
Die mense is **opgewonde** (excited).

21. DIE LES IS GELEER—DIE MAN IS GELEERD.

Ons het in para. 16 gesien dat 'n deelw. deels die karakter van 'n ww. en deels die karakter van 'n naamwoord (meestal bnw.) het. Die volgende algemene reël sal u help om die deelw. reg te gebruik :—

As ons die verl. deelw. meer as ww. voel, skrywe ons dit **sonder d** (die les is geleer) ; voel ons dit meer as naamwoord, **met d** (die man is geleerd).

Dus, in die sin : „Die les is geleer," is **geleer** 'n *onmisbare* deel van die werkwoord „is geleer" (was learnt) ; maar in : „Die man is geleerd" is **geleerd** nie so seer deel van die ww. nie maar meer 'n bnw. wat „man" *bepaal*. Ons kon net so goed gesê het : „dis 'n geleerde man"—wat ons **nie** in die eerste geval kon gedoen het nie. essential. qualifies.

Wanneer die verl. deelw. dus 'n onmisbare deel van die ww. vorm (soos in para. 20, 1) word dit altyd **sonder d** geskryf.

Vergelyk nou die volgende, en onthou :—

sonder d — werkwoord,
met d — byv. naamwoord.

Hy **het** my **teleurgestel** (disappointed).
Ek voel **teleurgesteld** (disappointed).

Jan **het** sy skuld **beken** (acknowledged).
Die skrywer is baie **bekend** (known).

Ek **het** my daaroor **verwonder.**
Ek was **verwonderd** daaroor.

Ek **het** jou stem **gehoor.**
So iets is **ongehoord.**

Die kamer **is gemeubileer** (was furnished).
Die kamer is **gemeubileerd** (is a furnished one).

Dit **het** my baie **gesteur** (disturbed).
Hy lyk erg **gesteurd** (offended).

Hulle **het** die plaas **verdeel** (divided).
Ons volk bly **verdeeld.**

Oefening 5a.

Gee (*a*) die betekenis ; (*b*) die teenw. deelw. ; en (*c*) die verl. deelw. van die volgende ww. :—

hang,	sing,	doen,	loop,
bestaan,	imponeer,	slaan,	herinner,
leen,	bak,	verstaan,	hou,
is,	het,	teleurstel.	(15)

Oefening 5b.

Vul in die regte vorm van die verl. deelw. tussen hakies :—

(1) Piet het hom eers baie daaroor (bekommer), maar nou lewe hy (onbekommer) voort.
(2) (Verwonder) jy jou oor al die skoonheid ?
(3) Ek was baie) verwonder) om dit te hoor.
(4) Daardie man is baie (beroem).
(5) Hy het hom (beroem) op sy verlede.
(6) Piet is altyd ewe sedig en (bedaar).
(7) Die reën het nou 'n bietjie (bedaar).
(8) Jan het nie sy les (geleer) nie.
(9) Professor S. is baie (geleer). (10)

Oefening 5c.

Vul in die regte vorm van die verlede deelw. van die ww. tussen hakies, en vertaal :—

'n (buig) tak ;	'n (verbaas) gesig ;
'n (verag) persoon ;	'n (droom) droom ;
'n (sak) kandidaat ;	'n (styf) boordjie ;
(stoof) patats ;	'n (ploeg) land ;
(braai) vleis ;	'n (beroem) man ;
(verlaat) huise ;	'n (boor) gat ;
'n (lap) broek ;	'n (slyp) vent ;
(skeur) klere ;	(meng) tabak ;
(radbraak) Afrikaans ;	(gis) wyn ;
(kap) hout ;	(ag) heer ;
(steel) vrugte ;	(kartel) hare ;
'n (strand) skip ;	die (maai (koring.
(sif) meel.	(25)

Oefening 5d.

Gebruik die volgende woorde in goeie sinne :—

onmisbaar,	verkies,	gevolgtrekking,
meerderheid,	oorerf,	vaak,
getuig,	uitsluitlik,	bepaal.
suiwer,		(20)

Oefening 5e.

Gee die betekenis en die trappe van vergelyking van :—

moeg,	teer,	gebroke,
droog,	suf,	vroeg,
woes,	asvaal,	fluks,
doof,	sag,	wreed,
oud,	breed,	jonk,
hoog,	vlug,	sensasiewekkend,
vaag,	nuut,	(20)

Oefening 5f.

Skryf voluit in woorde :—

$\frac{5}{9}$; 8,888,777 $\frac{4}{14}$; 44 $\frac{13}{100}$. (10)

Leesoefening 2.

DIE ONTSTAAN VAN AFRIKAANS.

So gou soos daar 'n nuwe taal sy *verskyning* op die wêreld maak, is dit *gebruiklik* vir taalgeleerdes om dadelik *pogings* aan te wend *teneinde* vas te stel wat so 'n taal is en waarvandaan dit kom. Baie teorieë oor die *ontstaan* van so 'n taal sien die daglig. En dis nie alleen *taalgeleerdes* wat hulle stemme laat hoor nie : ook die *ongeletterde* deel van die beskawing meen dat hulle *geregtig* is op 'n *mening*.

appearance.
customary.
attempts.
in order.
origin.
linguists.
uneducated.
entitled; opinion

So was dit ook met Afrikaans. *Pas* was die geleerde en ongeleerde wêreld bewus dat 'n nuwe taal te voorskyn getree het, of massas teorieë is *ontwerp*, almal met die doel om op *oortuigende* wyse te verklaar hoe Afrikaans ontstaan het. Van die ongeletterde „wysneuse" wat sonder die minste bewyse *beweer* het dat Afrikaans „Hottentots-Hollands" of „Kombuis-Hollands" is, *hoef* ons geen verdere notiesie te neem nie. Die man wat bewerings maak sonder *bewyse* oortuig niemand nie, en die man wat 'n mening uitspreek oor 'n saak waarvan hy niks weet nie, is 'n *dwaas* wat alleen sy *onkunde aan die dag lê*.

hardly.
drafted.
convincing.
maintained.
need.
proofs.
fool.
ignorance ; display.

Laat ons ons aandag liewer *bepaal* by dié teorieë wat deur taalgeleerdes *aangevoer* is en wat *gerugsteun* is deur argumente. Hierdie teorieë is baie *uiteenlopend* en in party gevalle selfs grappig. Daar was, by voorbeeld, geleerdes wat heilig oortuig was dat Afrikaans die resultaat

devote.
supplied.
supported.
divergent ; different.

is van Nederlands (Hoog-Hollands) in die mond van die Hottentotte. Dis die sogenoemde Hottentots-teorieë wat in 1882 vir die eerste keer deur 'n sekere dr. Th. Hahn *verkondig* is. Volgens sy mening is Afrikaans „psychologically an essential Hottentot idiom." Hierdie teorie is lank gelede al *ontplof*, omdat dit nooit op *wetenskaplike* pote gestaan het nie; en in die taalwetenskaplike wêrelde is daar vandag nie meer een enkele geleerde wat met dr. Hahn kan saamstem nie.

preached.
exploded.
scientific.

'n Ander teorie is die Frans-teorie van prof. M. de Vries. Hy het beweer dat ons die *oplossing* van die saak moet soek in die koms van die Franse Hugenote in 1688 en hulle invloed op die taal van die koloniste. Verder was daar 'n Duits-teorie van prof. Schuchardt wat alles weer wou *toeskryf aan* Duitse invloed. Albei hierdie teorieë word vandag deur die taalwetenskap *verwerp* as onaanneemlik. Nóg die geskiedkundige feite, nóg die taal*verskynsels* self, lewer *genoegsame* bewyse op om hierdie teorieë te *regverdig*.

solution.
ascribe to.
reject.
phenomena.
sufficient.
justify.

In 1897 het prof. D. C. Hesseling voor die dag gekom met 'n splinternuwe teorie, en een wat baie *beroering* in die taalwetenskaplike wêreld *veroorsaak* het en wat vandag nog baie *voorstanders* het. Dis die *vermaarde* Maleis-Portugees-teorie, waarvolgens die oplossing van hierdie taalprobleem gesoek word *hoofsaaklik* in die invloed van die Maleis-Portugese taal op die Nederlands van die koloniste. In sy *opspraak-verwekkende* boek, „Het Afrikaansch," het prof. Hesseling sy teorie *uiteengesit*. Hierdie geskrif het dadelik groot teenstand *uitgelok*. Prof. D. B. Bosman was een van die eerstes wat in sy boek „Afrikaans en Maleis-Portugees," en later in „Oor die Ontstaan van Afrikaans," probeer *aantoon* het dat prof. Hesseling die bal misgeslaan het.

disturbance.
caused.
supporters; famous.
principally.
controversy-arousing.
expounded.
elicited.
point out.

In hulle studie van die Afrikaanse taal moes die taalgeleerdes 'n baie moeilike vraag probeer beantwoord, naamlik: hoe was dit moontlik vir Nederlands om binne 150 jaar so 'n radikale verandering te ondergaan? Waar het al die Nederlandse *verbuigings-* en *vervoegings*vorme beland dat ons hulle so-te-sê gladnie in Afrikaans terugvind nie? Die buitengewoon-snelle *ontwikkeling* waarmee ons hier te doen het is iets abnormaals in die taalwêreld, en daar moes *buitengewone* faktore in die spel gewees het óm so 'n *algehele* transformasie te kan *teweegbring*. Hierdie faktore het die taalgeleerdes (met weinige *uitsonderings*) in vreemde invloed gesoek. Dit verklaar dus die ontstaan van al die teorieë waarin eksterne invloed, d.w.s. die

flectional.
development.
extraordinary.
total.
bring about.
exceptions.

invloed van vreemde tale, aangevoer word as *hoof*-faktor. Dit was asof die geleerdes oor mekaar geval het in hulle pogings om die vinger te plaas op die vreemde taal wat hierdie taalwonder, Afrikaans, in die lewe geroep het. | principal.

Dat Nederlands *met verloop van tyd* op natuurlike wyse Afrikaans kon geword het, dat Afrikaans m.a.w. niks anders is nie as 'n spontane ontwikkeling van Nederlands, was vir die meeste teorie-soekers 'n ondenkbare *aanmatiging*. En tog is dit die teorie wat die oortuigendste argumente aanvoer, en wat vandag *vry* algemeen aangeneem word. Proff. J. J. Smith en D. B. Bosman is in hoofsaak aanhangers van die spontane-ontwikkeling-teorie. Hiervolgens word die moontlikheid van vreemde invloed *geensins uitgeskakel* nie. Inteendeel, in baie taalverskynsels sien en *erken* die voorstanders van hierdie teorie eksterne invloede. Maar waar ander taalgeleerdes al die *klem* lê op die invloed van vreemde tale, daar beweer die voorstanders van spontane ontwikkeling dat ons in die eerste plek moet dink aan spontane ontwikkeling en eers dan aan vreemde invloed. | in the course of time. | presumption. | fairly. | by no means excluded. | acknowledge. | stress.

In verband met die ontstaan van Afrikaans is daar egter nog baie verskynsels waaroor daar nog geen absolute sekerheid in die taalwetenskaplike wêreld bestaan nie. Te veel dinge is *blote* teorie. Daar is dus nog 'n wye veld vir deeglike, wetenskaplike *navorsing*. Eers na baie jare van diepgaande studie en ondersoek kan ons hoop om teorieë te *vervang* deur onomstootlike feite, om nie meer te DINK en te RAAI nie maar te WEET. | mere. | investigation. | replace.

HOOFSTUK SES.

DIE WERKWOORD.

(*Vervolg.*)

22. SOGENOEMDE „STERK" VERLEDE DEELWOORDE.

practically

Soos ons in Hoofstuk 2, para. 3 gesien het, is ons ww. in Afrikaans *feitlik* almal swak, d.w.s. hulle vorm hulle verl. tyd en verl. deelwoord sonder verandering van die stamklinker.

peculiar. quite a.

Nou is dit *eienaardig* dat ons in Afrikaans 'n *hele* klompie ww. kry wat 'n sterk" verl. deelw. het. Sulke „sterk" verl. deelw. het Afrikaans vir die grootste deel uit Nederlands oorgeërf, terwyl ander onder Ndl. invloed in Af. ontstaan het.

often.

Hulle word *vaak* in Afr. gebruik, en wel as attributiewe byv. naamwoorde; 'n enkele keer ook as selfstandige naamwoorde (b.v. die agtergeblewenes, die aangesetenes). Hier volg 'n lysie, in alfabetiese orde *gerangskik*:— arranged.

aanbeveel	die aanbevole kandidaat	the candidate recommended;
aanbid	'n aangebede afgod	a worshipped idol;
aanwys]	die aangewese persoon	the obvious person;
agterbly	die agtergeblewenes	those who remained behind;
bederf	'n bedorwe kind	a spoilt child;
bedrieg	'n bedroë persoon	a deceived person;
begin	die begonne taak	the task begun;
besin	'n onbesonne daad	a foolish act;
behelp	'n onbeholpe styl	an inefficient style;
beskryf	beskrewe wette	written laws;
bespreek	besproke plekke	booked seats;
bestry	'n onbestréde mosie	an unopposéd motion;
bind	'n gebonde lewe	a chained life;
breek	gebroke Afrikaans	broken Afrikaans;
buig	met geboë hoof	with bowed head;
deurdink	'n goed-deurdagte plan	a plan that has been well considered;
doen	gedane sake	déeds done;
dwing	gedwonge onderwys	compulsory education;

geniet	genote spyse	enjoyed victuals ;
inneem	'n ingenome standpunt	an adopted viewpoint ;
kies	gekose komitee	chosen committee ;
	die uitverkore volk	the chosen people ;
klink	'n beklonke saak	an arranged matter ;
krimp	'n bekrompe man	a narrowminded man ;
lê	'n afgeleë dorp	a remote town ;
ly	gelede onreg	suffered wrong ;
	verlede maand	last month ;
	die oorlede man	the deceased man ;
	die oorledene	the deceased ;
neem	'n genome besluit	a decision come to ;
	'n aangenome kind	an adopted child ;
opskiet	'n opgeskote seun	a grown-up boy (a youth) ;
prys	'n veelgeprese boek	a much-praised book ;
ry	die berede poliesie	the mounted police ;
sing	gesonge liedere	hymns sung ;
sink	'n laaggesonke man	a degenerate man ;
sit	die aangesetenes	the guests (at table) ;
skend	geskonde regte	violated rights ;
skep	'n welgeskape kind	a well-formed child ;
skink	'n beskonke Hottentot	an inebriated Hottentot ;
skrik	'n onverskrokke man	an undaunted man ;
sluit	met geslote deure	behind locked doors ;
slyp	'n geslepe vent	a cunning (sly) fellow ;
sny	fynbesneë trekke	refined features ;
soek	'n uitgesogte geleentheid	an opportune moment ;
steek	'n deurgestoke kaart	a well-devised plan ;
suip	'n besope Hottentot	a drunken Hottentot ;
sweer	geswore vyande	sworn enemies ;
trek	betrokke lug	overcast sky ;
	die betrokke departement	the department concerned ;
	afgetrokke geaardheid	preoccupied nature ;
uitspreek	'n uitgesproke wens	an expressed wish ;
verberg	verborge skatte	hidden treasures ;
verbuig	verboë vorme	inflected forms ;
verhef	'n verhewe posiesie	an exalted position ;
verdink	'n verdagte persoon	a suspected person ;

verkry	verkreë vryheid	obtained liberty ;
verskyn	verskene boeke	books published ;
verslyt	verslete klere	threadbare clothes ;
wen	opgewonde mense	excited people ;
werp	'n verworpe voorstel	a rejected motion ;
win	'n gewonne saak	a won matter (an established fact) ;
	herwonne vryheid	regained liberty.

root-vowel. remnants. quite.

Behalwe bogenoemde deelwoorde wat „sterk" is in so ver hulle verandering van die *stamklinker* toon, kry ons in Afrikaans verdere *oorblyfsels* van die sterk verl. deelw., maar **sónder verándering van die stamklinker.** Ook hulle eindig op -e, en word *heel* dikwels as attributiewe bnw. gebruik :—

gee	op 'n gegewe oomblik	at a given moment ;
	gegewens	data ;
genees	genese wonde	healed wounds ;
graaf	'n gegrawe gat	a hole dug out ;
	uitgegrawe goud	excavated gold ;
lees	die gelese rapport	the report read ;
	'n belese man	a well-read man ;
meet	gemete lengte	measured length ;
	'n afgemete stap	a measured gait ;
ondergáan	'n ondergane operasie	an operation undergone ;
ontslaap	die ontslape digter	the deceased poet ;
sien	'n ongesiene ruil	(lit.) an unseen exchange ;
skei	geskeie bemindes	separated lovers ;
sout	gesoute vleis	salted meat ;
span	met gespanne aandag	with fixed attention ;
uitstaan	uitgestane smart	endured grief ;
val	'n gevalle meisie	a fallen girl ;
vang	'n gevange dief	an apprehended thief ;
vergeet	langvergete dae	long-forgotten days ;
verlaat	'n verlate huis	an abandoned house ;
verloor	verlore kanse	lost chances ;
volwas	'n volwasse man	a grown-up man ;
	'n volwassene	an adult.

OPMERKING 1.

In Afrikaans is daar 'n baie sterk *neiging* om **-de** of **-te** te gebruik waar verl. deelw. as attributiewe bnw. voorkom, selfs in bogenoemde gevalle. So is daar baie Afrikaners wat b.v. sê :— tendency.

Die **geleesde** rapport (i.p.v. die gelese rapport).
Uitgestaande smart (i.p.v. uitgestane smart).

OPMERKING 2.

SWAK EN „STERK" VERLEDE DEELWOORDE.

Baie ww. in Afrikaans het twee verlede deelw. : een swak en een sterk. Gewoonlik word die swak verl. deelw. in *letterlike* betekenis gebruik, en die sogenoemde „sterk" verl. deelw. in *figuurlike* betekenis. Dus :— literal. figurative.

slyp	'n **geslypte** mes	— 'n **geslepe** dief.
breek	'n **gebreekte** been	— **gebroke** Afrikaans.
buig	'n **gebuigde** tak	— met **geboë** hoof.
opwen	'n **opgewende** horlosie	— **opgewonde** mense.

Oefening 6a.

Vul in die regte vorm van die verlede deelw. tussen hakies, en vertaal :—

'n (bederf) seun	(verberg) skatte
'n (onbestry) mosie	(gelees) boeke
(geneem) besluite	met (gespan) aandag
(gesweer) vriende	'n (aangeneem) kind
'n (geval) vrou	(bespreek) sitplekke
(beskryf) wette	'n (gebreek) koppie
(verslyt) klere	'n (gebreek) stem
(gesing) liedere	'n (volgeskink) koppie
'n (geslyp) dief	'n (beskink) persoon
'n (geslyp) mes	(betrek) lug (20)

Oefening 6b.

Soos vorige oefening :—

'n (gegee) belofte	(genees) wonde
'n (bekrimp) uitsig	(gedoen) sake
(ondergaan) operasies	die (betrek) departement
(gely) onreg	(betrek) wild
die (bery) skutters	(uitgestaan) pyn
'n (ontslaap) profeet	'n (aangeneem) voorstel
(geskend) eer	'n (verwerp) voorstel
(geskei) vriende	(verloor) kanse
'n (welgeskep) kind	(gedwing) maatreëls
(opgeskep) kos	'n (verhef) gedagte (20).

Oefening 6c.

Gebruik in goeie sinne :—

Nógtans,	in geval dat,	alhoewel,	
inteendeel,	nadat,	namens,	
voordat,	ten spyte van,		
naamlik,	sodat,		(20)

Oefening 6d.

Gee die betekenis en die meervoud van :—

vlag,	bedrag,	bedrog,	lied,
hemp,	rebel,	gelid,	leeu,
beleg,	klip,	seën,	sog.
eeu,	genot,	blad,	
gebod,	lepel,	weg,	
skip,	gelid,	gebed,	(10)

Oefening 6e.

Gebruik in sinne sodat die onderskeid duidelik blyk :—

twee uur	feit		teenwoordig
twee-uur	fyt		teenswoordig
versoek		beroemd	
besoek		berug	
aansoek			(20)

Oefening 6f.

Gee die teenoorgestelde van die volgende woorde :—

brandmaer,	bloedjonk,	vooruitgang,
te perd,	dapper,	pikswart.
morsdood,	vriendelik,	
goedkoop,	armoede,	(10

HOOFSTUK SEWE.

DIE WERKWOORD.

(*Vervolg.*)

23. SAMEGESTELDE WERKWOORDE.

Die woordvoorraad van die Afrikaanse taal word *aansienlik uitgebrei* deur die gebruik van voor- en *agtervoegsels*, en deur samegestelde woorde. Veral by die ww. speel samestellinge 'n *geweldige* groot rol, en ons vind 'n massa ww. in Afrikaans waarvan die betekenis van die enkelvoudige ww. heeltemal verander deur *toevoeging* van 'n voorsetsel, bywoord, of *wat ook al*.

considerably. increased. suffixes. tremendous. addition. what not.

Ook in Engels kry ons baie voorbeelde hiervan. Vergelyk maar die *verskeidenheid* van betekenisse van die ww. **hold**, wanneer dit met verskillende voorsetsels gebruik word :—

variety.

hold up, hold out, hold over, hold with, hold to, hold forth, ens. ;

of wanneer dit as samegestelde ww. voorkom soos in :

uphold, withhold, ens.

Werkwoorde in Afrikaans kan samegestel word met voorsetsels, byvoeglike naamwoorde, bywoorde of selfstandige naamwoorde *teneinde* nuwe ww. te vorm. Die *oorspronklike* ww. vorm dan altyd die twede deel van die samegestelde ww.

in order. original.

Samegestelde ww. in Afrikaans kan **skeidbaar** of **onskeidbaar** wees, d.w.s. die dele van die samegestelde ww. kan in die een geval *geskei* word, in die ander nie. *Verreweg* die meeste samegestelde ww. is skeidbaar.

separated. by far.

24. SKEIDBAAR SAMEGESTELDE WW.

(1) Het die klemtoon (aksent) op die **eerste deel,** d.w.s. op die voorvoegsel (óppas, aánstel).

(2) Neem **ge in die verl. deelwoord,** waar die **ge** tussen die twee dele van die samestelling staan, en die verl. deelw. as **een** woord geskryf word : op**ge**pas, aan**ge**stel, in**ge**sluit, ens.

(3) Die twede deel van die samestelling word altyd geskei behalwe—

(*a*) in die infinitief sonder **te.**
(*b*) in die teenwoordige deelw.
(*c*) in 'n bysin, teenw. tyd.
(vergelyk die vervoeging van „oppas").

Hieronder word 'n paar skeidbaar samegestelde ww. in sinne gebruik. Let op dat daar baie woorde tussen die dele van die samestelling kan staan.

Oppas (take care).
Pas op vir die trein.

Gelukwens (congratulate).
Ek wens u **geluk** op u verjaarsdag.

Aankom (arrive).
Die trein **kom** om vyfuur **aan.**

Insluit (enclose).
Ons **sluit** 'n eksemplaar van ons pryslys **in.**

Aanraai (advise), **aanneem** (accept).
Hy het my **aangeraai** om die aanbod (offer) **aan** te **neem.**

Deurbring (spend).
As hy die naweek by ons **deurbring,** kan ons gaan piekniek hou.

VERVOEGING VAN OPPAS.

Soos blyk uit die voorbeelde, word skeidbaar samegestelde ww. as volg vervoeg :—

Teenw. tyd : ek **pas op.**
Onvolt. toek. : ek sal **oppas.**
Volt. toek. : ek sal **opgepas** het.
Verl. tyd : ek het **opgepas.**
Onvolt. verl. toek. : ek sou **oppas.**
Volt. verl. toek. : ek sou **opgepas** het.
Gebiedende wys : **pas op,** laat hom **oppas.**
Aanvoegende wys : ek sou (mag) **oppas.**
ek sou (mag) **opgepas** het.

Onbepaalde wys (infinitief) :—
Teenw. tyd : **oppas,** (om) **op** te **pas.**
Verl. tyd : (om) **op** te **gepas** het.

Deelwoorde : Teenw. : **oppassende.**
Verl. : **opgepas.**

(In Hoofstuk Agt, paragraaf 27, sal u 'n lang ly skeidbaar samegestelde ww. vind.)

25. ONSKEIDBAAR SAMEGESTELDE WW.

(1) Het die aksent op die **laaste** deel, d.w.s. op die ww.

(2) Neem **nooit ge** in die verl. deelw. nie, d.w.s. die vorm van die verl. deelw. is dieselfde as dié van die infinitief en teenw. tyd.

(3) Die dele van die samegestelde ww. word natuurlik nooit geskei nie.

VOORBEELDE :—

aanváar (to begin, enter upon).
Ek het my nuwe betrekking **aanvaar.**

misbrúik (abuse).
Hy sal sy voorregte nie **misbruik** nie.

ondermyn (undermine).
Dis genoeg om enige mens se gesondheid te **ondermyn.**

(U sal 'n lys onskeidbaar samegestelde ww. vind in Hoofstuk Nege, paragraaf 28.)

OPMERKING 1.

Onder die kategorie onskeidbaar samegest. ww. val natuurlik al die ww. beginnende met die voorvoegsels :—

be-, ge-, er-, her-, ont-, ver-.

Hierdie ww. neem dus, soos ons al *vooṛheen opgemeṛk* het nooit **ge** in die verl. deelw. nie. previously noticed.

OPMERKING 2.

Samegestelde ww. wát ons nie meer so sterk as sulks voel nie, *behandel* ons in Afrikaans as enkelvoudige ww. Hulle word vervoeg soos **kies** (Hoofstuk Vier, paragraaf 15). Om 'n paar te noem :— treat.

Werkwoord.	**Verl. Deelwoord.**
antwoord (answer)	geantwoord
dwarsboom (thwart)	gedwarsboom
glimlag (smile)	geglimlag
herberg (shelter)	geherberg
seëvier (triumph)	geseëvier
waarborg (guarantee)	gewaarborg
waarsku (warn)	gewaarsku
wanhoop (despair)	gewanhoop

26. WW. SKEIDBAAR EN ONSKEIDBAAR.

appears. Die vernaamste faktor in verband met skeidbaar en onskeidbaar samegestelde ww. is **die aksent.** Dit *blyk* uit die feit dat werkwoorde, wat uit dieselfde dele samegestel is, sowel skeidbaar as onskeidbaar kan wees (met verskillende betekenisse natuurlik), *al na gelang* die aksent op die eerste of twede deel van die samestelling val.

according as.

Vergelyk die volgende :—

óndergaan (go under).
Die son **gaan** saans **onder.**

ondergaán (to undergo).
Hy het 'n operasie **ondergaan.**

ónderhou (hold under).
Hou sy kop goed **onder** die water.

onderhóu (support).
Jan het sy moeder **onderhou.**

vóorkom (appear).
Dit **kom** my **voor** dat jy jou misgis het.

voorkóm (prevent).
accidents. Om alle *ongelukke* te **voorkom** moet u stadig en
carefully. *versigtig ry.*

vóorspel (spell out).
Spel jy die woord **voor,** dan sal ek dit agterna spel.

voorspél (predict).
Hy het **voorspel** dat Suid-Afrika nog 'n beroemde land sou word.

Nog 'n paar is :—**óorweeg** (weigh over) en **oorwéeg** (consider) ; **ónderdruk** (press under) en **onderdrúk** (oppress) ; **óordryf** (drive over), en **oordrýf** (exaggerate).

U sal oplet dat in bogenoemde voorbeelde die skeidbare ww. die aksent op die eerste deel het (d.w.s. op die voorvoegsel), onskeidbare ww. die aksent op die twede deel (d.w.s. op die ww.).

Oefening 7a.

Vul in die korrekte vorm van die ww. en vertaal :—

(1) Ek (gelukwens) jou met die aanstelling.
(2) Gert (misskiet) die voël.
(3) (Antwoord) my vraag, asseblief.
(4) Jan (liefhê) sy ouers.
(5) Die son (opkom) soggends en (ondergaan) saans.
(6) Ek het sy kop (ónderhou).

(7) Ek het my moeder (onderhóu).
(8) Ons (insluit) 'n kwitansie vir dié bedrag.
(9) Die Kaffer het die perd (losmaak).
(10) (Neersit) die koppie op die tafel.
(11) Hy het oor die moeilikhede (seëvier).
(12) (Deurbring) jou volgende vakansie by ons.
(13) As jy uitgaan, (toemaak) die deur.
(14) Ek kon die ongeluk nie (voorkóm) nie.
(15) Wanneer (vóorkom) die man wat sy vrou vermoor het ?

(14)

Oefening 7b.

Gee die betekenis en die verl. deelw. van die volgende samegestelde ww. :—

vóorspel, voorspél, glimlag, begaan, herhaal, verstaan, aanraai, oppas, óordryf, oordrýf, bedra, erlang, voorsien, aanneem, opvoer, gebeur, herinner, vrystel, ónderdruk, onderdrúk.

(20)

Oefening 7c.

(*a*) Vorm samegestelde ww. van die volg. enkelvoudige ww. ;
(*b*) Gee die betekenis van die samegest. ww. ; en
(*c*) Die verl. deelw. van die samegest. ww. :—

bring, kom, gaan, staan, sien, lei, neem, dryf, weeg, haal.

(20)

Oefening 7d.

Vul in die ontbrekende voorsetsel en vertaal :—

(1) Ek is kwaad — Jan, jaloers — Piet en getrou — Gert.
(2) Dit behoort — my.
(3) Jy kan reken — hom.
(4) Van der Stel het baie — stand gebring.
(5) Ons moet die goeie instellings van ons voorvaders — stand hou.
(6) Baie jare — arbeid — die rug hê.
(7) Jan speel — sy tol — die straat.
(8) Ek verkies melk — water.
(9) Vertrou — God.
(10) Vertel my iets — jou reis.

(20)

Oefening 7e.

Voltooi die volgende sinne :—

(1) Ek sal nie gaan nie, want .....
(2) Ek sal nie gaan nie, omdat .....
(3) Ek sal nie gaan nie, alhoewel .....
(4) Ek sal nie gaan nie, al .....
(5) Ek sal nie gaan nie, ofskoon.....
(6) Ek sal nie gaan nie, tensy.....
(7) Ek sal nie gaan nie, voordat.....
(8) Ek sal nie gaan nie, dog .....

(16)

Oefening 7f.

Gebruik die volgende woorde in goeie sinne :—

Betrap, verplig, beskrywing, houding, verreweg, uitbrei, oorspronklike, toevoeging, pronk, begeerte.

(10)

Leesoefening 3.

DIE KUNS OM TE SKRYWE.

occasion.
call.
prepare.
adult.
real.
apply; exclusive
make a living.
poets.
novel; handle.
attempts.

By een of ander *geleentheid*, vroeër of later in ons lewe, word daar op elkeen van ons 'n *beroep* gemaak om te skryf—dit kan wees as skolier of student gedurende ons *voorbereidingstydperk*, of as *volwassene* met altwee bene in die middel van die lewens*werklik*heid. Hoewel die persentasie mense wat die skryfkuns *aanwend* as *uitsluitlike* middel om 'n *bestaan te voer* taamlik laag is, nogtans moet selfs diegene onder ons wat nie joernaliste of *digters* of *roman*skrywers word nie, die pen kan *hanteer*. As ons almal dan absoluut MOET skrywe, laat ons *pogings* aanwend om dit so goed as moontlik te doen.

hence.
hay (nonsense).
struggle.
simply.
would-be.
particularly.
requires.
attractive.
convinced.
trouble.
service ; show.
prove.

Om te kan skryf moet ons in die eerste plek iets te sê hê. Hierdie elementêre feit word deur baie aspirant-skrywers oor die hoof gesien, *vandaar* dat so 'n massa onleesbare leesstof die lig van publikasie sien. Alte dikwels moet 'n mens deesdaags deur berge *kaf worstel* om 'n handvol koring te kan versamel, *eenvoudig* omdat die *kastige* skrywers werklik niks te sê het nie. Niemand kan oor niks te veel sê nie ; of laat ons liewers sê dat dit 'n *besonder* groot kunstenaar *vereis* om 'n klomp *aantreklike* kaf te lewer. As alle skrywers en aspirant-skrywers vooraf heeltemal *oortuig* is dat hulle iets het wat die *moeite* werd is om neergeskryf te word, sal hulle die lesers 'n baie groot *diens bewys*. In die eksamenkamer en daarbuite—skryf alleen dan wanneer u iets op die

hart het. Die eksamenkandidaat wat, by voorbeeld, 'n *opstel* kies waaroor hy so-te-sê niks weet nie, is net so *verwaand* as die romanskrywer wat *meen* dat die lesende publiek almal kaf-*verslinders* is.

Nadat 'n mens heeltemal seker gemaak het dat jy iets te sê het wat die moeite werd is om gelees te word, is dit van die grootste belang dat jy sal *nadink* oor die manier waarop jy dit gaan sê. Die vorm waarin jy jou gedagtes *giet* is byna net so vernaam as die gedagte self. In die meeste *gevalle* bestaan die groot onderskeid tussen 'n goeie en 'n slegte skrywer daaruit dat die een sy breinkinders mooi en netjies *aantrek* en die ander nie. Net soos 'n nuwe rok na niks lyk om 'n onelegante lyf nie, net so kan die *oorspronklikste* gedagte *vermink* word in 'n onaantreklike vorm.

Om *aan* te *toon* hoe groot die *rol* is wat vorm naas *inhoud* speel, kan ons hier die welbekende voorbeeld van Macaulay *aanhaal*. Van hom word dit gesê dat hy nooit 'n sin neergeskryf het nie sonder om dit later weer baie krieties te *betrag* *teneinde te* besluit of hy nou werklik die allerbeste vorm gekies het vir sy inhoud. Op een sin, ja *selfs* op 'n enkele woord, het hy soms ure spandeer, *wikkende* en wegende of dit nou nie miskien so of so beter gesê kan word nie. Woordkeuse, *rangskikking*, konstruksie—siedaar almal sake wat die groot Engelse skrywer se *aandag* geniet het. En die gevolg is sy *skitterende* „Essays" wat *omrede* hulle volmaakte diksie en sinsbou selfs vandag *ongeëwenaard* is in die wêreldletterkunde. Ons kan nie almal Macaulays wees nie, maar elkeen van ons kan tenminste 'n klein bietjie meer aandag *bestee* aan die geskrewe woord.

Neem, by voorbeeld, rangskikking. Hoe min van ons *besef* die intrinsieke waarde van sistematiese rangskikking van ons gedagtes. Ons *dons* maar *op* en skryf die eerste die beste ding neer wat in ons *bewussyn* opkom. Metodiese, stelselmatige *indeling* van ons stof is in die skryfkuns net so *noodsaaklik* as metode in besigheid. *Kennis* is van waarde alleen dan wanneer dit *deeglik* gerangskik is *volgens* 'n *oortuigende* metode. Laat ons dit nie uit die oog verloor nie, selfs nie wanneer ons al was dit 'n opstelletjie skryf nie. Daarom vind ons dat alle goeie taalonderwysers by die student daarop *aandring* dat hy vooraf 'n soort *raam*werk *opstel* om sodoende sy kennis omtrent die *onderwerp* te sistematiseer en te *verhoed* dat hy belangrike dinge sal uitlaat en onbelangrikes sê, of dieselfde ding meer as eenmaal sê.

essay.
arrogant; thinks
devourers.
ponder.
mould.
cases.
clothe.
original.
mutilated.
show ; part.
contents.
cite.
regard ;
in order to.
even.
reflecting.
arrangement.
attention.
brilliant.
because of.
unparallelled.
devote.
realise.
opdons = muck up
consciousness.
division.
essential.
knowledge.
properly.
according to ;
convincing.
urge.
frame ;
compose
subject.
prevent.

choice.

slovenliness.
don't-care-ness.
indifference.
seemingly.
adept; noble.

En dan is daar ons styl : ons woord*keuse* en sinsbou— maak ons ons nie hier ook skuldig aan die sonde van *slordigheid* en *traak-my-nie-agtigheid* nie ? 'n Klein bietjie minder *onverskilligheid* en meer aandag aan hierdie *skynbaar* onbelangrike dingetjies kan elkeen van ons in staat stel om meer *bedrewe* te word in die *edele* skryfkuns.

HOOFSTUK AGT.

DIE WERKWOORD.

(*Vervolg.*)

27. 'N LYS SKEIDBAAR SAMEGESTELDE WW.

(Aksent op die **Eerste** deel.)

BLY (remain, stay, live).

aanbly	continue, remain on.
afbly	keep off, leave alone.
agterbly	remain behind.
bobly	remain above.
bybly	keep pace with, stay with.
inbly	remain in, stay after school.
oorbly	remain (over).
onderbly	remain under.
opbly	remain up, sit up.
saambly	stay with.
uitbly	remain (stay) out.
voorbly	remain ahead.

BRING (bring).

aanbring	bring about, bring near.
afbring	bring down, reduce.
bybring	afford.
deurbring	spend, pass, squander.
inbring	bring in.
ombring	kill.
oorbring	convey, deliver, transport.
opbring	bring in, realise, yield.
saambring	bring together.
uitbring	bring out.

DRA (carry, wear, bear).

aandra	carry to, bring to.
afdra	carry down, wear out.
bydra	contribute.
oordra	carry over, transfer.
opdra	dedicate, carry up, charge.
voordra	recite, deliver.

DRUK (press, print).

aandrûk	press against.
afdruk	print, press down.
deurdruk	press through, persist.
indruk	impress, imprint.
oordruk	reprint, press over.
onderdruk	press under.
uitdruk	press out, express.

GAAN (go, move, walk).

aangaan	enter upon, concern, proceed.
afgaan	go down, descend.
deurgaan	go through.
ingaan	enter; go in for.
omgaan	go round, associate.
oorgaan	go over, desert, proceed.
ondergaan	go under.
opgaan	go up, ascend.
saamgaan	go with, accompany, agree.
uitgaan	go out.
voorgaan	go before, precede.

GEE (give).

aangee	hand to, pass, mention.
afgee	give off, hand over, deliver.
ingee	give in, inspire.
omgee	give round, care.
oorgee	hand over, surrender.
opgee	give up, drop.
uitgee	give out, spend, publish.
voorgee	pretend, maintain.

HAAL (fetch).

aanhaal	quote, cite, draw tighter.
afhaal	take down, fetch (at station).
inhaal	overtake, catch up.
omhaal	persuade.
oorhaal	fetch across, persuade.
uithaal	take out.

HANG (hang, suspend).

aanhang	follow, adhere to, hang on to.
afhang	depend upon, hang down.
omhang	wrap round.
oorhang	hang over.
ophang	hang, suspend.
saamhang	hang together, cohere.
uithang	hang out.
voorhang	hang in front of, picture.

HOU (hold, keep, contain, lash, fulfil).

aanhou	continue, insist, persevere.
afhou	keep off, withhold.
agterhou	keep behind, keep back.
byhou	keep up with, keep pace.
inhou	restrain, contain.
oorhou	save, have left.
ophou	stop, support.
teenhou (teëhou)	hinder, check.
uithou	bear, stand, endure, keep back.
voorhou	present, hold before.

KOM (come).

aankom	arrive, get at.
afkom	come down, descend, happen.
agterkom	discover, find out.
bykom	reach, recover.
deurkom	get through, escape.
inkom	come in, enter.
omkom	perish, come round.
oorkom	come before, befall, happen.
opkom	come up, rise, occur.
saamkom	come together, accompany.
teenkom (teëkom)	meet.
uitkom	come out, appear.
voorkom	appear, occur.

KYK (look, see).

aankyk	look at.
afkyk	look down, observe, spy, copy.
deurkyk	look over, skim, peruse.
inkyk	look in(to).
omkyk	look back, look round, attend to.
oorkyk	peruse, look over.
opkyk	look up.
uitkyk	look out.

LEI (lead, conduct, guide, preside).

aanlei	lead to, induce.
aflei	deduce, infer, derive, lead down.
deurlei	lead through.
inlei	lead in, introduce, preface.
omlei	lead round.
oplei	instruct, educate, train.
uitlei	lead out.

MAAK (make).

aanmaak	prepare, mix.
afmaak	kill, finish.
deurmaak	go through, suffer, endure.
oormaak	do over again, bequeath.
opmaak	dress, make up.
uitmaak	make out, distinguish.

NEEM (take).

aanneem	accept, adopt, assume, admit.
afneem	take away, derive, take a photo.
inneem	take, conquer.
oorneem	take over.
onderneem	take under.
opneem	take up.
saamneem	take with.
uitneem	take out.
voorneem	resolve, make up one's mind.

SÊ (say).

aansê	announce, inform.
afsê	sack, countermand.
oorsê	repeat.
opsê	recite, dismiss, give notice.
voorsê	prompt.

SIEN (see).

aansien	look at, behold.
afsien	give up, abandon, see off.
uitsien	look forward to.

SKRYF of **SKRYWE** (write).

aanskryf	notify, summon.
afskryf	copy, cancel, sack.
inskryf	inscribe, subscribe, enter, tender.
oorskryf	transcribe, copy.
opskryf	write down.
uitskryf	offer, call, issue.
voorskryf	prescribe.

SLAAN (beat, hit, knock).

aanslaan	knock on (football), touch, strike.
afslaan	decline, refuse, repulse.
inslaan	drive in, smash, strike.
omslaan	overthrow, topple.

oorslaan	omit, pass.
opslaan	raise, put up, pitch.
uitslaan	beat out, sprout, break out.

STAAN (stand).

aanstaan	please, like.
afstaan	yield, give up, cede.
agterstaan	be behind, be inferior.
bystaan	support.
deurstaan	endure, suffer, bear.
instaan	guarantee
oorstaan	stand over.
opstaan	rise, get up, revolt.
teenstaan (teëstaan)	oppose.
uitstaan	endure, bear, withstand.
voorstaan	advocate.

SLUIT (close, lock, shut).

aansluit	join, follow, connect.
afsluit	close, shut off, fence in, disconnect.
insluit	enclose, include, contain.
omsluit	encircle, include.
opsluit	lock up, confine.
uitsluit	lock out, exclude.

STEL (fix, draw up, put).

aanstel	appoint, pretend, behave.
afstel	postpone.
instel	introduce, establish.
opstel	plan, compose.
saamstel	compose, put together.
voorstel	propose, move, introduce.

TREK (pull, draw).

aantrek	dress, attract.
aftrek	deduct, pull off.
deurtrek	pass through.
intrek	go in, draw in, repeal, revoke.
omtrek	march round, outflank.
oortrek	cover, cross.
optrek	pull up, march against.
saamtrek	contract, assemble.
uittrek	undress, march out, extract, pull out.
voortrek	prefer, treat with favour.

VAL (fall, succumb).

aanval	attack, assail, charge.
afval	fall off, tumble down, forsake.
byval	remember.
inval	collapse, join in, occur.
omval	fall down, topple over.
oorval	fall over.
opval	strike.
uitval	fall out.
voorval	take place, occur.

VOER (feed, conduct, wage).

aanvoer	supply, mention, command.
afvoer	convey, lead, carry off.
invoer	introduce, import.
oorvoer	convey across.
opvoer	perform, act, fatten.
uitvoer	execute, do, perform, export.

VRA (ask).

aanvra	apply for, request.
afvra	ask, demand.
oorvra	overcharge, surcharge, ask again, invite.
uitvra	sound, question, examine, invite.

by no means. exhausted.

Hiermee is die lys skeidbaar samegestelde ww. *geensins uitgeput* nie. Let op hoeveel verskillende betekenisse kan deur samegestelde ww. uitgedruk word, en hoeveel verskillende betekenisse een en dieselfde ww. kan hê. Alleen

attentively.

deur *aandagtig* te luister na mense wat 'n goeie Afrikaans praat—en deur baie te lees—sal u leer om hierdie ww. reg te gebruik, sal u, met andere woorde, die idioom van die Afrikaanse taal meester raak.

extensively.

Soos blyk uit die voorbeelde, word die volgende voorsetsels *veelvuldig* gebruik by die vorming van skeidbaar samegestelde ww. :—

aan	oor
af	op
agter	saam
by	teen (teë)
deur	uit
in	voor
om	

Oefening 8a.

Vorm, mèt behulp van voorvoegsels, **drie** samegestelde **ww.** van elkeen van die onderstaande enkelvoudige ww., en gee die betekenis en verlede deelwoord van die ww. wat u so gevorm het.

Bly, hou, druk, skryf, gee. (24)

Oefening 8b.

Vul in die regte vorm van die samegestelde ww. tussen hakies :—

(1) (Afhou) jou hande van my of ek sal jou (oorgee) aan die poliesieman.
(2) Die trein (aankom) om sesuur ; jy moet nie vergeet om (uitkyk) nie.
(3) Ons het die nodige veranderings (aanbring) en toe die hele brief (oorskryf).
(4) Aan ons is (opdra) die verantwoordelikheid om die geld aan die regte persoon (afgee).
(5) (Afhaal) die prent van die muur.
(6) Aan die Kaapse Tegniese Kollege word studente (oplei) om later in die sakewêreld belangrike betrekkings (inneem).
(7) Ek sal die medisyne (aanmaak) ; (vashou) jy die bottel sodat dit nie (afval) nie.
(8) (Afsien) van die feit dat ek toe net van 'n lang vakansie (terugkeer) het, het ek al gretig (uitsien) na die volgende een. (16)

Oefening 8c.

Vertaal Oef. 8b. (16)

Oefening 8d.

Skryf die volgende sinne oor :—

(*a*) In die teenwoordige tyd, en
(*b*) in die verlede tyd.

(1) Ek (voorneem) my om vroeg op te staan.
(2) Hy (opsê) sy les.
(3) die son (ondergaan) saans vroeg.
(4) Hoeveel geld (saambring) jy ?
(5) Die kind (uitval) uit die trein. (10)

Oefening 8e.

Gebruik in flink sinne sodat die betekenis duidelik blyk :—

Oordra, insluit, opsluit, optrek, invoer, opvoer, uitvoer, aanbly, ombring, aanskryf. (10)

Oefening 8f.

Vertaal in goeie Afrikaans (gebruik soveel samegestelde ww. as moontlik) :—

(1) He stayed out so long that I decided to undress myself and to lock him out.
(2) I have been appointed as shorthand-typist.
(3) Omit the next chapter.
(4) If you press my head under I shall certainly perish.
(5) In this world so very much depends on common-sense and the ability to persevere.
(6) It struck me that the lecturer treats him with favour.
(7) From that I deduced that he had gone through difficult times since I last met him.
(8) We regret to inform you that your application has not been accepted. (24)

HOOFSTUK NEGE.

DIE WERKWOORD.

(*Vervolg*).

28. 'N LYS ONSKEIDBAAR SAMEGESTELDE WW.

(Aksent op die **Laaste** deel.)

aanvaár	begin.
agtervólg	overtake.
agterhaál	follow, pursue.
deurtrék	pervade.
misbrúik	abuse.
mishaag	displease.
mishandel	maltreat.
misken	misjudge.
mislei	mislead.
misluk	fail.
omring	surround.
onderdruk	oppress.
ondergaan	undergo.
onderhou	support.
ondermyn	undermine.
onderneem	undertake.
onderskep	intercept.
ondersoek	examine.
ondersteun	support.
onderteken	sign.
ondervra	interrogate, question.
onderwerp	subject.
oordink	think over.
oordryf	exaggerate.
oortree	trespass.
oortref	excel.
oorval	surprise.
oorweeg	consider.
volbring	accomplish.
voldoen	satisfy.
volhard	persevere.
voltooi	complete.
voorkom	prevent.
voorsê	predict, prophesy.
voorsien	provide, furnish.
voorspel	predict, prophesy.
weerlê	refute, contradict.

Behalwe bogenoemde ww., kry ons in Afrikaans baie onskeidbare ww. wat saamgestel is met die voorvoegsels **be-**, **ge-**, **er-**, **her-**, **ont-** en **ver-**.

BE- (maak gewoonlik 'n intransitiewe ww. transitief).

beantwoord	answer.
bebou	cultivate, till.
bedank	thank, decline, refuse.
bedek	cover, conceal, hide.
bedink	consider, reflect.
bedra	amount to.
begaan	commit, perpetrate, make.
begryp	understand, comprehend.
behaal	obtain, get, win.
behandel	treat, deal with.
beken	confess, own up, acknowledge.
beklee	cover, clothe, fill (a post).
bekostig	defray, pay, afford.
belas	burden, tax.
beloon	reward, remunerate.
beloof (belowe)	promise.
bely	confess, avow.
benoem	nominate, appoint.
bereik	reach, attain.
bereken	calculate, charge.
beroep	call, nominate.
besit	possess, have.
beskryf (-we)	describe, depict.
besoek	visit.
bespot	ridicule, mock, deride.
bestaan	exist, live, consist.
bestel	order, arrange, appoint.
bestuur	govern, manage, direct.
betref	concern, relate to.
betrek	involve, occupy.
bewys	prove.

GE- (het oorspronklik beteken „saam met." Latyn **co-** of **cum**).

gebeur	happen.
gebruik	use, employ.
gehoorsaam	obey, submit.
genees	cure, heal.
geniet	enjoy.
gesels	chat, talk, converse.
geval	please, suit.

ER- (het oorspronklik beteken „uit." Duits **aus**. Ons tref min ww. aan met er-).

erken	acknowledge, own, admit.
erlang	obtain, acquire.
ervaar	experience.

HER- (beteken **weer**. Engels **re-**).

herdenk	commemorate, remember.
herdruk	reprint.
herhaal	repeat.
herinner	remember.
herken	recognise.
herkies	re-elect.
herleef (-we)	revive, live again.
hernuwe	renew.
heropen	re-open.
herroep	revoke, repeal, annul.
hersien	revise, re-consider.
herstel	recover, rectify.
hervat	resume, repeat, begin again.
herwin	regain, recover.

ONT- (beteken gewoonlik „weg van" of „beroof van" (deprived of). Dit besit dan negatiewe krag, net soos in Engels **un-** of **dis-**).

ontbind	dissolve, separate.
ontbrand	take fire, ignite.
ontbyt	breakfast.
ontdek	discover.
onteer	dishonour, violate.
onterf (-we)	disinherit.
ontgaan	escape, forget.
onthaal	entertain.
onthoof	behead, execute.
onthou	remember.
ontken	deny.
ontklee	undress.
ontkom	escape.
ontloop	evade, escape.
ontmoet	meet, encounter.
ontneem	deprive, take away.
ontslaan	dismiss, discharge.
ontsluit	unlock, open.
ontsmet	disinfect.
ontstaan	begin, originate.
ontstel	startle, frighten.
ontsnap	escape.
onttrek	withdraw.

ontvang	receive.
ontveins	conceal, dissemble.
ontvlug	escape, flee.
ontvoer	abduct, kidnap.
ontvolk	depopulate.
ontwapen	disarm.
ontwar	unravel, disentangle.
ontwikkel	develop, evolve.
ontworstel	disengage, wrest from.
ontwrig	dislocate.
ontwyk	evade, shun, escape.

VER- ('n voorvoegsel wat baie voorkom, meestal in die betekenis „to make," „to cause to be," of „to bring to a state of").

verag	despise.
verarm	become poor.
verbaas	astonish.
verban	banish, exile.
verbeel	imagine, be proud.
verberg	conceal, hide.
verbeter	correct, improve, mend.
verbied	prohibit, forbid.
verbind	connect, combine, bandage.
verblind	dazzle, blind.
verbly	gladden, pleáse.
verbrand	burn.
verbroeder	reconcile, fraternise.
verbrokkel	disrupt, crumble to pieces.
verbruik	use up, consume.
verbrysel	smash, scatter.
verbuig	inflict, decline, bend.
verdaag	postpone, adjourn.
verdamp	evaporate.
verdeel	divide, distribute.
verdelg	exterminate, extirpate.
verderf	ruin, destroy.
verdien	earn, deserve.
verdiep	deepen.
verdig	invent, concoct.
verdink	suspect, distrust.
verdor	wither.
verdra	bear, endure, tolerate, suffer.
verdraai	distort, misinterpret.
verdrink	drown, be drowned.
verdruk	oppress.
verdryf (-we)	expel, drive away.
verduidelik	elucidate, explain.
verduister	embezzle, defalcate.

verdwyn	disappear, vanish.
vereer	honour, respect.
vereffen	settle, balance, adjust.
verenig	unite, connect.
verewig	immortalise.
verfraai	embellish, decorate.
verfrans	frenchify, gallicize.
verfris	refresh.
vergaan	perish, decay, be wrecked.
vergaar	collect, lay up.
vergader	meet, assemble.
vergal	embitter.
vergeet	forget.
vergeld	requite, reward.
vergelyk	compare.
vergesel	attend, accompany.
vergewe	forgive, pardon.
vergis	mistake, be mistaken.
vergoddelik	deify.
vergoed	defray, compensate.
vergou	quicken, hasten.
vergroot	enlarge, increase.
vergun	allow, permit.
verhaal	narrate, tell.
verhaas	accelerate, hasten, expedite.
verhandel	discuss, barter.
verhard	harden.
verheerlik	glorify.
verhef	raise, elevate.
verheug	rejoice, please.
verhinder	prevent, hinder.
verhoed	prevent.
verhollands	" Dutchify "
verhoog	raise, elevate, promote.
verhuis	move, die.
verhuur	let, hire.
verjaar	celebrate one's birthday.
verjong	rejuvenate.
verken	reconnoitre, spy.
verkies	elect, choose.
verklaar	explain, state, declare.
verklee	change, dress up.
verklein	lessen, diminish, belittle.
verkluim	grow stiff with cold.
verkoel	cool, refrigerate.
verkoop	sell.
verkort	abridge, abbreviate, make short.
verkrag	infringe, violate, rape.

verkry	obtain, acquire.
verkwik	refresh.
verlaag	reduce, debase.
verlaat	leave, abandon.
verlam	make lame, paralyse.
verlang	desire, long for.
verleen	grant, give, confer, bestow.
verlei	seduce, tempt, mislead.
verleng	lengthen, prolong, extend, elongate.
verlig	illuminate, relieve.
verloën	disavow, renounce.
verloof (-we)	betroth, become engaged.
verloor	lose.
verlos	deliver, release, liberate.
vermaan	admonish.
vermeer	vomit.
vermeerder	increase, enlarge.
vermeld	mention.
verminder	lessen, decrease.
vermoor	murder, kill.
vermors	squander, spend, waste.
vermy	avoid, shun.
verneder	degrade, humble, abase.
verneem	understand, inquire.
verniel	destroy, wreck.
vernuwe	renovate.
veronaangenaam	make (things) unpleasant.
verongeluk	fail, get killed in an accident.
verontheilig	profane, desecrate.
verontskuldig	excuse.
veroordeel	condemn, sentence.
veroorsaak	cause, bring about.
verorden	order, enact, decree.
verowër	conquer, capture.
verpand	pawn, pledge, mortgage.
verpes	infect, taint.
verplaas	remove, displace, transfer.
verpleeg	nurse, tend.
verpletter	crush, smash.
verraai	betray, disclose.
verras	surprise.
verrig	do, perform.
verroer	stir, move.
verroes	rust.
verrot	decay, decompose.
verruil	exchange, barter.
verruim	enlarge, widen.
verryk	enrich.

versadig	satisfy, appease (appetite).
versag	soften.
versamel	collect.
verseker	assure, insure.
versend	consign.
versit	displace, move, shift.
verskaf	supply, furnish.
verskeep	ship, export.
verskerp	sharpen.
verskeur	lacerate, tear.
verskoon	excuse, pardon.
verskrik	terrify, scare.
verskyn	appear.
verslaan	defeat, conquer.
verslaap	oversleep.
verslap	relax, slacken.
versleg	deteriorate.
verslyt	wear out, decay.
versmelt	melt, dissolve.
versmoor	suffocate, stifle.
versoek	request, ask.
versoen	reconcile.
versoet	sweeten.
versorg	care for, provide for.
verspil	squander, waste
verspreek	make a mistake in speaking.
versprei	spread, scatter.
verstaan	understand, comprehend.
versterk	invigorate, fortify, strengthen.
verstoor	disturb
verstoot	disown, cast off.
verstop	be clogged up, be constipated.
verstout	make bold, presume.
verstrooi	scatter, disperse.
verstryk	elapse.
verstuit	dislocate, sprain.
versuim	neglect, omit.
versuip	drown.
verswaar	aggravate, make heavier.
verswak	weaken, enervate.
versweer	fester.
verswik	sprain
verswyg	suppress, conceal.
vertaal	translate.
verteenwoordig	represent.
verteer	digest.
vertel	tell, relate.
vertoef	stay, linger.

vertoon	interpret, explain.
vertolk	show, expose.
vertrap	trample down.
vertroos	console, comfort.
vertrou	trust, confide.
vervaardig	make, compose, manufacture.
verval	decay, become due, mature.
vervals	adulterate, forge.
vervang	replace, substitute.
vervel	skin, slough.
vervloek	curse, damn.
vervoeg	conjugate.
vervoer	convey, carry.
vervolg	continue, pursue, prosecute.
vervuil	grow foul, soil.
vervul	fulfil.
verwag	expect, anticipate.
verwarm	warm, heat.
verwelkom	welcome.
verwens	curse, execrate.
verwerf	acquire, obtain.
verwerklik	materialise, realise.
verwerp	reject, decline, refuse.
verwesenlik	substantiate, realise.
verwissel	exchange.
verwittig	acquaint, inform.
verwonder	astonish, amaze.
verwurg	strangle.
verwyder	remove.
verwys	refer.
verwyt	reproach, blame.
verydel	frustrate, baffle.

Oefening 9a.

Vul in o.s. sinne die ontbrekende ww. aan (met die nodige voorvoegsel) en vertaal :—

Staan. Hy praat so onduidelik dat ek niks kan — nie. Ek het vanmore vroeg — . Alle goeie dinge — uit drie. Hoe het die brand — ? Hy wou geen pennie vir dié doel — nie.

Ken. Hiermee wens ek die ontvangs van u skrywe van 10 des. te — . Vroeër het ons mekaar goed — , maar hy het so verander dat ek eerlik moet — dat ek hom nie dadelik — het nie. Hy sê hy het dit nie gedoen nie, met andere woorde, hy — sy skuld. As jy skuld het, is dit 'n goeie ding om dit maar dadelik te — . Dis pynlik as jou vriende jou altyd —.

Hou. Jan het bo op Piet gesit en hom lank —. Sy moeder was arm, daarom hét hy haar. —. Ek kan nie — waar ek hom ontmoet het nie. Hy het later maar — omdat hy nie langer kon — nie.

Gaan. Jy het 'n fout — ; jy moes nie nou al die operasie — het nie. Wie die man is wat saam met my — het, is my nou heeltemal —. Die son het — voordat die skip — het. (23)

Oefening 9b.

Soos vorige oefening :—

Soek. Ek was op pad om jou te gaan —, maar, hoewel ek lank na jou huis — het, kon ek dit nie kry nie. Hiermee wens ek u vriendelik te — om tog nie te rook nie. Ons het die hele saak deeglik —.

Stel. Het jy die goedere al — ? Na sy siekte het hy baie gou —. Moet jou nie daaróor — nie. Hy is as voorsitter —.

Haal. Met die eksamen het hy die hoogste punt —. Sal jy asb. — wat jy gesê het ? Hulle het ons baie vriendelik —. Hy het — hoe hulle na drie dae die vyand — het. Ek het my vriend by die stasie gaan —. Hy was so siek dat hy nie eers die huis — het nie.

Neem. Ek het sy voorstel nie — nie. Hy het hom — om nooit te veel dinge tegelyk te — nie. Ons het — van u onlangse siekte wat al u kragte — het. Wie het my boek — ? (22)

Oefening 9c.

Gebruik in sinne sodat die verskil in betekenis duidelik blyk :—

óordryf, oordryf ; óorweeg, oorweég ; vóorkom, voorkóm ; vóorsê, voorsê (aksent óp sê) ; ónderdruk, onderdrúk.

(10)

Oefening 9d.

Vorm, met behulp van voorvoegsels, onskeidbaar samegestelde ww., en gee die betekenisse van die ww. wat u so gevorm het :—

Noem, lei, dra (2), tree, lê, suip, wys (2), wag, werp, trap, plaas, vang (2), roep, bind (2), kom (2). (20)

Oefening 9e.

Skryf neer die betekenis en die verlede deelw: van die volg. ww. :—

Is, hê, geniet, ervaar, verlang, gelukwens, gebeur, bestuur, volhard, mishaag, verhuur, ontdek, genees, verdwyn, deurbring, afdruk, verwys, ontmoet, bystaan, bereik, glimlag, verhinder, wanhoop, ontwyk, waarsku.

(25)

Leesoefening 4.

VERNEUKPAN.

earth.
overseas.

Dis wonderlik hoe gou 'n onbekende plekkie op hierdie ou *aardbol* die aandag van die hele wêreld kan trek. Kort gelede was Verneukpan 'n verlate vlakte, onbekend, onbemind; en daar was seker niemand *in die buiteland* wat ooit van die plek gehoor het nie. Vandag ken die hele sportwêreld die naam.

smooth as a mirror.
irregularity.
disastrous; imperative.
carefully.

Dis natuurlik van die allergrootste belang om so 'n baan se oppervlak *spieëlglad*—so na moontlik—te maak; want 'n motor wat met 'n spoed van oor die tweehonderd myl per uur oor die aarde dreun word deur die kleinste *ongelykheid* van koers af gebring; en dit kan maklik *noodlottige* gevolge hê. Dis dus *noodsaaklik* dat al die bultjies gelykgemaak word en dat selfs die fyn klippertjies *sorgvuldig* opgetel word.

several.
interest.
collected.
confidence.
tested.

Die werk het baie langer geneem as wat eers verwag was, en die onkoste het *etlike* duisende ponde beloop. Die *belangstelling* was egter so groot dat die nodige fondse maklik *ingesamel* is.

Kaptein Campbell het die volste *vertroue* in sy motor gestel; en tereg ook, want hy het vir „Bluebird" vantevore al deeglik op die *proef gestel*: reeds tweekeer het hy al in dié pragtige masjien 'n hoë spoed bereik; en hy het geen rede gehad om te dink dat die motor hom in Suid-Afrika sleg sou gedra nie.

tests.
crust; prevents.
certain direction.
corrugations; surface.
motor-driver; intrepid.

Die vorige *proefnemings* is op Daytona-Strand gemaak. Dis 'n wonderlike gelyk stuk strand, veertien myl lank, met 'n harde *korsie* wat *verhinder* dat die wiele insak. Daytona is egter ook nie 'n ideale plek vir sulke proefnemings nie, want die wind moet in 'n *bepaalde rigting* waai voordat die baan geskik is. As die wind verkeerd waai dan word daar *riffeltjies* op die sand se *oppervlak* gevorm; en geen *motor-bestuurder*—hoe *onverskrokke* hy ook mag wees—sal dit waag om dan in sy motor te klim nie.

escape.
is found.
beaten track; deviated.
speed; to one side; dunes.
occasion.

Kaptein Campbell self het eenkeer 'n noue *ontkoming* daar gehad: die baan is tamlik nou, want die vaste sand word natuurlik net langs die water *aangetref*; en hy het effens van die *gebaande weg gewyk*, met die gevolg dat sy motor, wat 'n hoë *vaart* bereik het, *eenkanttoe* geswaai het en byna in die *duine* verongeluk het. By 'n ander *geleentheid* moes 'n motor-bestuurder sy masjien die golwe

inja om tot stilstand te kom. Die persoon wat daarop uit is om 'n wêreldrekkord te skep moet ook vir enigiets *toorberei* wees ; hy kan *te eniger tyd* sy lewe inskiet. prepared. at any time.

Dit laat 'n mens jouself afvra of dit die moeite werd is om so veel te waag. Watter voordeel is daar nou eintlik uit te kry ? Ons kan nie *binne die bestek* van hierdie opstel uitwei oor die voor- en nadele van sulke proefnemings nie, maar wil net daarop wys dat dit *onverstandig* sou wees om hulle *onvoorwaardelik* te *veroordeel*. Baie van die materiaal, by voorbeeld, wat vir die bou van motors gebruik word, kan op die proef gestel word wanneer die „Bluebird" soos 'n komeet deur die lug sny ; en 'n mens kan veilig aanneem dat boustof, wat so 'n *geweldige spanning* kan deurmaak, heeltemal geskik sal wees vir motors waarvan nie so veel verwag word nie. within the scope. unwise ; unconditionally; condemn. comet; tremendous strain.

Dis te hope, dat Verneukpan nog dikwels gebruik sal word om snelheidsrekkords te skep, nou dat Kaptein Campbell die moontlikhede van die baan aan die dag gelê het.

Dit sal nie net goeie publisiteit vir Suid-Afrika in die buiteland verskaf nie, maar sal ook 'n goeie sommetjie geld jaarliks in die *staatskoffers* laat vloei. Ons moet net sorg dat die baan behoorlik reggemaak en reggehou word. State exchequer.

HOOFSTUK TIEN.

INSAKE SPELLING.

1. SKRYF SOOS JY PRAAT.

intricate; sound.
sign.
represented.

Party tale (soos Engels b.v.) het 'n baie moeilike spelling en *ingewikkelde* spelreëls omdat die *klank* wat ons in die spreektaal hoor nie altyd deur dieselfde *teken* in die skryftaal *weergegee* word nie. So skrywe ons in Engels b.v. **though, through, thorough, plough,** al is die klank (in die spreektaal) verskillend in al vier gevalle.

phonetically.

Die Afrikaanse spelling is baie makliker omdat ons in Afrikaans *foneties* próbeer spel, d.w.s. ons skryf, sover as moontlik, soos ons praat. Ons probeer altyd om dieselfde teken in die skryftaal te gebruik vir deselfde klank.

ought.

As die student dit onthou *behoort* hy dit nie moeilik te vind om in Afrikaans reg te spel nie.

2. VREEMDE WOORDE.

as regards.

Ook *wat betref* vreemde woorde wat ons van ander tale oorgeneem het probeer ons om te skrywe soos ons praat. Klanke, waarvoor ons in Afrikaans geen ekwiwalente het nie, word *vervang* deur Afrikaanse klanke wat die meeste *ooreenkoms toon* met die vreemde klank. Met ander woorde, ons verafrikaans die vreemde woord, as volg. :—

replaced.
similarity.
show.

ai word **ê** : affêre, populêr (Ndl. populair).
au word **ou** : outeur, outoriteit.
eau word **o** : buro, tablo, kado.
é word **ee** : kafee, komitee.
c word **k** of **s**, volgens die uitspraak : kafee, sentrum.
ch word **g**, **k**, **s**, **sj**, of **tj**, volgens die uitspraak : gaos, gemie ; kronies ; masien ; sjokolade, Sjiena ; tjek.
ph word **f** : alfabet, filosofie.
qu word **kw** : kwartaal, kwitansie.
rh word **r** : rym, retories.
t word **s** : nasie (Nederlands ; natie).
th word **t** : atleet, tesis.
x word **ks** : eksamen, eksellent.
z word **s** : soölogie.

3. LANG EN KORT KLINKERS (VOWELS).

Soos die student al by hierdie tyd opgemerk het, skrywe ons die klinkers **a**, **e**, **o**, **u**, as hulle **lank** is :—

(1) **aa**, **ee**, **oo**, **uu** in *geslote lettergrepe* (d.w.s. lettergrepe wat eindig op 'n medeklinker). — closed syllables.

(2) **a**, **e**, **o**, **u** in oop lettergrepe (d.w.s. lettergrepe wat op 'n klinker eindig).

Die student moet dus op sy *hoede* wees om hierdie klinkers nie tweekeer te skrywe nie wanneer, as gevolg van *verbuiging*, 'n lang geslote lettergreep verander in 'n lang oop lettergreep. Ons skrywe dus :— — guard. — inflection.

m**aa**n	maar	m**a**ne
nasion**aal**	,,	nasion**a**le
b**ee**n	,,	b**e**ne
algem**ee**n	,,	algem**e**ne
b**oo**m	,,	b**o**me
vergr**oo**t	,,	vergr**o**ting
m**uu**r	,,	m**u**re
g**uu**r	,,	g**u**re (bleak, cold).

Aan die end van woorde (see, weduwee), in samestellings (seekus, tweemaal), en voor ,,tjie'' (seetjie, weduweetjie), skrywe ons egter 'n dubbel **e**, nieteenstaande die oop lettergreep.

Die **i**—klank, wat altyd **kort** is behalwe voor **r** (wanneer dit halflank is : vier) en in wie (meervoud van wig) waar dit lank is, skrywe ons :—

(*a*) **i** in woorde wat twee- of meer—lettergrepig is wanneer dit *voorkom* in swak-*beklemtoonde* lettergrepe wat nie aan die end staan nie ; b.v. :— — appears. — accented.

tradisioneel, ambisieus.

(*b*) **ie** in woorde wat twee- of meer-lettergrepig is wanneer dit voorkom in eindlettergrepe of in lettergrepe met *klemtoon* ; b.v. :— — accent.

godsd**ie**ns, trad**ie**sie.

Ons skrywe dus :—

l**i**riek	maar	l**ie**ries
elektr**i**siteit	,,	elektr**ie**s
tradisioneel	,,	trad**ie**sie

4. DIE DEELTEKEN (··).

gebruik ons in Afrikaans om die *aandag te vestig op* 'n ekstra lettergreep, b.v. wanneer ons twee klinkers **kan** uitspreek as een lettergreep en **moet** uitspreek as twee, soos in **oë** (eyes), **hoë** (high), **droë** (dry). — draw attention to.

simply. warning. exists.

Die deelteken is dus *eenvoudig* 'n soort van *waarskuwing* dat ons 'n lettergreep, wat ons anders miskien nie sou raakgesien het nie, moet uitspreek. Waar daar dus geen gevaar *bestaan* om so 'n ekstra lettergreep oor die hoof te sien nie, sou ons die deelteken nie gebruik nie. Ons skrywe dus **dae,** omdat **a** + **e** nooit as één klank kan uitgespreek word nie. Soo ook: sooie, koeie, blouer, laer, ens.

5. DIE KAPPIE (∧).

only. extraordinary.

kry ons in Afrikaans *alleenlik* oor sekere klinkers met *buitengewone* uitspraak, en alleen wanneer sulke klinkers **in lang, oop lettergrepe** staan (dus: **kêrel,** maar **perd**).

Ons gebruik die kappie :—

(*a*) Taamlik dikwels oor **e**, b.v., **hê, sê, lê, kêrel, wêreld, nêrens, êrens, militêre, elementêre, primêre,** ens.

(*b*) Selde oor **o**, b.v. **sôre** (look after), **sôe** (meerv. van sog), **môre** (of more).

(*c*) Baie selde oor **u,** b.v. **brûe** (meerv. van brug) **rûens** (mv. van rug = hill-crest).

(*d*) Eenkeer oor **i**, in **wîe** (mv. van wig).

6. MAKKER — MOEILIKER.

inflected. preceded. case.

In *verboë* vorme skrywe ons die konsonant tweekeer alleen wanneer dit *voorafgegaan* word deur 'n kort beklemtoonde klinker. Ons skrywe dus ma**kk**er (met twee k's) maar moeili**k**er (met een k) omdat in die eerste *geval* die hoofaksent of klemtoon op **mak** val en in die twede geval op **moei** en nie op **lik** nie). Dus :—

gé**kk**er	maar	aantrékli**k**er
manélle	,,	míddele
vlú**gg**er	,,	ínni**g**er

7. DADELIK — HARTLIK.

Voor die uitgang **lik** word 'n swak-beklemtoonde **e** alleen geskrywe na :—

(1) **b, d, w** : onhebbelik, duidelik, afskúwelik.

(2) **ft, gt, kt, pt, st** : skriftelik, stigtelik, bedektelik, stiptelik, geestelik.

In alle andere gevalle skrywe ons geen **e** voor **lik** nie ; dus :—

hartlik, stoflik, naamlik, moontlik, ens.

8. SAMEGESTELDE WOORDE :—

Die meeste studente—veral Engelssprekendes—is *geneig* om woorde in Afrikaans apart te skrywe wat *na regte* aanmekaar moet geskryf word.

inclined.
by rights.

Die algemene reël is : wannéer twee of meer woorde in Afrikaans **een** begrip of idee *uitdruk*, word hulle as **een** woord geskrywe, met of sonder 'n koppelteken ; b.v. Dorpskool, skoolbank, stadsaal (vergelyk city hall), Adderleystraat, tienuur (tien uur = ten hours), twee-uur, Onderwysdepartement, Kaapstad, wildeblommetentoonstelling.

express.

9. DIE KOPPELTEKEN (-)

word gebruik in samestellings :—

(*a*) In alle gevalle waar die gebruik van die koppelteken die lees sal *vergemaklik*. Ons skrywe dus liewer „Unie-gebou" as „Uniegebou." So ook gebruik ons die koppelteken altyd wanneer daar 'n *opeenhoping* van klinkers is in die middel van 'n samestelling, soos in **twee-uur, nege-uur, see-eend,** ens.

facilitate.
accumulation.

(*b*) in verdubbelinge soos **kort-kort, gou-gou, speel-speel,** ens.

(*c*) Wanneer *telwoorde* verbind word deur **en** ; en in *breuke* :—

numerals.
fractions.

twee-en-twintig,
seshonderd-en-vyf; ses-sewendes ($\frac{6}{7}$).

(*d*) In geografiese eiename waar die eerste deel van die samestelling 'n adjektief of bywoord is :

Suid-Afrika, Oos-Londen, Noord-Rhodésië.

(*e*) In te lang samestellings waar, soos ons in (*a*) gesien het, ons sodoende die taak van die leser makliker maak ;—

Lewensversekerings-maatskappy.

(*f*) Met **toe**, wanneer **toe** nie deur **na** voorafgegaan, word nie, soos in :—

skool-toe, kerk-toe, Stellenbosch-toe.
(maar : **na** die skool **toe,** ens.).

10. VERDERE SPELLINGGEBRUIKE.

retain.

(*a*) Ons *behou* die **d** aan die end van woorde (waar dit as **t** uitgespreek word) omdat ons in verboë vorme weer die **d**—klank hoor. Ons skrywe dus land (uitgespreek lant) *terwille van* die verboë vorme lande, landelike; so ook wind terwille van winde, winderig, ens.

for the sake of.

Om dieselfde rede skrywe ons rib (wat ons rip uitspreek) terwille van ribbebeen, ens.

alike.

(*b*) Die diftonge, **y** en **ei** word in Afrikaans *eners* uitgespreek, en tog kan ons nie **y** skrywe waar 'n **ei** moet wees nie, en *omgekeerd*. Daar is b.v. 'n groot onderskeid tussen :—

vice versa.

pyl (arrow)	en	**peil** (to sound) ;
fyt (whitlow)	,,	**feit** (fact) ;
ry (ride, row)	,,	**rei** (chorus) ;
styl (style, bed-post)	,,	**steil** (steep) ;
ys (ice)	,,	**eis** (demand) ;
ryk (rich)	,,	**reik** (reach) ;
rys (rice, rise)	,,	**reis** (journey) ;
wy (devote)	,,	**wei** (graze) ;
vly (nestle)	,,	**vlei** (flatter, marsh) ;
wyer (wider)	,,	**weier** (refuse).

Verder skrywe ons b.v. :—

myn (mine)	maar	**klein** (small) ;
wyn (wine)	,,	**rein** (pure) ;
wys (show)	,,	**vleis** (meat) ;
wyd (wide)	,,	**meid** (servant girl).

attentively. in the course of time.

Ons kan die student geen reëls gee vir die gebruik van **y** en **ei** nie ; alleen deur *oplettend* te lees sal hy *met verloop van tyd* leer wanneer om **y** te skrywe en wanneer **ei**.

Oefening 10a.

Skryf neer die regte Afrikaanse vorm van die volgende woorde :—

Zebra, bibliotheek, chocolade, Chinese, China, theater, auditeur, tableaux, examen, cirkel, café, centrum, inspecteur, rhetoriek, militair, consequent, technies, circulaire, charmant, enthusiasme, psychologie. (20)

Oefening 10b.

Verbeter die volgende sinne :—

(1) Twee daë lank het ons aan die hoe kweper bome gekap.
(2) My familie moes huistoe gaan weens dringend finansiele saake.
(3) „Hoe jonker, hoe aantreklikker ! " se oom Jan.
(4) Twee honderd drie en dertig skippe het in Tafel baai aan wal gekom.
(5) Hy het my tamelik hartelik uit genooi om die volgend Desember vakansie bei hom te kom deur bring.
(6) Die kêrs speel vandag maar 'n baië onbelangrik rol in die handels wereld in vergelyking met vroer toe dit oorals in gebruik was.
(7) Die algemeene idee is dat ons die tweede krieket toets wedstryd ver moes gewen het.
(8) Sorg nou dat jei goed vir my broei hoenders sore.
(9) 'n Man wat nie reik is nie kan gewoonlik goed vly.
(10) Steilfoute is fytlik onvermeidelik. (20)

Oefening 10c.

Skryf voluit in woorde :—

632 ; 9,577 ; 8,440,344 ; $\frac{7}{8}$; $33\frac{2}{100}$. (13)

Oefening 10d.

Gebruik in sinne sodat die onderskeid in betekenis duidelik blyk :—

Gier, guur ; blyk, bleik, bleek ; wie, wie, weë, weeë, wieë.

(10)

Oefening 10e.

Wat is die onderskeid tussen :—

suur lemoen	en	suurlemoen ;	
groot vader	,,	grootvader ;	
twaalf uur	,,	twaalfuur ;	
klein kinderskool	,,	kleinkinderskool ;	
nuwe skoolraad	,,	nuwe-skoolraad ;	
skoon seun	,,	skoonseun ?	(12)

Oefening 10f.

Gebruik die kappie en deelteken waar nodig in die volg. woorde, en gee die betekenis :—

Sekondere, goeie, droe, vetkers, vlermuis, moee, kommersiele, finansieel, ryperd, ruens, werd, sooloe, teenspoed, teespoed, kooperasie, leuen, wereldwye, liefhe, wyer, vroeer, nouer, bele, oudiensie, intellektuele, finansiele. (25)

TOETS EEN.

1. Skrywe die regte vorm van die verlede deelwoord van die ww. tussen hakies en vertaal ; b.v. :—

'n (skeur) broek — 'n geskeurde broek.
torn trousers.

'n (buig) tak.
met (buig) hoof.
'n (slyp) kalant.
'n (slyp) mes.
'n (verslaan) leër.
(breek) Afrikaans.
'n (breek) been.
'n (waarborg) artiekel.
(skep) water.
'n (afslaan) voorstel.
'n (ly) onreg.
'n (skep) mens.
(beloon) eerlikheid.
'n (bedrieg) persoon.
'n (voltooi) taak.
'n (aanhaal) skrywer.
'n (verbuig) vorm.
(doen) sake.
'n (onderteken) dokument.
'n (oorkyk) som.
'n (neem) besluit.
'n (uitmaak) saak.
'n (ontslaap) digter.
'n (afsluit) rekening.
'n (waarsku) skurk.
'n (verander) houding.
'n (lees) rapport.
'n (ontvolk) streek.
(sing) liedere.
'n (verdaag) vergadering. (15)

2. Skryf die volg. sinne oor :—
(1) In die lydende vorm, en
(2) in die verlede tyd :—
(*a*) Onenigheid verbrokkel die ryk.
(*b*) Ek ontwapen die man.
(*c*) Ek dra water aan.
(*d*) Hy ondervra die student.
(*e*) Ek hou die perd in.
(*f*) Dit voorspel moeilikheid. (12)

3. Skrywe (*a*) die regte vorm van die ww. tussen hakies, en (*b*) skrywe die sinne dan oor in die lydende vorm :—

(1) Hy het my aanbod nie (aanneem) nie omdat hy die saak nie goed (oorweeg) het nie.
(2) Ek het my broer by die stasie (afhaal).
(3) Jan het die koppie (volskink).
(4) Jy het die vraag nog nie (herhaal) nie.
(5) Het jy al die heuning (uithaal) ? (10)

4. Vul in die regte voornaamwoord :—

(*a*) Wat kan — my skeel of jy — eksamen slaag of nie ?
(*b*) Kinders, — betaam — nie om — heeldag te soen nie.
(*c*) 'n Mens moet gereeld oefening neem as — — gesondheid wil behou.
(*d*) Die student moet — goed voorberei vir — eksamen as — bekommerd voel oor — toekoms.
(*e*) U vergis —, Meneer, dis nie — boek nie, dis —(mine).
(*f*) Sal jy — dan nie oor — (her) toestand ontferm nie ?
(*g*) — spyt om te verneem dat — — nie geluk het om in jou eksamen te slaag nie.
(*h*) Meneer, is dié hoed — ?
(*i*) Mag ek — verstout om u te vra of — — nog herinner hoe — die man was — ons altyd vertrou het ?
(*j*) Jy vergis — as — dink die berg — ons staan is Tafelberg. (15)

5. Vul in die regte vorm van die ww. tussen hakies :—

(1) (Onderteken) wens hiermee te (getuig) dat mnr. X 'n persoon is van (onbespreek) karakter.
(2) Dit het so (aanhou) (reent) dat ons (verplig) was om maar (tuisbly).
(3) (Insluit) geliewe 'n eksemplaar van ons (hersien) pryslys (vind), waarin u volledige (gee) sal vind insake pryse, ens.
(4) Jy moet (reël) jou werk doen as jy sukses wil (behaal).
(5) Party mense is (sien) blind en (hoor) doof.
(6) Ons het toe maar (verdaag) nadat ons so te sê 'n hele middag (verspil) het en niks (uitvoer) het nie ; die saak is dus nog (hang). (14)

6. Vertaal u voltooide vraag 5. (12)

7. Verbeter die volgende sinne :—

(*a*) Ek het nog nie gevergeet hoe vriendlik hy my toegeglimlag het.
(*b*) As hy gister op kantoor kom was dit al tien uur.

(*c*) Die landbou tentoonstelling was uit 'n finansiele oog punt nie so 'n volslaë sukses as oorlede jaar.
(*d*) Die seun het plegtig gebeloof dat hy nooit weer die droeë wingerd stokke sou uitgetrek nie.
(*e*) Die ouër hy word, die ongemaklikker is dit om hom oppas.
(*f*) Wat is die tyd ? Ek spyt my, maar ek my horlosie nie het saambring. (12)

8. Skrywe 'n paragraaf (omtrent 15 reëls) oor één van die volgende :—
(*a*) Die beskerming van ons industrieë.
(*b*) Vrouestemreg.
(*c*) Ons armblankes. (10)

Leesoefening 5.

SIELKUNDE.

Sielkunde, d.w.s. „kunde" of kennis van die siel; beter bekend by sy Griekse naam psigologie—siedaar 'n *wetenskap* wat met so baie ander „nuwe" dinge uit die laaste halfeeu gespruit het. Twee geslagte gelede het sielkunde as onderwerp vir wetenskaplike *navorsing* geen plek in die geleerdheidswêreld geken nie; vandag word dit aan alle uniwersiteite oor die ganse aardbodem as vak en wetenskap *doseer*.

science.
research.
taught.

Soos die naam reeds *aandui*, *stel* hierdie wetenskap hom ten doel 'n *ontleding* van die menslike „siel": 'n reusagtige en moeilike taak *voorwaar*. Sielkunde wil ons help om die mens met sy gevoelens, gewoontes en *hartstogte* beter te ken. Ons vind dus dat sielkundiges 'n intensiewe studie maak van dinge soos die mens se wil en sy *geheue*; aandag word *gewy* aan denkprosesse, *belangstelling*, aandag, en weet ek wat alles—in kort, alles wat *enigsins* lig kan werp op daardie *ontwykende* dêel van die mens wat ons, *by gebrek aan* 'n ander naam, sy „siel" noem.

indicates.
places.
analysis.
indeed.
passions.
memory.
devoted.
interest.
somewhat.
elusive.
for lack of.

Omdat liggaam en siel—aan hierdie sy van die graf *altans—onafskeidelik* verbonde is, vind ons dat 'n studie van Sielkunde onmoontlik is sonder 'n kennis van die struktuur van die liggaam (Anatomie) en die funksies van die liggaam (Fisiologie). Die invloed van liggaam op siel is 'n elementêre en alombekende feit. Ons weet b.v. almal dat 'n *skynbaar nietige* liggaams*verstoring* soos slegte *spysvertering* 'n verbasende invloed op ons siele-lewe uitoefen. Soos Langenhoven sê: „'n Mens verbeel jou

at all events.
inseparably.
apparently trivial.
disturbance.
digestion.

partykeer die hele wêreld is onderstebo, en dan is dit maar net jou lewer." Die studie van sielkunde *veronderstel* dus *noodwendig* 'n studie van die susterwetenskappe Anatomie en Fisiologie.

supposes.
essentially.

Hoewel die taak van die sielkundige uit die aard van die saak 'n uiters moeilike en *omvangryke* is, is daar langs die weg van wetenskaplike navorsing onlangs veel gedoen om lig te werp op sielkundige *verskynsels*. Met behulp van *uitgebreide* intelligensie-toetse het ons b.v. 'n hele end nader gekom aan die vasstelling van die indiwidu se begryp- en redeneer*vermoë*. Daar is natuurlik nog oneindig baie wat in misterie *gehul* is; nogtans het ons, as gevolg van noukeurige en moeitevolle eksperimente deur sielkundiges, 'n massa waardevolle *gegewens* versamel. En nog elke dag, in die laboratorium en daarbuite, is honderde *deskundiges ywerig* besig om hierdie nuwe wetenskap te bestudeer.

extensive.
phenomena.
extensive.
ability.
wrapped.
data.
experts; diligently.

Onwillekeurig verrys die vraag wat daar dan is wat die bestaan van Sielkunde as vak en wetenskap *regverdig*. Is die pogings van al die honderde navorsers 'n vrugtelose *gevroetel* in sake wat nie vir ons mensies se verstand *bedoel* is nie? Is al dié navorsers, soos dikwels deur onkundiges *beweer* word, is hulle almal half-kranksinnige yweraars wat hulle *verwaande* neuse in die *Onbereikbare* probeer steek? Of het daar uit al dié studie en navorsing al dinge gespruit wat vir die mensdom meer as bloot akademiese waarde besit?

involuntarily.
justifies.
wallowing.
meant.
maintained.
conceited.
unattainable.

Op hierdie vrae van die *leek* antwoord die sielkundige deur 'n paar praktiese *bewyse*—want die praktyk, die harde, daaglikse werklikheid, is in die meeste gevalle die enigste bewys wat tot die skeptiese leke-*gemoed* kan deurdring. As eerste bewys van die praktiese waarde van Sielkunde *voer* die psiogoloog *aan* die *toepassing* daarvan op die gebied van onderwys. Dis al oor en oor bewys dat die beywering van sielkundiges 'n wonderlike lig gewerp het op die sielkunde van kinders. 'n Studie van Sielkunde stel ons in staat om die kind, met sy gedagte- en gevoelswêreld, beter te begryp, met die gevolg dat ons by magte is om hom beter te *onderrig*, want „om te ken is om lief te hê."

layman.
proofs.
mind.
aanvoer = advance.
application.
instruct.

Daar is dan ook *oorvloedige* bewyse van die merkwaardige *vordering* op onderwysgebied wat alleen *toegeskryf* kan word aan 'n beter begrip van die onderwesene: die kind. Om een klein dingetjie te noem: ons weet almal dat by 'n sekere tiepe kind die rotting onmisbaar is, terwyl dit by 'n ander tiepe 'n *noodlottige* fout is om die *roede te hanteer*. „Om die vrese des Heren" by alle kinders te laat ontstaan is 'n verouderde idee wat

abundant.
progress.
ascribed.
fatal.
handle the cane.

principally. exploded.

institutions. trained.

hoofsaaklik deur Sielkunde *ontplof* is. Vir die onderwyser is 'n kennis van Sielkunde onmisbaar; vandaar dat dit in alle *inrigtings* waar vandag goeie onderwysers *opgelei* word, 'n essensiële deel van die ondersysprogram vorm.

bestows.

vocation.

in question.

be of use.

plumber.

direction.

ability.

disposition.

mechanic.

carpenter.

demands.

means.

prevent.

'n Twede bewys van die praktiese waarde van Sielkunde is die groot hulp wat dit *verleen* by die keuse van 'n *beroep*. Dit is vandag moontlik om met behulp van beroepstoetse min of meer vas te stel in watter rigting die *onderhawige* kind die beste sal *deug*. Beroepstoetse kan natuurlik nie absoluut vasstel dat A b.v. 'n *loodgieter* en B 'n predikant moet word nie, maar dit gee die algemene *rigting* aan waarin die kind die meeste behoort te presteer. So kan met die toetse vasgestel word watter kinders 'n natuurlike *begaafdheid* vir hande-arbeid-betrekkings het en watter nie. En as ons dit kan vasstel het ons al veel gedoen, want baie vroeg in die lewe van die kind weet die ouer dan dat sy Jannie se *aanleg* so is dat hy nooit die beroemde advokaat van sy vader se drome kan word nie, maar baie meer vir die samelewing kan beteken in 'n betrekking as *werktuigkundige* of *skrynwerker* wat meer handewerk as brein *vereis*. Wat hierdie beroeptoetse, vir die toekoms van 'n volk kan *beteken*, is duidelik. Dit kan bydra om te *verhoed* dat die regte persoon ewentueel in die verkeerde betrekking te lande kom om daar as 'n „square peg in a round hole" nie alleen diep ongelukkig te voel nie, maar bloedweinig vir die staat te beteken.

tracking.

important.

treatment.

Ook in ander rigtings word Sielkunde vandag in die daaglikse lewe met veel sukses toegepas. In die *opsporing* en behandeling van misdadigers speel dit vandag 'n *vername* rol. Sielkundige ondersoek stel ons in staat om die misdadiger beter te leer ken, en hierdie beter begrip lei noodwendig tot 'n simpatieker *behandeling* en tot daadwerklike stappe om daardie sielkundige elemente wat tot misdaad lei uit die psiege van die volk te probeer elimineer.

is evident.

by all means.

standard.

consideration.

hide.

go (lit. sail).

Uit dit alles *blyk* dus dat sielkundige navorsing *allesins* geregverdig is: Sielkunde het al verbasend baie bygedra om die mens op 'n hoër *peil* van beskawing te bring. As ons daarby in *aanmerking* neem die wonderlike moontlikhede van verdere ontdekkings wat daar in hierdie betreklik jong wetenskap *skuil*, dan kan ons as leke nie anders as om ons vroeëre sieniese houding teenoor hierdie „novum" van die laaste halfeeu te laat *vaar* nie.

HOOFSTUK ELF.

DIE DUBBELE ONTKENNING.

Soos die student al seker dikwels *opgemerk* het, kry ons in Afrikaans 'n *sogenoemde* dubbele ontkenning (double negative), d.w.s. *behalwe* die eerste ontkenning (**nie, nêrens, nooit, niks, niemand, geen,** ens.) staan daar aan die end van die sin *gewoonlik* nog 'n **nie,** b.v.—

noticed. so-called. besides. usually.

Hy het **nie** gekom **nie.**
Ons kon hom **nêrens** vind **nie.**
Nooit sal ek dit doen **nie.**

Die volgende reëls sal die student help om die dubbele ontkenning reg te gebruik.

A. IN DIE ENKELVOUDIGE SIN (Simple Sentence).

(1) In sinne soos : „Ek kom **nie**," waar **nie** alreeds aan die end van die sin staan, kry ons natuurlik nie 'n twede **nie** nie.

(2) Maar as die woord wat aan die end van die sin staan **niks, niemand, nêrens** of **nooit** is, dan word **nie** gewoonlik nog *bygevoeg* (hoewel dit ook in sulke *gevalle* kan weggelaat word) ; b.v. :—

added. cases.

Jy weet **niks nie.** Ek was **nêrens nie.**
(of : Jy weet niks. Ek was nêrens.)

(3) In alle andere gevalle waar die eerste ontkenning (nie, niks, ens.) nie aan die end staan nie, moet ons die twede **nie** gebruik :—

Jan sal **nie** more kom **nie.**
Nêrens sal ons hom vind **nie.**
Ek het **geen** mens gesien **nie.**
Niemand kon dit doen **nie.**
Hy is **nooit** vroeg genoeg om in tyd vir die klas te wees **nie.**

(4) **Moet** + **nie** = **moenie,** behalwe dan wanneer die werkwoord gevolg word deur 'n direkte *voorwerp*. Dan kan ons **moenie** gebruik of **moet nie.** Dus :—

object.

Moenie raas **nie.**
Moenie so vloek **nie.**
Moenie hom vloek **nie.**
Moet hom **nie** vloek **nie.**

B. IN DIE SAMEGESTELDE SIN (Complex or Compound Sentence).

In 'n samegestelde sin met neweskikkende sinsverband (compound sentence) kry ons dieselfde reëls vir die dubbele ontkenning as in die enkelvoudige sin (sin A), b.v. :—

Ek kan **nie** gaan **nie,** want ek is siek.
Ek kan gaan want ek is **nie** siek **nie.**

differentiate. explanation.

In 'n samegestelde sin met onderskikkende sinsverband (d.w.s. in 'n „complex sentence") moet die student *onderskei* tussen twee heeltemal verskillende sinsoorte. In die *verduideliking* wat volg gebruik ons—

principal cl. subordinate clause.

H vir *hoofsin,* en
B vir *bysin.*

exist, be. incomplete. case.

IN DIE EERSTE SOORT sin kan H gladnie sonder B *bestaan* nie : H is absoluut *onvoltooid* sonder B. Dis die *geval* as daar in H ww. voorkom soos **weet, dink, sê, meen, glo,** ens., wat deur B moet gevolg word, b.v. (Hy sê,) (dat hy sal kom).

H — B
(Ek weet) (dat hy siek is).

sense ; essential.

IN DIE TWEDE SOORT sin kan H sonder B bestaan : om *sin* te maak is dit nie absoluut *noodsaaklik* dat daar 'n B moet wees nie, b.v.—

(Ek sal gaan) (omdat ek gesond is).
H B
(Hy het gekom) (hoewel hy siek was).

difference. relation. whole.

Dit is dus duidelik dat die hele *onderskeid* tussen dié twee soorte sinne lê in die *verhouding* tussen H en B. In soort een vorm H + B saam een *geheel* : sonder B is H niks ; in soort twee kan H alleen, d.w.s. sonder B, 'n geheel vorm. In soort een is die verhouding tussen H en B dus baie intiemer as in soort twee ; in soort een is H *afhanklik* van B, in soort twee nie.

dependent.

As ons hierdie twee verskillende sinsoorte negatief maak, dan kry ons die volgende :—

IN SOORT EEN (H + B onskeidbaar).

negatives.

(*a*) As **H alleen** negatief is kry ons **twee** *ontkennings* : een in H en die twede (nie) heeltemal aan die end van H + B, b.v. :—

Hy het **nie** gesê dat hy sal kom **nie.**

(*b*) As **B alleen** negatief is, kry ons **twee** ontkennings : een in B en een aan die end van H + B, b.v. :—

Hy het gesê dat hy **nie** sal kom **nie.**

(*c*) As **beide H en B** negatief is, kry ons **drie** ontkennings : een in H, een in B en die derde (altyd **nie**) heeltemal aan die end van H + B, b.v. :—

Hy het **nooit** gesê dat hy **nie** sal kom **nie.**

Let op dat die eerste ontkenning enige sterk negatief kan wees, maar die twede in (*a*) en (*b*) en die derde in (*c*) is altyd **nie.**

Ons sien dus dat in soort een daar nooit 'n ontkenning aan die end van H is nie, en dat ons op die meeste (d.w.s. as beide H en B negatief is) **drie** ontkennings kan kry soos in (*c*) hierbo.

IN SOORT TWEE (H + B nie so onskeidbaar verbonde nie).

(*a*) As **H alleen** negatief is, kry ons **twee** ontkennings : een in H en die twede (altyd „nie") aan die end van H, b.v. :—

Hy het **nie** gekom **nie** omdat hy siek was.

(*b*) As **B alleen** negatief is, kry ons **twee** ontkennings : een in B en die twede (altyd „nie") aan die end van B, b.v. :—

Hy het gekom omdat hy **nie** siek was **nie.**

(*c*) As **beide H en B** negatief is, kry ons **vier** ontkennings : een in H, een aan die end van H, een in B en een aan die end van B, b.v. :—

Hy het **nooit** gekom **nie** hoewel hy **nie** siek was **nie.**

Let op dat in soort twee daar wel 'n negatief aan die end van H kan staan (as H negatief is), en dat ons op die meeste (d.w.s. as beide H en B negatief is) **vier** ontkennings kan hê waar ons in soort een maar net **drie** kon hê.

Veral die Engels-sprekende student moet onthou :— especially.

(1) dat 'n ontkenning nooit tussen *onderwerp* en *gesegde* kan staan nie. As ons die sinnetjies „Jan kom," „Jan het gekom." wil negatief maak, kan dit as volg *geskied* :— subject ; predicate. happen.

{Jan kom nie, of
{Nie Jan kom nie.

{Jan het nie gekom nie, of
{Nie Jan het gekom nie.

Sinne soos : Jan nie kom nie, Jan nie het gekom nie, is heeltemal verkeerd.

separate.

(2) Dat 'n ontkenning nooit die ww. aan die end van 'n bysin kan *skei* nie. Die twede ontkenning (wat altyd **nie** is) kan natuurlik volg op die ww. aan die end, maar die eerste ontkenning mag nie tussen die ww. staan nie. 'n Sinnetjie soos :—

Hy sê dat hy **sal** nie **kom** nie ; moet ons verander tot :—

Hy sê dat hy nie **sal kom** nie.

(3) **Al ooit,** as dit negatief gemaak word, word **nog nooit nie,** b.v. :—

Het jy **al ooit** 'n seereis onderneem ? Nee, ek het **nog nooit** 'n seereis onderneem **nie.**

aid.
according to.
treated.
attentively.

Die reëls wat ons hierbo gegee het is maar net 'n soort van *hulp* vir die student. Daar is natuurlik baie gevalle wat nie *volgens* hierdie reëls sal kan *behandel* word nie. Alleen deur baie lees en *noukeurig* op te let sal ons leer om die dubbele ontkenning reg te gebruik.

depends.
attention.
draw.

Voordat die student die dubbele ontkenning gebruik, sal dit goed wees om eers seker te maak wat hy wil negatief maak, want die posiesie van die eerste negatief bly nie altyd dieselfde nie. Dit verander kort-kort, en alles *hang af* daarvan op watter woord of woorde ons die *aandag* wil *vestig*. Kyk nou na die volgende sinnetjies :—

(*a*) Jan het vandag **nie** gekom **nie.**

(*b*) Jan het **nie** vandag gekom **nie.**

(*c*) **Nie** Jan het vandag gekom **nie,** maar Piet.

(*d*) **Nie** Jan **nie,** maar Piet het vandag gekom.

emphasize.

In sin (*a*) *beklemtoon* ons die feit dat Jan nie **gekom** het nie ; in (*b*) die feit dat hy nie **vandag** gekom het nie ; en in (*c*) en (*d*) die feit dat **nie Jan** gekom het nie.

OPMERKING.

óf.....**óf** = either.....or.

nóg.....**nóg** = neither.....nor.

Nóg.....nóg word nie deur **nie** gevolg nie, b.v., Nóg Jan nóg Piet het gekom.

IDIOMATIESE UITDRUKKINGS.

degree ; control.
especially.

Voordat ons enige taal reg kan gebruik, moet ons tot 'n sekere *mate beheer* hê oor die sogenoemde „taal-idioom." Hierdie beheer sal ons kry nie alleen deur die „grammatika" van die taal te ken nie, maar *veral* deur baie te lees. As ons baie goeie boeke lees sal ons die „idioom" van 'n taal baie gouer en beter aanleer as wat

die geval sou gewees het as ons by voorbeeld nooit boeke lees nie. Die student word dus *aangeraai* om soveel goeie Afrikaanse boeke te lees as wat hy in die hande kan kry. advised.

Ons sal die student se aandag vestig op baie sogenoemde idiomatiese uitdrukkings in hierdie hoofstukke; maar ons kan natuurlik maar 'n paar noem: die honderde ander wat ongenoemd bly sal die student leer deur baie en noukeurig te lees.

SNW. DEUR SEKERE WW. GEVOLG.

(1) 'n Poging word aangewend (An attempt is made.)
Om 'n poging aan te wend (To make an attempt).
(2) Aansoek word gedoen (Application is made).
Om aansoek te doen (To make an application).
(3) 'n Moord word gepleeg (A murder is committed).
Om 'n moord te pleeg (To commit a murder).
(4) Ondersoek word ingestel (Investigation is made).
Om ondersoek in te stel (To make investigation).
(5) Stappe word gedoen of ingestel (Steps are taken).
Om stappe te doen of in te stel (To take steps).
(6) 'n Plan word beraam (A plan is made).
Om 'n plan te beraam (To make a plan).
(7) U aandag word gevestig op (Your attention is drawn to).
Om u aandag te vestig op (To draw your attention to).
(8) Getuienis word afgelê (Witness is given).
Om getuienis af te lê (To give witness).
(9) 'n Besoek word afgelê (A visit is paid).
Om 'n besoek af te lê (To pay a visit).
(10) 'n Eed word afgelê (An oath is sworn, taken).
Om 'n eed af te lê (To take, swear an oath).
(11) Belastings word gehef (Taxes are levied).
Om belastings te hef (To levy taxes).
(12) 'n Vraagstuk word opgelos (A problem is solved).
Om 'n vraagstuk op te los (To solve a problem).
(13) 'n Oorwinning word behaal (A victory is gained).
Om 'n oorwinning te behaal (To gain a victory).
(14) 'n Nederlaag word gely (A defeat is suffered).
Om 'n nederlaag te ly (To suffer a defeat).
(15) Navraag word gedoen (Inquiry is made).
Om navraag te doen (To make inquiry).
(16) Werk word verskaf aan (Work is provided for).
Om werk te verskaf aan. (To provide work for)
(17) Rekening word gehou met (die feit dat . . . . .).
(The fact that . . . . . is taken into consideration).
(18) 'n Toespraak word gehou (A speech is made).
Om 'n toespraak te hou (To make a speech).
(19) Oorlog word verklaar (War is declared).
(20) Vrede word gesluit (Peace is made).

Oefening 11a.

Verbeter die volgende sinne :—

(1) Niks het ons geweet van die gevaar wat ons rypêrd sou tref.
(2) Ek het nie geweet nie dat die hoof vandag sou kom nie.
(3) Sy eië werk is nooit so goed as dié van ander.
(4) Hy se hy kon die laë stoeltjie nerens vind.
(5) Nooit sal hy daarin slaag om so 'n hoe pyl te bereik.
(6) Die stad saal is vir my niks mooi.
(7) Ek het die nie gedoen nie om eer te verwerf.
(8) Geen mens kon ooit dink dat hy dit sou doen.
(9) Ons het lang rond gesoek maar niemand gevind.
(10) Ek nie het die Kaffer geslaan omdat hy gesteel het, maar omdat hy so oneerlik was om dit nie te wil herken.

(20)

Oefening 11b.

Vertaal in Afrikaans :—

(1) No official is punished unless he neglects his duty.
(2) He who does not put his faith in God, will never be successful.
(3) After that fatal accident no investigation was made by the authorities.
(4) Your attention is drawn, not to the fact that no attempt was made by him, but to the childish way in which he suffered defeat where he could have celebrated victory.
(5) No inquiry has as yet been made.
(6) On that occasion nobody objected to the levying of the amusement tax.
(7) Nothing was done to solve a problem which certainly deserves our very careful attention.
(8) Steps are being taken to solve the strange mystery of the man who can nowhere be found.
(9) I am inclined to think that he did not commit suicide, but was killed by a man who is not brave enough to acknowledge the deed.
(10) Don't be jealous of your sister.
(11) Not this book, but that one is mine ; it does not consist of two hundred pages,but three. (30)

Oefening 11c.

Skryf die volgende sinne oor in negatiewe vorm (b.v. Jan rook—Jan rook nie) :—

(1) Hy sê dat hy sal kom want hy wil die Prins sien.
(2) Hy werk.
(3) Werk.
(4) Daar is êrens 'n fout in die som.
(5) As jy hard werk kan jy more gaan.

(6) Ek het gedink hy sou kom.
(7) Weet jy dat tweemaal twee vier is ?
(8) Iemand het die deur oopgemaak toe ek geklop het.
(9) As jy klop sal iemand die deur oopmaak.
(10) Het jy al ooit 'n groter gek gesien ? (10)

Oefening 11d.

Gee die teenoorgestelde van :—

(1) Om 'n **nederlaag** te **ly.**
(2) Om iemand te **seën.**
(3) Om jou skuld te **beken.**
(4) Die kind is **opgeruimd.**
(5) Om 'n versoek **toe te staan.**
(6) Om 'n aansoek **aan** te **neem.**
(7) Die see is **kalm.**
(8) Hy **bemoedig** my.
(9) 'n **Tydelike** aanstelling.
(10) 'n **Halfhartige** ondersoek. (10)

Oefening 11e.

Vul in die regte woord en vertaal :—

(1) Om moord te —.
(2) Al sy ideale is — (realised).
(3) Om iemand se belange te —.
(4) Die regter het die vonnis —.
(5) Ons het ondersoek —.
(6) 'n Belydenis word —.
(7) Doeanebelasting word —.
(8) Om navraag te —.
(9) Ek het aansoek — om die betrekking.
(10) Dit spyt ons dat ons u versoek moet —. (10)

Oefening 11f.

Gebruik in sinne sodat die onderskeid in betekenis duidelik blyk :—

erken	aanvaar	bewusteloos	
herken	gevaar	onbewus	
ontken	lyding	uitgawe	
verken	leiding	opgawe	
bedrag	aanbod	bestel	
bedrog	verbod	aanstel	
	gebod	veronderstel	(20)

HOOFSTUK TWAALF.

SAKEBRIEWE—BUSINESS LETTERS.

1. ALGEMENE OPMERKINGS.

By die skrywe van 'n sakebrief moet ons onthou :—

(1) Om net te wees. — to the point,
(2) Om *saaklik* te wees. — concise.
(3) Om duidelik te wees.

Die *sakeman* het geen tyd om te *mors* nie, en ons moet hom dus nie *lastig val* met onnodige informasie of 'n onleesbare handskrif nie. Wat ons te sê het moet ons so gou en so kort en so duidelik as moontlik sê, want „Tyd is geld" in besigheid. — business man. waste. worry.

Boweal moet ons net wees. Die persoon wat die brief lees—of hy eksaminator is of sakeman—let daarop of ons brief netjies *opgestel* is of nie. 'n *Slordige* brief maak 'n slegte indruk op die leser—en as die leser ook eksaminator is, kan die gevolge *noodlottig* wees vir die opsteller van so 'n brief ! — above all. written; untidy. fatal.

2. VORM VAN SAKEBRIEF.

Adres van skrywer.
Datum.
Naam en adres van ontvanger.
Aanhef (salutation).
Liggaam van brief.
(Body of letter.)
Formele slot en Handtekening.

3. VOORBEELD VAN 'N SAKEBRIEF.

Hoofstraat 19,
Cradock.
20 Januarie 1928.

Die Registrateur,
Kaapse Tegniese Kollege,
Langmarkstraat,
Kaapstad.

Geagte Heer,

Daar ek van plan is om my dogter, wat aan die end van verlede jaar die Matrikulasie-eksamen geslaag het, na die Kollege te stuur met die oog op 'n opleiding as snelskrif-tikster, sal ek bly wees as u my volledige besonderhede sal stuur insake kursusse, Kollege-gelde, ens.

Graag verneem ek ook van u waar ek vir haar in Kaapstad goeie losiesplek kan kry waar sy onder behoorlike toesig sal staan.

Die uwe,
P. A. OUER.

4. WOORDELYS.

Hieronder sal die student 'n lysie woorde vind wat dikwels in sakebriewe gebruik word en wat hy so spoedig moontlik moet aanleer. In die eerste kolomme vind u die Engelse woord, en daarnaas die Afrikaanse ekwiwalent. Die Engelse woorde is in alfabetiese orde gerangskik (arranged).

application	aansoek	according to	—
appointment	aanstelling	in accordance with	volgens
amount	bedrag		
appendix	byvoegsel	advantageous	voordelig
accordingly	gevolglik	advantage	voordeel
attention	aandag		
account	rekening	business letter	sakebrief
assets	bate	business man	sakeman
acceptance	akseptasie	bill	wissel
accept	aanneem	balance	balans, saldo
advise	aanraai	branch business	takbesigheid
agent	agent	book-keeper	boekhouer
authority	outoriteit	book-keeping	boekhou
assurance (insurance)	assuransie / versekering	behaviour	gedrag
		bankrupt	bankrot / insolvent
bankruptcy	bankrotskap, insolvensie	disappoint	teleurstel
		disappointment	teleurstelling
book (seats)	(sitplekke) bespreek	debtor	skuldenaar / debiteur
buy, purchase	koop, inkoop	debit balance	debietbalans
buyer	koper	debt	skuld
buying price	koopprys	delay	oponthoud
bargain(s)	inkopie(s)	demand (verb or noun)	eis
		duties	pligte
consider	oorweeg	deliver	aflewer
consideration	oorweging	delivery	aflewering
clerk	klerk	disadvantage	nadeel
consignment	besending	disadvantageous	nadelig
consign	afsend, afstuur / versend	discharge, retrench, dismiss	afdank / ontslaan
consignment note	vragbrief	discount, rebate	afslag / korting
creditor	skuldeiser / krediteur	duly	behoorlik
convenient	gerieflik	desk	lessenaar
inconvenient	ongerieflik		

compensation	skadevergoeding
condition(s)	voorwaarde(s)
commands	bevele / opdragte
copy (of a paper)	uitgawe
copy (of a testimonial)	kopié, afskrif
copy (of a book)	eksemplaar
confirm	bevestig
cancel	kanselleer
company	maatskappy / kompanie
cheque	tjek
capital	kapitaal
cash	kontant
client, customer	klant
clientele	klandiesie
customs duty	doeanereg
customs duties	doeaneregte
consume	verbruik
consumer	verbruiker
department	departement / afdeling
doctor	geneesheer
health	gesondheid
hereby	hiermee
interest	rente
rate of interest	rentevoet / rentekoers
in the matter of / re	insake
instruct	beveel, gelas opdra
instructions	bevele / opdragte
inform	meedeel / berig / verwittig / in kennis stel
information	inligting(s)
in arrear	agterstallig
indebtedness	skuld
enjoy	geniet
experience (noun)	ondervinding
enclose	insluit
enclosed	ingesluit
enquire	navraag doen
enquiry	navraag
employer	werkgewer
employee	werknemer
fair, reasonable	billik
unfair, unreasonable	onbillik
firm (noun)	firma
for the time being	voorlopig
freight	vraggeld
factory	fabriek
grant	skenk
goods train	goederetrein / vragtrein
gain	wins
guarantee	waarborg
harbour(s)	hawe(ns)
on account	op rekening
on account of	weens
overdraw	oortrek
office	kantoor
owe	skuld
on the average	gemiddeld
particulars	besonderhede
proper	behoorlik
postpone	uitstel
pay	betaal
payment (settlement)	betaling / vereffening
partner	vennoot
partnership	vennootskap
passenger	passasier
purchases	inkope
quotation	notering
re	insake

invoice	faktuur	represent	verteenwoordig
interview (noun)	onderhoud	representative	verteenwoordiger
		reply	antwoord
judge	oordeel	refuse	weier
		receipt (of a letter)	ontvangs
leave (noun)	verlof	receipt (quittance)	kwitansie
liabilities	laste		
loss	verlies	refer	verwys
		recommend	aanbeveel
merchandise	handelsware	recommendation	aanbeveling
merchant	handelaar	regard (verb)	beskou
manufacture (verb)	fabriseer, vervaardig	resign	bedank
		resignation	bedanking
manufacturer	fabrikant, vervaardiger	retailer	kleinhandelaar
		railway	spoorweg (spoorweë)
manager	bestuurder	request	versoek
money	geld		
		salary	salaris
negotiable	verhandelbaar	security	borg, sekuriteit
notice	kennisgewing		
		secretary	sekretaris
order (verb)	bestel	shorthand	snelskrif
order (noun)	bestelling	stock	voorraad
offer (verb)	aanbied	situation, post	betrekking
offer (noun)	aanbod	supervision	toesig
outstanding	uitstaande	services	dienste
supplement	bylae	typewriting (typing)	tikskrif, masienskrif
sole trader	alleenhandelaar		
transfer (verb)	verplaas	testimonial	getuigskrif
transfer (noun)	verplasing	trust (verb)	vertrou
transferable	oordraagbaar	tender (noun)	inskrywing
telegram	telegram		
telegraph	telegrafeer	undoubtedly	ongetwyfeld
telephone	telefoon		
type	tik	vacant	vakant
typist	tikker	vacancy	vakante, betrekking
typiste	tikster		
typewriter	tikmasjien	wage (noun)	loon

Oefening 12a.

Vertaal die brief in die voorafgaande hoofstuk, paragraaf 3. (8)

Oefening 12b.

Vertaal in Afrikaans :—

(1) An appointment as shorthand-typist was offered to me by the firm Jansen & Co., but I did not accept it.

(2) I shall regard it as a favour if I could be transferred to a branch business in a drier climate.

(3) Enclosed you will find a copy of our latest price-list, to which we can refer you for all particulars, re fashions, prices, terms, discount, etc.

(4) As I have no experience as book-keeper, the manager did not recommend me for the vacant post.

(5) I trust that you will grant me a personal interview.

(6) A bill is a negotiable instrument. Monthly tickets are not transferable.

(7) Hereby we wish to inform you that we shall consider your application.

(8) It will be very inconvenient for us if you deliver the goods to-day.

(9) That firm is bankrupt ; its liabilities are more than its assets.

(10) The wholesaler buys from the manufacturer and sells to the retailer, from whom the general public, *i.e.*, the consumers, gets supplies.

(20)

Oefening 12c.

Vertaal :—

(1) He would not guarantee the goods, consequently I did not buy.

(2) The employer had to retrench some of his employees.

(3) The debtors of the firm are more than the creditors.

(4) I instructed my agent to pay the customs duty and freight.

(5) Enclosed you will find a cheque to settle my outstanding account with you.

(6) Wages are paid daily or weekly, salaries monthly.

(7) Did he give you a receipt when you paid your account with him ?

(8) We beg to acknowledge receipt of your letter of the 16th inst.

(9) The General Manager, South African Railways, has not yet been appointed.

(10) I want to study Commerce, Shorthand, Typewriting, Book-keeping and Commercial Afrikaans.

(11) The doctor advised me to ask the manager for a transfer to a healthier climate. (22)

Oefening 12d.

Gee die teenoorgestelde van :—

Vooruitbetaalde geld ; 'n gerieflike huis ; billike pryse ; skuldenaar ; nadelig ; bate ; werkgewer ; groothandelaar ; op rekening ; 'n groot sukses ; vertrou ; vermeerder ; spaarsaam ; onbeskof ; met opset. (15)

Oefening 12e.

Gebruik in goeie sinne :—

Opleiding, rangskik, afsonderlik, beklemtoon, besuiniging, verhoging, veroordeel, geestelik, geestig, beskrywing. (20)

Oefening 12f.

Vorm byvoeglike naamwoorde van die selfst. naamwoorde wat tussen hakies staan en vertaal :—

(1) Die (platteland) bevolking.
(2) 'n (Sensasie) gebeurtenis.
(3) Die (Europa) oorlog.
(4) (Finansies) sake
(5) Sy (intellek) ontwikkeling.
(6) Die (stad) bevolking.
(7) 'n (Ko-operasie) vereniging.
(8) 'n (Kritiek) oomblik.
(9) 'n (Kritiek) beskouing.
(10) Die (stof) oorskot.
(11) 'n (Beperking) aanbod.
(12) 'n (Guns) oomblik.
(13) 'n (Telegram) berig.
(14) Die (vyand) leër.
(15) 'n (Vyand) houding. (15)

HOOFSTUK DERTIEN.

SAKEBRIEWE.

(Vervolg.)

5. AFKORTINGS.

AFRIKAANS.	AFRIKAANS.	ENGLISH.
advt.	advertensie	adv.
a.s.	aanstaande	next
a.s. maand		prox.
asb.	asseblief	please
bepk., bpk.	beperk	Ltd.
bl., bls., blads.	bladsy(e)	p(p).
b.v.	by voorbeeld	e.g.
dept.	departement	dept.
des.	deser	inst.
d.i.	dit is	i.e.
dnr.	dienaar	servant
dos.	dosyn	doz.
dr.	dokter	Dr.
dt.	debet	Dr.
d.w.s.	dit wil sê	viz.
Ed.	Edele	Hon.
e.k.	eerskomende	next
eks.	eksemplaar	copy
ens.	ensovoorts	etc.
Gebr.	Gebroeders	Bros.
get.	geteken	s. or sgd.
H.Ed.	Hoogedele	Right Hon.
h/v.	hoek van	c/o (corner of)
i.p.v.	in plaas van	instead of
i.s.	insake	re
I.S.M.D.	In Sy Majesteit se Diens	O.H.M.S.

j.l.	jongslede	ult.
Kie. (Ko)	Kompanie	Co.
k.b.a.	kontant by aflewering	c.o.d.
k.m.b.	kontant met bestelling	c.w.o.
l.l.	laaslede	ult.
L.V.	Lid van die Volksraad	M.L.A.
m.a.w.	met andere woorde	in other words
mej.	mejuffrou	Miss
mev.	mevrou	Mrs.
mnr.	meneer	Mr.
mnre.	menere	Messrs.
my.	Maatskappy	Co.
nl.	naamlik	viz.
n.m.	namiddag	p.m.
o.a.	onder andere	inter alia
p.a.	per annum	p.a.
p/a	per adres	c/o
red.	redakteur	ed.
S.A.	Suid-Afrika	S.A.
S.A.S. & H.	Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens	S.A.R. & H.
S.Ed.	Sy Edele	The Hon.
sekr.	sekretaris	secr.
s.s.	stoomskip	s.s.
tel. add.	telegrafiese adres	tel. add.
tes.	tesourier	treas.
u dw. dnr.	u dienswillige dienaar	your obedient servant
U.Ed.	U Edele	Your Hon.
ult.	ultimo	ult.
verl.	verlede	past.
vgl.	vergelyk	cf.
v/h	voorheen	late
v.m.	voormiddag	a.m.
v.o.s.	vry op spoor	f.o.r.
waarn.	waarnemende	acting

6. DIE DATUM.

Onder die adres van die skrywer, regs bo, word die datum in Afrikaans altyd as volg geskryf :—

26 Desember 1928.

Let asb. op :—

cardinal. ordinal.

(1) Dat ons vir die dag van die maand 'n *hooftelwoord* gebruik, en nie 'n *rangtelwoord* nie. Dus nie 26e nie, maar : 26.

(2) Dat ons nóg die maand nóg die jaartaal afkort.

(3) Dat daar **geen komma** na die maand is nie.

hold good. occurs.

Hierdie drie reëls *geld* ook wanneer die datum in die liggaam van die brief *voorkom*, of in 'n stukkie prosa ; b.v. :—

In antwoord op u brief van **6** deser,....

Alleen wanneer die dag van die maand deur **die** voorafgaan word, gebruik ons die rangtelwoord :—

In antwoord op u brief van **die 6e deser,**....

Met verwysing na u skrywe van **die 20e l.l,** wens ons.....

Van Riebeek het in Tafelbaai aan wal gestap op **die 6e April 1652.**

(maar : op 6 April 1652.)

7. ADRES VAN SKRYWER EN DATUM.

according as. avenue ; road.

Die adres van die skrywer van 'n sakebrief verander *al na gelang* hy in 'n straat, *laan, weg*, ens., woon. Ons gee hieronder 'n paar voorbeelde van adresse met die datum.

(1) Stephenstraat 19,
Kaapstad.
1 Januarie 1928.

(2) „Rusoord,"
Kloofweg 15,
Kaapstad.
6 Februarie 1928.

(3) Buxtonlaan 23,
'Oranjezicht,
Kaapstad.
15 Maart 1928.

(4) Kerkplein 14,
Pretoria.
11 Mei 1925.

(5) Posbus 134,
Johannesburg.
12 Junie 1927.

(6) „Groningen,"
Bus 71,
Smithfield.
13 Julie 1927.

(7) S.A. Spoorweë en Hawens,
Kaapstad.
14 Augustus 1927.

(8) Stuttafords,
Adderleystraat,
Kaapstad.
16 Oktober 1927.

(9) ' Unie-Departement van Onderwys,
Unie-gebou,
Pretoria.
15 September 1927.

OPMERKING.

weg = Road ; laan = Avenue ; plein = Square ;
posbus (bus) = Box ; gebou = Buildings.

8. NAAM EN ADRES VAN ONTVANGER.

Dikwels word die persoon, aan wie 'n brief geskrywe word, *toegespreek* in sy besigheidskapasiteit of offisiële kapasiteit, soos b.v. in :— | addressed.

Die Algemene Hoofbestuurder,
S.A. Spoorweë en Hawens,
Johannesburg.

In ander *gevalle* weer plaas ons voor die naam van die ontvanger Mnr., Mej., Mevr., ens., soos in :— | cases.

(*a*) Mnr. J. Basson,
Kloofstraat 102,
Kaapstad.

(*b*) Mnre. Jansen & Kie,
Langstraat,
Kaapstad.

(*c*) Mev. S. du Plessis,
„Gomvlei,"
P.K. Twyfelfontein,
Dist Edenburg (O.V.S.).

Die volgende informasie mag vir die student tot nut wees. As u skrywe aan :—

(1) 'n Uniwersiteit of Kollege, adresseer :—
Die Registrateur.

(2) Aan 'n Regeringsdepartement :—
Die Sekretaris (b.v., Die Sekr. van Onderwys) ;
maar as u 'n brief aan die S.A. Spoorweë skryf, adresseer :
Die Algemene Bestuurder (Johannesburg).

(3) Aan 'n vennootskap of maatskappy :—
Die Bestuurder.

(4) Aan 'n vereniging, klub, ens :—
Die Sekretaris.

9. DIE AANHEF.

In die gewone sakebrief, waar in Engels „**Dear Sir(s)**" gebruik word, gebruik ons in Afrikaans :—

Waarde Heer (Here).

Verder is dit belangrik om te weet dat afkortings in die middel van 'n sin altyd in Afrikaans met 'n klein letter geskrywe word. Dus, in die geval van mevr. S. du Plessis (sien 8 (*c*) bo) sou ons haar toespreek :—

Waarde **M**evrou,
maar : Waarde **m**evr. Du Plessis.

So ook skrywe ons :—

Waarde Heer maar Waarde **m**nr. Theron ;
Waarde Mejuffrou maar Waarde **m**ej. Stals.

Die student moet ook oppas om nie Waarde Heer te gebruik wanneer hy 'n maatskappy adresseer nie, behalwe wanneer hy Die Bestuurder adresseer. Vgl.

(*a*) Die Bestuurder,
Jansen & Kie,
.....
Waarde Heer,

(*b*) Mnre. Jansen & Kie,
.....
Waarde Here,

10. DIE FORMELE BEGIN.

refers. relates. as a rule. re. with reference to. with relation to. in connection with.

Die eerste sin in 'n sakebrief *verwys* gewoonlik na enige voorafgaande korrespondensie of saak waarop die brief *betrekking het*. Die eerste sin sal dus *in die reël* so iets wees soos :—

(1) *Na aanleiding van* u advertensie in „Die Burger" van gister, weens ek hiermee.....
(2) *Met verwysing na* u skrywe van 10 deser.....
(3) *Met betrekking tot* u brief van 10 des.,.....
(4) Met referte tot u brief van 10 des.,.....
(5) In antwoord op u skrywe van 10 des.,.....
(6) *In verband met* u skrywe van 10 des.,.....
(7) Ons het u brief van 10 des. ontvang waarin.....
(8) Ons wens die ontvangs van u skrywe van 10 des. te erken.

'n Sakebrief kan ook as volg begin :—

We regret. with pleasure.

(9) *Dit spyt ons* om u mee te deel dat.....
(10) *Met graagte* deel ons u mee dat.....

connect.

Sover as moontlik moet die student probeer om (1) tot (8) te *verbind* met (9) en (10), soos b.v. in :—

(11) Met betrekking tot u aansoek van 6 des., is dit met graagte dat ons u hiermee in kennis stel dat.....

(12) Met verwysing na u brief van 10 des., spyt dit ons om u mee te deel dat.....

As daar geen vorige brief, ens., is om na te verwys nie, dan begin ons gewoonlik met :—

(13) Hiermee wens ek (ons).....

(14) Hiermee wens ons u te verwittig dat.....

(15) Graag ontvang ek van u per kerende pos die volgende.....

(16) *Geliewe* my die volgende boeke per kerende pos te stuur :— please.

(17) Graag verneem ek van u of.....

(18) Sal u asb. so goed wees om.....

Oefening 13a.

(1) Verklaar :—

L.V., des., nl., o.a. p/a, L.P.R., v.o.s., e.k., My., p.a., S.A.S. & H.

(2) Gee die gewone afkortings vir :—

Beperk ; jongslede ; kontant by aflewering ; bladsye ; kompanie ; mejuffrou ; mehere ; voormiddag ; voorheen ; dit wil sê. (10)

Oefening 13b.

Vertaal in Afrikaans :—

(1) On the 8th November, 1904, I was born in 11, Long Street, Cape Town, at 10 o'clock p.m.

(2) Dear Sir, With reference to your letter of the 18th inst., we regret to inform you that our stock has been completely sold out.

(3) Enclosed please find invoice of goods consigned to you on the 26th ult.

(4) In reply to your letter of the 31st ult., we are sorry that we cannot give you a lower quotation for rice.

(5) Please forward me the following consignment of goods by return of post.

(6) Re your advertisement in yesterday's " Times," I wish to apply for the vacant post.

(7) We are in receipt of your letter of the 28th ult.

(8) Dear Miss Rowl, As there are no vacancies on our staff at the present moment, we regret to have to inform you that we cannot offer you a situation.

(9) 23, Reimer Avenue,
Cape Town.
18th March, 1926.

(10) We shall be glad to receive from you the following information :— (20)

Oefening 13c.

Vul in die ontbrekende voorsetsels, en vertaal :—

(*a*) — betrekking — u brief — 5 j.l.
(*b*) — verwysing — u brief.
(*c*) — antwoord — u brief.
(*d*) — aanleiding — u advertensie.
(*e*) — andere woorde.
(*f*) — andere.
(*g*) — referte — u brief.
(*h*) — verband — u brief.
(*i*) — behoewe — die armes.
(*j*) — slotte.
(*k*) — inleiding.
(*l*) — gunste — die voorstel.
(*m*) — opsigte —.
(*n*) — insage.
(*o*) — nagedagtenis — my vader.

(15)

Oefening 13d.

Gebruik in sinne sodat die onderskeid in betekenis duidelik blyk :—

Begin, beginsel; redeloos, radeloos; rekening, rekenskap; ondraaglik, verdraagsaam; oordraagbaar, verhandelbaar.

(20)

Oefening 13e.

Verbeter die volgende sinne :—

(1) Met graagte ons u meedeel dat ons u het aangestel.
(2) Vroër het ek om elf uur huis toe gegaan.
(3) Hiermee ons wens u te meedeel dat ons skryf blokke is uit verkoop.
(4) Hoe jonker 'n mens is, hoe beter hy kan sien.
(5) Hy het gebeloof te gaan.
(6) Met verwysing tot u brief van 10e deser, ...
(7) Hy het julle ok die storie van die maan haar leeu gevertel ?
(8) Ken jy my a.u.b. se wat is die tyd ?
(9) Hy weet nooit sy les, gevolglik hy moet slaë altyd kry.
(10) Die wêreld is 'n rond planet net soos almal die stêrre.

(20)

Oefening 13f.

Vorm deur middel van agtervoegsels één byvoeglike naamwoord van die volg. woorde, en gebruik die bnw. dan in 'n gepaste sin :—

Buig, kind, mag, betaal, gerief, gees, twyfel, vertrou, sarkasme, nasie.

(b.v. wind—winderig : Gister was 'n baie winderige dag.)

(15)

HOOFSTUK VEERTIEN.

SAKEBRIEWE.

(*Vervolg. en Slot.*)

11. DIE FORMELE SLOT.

Net soos aan die begin, so ook gebruik ons aan die slot van 'n sakebrief *gereeld* sekere formele, stereotiepe uitdrukkings, soos b.v. :— regularly.

(*a*) *In die vertroue* dat my aansoek u gunstige oorweging sal geniet, trusting.
(*b*) In die hoop dat . . . ,
(*c*) Met die versekering dat alle bestellings ons sorgvuldige aandag sal geniet,
(*d*) Ons verseker u dat . . .
(*e*) Ons kan u verseker dat . . .
(*f*) U versekerende dat . . .
(*g*) *In afwagting op* 'n spoedige antwoord, awaiting.
(*h*) U verdere orders *tegemoetsiende*, awaiting.
(*i*) U *by voorbaat* dankende, in anticipation.
(*j*) Dankie by voorbaat.

As ons hierdie *stadium* bereik het, skrywe ons gewoonlik :— stage.

Die uwe,

en *teken* ons naam. Ons gebruik „Die uwe" waar ons in Engels sou gebruik : Yours truly, faithfully, ens. Vir Engels : Your obedient servant, gebruik ons in Afrikaans:— sign.

Dienswillig die uwe,

(U dienswillige dienaar,
U dienswillige dienares).

Partykeer, b.v. in offisiële briewe, is die slot baie formeel :—

Met die meeste *hoogagting*, respect.
Dienswillig die uwe,

.....

12. PUNKTUASIE.

essential.
vice versa.
completed.

In 'n sakebrief is dit *noodsaaklik* dat ons die regte punktuasie gebruik. Moenie 'n komma plaas waar 'n punt behoort te wees nie, en *omgekeerd*. As ons, by voorbeeld, aan die slot 'n sin het wat nog nie *voltooi* is nie, mag ons geen punt gebruik nie, b.v. :—

U by voorbaat dankende,
Die uwe,
G. Student.

Maar : Dankie by voorbaat.
Die uwe,
G. Student.

In die adres en datum ; in die naam en adres van ontvanger ; in die liggaam en slot van die brief—oral moet ons sorg dat ons punktuasie suiwer en korrek is.

13. DIE LIGGAAM VAN DIE SAKEBRIEF.

most important.
choose.
as.
different.
common-sense.
remind.
divide.
deal with .
grasp.

is natuurlik die *belangrikste* deel van die brief. Voordat ons 'n sakebrief skrywe moet ons absoluut seker wees wat ons wil sê, en dan moet ons 'n vorm *kies* waarin ons die informasie oorbring. *Daar* die inhoud van feitlik elke brief *verskillend* is, is dit natuurlik onmoontlik om vir die student te sê wat hy moet sê, en hoe. Hy moet maar sy *gesonde verstand* gebruik in elke geval.

Ons kan hom net nog 'n keer daaraan *herinner* om kort en saaklik te wees, om sover as moontlik sy brief in paragrawe te *verdeel* (wat elk omtrent ses of agt reëls lank is), en om in elke paragraaf net **een** punt te *behandel*. Deur ons brief so in paragrawe te verdeel (d.w.s. in punte), sal ons die leser help om dadelik te *begryp* wat ons wil sê en om na die verskillende punte soos hulle voorkom te verwys in sy antwoord.

14. ALLERLEI UITDRUKKINGS, ENS.

advised.

Hieronder gee ons 'n lysie terme, frases, sinne, ens., wat daagliks in Afrikaanse sakebriewe gebruik word. Die studente word *aangeraai* om hulle so gou as moontlik aan te leer.

AFRIKAANS.	ENGISH.
Aansoek.	**Application.**
(1) Om aansoek te doen om 'n vakante betrekking.	(1) To apply for a vacant post.
(2) Om 'n aansoek te oorweeg.	(2) To consider an application.
(3) Om 'n aansoek aan te neem.	(3) To accept an application.
(4) Om 'n aansoek van die hand te wys.	(4) Not to accept an application.

AFRIKAANS.	ENGLISH.
Versoek.	**Request.**
(1) Om 'n versoek aan iemand te rig.	(1) To make a request to somebody.
(2) Om 'n versoek toe te staan.	(2) To grant a request.
(3) Om 'n versoek te weier.	(3) To refuse a request.
Ondersoek.	**Investigate(ion).**
(1) Deeglike ondersoek.	(1) Thorough investigation.
(2) Om ondersoek in te stel.	(2) To investigate.
(3) Ondersoek is ingestel.	(3) Investigation has been made.
(4) Om die saak te ondersoek.	(4) To investigate the matter.
Ten gunste van.	In favour of.
Ten gevolge van.	As a result of.
Ten behoewe van.	On behalf of.
Ten spyte van.	In spite of.
Terwille van.	For the sake of.
Ten opsigte van.	In respect of.
Uithoofde van.	On account of.
Weens.	On account of.
Met die oog op.	With a view to.
By ontvangs.	On receipt.
Ter vereffening van.	In settlement of.
Ter insage.	For perusal.
Na insage.	After perusal.
'n Besending goedere.	A consignment of goods.
Onder aparte koevert.	Under separate cover.
Sonder versuim.	Without delay.
Ons onmiddellike aandag.	Our immediate attention.
Ons dadelike aandag.	Our immediate attention.
Ons sorgvuldige aandag.	Our careful attention.
Ons persoonlike aandag.	Our personal attention.
Per kerende pos.	By return post.
Per goederetrein.	By goods trein.
Per vragtrein.	
Per passasierstrein.	By passenger train.
Soos per vragbrief.	As per consignment note.
Per trein, trem, motor.	By train, tram, motor.
Volledige besonderhede.	Full particulars.
Om inligting te verskaf.	To provide with information.
Om besonderhede te verskaf.	To furnish with particulars.
Heersende pryse.	Current prices.
Tans geldende pryse.	Current prices.
Geld invorder.	To collect money.
Agterstallige geld.	Money in arrear.

AFRIKAANS.	ENGLISH.
Op rekening.	On account.
Goedere ter waarde van.	Goods to the value of.
Op sig.	On appro.
'n Tjek, groot £5.	A cheque to the amount of £5.
Batige saldo.	Credit balance.
Nadelige saldo.	Debit balance.
Volkome bevredigend.	Quite satisfactory.
Verhoging van salaris.	Rise of salary.
Bruto wins.	Gross profit.
Netto wins.	Net profit.
Voorradig. / In voorraad.	In stock.
Die jongste uitgawe.	The latest copy (paper).
Voordeliger pryse.	More remunerative prices.
Die betrokke departement.	The dept. concerned.
Met verloop van tyd.	In the course of time.
Ek is genoodsaak om	I am compelled to . . . . .
Ons het ons verstout om 'n wissel van £50 op u te trek.	We have been so bold as to draw (a bill) on you to the amount of £50.
Geliewe kennis te neem dat.	Please be informed that.
Ons neem kennis dat.	We note that.
Ingesluit geliewe tjek, groot £5, te vind, synde rente op £100.	Enclosed please find cheque to the amount of £5, being interest on £100.
Aangeheg geliewe . . . te vind.	Attached hereto please find . . .
Ons maak staat op	We rely on . . . . .
Om 'n bestelling te plaas.	To place an order.
Om 'n bestelling uit te voer.	To execute an order.
Ons kan u verwys na.	We can refer you to.
Ons is nie in staat om . . .	We are not in a position to . . .
Ons kan nie verstaan.	We fail to understand.
Ons merk in u brief.	We notice in your letter.
Ons het so pas ontvang.	We have just received.
Ons moet u daaraan herinner dat	We must remind you of (the fact) that . . . . .
Die notering sal geld tot	The quotation will hold good till . . . . .
Ons is verbaas om te verneem dat	We are astonished to learn that . . . . .
Om 'n persoonlike onderhoud te te verleen.	To grant a personal interview.

AFRIKAANS.	ENGLISH.
Ek wil my plek bespreek.	I want to book my seat.
Hiermee wens ek my bedanking in te dien.	Hereby I wish to send in my resignation.
Die wissel verval op.	The bill matures on.
Ek is belas om te berig.	I am directed to state.
Ek is versoek om te berig.	I am instructed to state.
Ek is versoek om te berig.	I am requested to state.
My is opgedra om te berig.	I am informed to state.
Vergun ons om	Permit us to . . . . .

Oefening 14a.

Skrywe 'n brief aan die spoorwegoutoriteite waarin u hulle meedeel dat u 'n handsak op die trein laat lê het en graag wil weet of hulle dit nie gekry het nie.

Gee ook die antwoord. (25)

Oefening 14b.

Vertaal in Afrikaans :—

(1) The bill, drawn by us on you, matures on the 15th inst. Immediate settlement will oblige.

(2) Permit us to remind you of the fact that your account has now long been overdue.

(3) We have received a consignment of goods from our agents overseas.

(4) Enquire at the office for full particulars as regards the booking of seats, train fares, hotel accommodation, etc.

(5) I am requested to state that the College Council has appointed you as a lecturer at the Cape Technical College as from the 1st June, 1928.

(6) No steps have been taken to investigate the matter thoroughly.

(7) Write a letter to the department concerned and draw their attention to the unsatisfactory state of affairs.

(8) Please forward me at your earliest convenience the following goods.

(9) The order that I placed with you ten days ago has not yet been executed.

(10) Enclosed please find cheque to the amount of £150, in settlement of my account with you. (20)

AFRIKAANS.	ENGLISH.
Ek wil my plek bespreek.	I want to book my seat.
Hiermee wens ek my bedanking in te dien.	Hereby I wish to send in my resignation.
Die wissel verval op.	The bill matures on.
Ek is belas om te berig.	I am directed to state.
Ek is versoek om te berig.	I am instructed to state.
Ek is versoek om te berig.	I am requested to state.
My is opgedra om te berig.	I am informed to state.
Vergun ons om	Permit us to . . . . .

Oefening 14a.

Skrywe 'n brief aan die spoorwegoutoriteite waarin u hulle meedeel dat u 'n handsak op die trein laat lê het en graag wil weet of hulle dit nie gekry het nie.

Gee ook die antwoord. (25)

Oefening 14b.

Vertaal in Afrikaans :—

(1) The bill, drawn by us on you, matures on the 15th inst. Immediate settlement will oblige.

(2) Permit us to remind you of the fact that your account has now long been overdue.

(3) We have received a consignment of goods from our agents overseas.

(4) Enquire at the office for full particulars as regards the booking of seats, train fares, hotel accommodation, etc.

(5) I am requested to state that the College Council has appointed you as a lecturer at the Cape Technical College as from the 1st June, 1928.

(6) No steps have been taken to investigate the matter thoroughly.

(7) Write a letter to the department concerned and draw their attention to the unsatisfactory state of affairs.

(8) Please forward me at your earliest convenience the following goods.

(9) The order that I placed with you ten days ago has not yet been executed.

(10) Enclosed please find cheque to the amount of £150, in settlement of my account with you. (20)

Oefening 14c.

Vertaal in Afrikaans :—

(*a*) With a view to.
(*b*) By goods train.
(*c*) On foot.
(*d*) In stock.
(*e*) On appro.
(*f*) To grant a personal interview.
(*g*) In the course of time.
(*h*) The money has not yet been collected.
(*i*) Current prices.
(*j*) Current account.
(*k*) As per invoice.
(*l*) As a result of.
(*m*) Your immediate attention.
(*n*) To furnish with full particulars.
(*o*) Attached hereto please find cheque to the amount of £60. (15)

Oefening 14d.

Gebruik in gepaste sinne :—

By voorbaat, noodsaaklik, herinner, behandel, maak staat op, bespreking, verpleeg, aankondig, houding, notering. (20)

Oefening 14e.

Gebruik één bnw. i.p.v. die woorde tussen hakies en vertaal ; b.v. 'n (wat nie moeilik is nie) som :—

'n maklike som — an easy sum :—

(1) 'n (Wat 'n mens nie kan sien nie) vyand.
(2) (Wat oor die see kom) modes.
(3) 'n (Wat 'n mens nie kan verstaan nie) taal.
(4) 'n (Wat 'n mens nie kan beskryf nie) verwarring.
(5) 'n (Wat nie beskryf is nie) wet.
(6) (Wat nog nie betaal is nie) skuld.
(7) 'n (Wat getrek is) tand.
(8) 'n (Wat toegetrek is) lug.
(9) 'n (Wat geskep is) mens.
(10) (Wat geskep is) water.
(11) (Wat bederf is) kinders.
(12) 'n (Wat die dood as gevolg het) wond.
(13) 'n (Wat ek baie geniet het) vakansie.
(14) 'n (Wat jou verveel) boek.
(15) (Wat die doel tref) maatreëls.
(16) 'n (Wat nie gehou is nie) vergadering.
(17) 'n (Wat ander mense baie maklik kan kry) siekte.
(18) 'n (Wat elke dag verskyn) koerant.
(19) My (wat ek elke maand kry) salaris.
(20) (Wat verberg is) skatte.

Leesoefening 6.

TWEE BRIEWE—AANSOEK OM VERHOGING VAN SALARIS EN DIE ANTWOORD.

Prinsstraat 15,
Tuine,
Kaapstad.
15 Mei 1929.

Mnre. Jansen & Kie.,
Adderleystraat 96,
Kaapstad.

Geagte Here,

Hiermee wens ek u vriendelik te *persoek* of dit nie moontlik sal wees om my salaris met £2 per maand te verhoog nie.

request.

Ek is nou al drie jaar in u *diens*, en gedurende hierdie *tydperk* het ek nog geen *verhoging* van salaris ontvang nie. As gevolg van my *onlangse huwelik* sal dit vir my, die hoë lewenskoste *in ag* nemende, baie moeilik wees om in al ons lewens*behoeftes* te voorsien. Ek sal dit dus *waardeer* as u my salaris kan vermeerder.

service. period. rise. recent marriage. into consideration. needs. appreciate.

In die vertroue dat my versoek u gunstige oorweging sal geniet, en u versekerende van my beste dienste,

Dienswillig die uwe,
P. THERON.

Jansen & Kie.,
Adderleystraat 96,
Kaapstad.
17 Mei 1929.

Mnr. P. Theron,
Prinsstraat 15,
Tuine,
Kaapstad.

Waarde Heer,

In antwoord op u brief van 15 des. *betreffende* u versoek om 'n verhoging van salaris, is dit met *graagte* dat ek u hiermee kan meedeel dat u versoek *toegestaan* is. Aan my is *opgedra* om u te berig dat die direksie hoogs tevrede is met u dienste oor die *afgelope* drie jaar, en dat hulle met *genoeë* soos vanaf 31 deser u salaris met £2 p.m. sal verhoog.

concerning. pleasure. granted. instructed. past. pleasure.

Die uwe,
T. S. BREWER
(Hoofbestuurder).

Leesoefening 6.

TWEE BRIEWE—AANSOEK OM VERHOGING VAN SALARIS EN DIE ANTWOORD.

Prinsstraat 15,
Tuine,
Kaapstad.
15 Mei 1929.

Mnre. Jansen & Kie.,
Adderleystraat 96,
Kaapstad.

Geagte Here,

Hiermee wens ek u vriendelik te *versoek* of dit nie moontlik sal wees om my salaris met £2 per maand te verhoog nie.

request.

Ek is nou al drie jaar in u *diens*, en gedurende hierdie *tydperk* het ek nog geen *verhoging* van salaris ontvang nie. As gevolg van my *onlangse huwelik* sal dit vir my, die hoë lewenskoste *in ag* nemende, baie moeilik wees om in al ons lewens*behoeftes* te voorsien. Ek sal dit dus *waardeer* as u my salaris kan vermeerder.

service. period. rise. recent marriage. into consideration. needs. appreciate.

In die vertroue dat my versoek u gunstige oorweging sal geniet, en u versekerende van my beste dienste,

Dienswillig die uwe,
P. THERON.

Jansen & Kie.,
Adderleystraat 96,
Kaapstad.
17 Mei 1929.

Mnr. P. Theron,
Prinsstraat 15,
Tuine,
Kaapstad.

Waarde Heer,

In antwoord op u brief van 15 des. *betreffende* u versoek om 'n verhoging van salaris, is dit met *graagte* dat ek u hiermee kan meedeel dat u versoek *toegestaan* is. Aan my is *opgedra* om u te berig dat die direksie hoogs tevrede is met u dienste oor die *afgelope* drie jaar, en dat hulle met *genoeë* soos vanaf 31 deser u salaris met £2 p.m. sal verhoog.

concerning. pleasure. granted. instructed. past. pleasure.

Die uwe,
T. S. BREWER
(Hoofbestuurder).

HOOFSTUK VYFTIEN.

VOEGWOORDE EN SINSONTLEDING.

1. VOEGWOORDE.

combine.

Voegwoorde, soos hulle naam ons alreeds vertel, *verbind* woorde of sinne, b.v. :—

Jan **en** Piet het gekom.
Ek sal kom **as** dit nie reent nie.

Hoewel ons gewoonlik voegwoorde gebruik om sinne te verbind is dit nie noodsaaklik nie ; sinne word dikwels verbind sonder voegwoorde ; vgl.

Ek kan nie gaan nie : ek is siek.

connection.
by means of.

Hier doen die dubbelpunt (:) die werk wat in dieselfde *verband* deur **want** of **omdat** kon gedoen word.

influences.

Waar ons sinne *deur middel van* voegwoorde verbind, is dit belangrik om te weet in hoe ver so 'n voegwoord die woordorde *beïnvloed*. Ons sal die student dus aanraai om noukeurig te let op die onderstaande reëls.

Voegwoorde verbind :—

(*a*) Hoofsinne (principal clauses),
(*b*) Bysinne (subordinate clauses) ;

co-ordinate.
subordinate.

in (*a*) kry ons sogenoemde samegestelde sinne met *neweskikkende* sinsverband ; in (*b*) samegestelde sinne met *onderskikkende* sinsverband.

A. VOEGWOORDE WAT HOOFSINNE VERBIND.

divide.

Ons kan hulle in twee klasse *verdeel* :—

simple.

1. **Voegwoorde wat die woordorde nie beïnvloed nie,** d.w.s. die woordorde is in albei sinne dieselfde as wat dit in twee aparte *enkelvoudige* sinne sou gewees het. Hier kry ons o.a. die voegwoorde :—

en, maar, dog, want, óf . . . . . óf, nóg . . . . . nóg; b.v. :—

Ek kan nie gaan nie **want** ek is siek.
Hy wou kom **dog** hy is siek.

2. **Voegwoorde wat die woordorde wel beïnvloed,** in so ver hulle die sogenoemde **omgekeerde woordorde** agter hulle neem, d.w.s. ons kry eers die *gesegde* en dan die *onderwerp*. predicate. subject.

Dit is die geval met wat ons noem **voegwoordelike bywoorde,** d.w.s. bywoorde wat ook as voegwoorde gebruik word, soos b.v. :—

Dus (therefore). **nogtans** (nevertheless).
egter (however). **derhalwe** (therefore).
tog (yet). **eindelik** (at last).
ook (also).
ewenwel (however, yet, all the same).
daarenteen, daarenteë (on the contrary).
daarby (in addition to that).
hierby (in addition to this).
daarna (after that, thereafter).
hierna (after this, hereafter).
daardeur (by that means).
hierdeur (by this means).
daarom (for that reason, hence).
hierom (for this reason).

By voorbeeld :—

Dit reent **daarom** bly ek tuis.
Hy het my eers geslaan **daarna** het hy my geskop.
Ek is siek **derhalwe** bly ek in die bed.

Die student moet paragraaf 1 (voegwoorde met normale woordorde) goed *onderskei* van paragraaf 2 (voegwoorde met omgekeerde woordorde). Vgl. die volgende sinne :— differentiate.

Dit reent **en** ek bly tuis (paragraaf 1).
Dit reent **dus** bly ek tuis (paragraaf 2).
Dit het gereent **dog** hy het gegaan (paragraaf 1).
Dit het gereent **tog** het hy gegaan (paragraaf 1).

B. VOEGWOORDE WAT BYSINNE INLEI.

Soos ons reeds in die *inleidende* hoofstuk gesien het (bl. II., Ter Inleiding), staan die werkwoord(e) altyd aan die end, behalwe in die geval van **al :** b.v. :— introductory.

Ek sal gaan **alhoewel** ek siek voel.
Ek sal gaan **al** voel ek siek.

As die bysin voor die hoofsin staan, kry ons natuurlik die omgekeerde woordorde in die hoofsin :—

Alhoewel ek siek voel, **sal ek** gaan
(nie : ek sal gaan).
Na aanleiding van u brief van 10 des., **wens ek** hiermee. . . . . .

Ons kan bysinne verdeel in :—

(1) Naamwoordelike bysinne (Noun clauses).
(2) Byvoeglike bysinne (Adjectival clauses).
(3) Bywoordelike bysinne (Adverbial clauses).

1. NAAMWOORDELIKE BYSINNE

kan ingelei word deur die voegwoorde :—

dat (that), **wat** (what), **of** (whether),
waar (where), ens. ; b.v. :—

Hy vertel ons **dat** hy sy huis verhuur het.
Dat hy sy huis verhuur het, vertel hy ons.
Hy vra my **of** ek sal saamgaan.
Ek kan u nie sê **wat** u moet doen nie.

OPMERKING.

Alleen die twede **nie** kan agter die ww. aan die end van die bysin staan.

2. BYVOEGLIKE BYSINNE

introduced.

word gewoonlik *ingelei* deur **wat**, wat in Afrikaans gebruik word vir persone en dinge, enkelvoud en meervoud (Engels who, whom, which, that, ens.) ; b.v. :—

Daar loop die man **wat** ek by die konsert ontmoet het.
Mense **wat** vroeg opstaan is gesond.

Maar wanneer „wat" deur 'n voorsetsel beïnvloed word, word dit :—

relates.

(*a*) Waar + voorsetsel, as dit *betrekking het* op dinge ;
(*b*) Voors. + wie (persone).

accordingly.

Gevolglik word byv. bysinne dikwels ingelei deur :—

waarop, waarin, ens.
op wie, in wie, ens.

Vergelyk die volgende :—

Die stoel **waarop** ek sit, is stukkend.
Hy is 'n man **op wie** jy kan vertrou.
Dis die klip **waarmee** hy my gegooi het.
Dis die vrou **met wie** ons gepraat het.

Behalwe wat, waarop, op wie, ens., kan byv. bysinne ook ingelei word deur :—.....

waar, wanneer, of, ens.

qualifying.

B.v. Dis 'n plek **waar** baie wild gevind word (*bepalende* „plek").

qual(ifying).

Die vraag **of** vrouens stemreg moet hê is al dikwels gestel (*bep.* „vraag").

3. BYWOORDELIKE BYSINNE.

Hier kry ons verskillende soorte, o.a. :—

(*a*) **Byw. Bysinne van Hoedanigheid,** wat ingelei word deur :— Manner.

asof : Hulle gaan te kere asof die plek aan hulle behoort.

soos : Julle het julle *gedra* soos klein kindertjies dit nie sou gedoen het nie (bep. „het gedra"). behaved.

(*b*) **Byw. Bysinne van Plek.**

waar : Ek slaap waar die muskiete my nie kan byt nie (bep. „slaap").

(*c*) **Byw. Bysinne van Tyd** word ingelei deur :—

as, wanneer, toe, terwyl, sodra, sedert, voordat (voor), **nadat** (na), **totdat** (tot), **eerdat** (eer) ; b.v. :—

Ek sal kom sodra ek met my werk klaar is (bep. „sal kom").

Sedert hy as bestuurder *aangestel* is, het die besigheid vooruitgegaan (bep. „het vooruitgegaan"). appointed.

OPMERKING.

Toe word alleen in die verlede tyd gebruik.

(*d*) **Byw. Bysinne van Oorsaak of Rede** word ingelei deur :— Cause or Reason.

omdat, daar (because, as), **aangesien, deurdat,** b.v. :—

Deurdat ek my been gebreek het, moes ek op siekverlof gaan (bep. „moes gaan").

(*e*) **Byw. Bysinne van Gevolg** word ingelei deur :— Result.

sodat, so . . . dat :—

Hy het hard gewerk sodat hy in die eksamen geslaag het (bep. „het hard gewerk").

(*f*) **Byw. Bysinne van Graad** word ingelei deur :— Degree.

so . . . dat, so . . . as :—

Hy was so siek dat hy 'n operasie moes ondergaan (bep. „so siek").

OPMERKING.

Dis nie altyd maklik om te sê wanneer ons 'n byw. bysin van gevolg en wanneer een van graad het nie ; partykeer kan een sin òf die een òf die ander wees : dit *hang af* of ons let op die gevolg of op die graad. In die sin hierbo : „Hy was so siek . . . ," kan die feit „dat hy 'n operasie moes ondergaan" dus die **gevolg** wees van sy siekte, of die **graad** van sy siekte. depends.

Concession.

(*g*) **Byw. Bysinne van Toegewing** word ingelei deur :— **alhoewel, hoewel, al, ofskoon,** b.v. :—

Ofskoon ek siek voel sal ek gaan (bep. „sal gaan ").

OPMERKING.

Na **al** kry ons die omgekeerde woordorde, soos ons gesien het ; die ww. staan dus nie aan die end nie.

Condition.

(*h*) **Byw. Bysinne van Voorwaarde** word ingelei deur :— **as, indien** (if), **tensy** (unless), **mits** (provided that) :—

Ek sal gaan as dit nie reent nie.
Ek sal gaan tensy dit reent.

Purpose.

(*i*) **Byw. Bysinne van Doel** word ingelei deur :— **sodat, opdat** (in order that) :—

Hy werk hard sodat hy in die eksamen kan
pass. *slaag* (bep. „werk hard ").

Comparison.

(*j*) **Byw. Bysinne van Vergelyking :— as :—**

Hy is langer as ek (lank) is.

Relation.

(*k*) **Byw. Bysinne van Verhouding :— hoe . . . hoe :—**

Hoe verder hy gaan, hoe moeër word hy (bep. „word moeër) ".

OPMERKINGS BY BYWOORDELIKE BYSINNE.

OPMERKING 1.

Ons het gesien dat, as die bysin eerste staan, kry ons die omgekeerde woordorde in die hoofsin (d.w.s. eers die gesegde en dan die onderwerp), b.v. :—

Ofskoon ek siek was, **het ek** gegaan.
As dit reent **kom ek** nie.

indefinite.

As die bysin (wat voor die hoofsin staan) egter *onbepaalde* toegewing uitdruk, kry ons in die hoofsin gewoonlik die normale woordorde ; b.v. :—

Whatever happens. even though.

Wat ook al gebeur, **jy moet** om tienuur daar wees.
Selfs al was hy my eie broer, **ek sou** hom nie vergewe nie.

OPMERKING 2.

viewpoint.

Onthou dat dit uit 'n *oogpunt* van styl altyd **beter is om,** sover as moontlik, **die bysin vóór die hoofsin te plaas** ; sodoende word die leser of hoorder se *belangstelling* gehou tot op die end. Dis b.v. beter om te sê :—

interest.

As dit nie reent nie, sal ek kom :

dan om te sê :—

Ek sal kom as dit nie reent nie.

OPMERKING 3.

Soos ons gesien het, kan dieselfde voegwoorde verskillende bysinne inlei. By voorbeeld :—

As kan die volgende sinne inlei :—

(*a*) 'n Byw. Bysin van Tyd (when).
(*b*) 'n Byw. Bysin van Voorwaarde (if).
(*ê*) 'n Byw. Bysin van Vergelyking (than).

Wat en **of** kan inlei :—

(*a*) 'n Naamwoordelike Bysin.
(*b*) 'n Byvoeglike Bysin.

Waar kan inlei :—

(*a*) 'n Naamwoordelike Bysin.
(*b*) 'n Byvoeglike Bysin.
(*ê*) 'n Byw. Bysin van Plek.

Sodat kan inlei :—

(*a*) 'n Byw. Bysin van Gevolg.
(*b*) 'n Byw. Bysin van Doel.

VOORBEELD VAN ALGEMENE SINSONTLEDING.

(Example of analysis in clauses).

„Hoewel ek gesê het dat dit gewoonlik reent as die suidewind waai, behoort 'n mens, wat enigsins gesonde verstand het, te verstaan dat daar reëls is wat uitsonderings kan hê." .

Dis 'n samegestelde sin, bestaande uit een hoofsin en ses bysinne.

SIN.	SOORT VAN SIN.
(*a*) 'n Mens behoort te verstaan.	Hoofsin.
(*b*) Wat enigsins gesonde verstand het.	Byvoeglike Bysin, bepalende „'n mens" in (*a*).
(*c*) Dat daar reëls is.	Naamwoordelike Bysin, voorwerp van „behoort te verstaan" in (*a*).
(*d*) Wat uitsonderings kan hê.	Byv. Bysin. bep „reëls" in (*c*).
(*e*) Hoewel ek gesê het.	Byw. Bysin van Toegewing, bep. „behoort te verstaan" in (*a*).
(*f*) Dat dit gewoonlik reent.	Naamw. Bysin, voorwerp van „gesê het" in (*e*).
(*g*) As die suidewind waai.	Byw. Bysin van Tyd, bep. „reent" in (*f*).

Oefening 15a.

Voltooi die volgende sinne :—

(1) Hy het gesê hy sou kom mits . . . . .
(2) Hoe meer jy eet . . . . . .
(3) Ek sal nie gaan nie, omdat . . . . .
(4) Ek sal nie gaan nie, want . . . . .
(5) Ek sal nie gaan nie, of . . . . . .
(6) Ek sal nie gaan nie, ofskoon
(7) Eers het hy geraas, daarna. . . . . .
(8) Hoewel ons op hom gewag het, ...
(9) Ek was siek, nogtans . . . . .
(10) Maak gou, eerdat . . . . .
(11) Hy het nie gesê . . . . .
(12) Toe ek daar kom . . . . . (12)

Oefening 15b.

Verbind die volgende sinne met behulp van die voegwoorde tussen hakies :—

(1) El sal gaan. Ek is nie genooi nie (hoewel).
(2) Ek sal gaan. Ek is nie genooi nie (al).
(3) Jan kom. Ek sal bly wees (as).
(4) Dit reent. Ek sal maar tuis bly (dus).
(5) Jy gaan weg. Jy moet eers groet (voor).
(6) Hy sê nie. Die man is al gesond (of).
(7) Hy was kwaad. Hy het dit gehoor (toe).
(8) Hy het nie gewerk nie. Hy het gesak (daardeur).
(9) Ek is siek. Ek sal gaan (dog).
(10) Ek is siek. Ek sal gaan (tog). (10)

Oefening 15c.

Gee die algemene sinsontleding van die volgende sinne :—

(1) Toe ek Jan ontmoet het waar die kruispad uitdraai, het hy my vertel dat tien van sy skape, wat aan galsiekte gely het, dood is.
(2) Alhoewel ons hoop dat ons die plek sal vind waar die grootste diamante te kry is, is dit 'n onopgeloste vraag of ons dit ooit sal regkry. (30)

Oefening 15d.

Gebruik in goeie sinne sodat die betekenis duidelik blyk :—
Verbind, ontbind, beïnvloed, daarenteen, behalwe, derhalwe, inleiding, aanleiding, belangstelling, onbepaalde. (20)

Oefening 15e.

Wat is die onderskeid tussen :—

Onverstaanbaar en onverstandig ;
vergeetagtig en onvergeetlik ;
bang en bangerig ;
olielamp en lampolie ;
vars en fris ;
begin en beginsel ;
suur lemoen en suurlemoen ? (14)

Oefening 15f.

Gee die teenoorgestelde van :—

'n **Letterlike** vertaling ; 'n **lewendige** seun ; 'n aansoek word **aangeneem** ; **vars** melk ; **vars** blomme ; **vooruitgang** ; die **winste** van die besigheid ; die **letterlike** betekenis ; 'n **betroubare** seun ; die **uitgawes** het **vermeerder** ; hy het dit **bevestig** ; die trein **vertrek** ; 'n **beroemde** man ; 'n **moontlike** oplossing. (14)

TOETS TWEE.

1. Skrywe 'n opstel van omtrent 50 reëls oor één van die volgende onderwerpe :—

(*a*) Tweetaligheid—sy voor- en nadele.
(*b*) Ons nywerhede.
(*c*) Die vrou en die politiek.
(*d*) 'n Denkbeeldige reis na die maan.
(*e*) Aanhou win. (30)

2. Skrywe 'n brief waarin u 'n paar dae verlof vra van u werkgewer. Gee ook die antwoord. (15)

3. Vertaal in Afrikaans :—

COLUMBUS.

Columbus was born in Genoa, a town in Italy. He was thus Italian by birth and lived in the time of the great navigators who had discovered South Africa and India. He was quite convinced that the world was a great ball. Columbus said : "Go on sailing westwards, and you come to India." But he did not know how vast a continent lay on the other side of the Atlantic Ocean. He first went to see the King of Portugal, who spoke to certain wise men about his plans ; but they called him a dreamer and laughed at what they considered his foolish ideas.—(Sketches from History.) (Laer Taalbond, 1921.)

(15)

4. Maak die volgende sinne negatief :—

(*a*) Hy sal môre kom want hy het belowe.
(*b*) Maak die deur agter jou toe.
(*c*) Hy sê hy het baie verlang.
(*d*) Daar is êrens 'n fout in die som.
(*e*) Hy dink ek is so onnosel om te glo dat daar mense in die maan is.
(*f*) Hy rook.
(*g*) As ons werk kan ons eet.
(*h*) Jy sal slaag as jy harder werk.
(*i*) Iemand het die deur oopgemaak toe ek geklop het.
(*j*) Òf jy òf ek moet bly. (10)

5. Voltooi die volgende sinne :—

(*a*) As jy nie kom as . . . . .
(*b*) Hoewel hy sê dat . . . . .
(*c*) Jy kan niks glo . . . . .
(*d*) Hy leer sy les terwyl . . . . .
(*e*) Ek sal gaan al . . . . .
(*f*) Hoe meer ek hom sien . . . . .
(*g*) Ek het hom nie geslaan nie omdat . . . . .
(*h*) Dit was al laat, nogtans . . . . .
(*i*) Hy het hom nie geslaan omdat . . . . .
(*j*) Hy het hard gewerk, dus . . . . .
(10)

6. Vul in die regte ww. en vertaal :—

(1) Die probleem is nog nie — nie.
(2) Hulle het ondersoek —.
(3) Om 'n oorwinning te — is beter as om 'n nederlaag te —.
(4) Ek het die goedere by die handelaar —.
(5) Met graagte deel ons u mee dat u aansoek — is.
(6) Ek kon die aanbod nie — nie.
(7) Dit spyt ons dat ons u versoek moes —.
(8) Hy het 'n poging — om uit te vind deur wie die moord —is.
(10)

7. Vul in die regte voorsetsels en vertaal :—

(*a*) — betrekking — u skrywe — 6 des., spyt dit ons om u — te deel dat ons, met die oog — 'n moontlike styging — die pryse, u geen gunstiger notering — rys kan gee nie. (5)
(*b*) — verwysing —.
(*c*) — opsigte van.

8. Verklaar :—

k.b.a. ; k.m.b. ; k.a.v. ; L.V. ; j.l. ; i.s. ; v/h ; 'n.m. ; nl. ; h/v. (5)

Leesoefening 7.

DIE HUURKOOPSTELSEL.

Volgens hierdie stelsel word van tyd tot tyd geld in *paaiemente* op goedere betaal, met die *vooruitsig* dat die goedere ewentueel die *eiendom* van die koper sal word. Intussen word alle betalings *beskou* as huurgeld, en eers wanneer al die paaiemente betaal is word die goedere die wettige eiendom van die koper. *By gebreke van* betaling van selfs een paaiement bly die verkoper die eienaar van die goedere, met die reg om hulle terug te *eis*.

according to. instalments. prospect. property. regarded. in default of. demand.

Onlangs merk ons 'n geweldige *uitbreiding* van die huurkoopstelsel. 'n Kleine vyftig jaar gelede was hierdie stelsel *feitlik* onbekend—vandag vind ons dat dit 'n *kenmerkende* deel vorm van ons ekonomiese lewe. Soos 'n *paddastoel* in een nag opskiet en volle wasdom bereik, so het die huurkoopstelsel in ongelooflik korte tyd gegroei totdat dit *hedetendage* 'n vername faktor in die moderne bestaan geword het. Van 'n £1,000-motor tot 'n £5-grammofoon word op hierdie stelsel gekoop. Die vurigste aanbidders van hierdie ekonomiese god van die twintigste eeu *tref* ons *aan* onder die middelklasse en armer klasse.

recently. extension. practically. characteristic. mushroom. nowadays. aantref = find.

Vir die arm man kan hierdie stelsel dan ook veel beteken, want hierdeur word hy *in staat gestel* om goedere eerder in gebruik te hê as wat anders die *geval* sou gewees het. Met al die huurkoopfasiliteite vandag vind ons dat beginners, by voorbeeld, baie makliker en gouer 'n eie huisie *daarop* kan *nahou*. Die meubels, tapyte, kombuis-*benodighede*, ens., kan langs die weg van maandelikse paaiemente *aangeskaf* word. Bowedien word die jong paartjie aangemoedig deur die *aanloklike* vooruitsig dat al hierdie dinge later hulle eiendom sal wees. Intussen het hulle die volle gebruik en *gerief* van hierdie so *noodsaaklike* huisgereedskap. Geen wonder dat ons deur die lengte en breedte van die land vandag meer werklike *tuistes* aantref nie, mooi en smaakvol gemeubileer.

enabled. case. daarop nahou = have, possess. requisites. acquired. enticing. convenience. essential. homes.

Nog iets wat ons in verband met die huurkoopstelsel nie uit die oog mag verloor nie is die feit dat dit op 'n indirekte manier *spaarsaamheid aankweek*. Net soos assuransie is dit 'n soort van *verpligte* opsparing, want die koper, wel wetende dat 'n *agterstallige* paaiement die verlies van die goedere kan beteken, doen sy uiterste bes om sy verpligtings teenoor die verkoper stiptelik *na* te *kom*. Baie mense wat andersins nooit sou opspaar nie, word nou in hulle eie *belang* verplig om 'n sekere maandelikse bedrag te *stort*. So het die huurkoopstelsel baie daartoe

engenders thrift. compulsory. in arrears. nakom = meet. interest. pay.

contributed.
quality.
estimate.

bygedra om by die volkere van die beskaafde wêreld aan te kweek spaarsaamheid, 'n *eienskap* die waarde waarvan nie oor*skat* kan word nie.

institutions.
subject to
most fatal.

misled.
ludicrous.
afford.
unnecessary.
luxury.
ornaments.
obviously.
responsibility.

Soos alle goeie *instellings* is die huurkoopstelsel egter ook *onderhewig aan* ernstige nadele. Een van die *noodlottigste* gevolge van hierdie kind van die twintigste eeu is dat dit, in plaas van spaarsaamheid, roekeloosheid in die hand werk. *Verlei* deur die byna *belaglike* gemaklikheid waarmee 'n mens vandag artiekels kan huurkoop, onderneem baie mense meer as wat hulle kan *bekostig*. In baie gevalle word heeltemal *oorbodige* dinge gehuurkoop : *weelde*-artiekels soos grammofone, motors, draadlose toestelle en huis*sierade*. Die koper vergeet *blykbaar* dat sy *verantwoordelikheid* nie ophou met die eerste paaiement nie—maand na maand moet die betaling geskied.

courteous.
pitiless.

Hoe *hoflik* en oorbeleef die skuldeiser ook voor die transaksie mag gewees het, daarna is hy onyermydelik, *meedoënloos* : die geld of die goed terug. Tot hierdie ontdekking kom baie mense deesdaags ongelukkig te laat, met die gevolg dat hulle vir ewig vaarwel sê aan die geld wat hulle in huurkoop-ondernemings *belê* het. Dis gewoonlik die geval met mense wat nie vooraf die moeite doen om ernstig na te dink oor al die verpligtings, *bo en benewens* die geriewe, wat dié stelsel in die lewe roep nie.

invested.

over and above.

little treatise.
blessing. curse.

Dit blyk dus uit hierdie onpretensieuse *verhandelinkie* dat die huurkoopstelsel 'n *seën* kan wees . . . of 'n *vloek*. Die voordele daaraan verbonde is baie en groot en *onwegredeneerbaar*, maar terselfdertyd moet ons nie vergeet om die nadele by wyse van waarskuwing uit die oog te verloor nie.

redeneer = reason, argue.

HOOFSTUK SESTIEN.

VOORSETSELS EN BYWOORDE.

(*Prepositions and Adverbs.*)

Voorsetsels en voegwoorde is baie, nou *verwant* aan mekaar. Dit blyk uit die feit dat voorsetsels—net soos voegwoorde—dele van 'n sin *verbind* of aanmekaar „voeg." Albei *dien* as verbindingswoorde: voegwoorde verbind gewoonlik sinne aan mekaar, terwyl voorsetsels naamwoorde (snw. of vnw.) verbind aan die res van die sin. Ons sê dan die voorsetsel „*bepaal*" die naamwoord terwyl dit saam met die naamwoord plek, tyd, *omstandigheid*, ens., *aandui*. Dus, in die sin :—

related.
connect.
act.
governs.
circumstance.
denotes.

Ek staan **voor** die boom **in** die tuin.

dien „voor" en „in" as verbindingswoorde (hulle verbind „boom" en „tuin" met die res van die sin), terwyl hulle terselfdertyd aandui wat my *betrekking* is tot die boom, en wat die boom se betrekking is tot die tuin.

relation.

Ook aan bywoorde is voorsetsels baie nou verwant; *inderdaad*, baie voorsetsels was *oorspronklik* suiwer bywoorde. So kry ons vandag nog baie woorde wat *voorkom* as voorsetsel sowel as bywoord; b.v. :—

as a matter of fact; originally. appear.

Ek staan **voor** die boom (voorsetsel).
Jan loop **voor**, ek agter (bywoord).

Voorsetsels, voegwoorde en bywoorde is dus baie nou verwant aan mekaar.

A. VOORSETSELS.

Die Afrikaanse voorsetsels, met hulle Engelse betekenisse en hulle gebruike, het ons taamlik *volledig* behandel in „Afrikaans for Adults," Part 2, Paper 15. Hier wil ons die aandag vestig op 'n paar van die moeilikste voorsetsels, om dan 'n lysie uitdrukkings aan te gee waarin sekere voorsetsels gebruik word.

fully.

AANGAANDE, BETREFFENDE (concerning).

Gee my asseblief volledige *besonderhede* aangaande die nuwe *wetsontwerp*.

details.
Bill (in Parliament).

IN WEERWIL VAN (in spite of).

Hy het dit gedoen in weerwil van die feit dat hy verbied was om dit te doen.

NAMENS (in the name of, on behalf of).

Namens die vergadering het die voorsitter die spreker hartlik bedank vir sy interessante *lesing*. — lecture.

OMTRENT, OMSTREEKS; ONGEVEER (about, circa).

Omstreeks ses jaar gelede het dit laas by ons gereent.

Daar was ongeveer vyfduisend *toeskouers* op Nuweland. — spectators.

ONDANKS, TROTS (in spite of).

Trots alle moeilikhede het die Voortrekkers moed gehou.

SEDERT, SINDS (since—time).

Sedert Desember het dit by ons nog nie weer gereent nie.

TEENOOR (towards, over against).

Dit is baie billik teenoor die boer.

TERWILLE VAN (for the sake of).

Ek sal maar stil bly terwille van die liewe vrede.

TEN BEHOEWE VAN (on behalf of).

Ons kollekteer geld ten behoewe van die armes.

TYDENS (at the time of, during).

Tydens die Groot Oorlog was die toestande in Europa allesbehalwe rooskleurig.

VOLGENS (according to).

As jy lewe volgens die Bybel sal jy nie ver van die regte spoor wees nie.

Let op die gebruik van die voorsetsel in die volgende :—

AAN.

Dink **aan** (think of).
Behoort **aan** (belong to).
Skryf **aan** (write to).
Herken **aan** (recognise by).
Ly **aan** (suffer from).
Dis te danke **aan** jou (You are to thank for it).
Dis te wyte **aan** jou (You are to blame for it).
Verwant **aan** (related to).
Geheg **aan** (attached to).
Dit kom daar nie op **aan** nie (It doesn't matter).

IN.

Hy verlustig hom **in** die skoonheid van die natuur. (He is enjoying, is revelling in, the beauty of nature.)
Alles was **in** rep en roer (Everything was a-bustle.)
In die war (In confusion).
Iets **in** stand hou (Keep in place, to uphold).
In dié verband (in that connection).
In hierdie opsig (in this respect).

NA.

Streef **na** (strive after).
Verlang **na** (long for).
Aard **na** (take after).
Kyk **na** (look at, look after).
Lyk **na** (look like, resemble).
Met verwysing **na** (with reference to).
Op vyf **na** (all excepting five).

OM.

Om my ontwil (for my sake).
Om die lewe kom (to die).
Om die lewe bring (to kill).
Al **om** die derde dag (every third day).
Ek gee nie **om** nie (I don't care).
Om tienuur (at ten o'clock).

ONDER.

Onder andere (Inter alia).
Onder meer (Inter alia).
Die saak is **onder** bespreking. (The matter is being discussed).
Hy gaan gebuk **onder** die smart (He is bowed down by grief).

OOR.

Lag **oor** (laugh at).
Vandag **oor** 'n week (to-day week).
Oor 'n jaar (in a year's time).
Ek dink **oor** (om, aan) jou.
Ek is bekommerd **oor** jou
Ek is onrustig **oor** jou
Ek bekommer my **oor** jou
} I feel anxious about you.
Verheug **oor** (elated at).
Kla **oor** (complain about).
Ontferm **oor** (take pity on).
Ek is nie verleë **oor** jou nie (I can very well do without you).

OP.

Vertrou **op** (put your faith, trust in).
Reken **op** (rely on).
Maak staat **op** (rely on).
Trots **op** (proud of).
Jaloers **op** (jealous of).
In antwoord **op** (in reply to).
Hy het 'n pak slae **op** die koop toe gekry (he got a hiding, besides).
Op kantoor (at the office).
Op vyf na (with the exception of five).
Op die oomblik (at the moment).
Op dié gebied (in that domain).
Op die koop toe (by way of bargain, over and above, besides).

PER.

Per ongeluk (by accident).
Per abuis (by accident).
Per trem, motor, ens. (by tram, etc.).
Per kerende pos (by return post).
Soos **per** vragbrief (as per consignment note).
Per slot van rekening (after all).

TEN.

Ten spyte van (in spite of).
Ten behoewe van (on behalf of).
Ten opsigte van (in respect of).
Ten dele (in part).
Ten eerste, ten twede (firstly, secondly).
Ten slotte (in conclusion).
Ten volle (to the full, absolutely).
Heden**ten**dage (to-day, nowadays).
Ten gevolge van (as a result of).
Ten koste van (at the expense of).
Ten seerste (very much).

TER.

Terwille van (for the sake of).
Ter inleiding (by way of introduction).
Ter insage (for perusal).
Ter dood veroordeel (sentence to death).
Ter harte neem (take to heart).
Ter elfder ure (at the last moment).
Ter sprake (under discussion).

TOT.

Dwing **tot** (force to).
Aanspoor **tot** (incite to).
Geneig **tot** (inclined to).
Met betrekking **tot** (with relation to).
Met referte **tot** (with reference to).
Totsiens (Adieu, till we meet again).
Tot wederom (Adieu, till we meet again).
Tot stand bring (bring about).

UIT.

Bestaan **uit** (consist of).
Vertaal **uit** Engels in Afrikaans (translate from English to Afrikaans).

VAN.

Verstoke **van** 'n voorreg (deprived of a privilege).
Na aanleiding **van** (in connection with).
Hou **van** (like, be fond of).
Hang af **van** (depend on).
Voorsien **van** (provide with).
Voorsien **in** (provide for).

Die Engels-sprekende student moet op sy hoede wees teen letterlike vertalings, b.v., Engels **after** is in Afrikaans :

(*a*) **Agter** (plek) :
Hy staan agter die huis.

(*b*) **Na** (tyd) :
Ek sal na sesuur kom.

So ook kan ons **at** op baie verskillende maniere in Afrikaans vertaal :—

I knock **at** the door = ... **aan** die deur.
He stands **at** the door = ... **by** die deur.
At ten o'clock = **Om** tienuur.
He lives **at** Cape Town = Hy woon **in** Kaapstad.
He lives **at** De Aar = Hy woon **op** De Aar.
Grapes were sold **at** 2d. a lb. = ... **teen** 2d. die pond.
Meet me **at** the station = { . . . . **by** die stasie. / . . . . **op** die stasie.

Die volgende paar algemene reëls sal die student help om **at** reg te vertaal :—

Vertaal AT :

(1) **Om,** in verband met **tyd**, b.v. :
At ten o'clock = Om tienuur.

(2) **Teen**, wanneer dit die **prys** aangee, b.v. :
At 2d. a lb. = Teen 2d. die pond.

(3) **In** 'n **groot stad, op** 'n **klein dorpie :—**
Ek woon in Kaapstad maar op Lady Grey.

(4) **Op**, waar ons in plaas van **at** ook **on** kon gebruik het, b.v. :—
On (or at) the farm = Op die plaas.

(5) **By,** waar **at nabyheid** (nearness) uitdruk, en waar dit nie deur **on** kan vervang word nie, b.v. :
At the sea = by die see.
(On the sea = op die see).

Engels BY word in Afrikaans vertaal :—

(1) **Deur** (**Agency**), b.v. :
A book written by Sangiro = 'n boek deur Sangiro geskryf.

(2) **Teen** of **by** (Nearness of Time), b.v. :
By the end of the month.
Teen (by) die end van die maand.

(3) **By** (**Nearness of Place**), b.v. :
Come and sit by me.= Kom sit by my.

B. BYWOORDE.

quality. uninflected.

Die vorm van die Afrikaanse bywoord verander gewoonlik nie, en baie bywoorde van *hoedanigheid* het dieselfde vorm as die byvoeglike naamwoord (*onverboë* vorm, stellende trap) ; b.v. :—

Die son skyn **heerlik** (bywoord).
Die vakansie was **heerlik** (bnw.).

Die vorm van die meeste bywoorde kan egter verander om trappe van vergelyking uit te druk, b.v. :—

Ek eet **baie,** Jan eet **meer**, Piet eet die **meeste.**
Ek hardloop **vinnig**, jy hardloop **vinniger.**
Jan hardloop die **vinnigste** van ons almal.

Let op die volgende onreëlmatige **Trappe** van **Vergelyking**:—

Agter (behind)	verder agter	agterste
dikwels (often)	meermale	meeste
graag (gladly)	liewer	graagste
naby (near)	nader	naaste
selde (seldom)	minder	minste
sleg, erg (badly)	erger	ergste
wel, goed (well)	beter	beste
baie (much)	meer	meeste

In „Afrikaans for Adults, Part 2, Paper 14, word die Afrikaanse bywoord taamlik volledig behandel.

Ons kan bywoorde verdeel in :—

1. BYWOORDE VAN PLEK.

Hulle dui 'n plek of *rigting* aan, b.v. Hier, daar, waar, hiernatoe, daarnatoe, waarnatoe, hierheen, daarheen, waarheen, hiervandaan, *elders*, daarnaas, êrens, nêrens, *ginds*, bymekaar. — direction. somewhere else. yonder.

Verder ook: Kaap-toe, stasie-toe, klas-toe, ens.; waar ons **toe** met 'n *koppelteken* verbind aan die *voorafgaande* snw. (Maar: **na** die Kaap **toe**, **na** die stasie **toe**, ens.). — hyphen. preceding.

2. BYWOORDE VAN TYD, b.v. :—

Vroeg, laat, more, gister, vanjaar, *eersdaags*, altyd; nooit, ewig, *telkens*, gelede, alreeds, ens. — ere long. repeatedly

3. BYWOORDE VAN HOEDANIGHEID.

Die meeste bnw. kan ook as byw. van hoedanigheid gebruik word, soos ons aan die begin van hierdie hoofstuk gesien het.

'n Maklike manier om byw. van hoedanigheid in Afrikaans te vorm is deur verdubbeling, soos :—

Sing-sing, speel-speel, rus-rus, ens.

4. BYWOORDE VAN GRAAD (Degree), b.v. :—

Baie, taamlik, alte, hoogs, byna, amper, heeltemal, *verreweg*, genoeg, ens. — by far.

5. BYWOORDE VAN MODALITEIT (Modal Adverbs).

Wat nie een of meer woorde in 'n sin *bepaal* nie, maar die hele sins*inhoud*, b.v. :— — govern. contents.

Ja, ongetwyfeld, *stellig*, inderdaad, bepaald, darem, moontlik, altemit, asseblief, *vermoedelik*, gladnie, ens. — certainly. presumably.

6. VOEGWOORDELIKE BYWOORDE.

characteristic.

Dit is bywoorde wat terselfdertyd ook as voegwoorde diens doen.. *Kenmerkend* vir hulle is die feit dat hulle die **omgekeerde woordorde** agter hulle neem, d.w.s., ons kry eers die gesegde en dan die onderwerp, b.v. :—

Dit reent, dus bly ek tuis.

on the contrary.

So ook :—

Inteendeel, derhalwe, daarna, nogtans, daarom, ens.

Oefening 16a.

Vul in die ontbrekende voorsetsels en vertaal :—

(1) Alles hang — die weer —.
(2) Ek het — trein gegaan, Jan — voet.
(3) Moet jou nie — my bekommer nie.
(4) Die hele stad was — rep en roer en alles was — die war.
(5) — drie — was almal teenwoordig.
(6) Die saak wat gister — bespreking was, is nou weer ope — bespreking.
(7) Die hond is so geheg — sy baas dat hy — hom verlang.
(8) Dis — jou te danke dat ons nie almal — die lewe gekom het nie.
(9) Ons het die vakansie — volle geniet.
(10) Wat hy gesê het sal ek — harte neem want ek vertrou — hom.
(11) Hoewel hy veel — stand gebring het, het sy nakomelinge dit nie alles — stand gehou nie.
(12) Vertaal — Engels — Afrikaans.
(13) — slotte net 'n paar woordjies.
(14) Ons is almal geneig — sonde en nie bestand — versoekings nie.
(15) Die man is — die regter — dood veroordeel.
(16) Ek sal jou nie langer — kos en klere voorsien nie, want ek moet darem — my eie behoeftes ook voorsien.
(17) Hy het hom aangespoor — groter dade. (15)

Oefening 16b.

Gebruik in goeie volsinne, sodat die betekenis duidelik uitkom :

Betreffende, namens, ondanks, tydens, volgens, volledig, besonderhede, verwant, oorspronklike, in rep en roer. (10)

Oefening 16c.

Vertaal in Afrikaans :—

(1) I am sorry I could not come to visit you yesterday, but I was slightly indisposed.
(2) You will perhaps forgive me this time ?
(3) Though he was warned repeatedly, he seldom seemed to listen.
(4) I shall miss you badly — as a matter of fact, I can't live without you.
(5) The serious state of affairs has resulted in a protest from the Chamber of Commerce.
(6) By far the most important thing when writing an essay is to think clearly.
(7) On that occasion the necessity of studying both languages was pointed out, and nobody seemed then to be opposed to the motion.
(8) Secondly, I wish to draw your attention to the fact that at the last moment the accused decided to plead guilty.
(9) The murderer was sentenced to death by the judge, who read the death sentence in a quivering voice.
(10) From the viewpoint of safety, however, there remains a great deal to be said in favour of the old regulation. (20)

Oefening 16d.

(*a*) Gee die trappe van vergelyking van :—

Baie, weinig, lank, vas, naby, goed, beroemd, sleg (byw.), graag, dikwels, baar, dood, onjuis, berug, agter.

(*b*) Gee die teenoorgestelde van :—

(1) Dis 'n **algemene** verskynsel.
(2) Hy kom **dikwels** hier by ons.
(3) Die verhaal is **boeiend.**
(4) Hulle het ons **hartlik** ontvang.
(5) Hy is 'n **beroemde** skrywer.
(6) Dit was 'n **geskrewe** ooreenkoms.
(7) Ek het sy aanbod **aangeneem.**
(8) Ons het u versoek **toegestaan.**
(9) Hy is **ernstig** gewond.
(10) Hy is 'n baie **ernstige** man. (25)

Oefening 16e.

Gebruik in sinne sodat die onderskeid duidelik blyk :—

Bygelowig, liggelowig ; bevorder, invorder ; ontstaan, bestaan, verstaan ; waas, wa-as, vaas. (10)

Oefening 16f.

Voltooi die volgende sinne met 'n verlede deelwoord wat pas, en vertaal:—

(b.v. 'n Plan word —: { 'n Plan word beraam. / A plan is made.

(1) 'n Poging word —.
(2) 'n Moord word —.
(3) Die aandag word —.
(4) 'n Voorstel word —.
(5) 'n Aansoek word —.
(6) 'n Versoek word —.
(7) 'n Besoek word —.
(8) Ondersoek word —.
(9) Stappe word —.
(10) 'n Eed word —.
(11) Die oorwinning word —.
(12) Die nederlaag word —.
(13) Getuienis word —.
(14) 'n Probleem word —.
(15) 'n Vergadering word —.
(16) Inligting word —.
(17) 'n Aanbod word —.
(18) 'n Voorreg word —.
(19) Tradiesies word —.
(20) 'n Ooreenkoms word —.

(20)

Leesoefening 8.

WANNEER WERKNEMERS DIE BESTE DIENSTE LEWER.

Minder as 'n half-eeu gelede het werkgewers hulle *bedroef* min bekommer oor hulle werknemers behalwe in so ver die *werklike* vervulling van sy pligte *betrokke* was.

very.
actual; concerned.

Vir die werkgewer, *veral* in groot fabrieke, was die werknemer 'n soort van meganiese *toestel* wat 'n sekere *hoeveelheid* werk oor 'n sekere aantal ure moes *verrig*. Oor die werknemer as persoon, as mens met gevoelens en *begeertes* en *hartstogte*, het die werkgewer hom min bekommer.

especially.
apparatus.
quantity; do.
desires; passions.

Vandag egter vind ons dat 'n radikale verandering ingetree het wat betref die *verhouding* tussen werkgewer en werknemer. Met die ontwikkelinge wat ons *onlangs* op alle *gebiede* bespeur, het daar ook op handels en *nywerheids*-gebied nuwe toestande en nuwe verhoudings *ontstaan*. Ook hier het ons 'n ewolusie-proses, wat *aansienlik* verhaas is deur die waardevolle ontdekkings en *uitvindsels* wat die laaste deel van die negentiende eeu en die twintigste eeu *kenmerk*.

relation.
recently.
domains; industry.
originated.
considerably.
inventions.
characterize.

In *teenstelling* met die ou dae *besef* werknemers vandag ten volle dat 'n werkgewer nie 'n byna siellose masjien is nie, maar 'n lewende, denkende, voelende wese. En in die lig van hierdie *openbaring* vind ons dat groot werkgewers in alle dele van die wêreld *pogings aanwend* om die

opposition; realise.
revelation.
make attempts.

werknemers meer en meer te *behandel* as indiwidue met verskil in *aanleg* en persoonlikheid. | treat. talent.

Verder doen werkgewers alle moontlike stappe om hulle werknemers gelukkig en tevrede te maak, want sodoende kry hulle meer en beter werk gelewer. Ons vind vandag, by voorbeeld, dat werkgewers *besondere* aandag *wy* aan die toestand van werkplase. Die kantoor of werkplek word so netjies, skoon en *aantreklik* as moontlik gemaak. Die *plaasruimte*, lig, ventilasie, ens., van die werkplase is almal sake wat vroeër min aandag verkry het, maar wat vandag die *noukeurige oorweging* van alle werkgewers geniet. Hulle besef dat hoe aantrekliker die werkplase hoe groter is die moontlikheid dat werk van 'n hoë *gehalte* gelewer sal word. Geen mens kan behoorlik werk in 'n *slordige* oorvolle, sleg-geventileerde *vertrek* nie— en die werkgewers besef dit vandag. | special. devote. attractiye. space. careful consideration. standard. untidy; apartment.

Met die oog op die *skep* van 'n atmosfeer van geluk en tevredenheid onder hulle werknemers, vind ons verder dat werkgewers beter *lone* betaal en die werknemers op alle moontlike maniere probeer *aanmoedig*. Dit word gedoen deur die *geredelike* erkenning van goeie dienste. Daar is niks wat 'n werknemer so trots en gelukkig maak nie as die gevoel dat sy werk *waardeer* word. Hierdie gevoel van trots op eie *prestasie* ontstaan verder deurdat die werk so verdeel word dat 'n werknemer dié taak verrig waarvoor hy die meeste lus en *bekwaamheid* het. Hy voel nou dat hy 'n soort van spesialiteit is wie se dienste *feitlik* onmisbaar is. So 'n *gedragslyn* laat die werknemer nie alleen trots en tevrede voel nie, maar terselfdertyd lewer hy uitstekende werk en is dus 'n groot *aanwins* vir die besigheid. Dit betaal die werkgewer dus om sulke sake sy noukeurige aandag te *skenk*. | creating. wages. encourage. willing. appreciated. deed. ability. practically. line of conduct. acquisition. grant.

In die groot nywerheidslande soos Amerika vind ons dat werkgewers *selfs* pogings aanwend om die werknemers ook na werkure vrolik en gelukkig te hou. Daar is b.v. firmas wat die *vermaaklikhede* van die werknemers probeer *reël*. Aan of naby die fabriek word sale *beskikbaar* gestel waarin danse, verenigings, of ander vorme van vermaaklikheid gereël word. Selfs orkeste en kafees vir die amusering van werknemers word in die lewe geroep; en 'n enkele werkgewer gaan selfs so ver om te sien dat sy mense in *gerieflike* huisies woon. | even. amusements. arrange; available. convenien

Watter stappe daar ook al gedoen word, dié *dryfveer* in elke *geval* is dieselfde, naamlik: die strewe om die werknemer 'n tevrede en gelukkige wese te maak. Hierdie strewe aan die kant van die werkgewer is die gevolg van 'n besef dat tevrede werksmense beter dienste lewer en dus meer beteken vir die firma. | motive. case.

subordinate.
purely ; point of view.
proved.
absolutely.
social.
noteworthy.
measure.

Hierdie nuwe verhouding tussen baas en *onderhorige* is uit 'n *suiwer* finansiële *oogpunt* voordelig vir eersgenoemde, soos al oor en oor *bewys* is. Terselfdertyd skep dit 'n atmosfeer waarin alle betrokke partye *volkome* gelukkig is, en hierdie feit het ook op die *maatskaplike* lewe van die volk 'n gesonde invloed. Die *merkwaardige* vooruitgang wat die wêreld onlangs op ekonomiese en sosiale gebied gemaak het is tot 'n baie groot *mate* die natuurlike gevolg van hierdie nuwe en beter verhouding tussen werkgewer en werknemer.

HOOFSTUK SEWENTIEN.

INSAKE VERTALING.

Net 'n paar woordjies oor vertaling.

Om goeie vertalings uit een taal in 'n ander taal te maak is *voorwaar* geen maklike onderneming nie. Dit is 'n taak wat baie hoë *eise* aan die vertaler stel, want hy moet iemand wees wat 'n *beheer* het nie alleen oor die taal **waarin** hy vertaal nie, maar ook oor die taal **waaruit** hy vertaal. 'n *Bekwame* vertaler moet, vóór hy vertaal, eers heeltemal seker wees omtrent die betekenis van die *oorspronklike* stuk—hy moet, met andere woorde, 'n beheer hê oor die taal waaruit hy vertaal. Verder, teneinde daardie betekenis in die twede taal uit te druk, moet so 'n vertaler natuurlik heeltemal *vertroud* wees met die taal—hy moet, met andere woorde, 'n uitstekende beheer hê oor die taal waarin hy vertaal.

indeed. demands. control. proficient. original. conversant.

Vertaalwerk is dus uit die *aard* van die saak moeilike werk, en waar daar gereken moet word op eersteklas vertalings (soos b.v. in ons Regeringskantore), vind ons gewoonlik dat iemand aangestel word wat op die *gebied* van vertalings 'n *deskundige* is—of behoort te wees.

nature. domain. proficient.

Ons kan die student natuurlik nie sê hoe om te vertaal nie. Of hy goed sal kan vertaal uit Engels in Afrikaans (of *omgekeerd*), hang van baie dinge af, soos die beheer wat hy oor die taalidioom van dié twee tale het, die *moeite* wat hy neem met die vertaling, ens.

vice versa. trouble.

Hier wil ons die student net op 'n paar gevare wys wat hy moet probeer *vermy*. En die grootste gevaar is dié van **te letterlike vertalings.**

avoid.

Ons het by 'n vorige geleentheid (Hoofstuk I, Ter Inleiding, E, bl. iv.), gewys daarop dat die gevolg van te letterlike vertalings baie keer sogenoemde Anglisismes (of „Africanderisms") is—euwels wat die vertaler moet vermy soos die pes. Om *aan* te *toon* hoe groot hierdie gevaar is, gee ons hieronder 'n lysie Anglisismes, en daarnaas die korrekte Afrikaans. Die student sal nog honderde verdere voorbeelde by die lysie kan *voeg*.

point out. add.

ANGLISISME.	SUIWER AFRIKAANS.
(1) Wat is die tyd ?	(1) Hoe laat is dit ?
(2) Om 'n trein te vang.	(2) Om 'n trein te haal.
(3) Om koue te vang.	(3) Om koue te vat.
(4) Moet jou nie uitsit nie.	(4) Moenie moeite maak nie.
(5) Om applikasie te maak.	(5) Om aansoek te doen.
(6) Stappe is geneem.	(6) Stappe is gedoen. Stappe is ingestel.
(7) Die saal is goe opgelig.	(7) Die saal is goed verlig.
(8) Eksamenpapiere.	(8) Eksamenvraestelle.
(9) Ekskuus my.	(9) Verskoon my. Ekskuus.
(10) Die stad van Kaapstad.	(10) Die stad Kaapstad.
(11) 'n Lewe maak.	(11) 'n Bestaan voer.
(12) Hy staan 'n goeie kans.	(12) Sy kanse is goed.
(13) Op daardie geleentheid.	(13) By daardie gelentheid.
(14) Hy het nie opgedraai nie.	(14) Hy het nie opgedaag nie.
(15) Hy het 'n skurk uitgedraai.	(15) Hy het 'n skurk geword.
(16) Om blomme te groei. Wolgroeiers.	(16) Om blomme te kweek. Wolkwekers.
(17) Die vraag is styf.	(17) Die vraag is moeilik.
(18) Ek lyk dit nie.	(18) Ek hou nie daarvan nie.
(19) In die twede lyn.	(19) In die twede reël.
(20) Ek moet hom nog gaan sien.	(20) Ek moet hom nog gaan spreek.

illustrations. warnings. guard. essential. sufficiently ; appear. characteristic. stock. case. developed. independent. respects.

Genoeg ; hierdie paar Anglisismes sal vir die student *opheldering*s—en *waarskuwings !*—wees. Wees tog op u *hoede*.

Hoe *noodsaaklik* dit is om oor 'n **suiwer taalidioom** te beskik, sal *voldoende blyk* uit wat ons hierbo gesê het, en uit die volgende : Elke taal het 'n eie *kenmerkende* manier waarop die woorde in 'n sin ingespan word. Verder het elke taal 'n eie *voorraad* idiome en idiomatiese uitdrukkinge wat tiepies is vir daardie taal en vir hom alleen. Net soos elke goeie skrywer 'n eie, kenmerkende styl het waaraan ons hom ken, net so het elke taal 'n eie kenmerkende „taalidioom."

Dis natuurlik ook die *geval* met Afrikaans, wat ontwikkel het tot 'n medium waardeur ons Afrikaanssprekende Afrikaners hulle gedagtes en gevoelens kan uitdruk. Met andere woorde, dis 'n *selfstandige* „taal," wat in baie *opsigte* anders is as al die ander wêreldtale.

In Hoofstuk 18 sal u 'n lysie tiepies-Afrikaanse idiome vind. Hierdie lysie is allesbehalwe volledig, maar dit sal *dien* om die student te *oortuig* van die noodsaaklikheid om die Afrikaanse idiome te ken—as hy Afrikaans wil ken.

serve.
convince.

Ons het hierbo gesê dat Afrikaans, soos alle tale, 'n eie tiepiese taalidioom het, waarmee ons *rekening* **moet** hou as ons vertaal. By voorbeeld, Engels **when** kan ons vertaal deur **as** of **toe**, maar ons kan nie **as** vertaal waar dit **toe** moet wees nie, en omgekeerd, omdat die Afrikaanse taalidioom eis dat **toe** alleen vir die verlede tyd kan gebruik word, en **as** vir die ander tye. Dus :—

account.

When he comes, we are glad.
As hy kom, is ons bly.
When he came, we were glad.
Toe hy gekom het, was ons bly.

Dit is maar één voorbeeld om aan te toon hoe *versigtig* ons moet wees om 'n idiomaties-korrekte vertaling te kry. Om nog 'n voorbeeld te noem :—

careful.

As ons vertaal is ons *geneig* om die Engelse „**I was beaten**" te vertaal „**Ek was geslaan**" in plaas van „**Ek is geslaan** (geword)." „Ek was geslaan" sou in Engels kan vertaal word: „I had been beaten," soos blyk uit die volgende :—

inclined.

In 1904, toe jy **gebore is, was** ek **gebore,** want **ek is** in 1900 **gebore.**
(In 1904, when you **were born,** I was already born (**had been born**), as I was **born** (in 1900).

Vertaling van Engelse deelwoorde.

Baie studente—veral dié wat Engels-sprekend is—vind dit moeilik om *deelwoorde* in Afrikaans te vertaal. Die maklikste weg om te volg is om die frase waarin die deelwoord voorkom, in 'n sin te verander. Ons gee 'n paar voorbeelde :—

participles.

Walking in the garden, I saw a man.
Toe ek in die tuin geloop het, het ek 'n man gesien.

The goods **ordered** have been forwarded by goods train.
Die goedere **wat u bestel het,** is per vragtrein versend.

The boy, **scratching his head,** could not answer.
Die seun **het sy kop gekrap** en kon nie antwoord nie.

The man, **crossing the street,** was killed by a motor.
Die man is deur 'n motor gedood **toe hy oor die straat geloop het.**

in conclusion.
as regards.

phrases.

Ten slotte wil ons daarop wys hoe belangrik dit is dat die student op die hoogte sal wees *wat betref* sogenoemde „staande uitdrukkinge," d.w.s. groepe van woorde, uitdrukkinge, *sinsnedes*, ens., wat ons van vorige skrywers oorgeneem het en wat elke dag deur ons almal gebruik word. Sulke „staande uitdrukkinge" het met verloop van tyd deel geword van ons taal, en ons moet hulle ken omdat dulle mooi is, en omdat hulle ons taal ryker maak. Dink b.v. aan verbindinge soos :—

Om 'n plan te beraam (to make a plan).
Om 'n eed af te lê (to take an oath).
Om getuienis af te lê (to give witness).
Om 'n poging aan te wend (to make an attempt).
Om die ewige rus in te gaan (to die, pass away).
Om in die steek te laat (to leave in the lurch) ;

of dink maar aan sinsnedes soos :—

Ten volle (to the full).
Ter verduideliking (by way of illustration).
Ten opsigte van (in respect of).
Hedentendage (nowadays).
Met mag en krag (with might and main), ens., ens.

So het dit mode geword in Afrikaans om b.v. na sekere woorde sekere voorsetsels te gebruik ; en as ons dit nie doen nie, gehoorsaam ons nie die „taalmode" nie en ons maak ons skuldig aan taalfoute. Ons moet b.v. sê :—

Bestaan uit (consist of).

en nie „bestaan vir" of „bestaan by," of wat ook al nie. So ook :—.

Verlang **na**, vertrou **op** (rely on),
jaloers **op** (jealous of), kwaad **vir**, ens., ens.

Oefening 17a.

Vertaal in idiomaties-korrekte Afrikaans :—

(1) No attempt has as yet been made to grow flowers in this garden.

(2) The examination paper was fairly stiff ; nevertheless, I succeeded in obtaining sufficient marks to pass with distinction.

(3) On the occasion of the visit of H.R.H. the Prince of Wales, the City Hall was beautifully lit up.

(4) When he told me that more depended on my own effort and ingenuity than on the lecturer's guidance, I almost lost courage.

(5) In vain he tried to solve a problem which had puzzled many a statesman more competent and clever than he could ever hope to be.
(6) Can you please tell me what is the correct time, and whether there is any possibility of catching a train to Stellenbosch before five.
(7) Applications are invited for the post of shorthand-typiste at the Technical College, Cape Town, as from the 1st prox., at a salary of £10 per month.
(8) Patiently we waited for him, expectantly scrutinising every passer-by, but he never turned up.
(9) The conductor told us to change at Wolseley for Ceres, but I think he must have made a mistake.
(10) He doesn't seem to have realised the truth of the old saying: Easy come, easy go. (20)

Oefening 17b.

Vertaal in goeie Afrikaans:—

"At length they were watched, the terrible mystery discovered, and father and son summoned to take their trial at Pekin. Evidence was given, the obnoxious food itself produced in court, and verdict about to be pronounced, when the foreman of the jury begged that some of the burnt pig, of which the culprits stood accused, might be handed into the box. He handled it, and they all handled it; and burning their fingers, as Bo-bo and his father had done before them, and nature prompting to each of them the same remedy, against the face of all the facts, and the clearest charge which judge had ever given—to the surprise of the whole court, townsfolk, strangers, reporters, and all present—without leaving the box, or any manner of consultation whatever, they brought it to a simultaneous verdict of Not Guilty." (25)

(*Lamb*: A Dissertation upon Roast Pig.)

Oefening 17c.

Gebruik in goeie volsinne:—

Ter vereffening; in stand hou; in die wiele ry; op swart en wit; voorwaar; uit die aard van die saak; wat betref; dit het broekskeur gegaan; die verbasende ontwikkeling; beenaf wees op iemand. (10)

Oefening 17d.

(*a*) Vul in die regte vorm van die verlede deelwoorde tussen hakies, en vertaal:—

'n (Uitgetrek) tand; 'n (afgetrek) man; 'n (vasgebind) dief; 'n (gebind) lewe; 'n (gebuig) tak; met (gebuig) hoof; 'n (aangetrek) vrou; die (betrek) departement; die (gery) perd; die (bery) poliesie.

(*b*) Voltooi die volgende sinne met 'n selfst. naamwoord wat van die ww. afgelei is :—

(b.v. Iemand wat studeer is 'n student).

(1) Iemand wat lieg is 'n —.
(2) Iemand wat fabriseer is 'n —.
(3) Iemand wat bedrieg is 'n —.
(4) Iemand wat moor is 'n —.
(5) Iemand wat dirigeer is 'n —.
(6) Iemand wat beoordeel is 'n —.
(7) Iemand wat kritiseer is 'n —.
(8) Iemand wat in Indië woon is 'n —.
(9) Iemand wat in Italië woon, is 'n —.
(10) Iemand wat aan politiek deelneem, is 'n —. (20)

Oefening 17e.

Skrywe 'n brief waarin u, as sekretaris van 'n vereniging, 'n hoogstaande parlementslid of 'n minister versoek om as spreker op te tree by geleenthëid van een of ander groot gebeurtenis.

Gee ook die antwoord. (25)

Leesoefening 9.

GAAN DIE MENSDOM UITSTERF ?

In Julie en Augustus 1929 het, vir die eerste keer in die geskiedenis, die Britse Genootskap vir die Bevordering van die Wetenskap (British Association for the Advancement of Science) in Kaapstad vergader. Op *uitnodiging* van die Unie-regering het meer as vyfhonderd geleerdes, onder wie van die grootste wetenskaplikes van die wêreld, die konferensie *bygewoon*, en sake van die allergrootste *belang* vir die wetenskap is deur die lede bespreek.

invitation.
attended.
importance.
most brilliant.

Een van die *skitterendste* en sensasiewekkendste lesings was dié wat professor O. Abel van Weenen, Oostenryk, gelewer het. Hierdie lesing is belangrik omdat dié geleerde *dierkundige* met 'n splinternuwe *stelling* voor die dag gekom het, 'n stelling wat, as dit waar is, 'n *verreikende* invloed kan hê op die mensdom. Dis die moeite werd om 'n paar minute by die professor se woorde stil te staan.

zoölogist.
theory.
far-reaching.

Dis 'n welbekende feit, het prof. Abel *beweer*, dat die lewe van elke *wese* een lang stryd teen sy omgewing is, en dat so 'n wese vroeër of later gedoem is tot *ondergang* waar die lewensstryd te hard is. So vind ons baie diererasse wat totaal *uitgeroei* is as gevolg van te *ongunstige* lewensomstandighede, soos *gebrek* aan kos en te veel vyande.

stated
being.
destruction.
exterminated.
unfavourable.
want

Dis egter 'n *merkwaardige* feit dat die teenoorgestelde *toestand*, d.w.s. die allergunstigste lewensomstandighede soos baie kos en min vyande, presies dieselfde *uitwerking* het as 'n te harde stryd om te *bestaan*. Ook hier kry ons 'n *gestadige* degenerasie wat op die ou end lei tot *algehele* ondergang. Om hierdie stelling te bewys *haal* die geleerde professor as voorbeeld *aan* die grot-bere, fossiele waarvan ontdek is in die sogenoemde Drake-grot by Mixnitz in Oostenryk. 'n *Noukeurige* studie van hierdie fossiele bewys dat die grot-bere *met verloop van* die eeue al meer en meer degenereer en ewentueel heeltemal uitgesterf het *eenvoudig* omdat hulle lewensbestaan te maklik was. Hulle omstandighede was van so 'n *aard* dat hulle sonder veel lewensgevaar kon bestaan. Die gevolg was 'n periode van *buitengewone bloei*, toe dié diersoort sy hoogste *ontwikkeling* bereik het, maar hierop het gevolg 'n periode van degenerasie wat gelei het tot uitroeiing.

noteworthy.
condition.
result.
exist.
gradual ; total.
aanhaal—cite.
thorough.
in the course of
simply.
nature.
exceptional progress.
development.

Hierdie degenerasie of agteruitgang wat volg op die bloeitydperk *skryf* die professor onder andere *toe* aan die feit dat baie gunstige lewensomstandighede as gevolg het die *behoud* van die hele ras, *selfs* van die swakkeres en *minderwaardiges*. Onder ongunstige omstandighede, as die lewensstryd hard en gevaarlik is, word die minderwaardige dier op natuurlike wyse uitgeroei. Hy is te swak om te bestaan in die *felle* stryd teen *roof*diere en siektes, en hy sterf uit sonder om die ras as geheel te beïnvloed. Waar die stryd egter minder swaar is, bly die swakkeres bestaan, en, wat meer is, bring 'n ras voort wat swak is. Die *onvermydelike* gevolg is agteruitgang van die hele ras, want dis 'n wetenskaplike feit dat die *voortplanting* van minderwaardige *eienskappe* in indiwidue lei tot degenerasie.

toeskryf—ascribe.
salvation; even.
inferior.
fierce ; prey.
unavoidable.
propagation.
characteristics.

Die bewering dat die gunstigste lewensomstandighede 'n *dreigende* gevaar is vir die voortbestaan van 'n ras bewys prof. Abel deur verdere voorbeelde aan te haal. Hierdie stelling werp 'n nuwe lig op die wetenskap en dit *bevat* 'n moontlike *verklaring* van baie wetenskaplike *verskynsels* wat vroeër onverklaarbaar was. In die lig van hierdie nuwe tesis is dit b.v. baie duidelik waarom die reusagtige *soogdiere*, waarvan geraamtes orals ontdek is, uitgesterwe het.

threatening.
contains.
explanation.
phenomena.
mammals.

Van watter belang is prof. Abel se ontdekking vir die mensdom ?

Wat waar is vir die dier is ook waar vir die mens. Die natuur in sy ewolusie-prosesse maak geen onderskeid tussen mens en dier nie. Dieselfde natuurwette *geld* vir die een so goed as vir die ander. As dit dan 'n natuurwet

hold good.

is dat die allergunstigste lewensomstandighede lei tot ewentuele ondergang, dan staar 'n dreigende lewensgevaar die mensdom in die gesig. Ook ons, net soos die grotbere, *verkeer* vandag onder baie gunstige omstandighede: die swakkes en *gebreklikes* onder ons word beskerm en toegelaat om te *vermenigvuldig*. Ja, ons *moedig* hulle eintlik daartoe *aan*. Die gevolg is 'n groot persentasie gedegenereerdes—mense wat liggaamlik en geestelik 'n *belediging* is vir die menslike ras. En met verloop van die eeue trou hierdie minderwaardige mens-tiepe en bring 'n tiepe voort wat swak en gedegenereerd is—die gevolg van *oorerwing*.

exist.
cripples.
multiply.
aanmoedig—encourage.
insult.
heredity.

En as dit so aangaan? Dan kan daar, volgens prof. Abel, maar een gevolg wees: die menslike ras sal *stelselmatig* agteruitgaan om uiteindelik, as lewensomstandighede 'n ongunstiger *wending* neem, miskien heeltemal uit te sterwe.

systematically.
turn

Met hierdie feite voor oë, en met die moontlike ondergang wat daarop kan volg, *verrys noodwendig* die vraag: wat gaan ons doen? Gaan ons sake maar hulle gang laat gaan? Om die swakkes en gebreklikes onder ons dood te maak is natuurlik buite die kwessie, maar die minste wat ons kan doen is om te *verhoed* dat hulle kinders sal voortbreng. Langs die weg van sterilisasie b.v. kan ons hulle *belet* om 'n inferieure menseras voort te bring. Dis 'n vraagstuk wat *weliswaar* baie moeilikhede *baar*, maar wat nogtans aangepak moet word as ons die mensdom wil *vrywaar* van die moontlikheid van absolute uitsterwing.

arises.
of necessity.
prevent
prevent.
to be sure.
bring forth.
protect.

HOOFSTUK AGTIEN.

IDIOME EN SPREEKWOORDE.

Elke taal het sy eie manier om sekere begrippe uit te druk. Soms is die uitdrukking besonder *kernagtig* en *treffend*, en dra hulle baie daartoe by om 'n taal *skilderagtig* en *beeldryk* te maak. | pithy. striking. picturesque. figurative.

Op hierdie *stadium* sal die student goed doen om in nouer aanraking met Afrikaanse idiome en spreekwoorde te kom. Dit sal sy taal *verryk* en sal hom dikwels in staat stel om iets op 'n mooier en treffender manier te sê as wat anders die geval sou wees. | stage. enrich.

Leer elke dag 'n paar van die idiome en spreekwoorde, in onderstaande lys aangegee, *van buite*, en probeer om hulle by elke moontlike geleentheid in u taal in te vleg. | by heart.

U sal vind dat baie van die idiomē ook in u eie taal bekend is, soms in 'n *verwante*, soms in 'n ander vorm. Party van die uitdrukkings is baie oud en kom in verskeie tale voor. | related.

As u die uitdrukking in die eerste kolom nie dadelik verstaan nie, probeer dan eers om dit te *ontsyfer* deur middel van die Afrikaanse verklaring in die twede kolom en lees daarna eers die Engelse verklaring. | unravel.

Idioom of Spreekwoord.	Afrikaanse Verklaring.	Engelse Verklaring.
Die aap is uit die mou.	Die geheim het uitgekom.	The secret has been revealed.
Agteros kom ook in die kraal.	Selfs stadige mense bereik hul doel.	Even the slow ones get there ultimately.
Asem ophou.	Vrees vir die uitslag.	To hold one's breath.
Die bal misslaan.	Jou vergis.	To be mistaken.
Op sy bas kry.	'n Pak slae kry.	To get a hiding.
Tussen die boom en die bas wees.	Nóg die een nóg die ander wees.	To be neither fish nor flesh.
'n Blok aan die been hê.	Gebonde wees.	To be handicapped.
Beenaf wees op iemand.	Verlief wees op iemand.	To be in love with somebody.
Bene dra.	Weghardloop.	To run away.

Idioom of Spreekwoord.	Afrikaanse Verklaring.	Engelse Verklaring.
Belofte maak skuld.	'n Mens moet jou beloftes nakom.	Promises involve obligations.
'n Blom maak.	Baie goed doen.	To do very well.
Soos' n boek (advokaat) praat.	Glad praat.	To have the gift of the gab.
'n Bok skiet.	'n Flater maak.	To make a *faux pas*.
Boontjie kry sy boontjie.	Vroeër of later kry elkeen sy beloning.	Sooner or later evil brings its own punishment.
In die bottel kyk.	Sterk drank gebruik.	To drink.
Broekskeur gaan.	Baie swaar gaan.	To accomplish with difficulty.
Mooi broodjies bak.	Soebat.	To plead.
Tot by oom Daantjie in die kalwerkok.	Tot op die uiterste.	To the furthest extreme.
Dapper en stapper gebruik.	Voetslaan.	To walk.
Doekies omdraai.	Die waarheid wegsteek.	To disguise the truth.
Die een se dood is die ander se brood.	Die een se nadeel is die ander se voordeel.	One man's poison is another man's food.
'n Doring in die vlees wees.	'n Gedurige hindernis wees.	To be a constant source of irritation.
Dronkslaan.	Onverstaanbaar wees.	To puzzle completely.
Duim vashou.	Iemand ondersteun.	To hold thumbs.
'n Halwe eier is beter as 'n leë dop.	Iets is beter as niks.	Half a loaf is better than no bread.
Ter elfder ure.	Op die laaste oomblik.	At the eleventh hour.
Elmboog lig.	Sterk dránk gebruik.	To drink.
Erfgeld is swerfgeld.	Erfgeld word gou uitgegee.	Easy come, easy go.
Vol fiemies wees.	Aanstellerig wees.	To be full of whims.
Alle gekheid op 'n stokkie.	Alle grappies opsy.	All joking aside.
Geld wat stom is maak reg wat krom is.	Met geld kan 'n mens alles doen.	Money rules the world.
Daar is 'n slang in die gras.	Daar skuil iets agter.	There's something in the wind.
Die gort is gaar.	Nou is dit klaarpraat.	The fat is in the fire.
Daar sal geen haan na kraai nie.	Daar sal nooit weer van gehoor word nie.	Nothing will be heard of that again.
Hals-oor-kop iets doen.	Haastig iets doen.	To do something hurriedly.
Handgemeen raak.	Met die vuis slaan.	To come to blows.
Wat die hart van vol is, loop die mond van oor.	Die mond verraai die hart.	The mouth betrays the heart.

Idioom of Spreekwoord.	Afrikaanse Verklaring.	Engelse. Verklaring.
Hy is hoenderkop.	Hy is dronk.	He is drunk.
Iets op eie houtjie doen.	Iets sonder raad of hulp doen.	To do something off one's own bat.
Elke huis het sy kruis.	Elke gesin het sy eie geheime moeilikhede.	There is a skeleton in every cupboard.
Jakkals prys sy eie stert.	Hy prys homself.	He praises himself.
Dis bo my vuurmaakplek.	Ek kan dit nie verstaan nie.	It is beyond my comprehension.
Janrap en sy maat.	Enigeen.	Dick, Tom and Harry.
Iemand kafloop.	Iemand klop.	To beat someone.
Hy is nie onder 'n kalkoen uitgebroei nie.	Hy is nie 'n swaap nie.	He is no fool.
Kastaiings uit die vuur haal.	Vir iemand anders die vuil werk doen.	To be made a cat's paw of.
Die kat in die donker knyp.	Iets skelm doen.	To do something on the sly.
Dis klaar met Kees.	Hy kan nie meer nie; hy is oorwonne.	That finished him; he is defeated.
Stadig oor die klippe.	Wees versigtig.	Be careful.
Hy het 'n klap van die windmeul.	Hy is gek.	He is mad.
Ou koeie uit die sloot haal.	Ou moeilikhede weer opgrawe.	To rake out old grievances.
Iemand oor die kole haal.	Iemand kapittel.	To reprove someone.
Kop in een mus wees.	Alles saam doen.	To be firm allies.
Hoe later, hoe kwater.	Hoe langer hoe erger.	The longer it lasts, the worse it becomes.
Ledigheid is die duiwel se oorkussing.	Hoe minder werk, hoe meer kans vir kwaaddoen.	The devil finds the idle ones easy prey.
Skoenmaker, hou jou by jou lees.	Bepaal jou by jou eie sake.	Cobbler, stick to your last.
Lepel in die dak steek.	Sterwe.	To die.
Ou liefde roes nie.	Ware liefde sterf nie.	True love cannot die.
Hy is 'n manteldraaier.	Hy skik hom na sy geselskap.	He is a turncoat.
Hy het sy Moses gekry.	Hy het sy baas gekry.	He has met his match.
Dis mosterd ná die maaltyd.	Dis te laat.	It is too late.
Hy steek sy neus orals in.	Hy bemoei hom met ander mense se sake.	He pokes his nose into everything.

Idioom of Spreekwoord.	Afrikaanse Verklaring.	Engelse Verklaring.
Nood breek wet.	In geval van nood bly die wet nie staande nie.	Necessity knows no law.
In die nood leer jy jou vriende ken.	Ware vriende steun jou in jou nood.	A friend in need is a a friend indeed.
Noustrop trek.	Swaarkry.	To have a hard time.
Oë vol sand skop.	Bedrieg.	To deceive.
Hy eet my ore van my kop af.	Hy eet baie.	He has a big appetite.
Van die os op die esel.	Van een onderwerp skielik oorgaan op 'n ander.	To change the subject of conversation.
Hy is gou op sy perdjie.	Hy word gou kwaad.	He is very short-tempered.
Pêrels voor swyne werp.	Goeddoen aan mense wat dit nie op prys stel nie.	To cast pearls before swine.
Hy is platsak.	Hy het geen geld nie.	He is hard up.
Nou sal die poppe dans.	Nou sal die moeilikhede begin.	Now the fat is in the the fire.
Iemand in die rede val.	Praat terwyl iemand anders praat.	To interrupt somebody.
'n Sak sout met iemand eet.	'n Lang tyd by iemand bly.	To stay with someone for a long time.
Iemand in die sak hê.	Met iemand doen net wat 'n mens wil.	To do what you like with someone.
As die skoen pas, trek hom aan.	As jy skuldig voel, neem dan die woorde ter harte.	If the cap fits, put it on.
Soort soek soort.	Dieselfde soort mense hou bymekaar.	Birds of a feather flock together.
Met spek skiet.	Leuens vertel.	To tell lies.
Stokkiesdraai.	Sonder verlof uit die skool bly.	To play truant.
Hoog in die takke wees.	Dronk wees.	To be drunk.
Sy twak is nat.	Hy kan dit nie doen nie.	That is beyond him.
Hy het nie al sy varkies nie.	Hy het 'n strepie.	He is not all there.
Lang vingers hê.	Steel.	To steal.
Twee vlieë in een klap slaan.	Twee dinge tegelykertyd doen.	To kill two birds with one stone.
Te veel ysters in die vuur hê.	Te veel dinge gelyk aan die gang hê.	To have too many irons in the fire.

Idioom of Spreekwoord.	Afrikaanse Verklaring.	Engelse Verklaring.
Dis water op sy meul.	Dis net soos hy dit wil hê.	It is just what he wants.
Die vyfde wiel aan 'n wa wees.	'n Las wees.	To be a nuisance.
Iemand in die wiele ry.	Iemand dwarsboom.	To thwart someone.
Witvoetjie soek.	Probeer om in die guns te kom.	To curry favour.

Oefening 18a.

Kies 20 idiome uit bowestaande lys en gebruik hulle in sinne waaruit die betekenis duidelik blyk. (20)

Oefening 18b.

Kies 20 idiome uit bowestaande lys en probeer om hulle in u eie woorde te verklaar.

(20)

Oefening 18c.

As iemand geneig is om 'n bietjie te veel te drink dan sê 'n mens: „Hy hou daarvan om sy elmboog te lig"; of „Hy kyk graag in die bottel"; of „Hy loop graag deur die wingerd." Watter passende idioom of spreekwoord sou 'n mens kan gebruik in die volgende gevalle?

(1) Nou sal die moeilikhede begin.
(2) Sonder verlof uit die skool bly.
(3) Van een onderwerp skielik oorgaan op 'n ander.
(4) Hoe minder werk, hoe meer kans vir kwaaddoen.
(5) Hy prys homself.
(6) Hy bemoei hom met ander mense se sake.
(7) Iets skelm doen.
(8) Iemand kapittel.
(9) Iets sonder raad of hulp doen.
(10) Erfgeld word gou uitgegee.
(11) Vroeër of later kry elkeen sy beloning.
(12) Baie swaar gaan.
(13) Tot op die uiterste.
(14) Die een se nadeel is die ander se voordeel.
(15) Daar sal nooit weer van gehoor word nie. (15)

Oefening 18d.

Skryf 'n brief aan die redakteur van 'n koerant waarin u hom vra of hy gewillig sal wees om artiekels wat u geskryf het (sê waaroor) in sy blad te plaas.

Gee ook die antwoord. (25)

Oefening 18e.

(*a*) Vorm bnw. van die volgende woorde, en gee die betekenis van die bnw. wat u gevorm het :—
(b.v. man — manlik = manly).
Stad, regter, telegraaf, skryf, kind (2), vyand, moed, jaar.

(*b*) Vorm snw. van die volgende, en gee die betekenis van die snw. wat u so gevorm het :—
(b.v. duister — duisternis = darkness).
Ruik, gaan, ry, eenvoudig, buig, wantrou, verag, sien, breek, bekend.

(20)

Leesoefening 10.

DIE EWOLUSIE VAN KREDIET.

simple.
tremendous.
intricate.
spheres.
development.
civilized.
outlines.
characterize.
period.
applied.
consume.
even.
activities ;
needs ; provide.
exist.
manufacturer.
barter.
discovered.
exchange.

Van die primitiewe dae van ons grot-bewonende voorvaders met hulle *eenvoudige* lewenswys en lewensfilosofie is dit 'n *geweldige* groot stap voordat ons kom by die Moderne Eeu met sy *ingewikkelde* lewensmasjinerie. Op alle *gebiede* was daar nodig 'n gestadige ewolusie, 'n langsaam maar sekere *ontwikkeling*, voordat die voorhistoriese, behaarde barbaar die fyn-*beskaafde*, „moderne" mens kon word.

In hierdie leesoefening wil ons in breë *trekke* die vier periodes aanstip wat die ewolusie op ekonomiese gebied *kenmerk*.

Ver in die gryse verlede vind ons die eerste *tydperk*, gekenmerk deur die afwesigheid van handel in enige vorm. Dit was die periode toe die gesegde „elkeen vir homself" letterlik *toegepas* is. Op 'n manier was daar produksie, maar met dié „produkte" is geen handel gedrywe nie. Elke man het sy eie produkte *verbruik*. Die man het met sy knopkierie wild doodgeslaan ; die vrou het uit velle klere gemaak, sy het wilde vrugte, bessies, ens., gepluk en later *selfs* koring en ander graansoorte gesaai ;—maar al hierdie *bedrywighede* was om in eie *behoeftes* te *voorsien*. Die idee om hieruit wins te behaal, om hiermee handel te dryf, het nie *bestaan* nie.

Dit is dan die oudste tydperk in die ekonomiese wêreld : die tydperk toe die *vervaardiger* of die produsent terselfdertyd die verbruiker was van eie produkte.

Die volgende stap in die ekonomiese ewolusie is gedoen, toe *ruilhandel* die daglig gesien het. Op een of ander tyd in die verre verlede het ons harige voorouers *ontdek* dat hulle makliker oor die weg kon kom as hulle artiekels *verruil*. Op hierdie eenvoudige manier kon die een by die ander iets kry wat hy self nie had nie en graag wou hê.

Die *gevolg* van hierdie ontdekking was dat *met verloop van tyd* elke persoon nie meer probeer het om in al sy eie behoeftes te voorsien nie, maar hom op die produksie van een artiekel *toegelê* het—die ander kon hy mos ruil van sy buurman. Om 'n maklike voorbeeld te noem : i.p.v. wild sowel as vis in die hande probeer kry soos in die vroegste tye (eerste periode) die *geval* was, het een man hom net op wildjag toegelê, en 'n ander een net op visvang, en toe het hulle geruil : wild vir vis en vis vir wild.

result ; in the course of time. applied. case.

Hierdie ruilhandel-periode het die *grondslag* gelê van die moderne stelsel van handelbedrywighede. Dis die hoeksteen van die *hedendaagse* handel. Selfs vandag vind ons minder beskaafde rasse—soos baie negerstamme in Afrika—wat nog in die ruilhandel-tydperk *verkeer*. Baie sogenoemde „traders" in Basoetoeland dryf b.v. 'n florerende handel met die Kaffers, wat hulle mielies, *pluimvee*, ens., by die winkel kom verruil vir tabak, *kruideniersware*, e.a. benodighede.

foundation. modern. are. poultry. groceries.

Die derde tydperk in die ewolusie-geskiedenis van ekonomie is ook 'n ruilhandel-periode, maar nou het geld die algemeen *erkende* ruil*middel* geword. Produkte e.a. goedere is vir geld „verruil," of, soos ons sou sê, verkoop ; en hierdie ruil-proses gaan vandag nog voort. Klinkende munt het die standaard ruilmiddel geword. Die waarde wat ons geld vandag het is dus 'n *kunsmatige* waarde : dit is self nie *werklik* iets werd nie, maar *besit* groot waarde omdat dit as ruilmiddel aan ons dinge van werklike waarde kan *verskaf*.

recognised ; means. artificial. really ; possesses. provide.

In die vierde—en laaste—periode het selfs geld as ruilmiddel *oorbodig* geword, want in hierdie tydperk word daar op krediet gekoop en geleen, d.w.s. in 'n *teenswoordige* behoefte word voorsien en hiervoor sal êrens in die toekoms 'n waarde moet opgeoffer word. Dit is die tydperk van krediet, die periode van handel sonder enige ruilmiddel, nie eers in die vorm van geld nie—solank soos daar in die meeste gevalle net 'n *bewys* van skuld is. Aan die kredietstelsel is daar natuurlik baie voor- en nadele verbonde, wat ons *egter* in hierdie kort *verhandeling* nie kan bespreek nie.

superfluous. present. proof. system. however ; treatise.

Krediet, soos ons dit vandag ken, is dus 'n produk van die ekonomiese stelsel van 'n hoogs beskaafde wêreld. Krediet is niks anders nie as 'n natuurlike *uitbreiding* van ruilhandel, 'n verdere stap in die ontwikkeling van ekonomie. Net soos dit vir ons voorouers onmoontlik was om die vliegmasjien en die telefoon uit te vind omdat hulle *wetenskaplik* nog nie ver genoeg ontwikkel het nie, so kan ons ook nie verwag dat die kredietstelsel eerder gebore kon gewees het nie, want hierdie stelsel is 'n tiepiese produk van die Moderne Eeu.

extension. scientifically.

HOOFSTUK NEGENTIEN.

DRUKPROEWE.

Dit gebeur soms dat drukproewe (in die vorm van advertensies, pamflette, ens.) op kantoor moet gelees en verbeter word voordat hulle finaal *ter perse* gaan. By sulke *geleenthede* kom 'n kennis van die tekens, deur *beroepsproeflesers* gebruik, goed te pas, want dit *vergemaklik* die werk vir die klerk wat die proewe moet lees, en natuurlik ook vir die drukker.

to press.
occasions.
professional proofreaders.
facilitates.

Vir elke verbetering wat in 'n drukproef aangebring word, is daar 'n *afsonderlike* teken. Vir die amateurproefleser is dit nie nodig om almal te ken nie, *derhalwe* sal ons net die meer gewone tekens hieronder aangee. Behalwe tekens is daar egter name van verskeie soorte loodletters wat dikwels in verkorte vorm voorkom en wat elke Afrikaanse proefleser behoort te ken.

separate.
therefore,

Die doel van hierdie tekens en verkortings is om die nodige verbeteringe op die *doeltreffendste* en *saaklikste* manier aan te bring.

most effective.
most businesslike.

Hieronder volg 'n lys van die nodige verkortings en tekens :—

(*a*) Verkortings.

O.K. = onder kas (Engels: lower case).
kl. = kleinletter (Engels: ordinary type, as opposed to caps).
hfl. = hoofletters (Engels: caps).
khl. = klein hoofletters (Engels: small caps).
swt. = swart (Engels: bold-faced).
swt. hfl. = swart hoofletters (Engels: bold-faced caps).
rom = Romeinse letters (Engels: Roman type).
kurs. = kursief (Engels: italics).
tr. = transponeer (Engels: transpose).
N of # = nuwe paragraaf (Engels: new paragraph).
vr. of ? = vraag: is onderstreepte gedeelte reg? (Engels: Qy. or ?).
eg. # = maak spasie egaal (Engels: Eq. #).

(*b*) Behalwe hierdie verkortings sal die volgende uitdrukkings ook van pas kom :—

uit : sien kopie (Engels : out, see copy).
laat aanloop (Engels : run on).
laat oorloop (Engels : run over).
laat terugloop (Engels : run back).
stet : laat onveranderd staan.

 : haal uit.

: haal uit en sluit aan.

 : voeg 'n punt in.

 : voeg 'n dubbelpunt in.

 : voeg 'n kommapunt in.

: voeg 'n komma in (en so ook vir die ander leestekens).

 : voeg aanhalingstekens in.

 : skuif na links.

 : skuif na regs.

 : stel reël reg.

: sluit aan, moenie spasie laat nie.

 : slegte lood; verander asseblief.

: skryf apart.

: iets uitgelaat.

HOE OM TE WERK TE GAAN.

Al die nodige veranderinge moet langs die kante van die drukproef aangebring word. Dit wil nie sê dat daar geen merke in die proef self gemaak word nie, maar die drukker se aandag **moet** deur middel van *kanttekeninge* daarop gevestig word. marginal notes.

Versigtigheid is die vernaamste vereiste vir 'n goeie proefleser. Die klerk wat sy firma se advertensies sleggedruk laat verskyn kan nie altyd loskom deur die skuld aan die *drukkersduiwel* te gee nie. carefulness. printer's devil.

Lees dus alle drukproewe minstens tweemaal deur. Sorg ook dat die verbeteringe langs die kant duidelik aangewys word.

HOE 'N DRUKPROEF VERBETER WORD.



daar waswaarlik bai e mene mense by die Ten-
toonstelling as watt ons verwag het my vierud
jan Het byna opsy ruggeval toe hy sien hoeveel
ondersteuners daer was. Een van die beste uit-
stallings was dié vandie bekend boere jansen
in die Wellingtonse distrik. Hulle vrugte was
'n lus om te sien, ek kan my ni herinner dat
ek sal ooit better gesien het nie.
Hulle was so mooi dat al die mense lank by
hulle bly staan het. Dis goed om te sien hoe groott
die belangstelling in tentoon stellings nou is.
Daar was 'n tyd toe die aanhoudende droogte
gedreig het om die poegings van die boere te lat
misluk.

OPMERKING 1.

Sorg dat die verbeterings mooi eweredig aan albei kante van die proef versprei word, anders loop die strepe naderhand oormekaar—wat maklik verwarring kan veroorsaak.

DIE VERBETERDE DRUKPROEF.

Daar was waarlik baie meer mense by die tentoonstelling as wat ons verwag het. My vriend Jan het byna op sy rug geval toe hy sien hoeveel ondersteuners daar was.

Een van die beste uitstallings was dié van die bekende boere Jansen in die Wellingtonse distrik. Hulle vrugte was 'n lus om te sien; ek kan my nie herinner dat ek al ooit beter gesien het nie. Hulle was so mooi dat al die mense lank by hulle bly staan het.

Dis goed om te sien hoe groot die belangstelling in tentoonstellings nou is. Daar was 'n tyd toe die aanhoudende droogte gedreig het om die pogings van die boere te laat misluk.

Oefening 19a.

(1) Waarvoor staan die volgende verkortings :—

khl., o.k., swt., kl. swt., swt. hl: ?

(2) Gee die gebruiklike verkortings vir :—

Hoofletters, Romeinse letters, kursief, swart letters, onder kas.

(3) Waarvoor staan die volgende tekens :—



(15)

Oefening 19b.

Verbeter die volgende drukproewe :—

(*a*) hy hte dit niebesonder moei lik goveinD om daardei moetor t ekoop. on s het all dikweels sama met hom uit gerei naplase ind ie Distrik, maar noit hethy vir osn gese hoe hy die gled virdie mtoor ind ie hande geky het.

(*b*) laat stana jan se .Hy met een stem wat dreu nsoos die van 'n bull ek hetnie jou hode genem en dis onodige om my soos bydie keel te vatt ek sal vir jou een tai klpa gee as jy joue nie gedra.

(*c*) Ons hett lanklas sulkke onopgevode mens teegekoem hulle wag nie totdta jy kleerge prat het voordat hule juo in die rede val nie ek voel baei lus omvir hulle op hul pleke te sit. (35)

Oefening 19c.

Gebruik in goeie volsinne :—

Doeltreffende, derhalwe, vergemaklik, saaklik, verwarring, afsonderlik, eweredig, bulder, sienswyse, voortaan. (10)

Oefening 19d.

(*a*) Gee die teenoorgestelde van :—

'n **Spekvet** hond ; **sterk** koffie ; die meisie is **hoogmoedig** ; 'n **tydelike** aanstelling ; 'n **opgeruimde** man ; die saal was **propvol** ; **billike** pryse; 'n **wyse** man ; alles was **in orde.**

(*b*) Gee die trappe van vergelyking van :—

Droog, helder, lig, graag, kwaad, baie, dof, dwaas, nuut, besete. (20)

Oefening 19e.

Voltooi die volgende uitdrukkinge en gebruik dan elkeen in 'n sin sodat die betekenis duidelik uitkom :—

(b.v. Dis bo my —: Dis bo my vuurmaakplek.
Hoe jy dit reg kry om nooit oefening te neem nie en tog gesond te bly, is bo my vuurmaakplek.)

(*a*) Die kat in die donker — .
(*b*) Ou koeie uit die sloot —.
(*c*) Iets op prys —.
(*d*) Alles vir soetkoek —.
(*e*) Die onderspit —.
(*f*) Lepel in die dak —.
(*g*) Van die os op die —.
(*h*) Hoe later —.
(*i*) Jan het stokkies —.
(*j*) Om witvoetjie te —. (20)

TOETS DRIE.

1. Skryf 'n opstel van 50 reëls oor **een** van die volgende onderwerpe :—

(*a*) Landbou.
(*b*) 'n Storm op see.
(*c*) Spoke. (30)

2. U is 'n boer en het sekere gereedskap nodig. Skryf aan 'n firma in Kaapstad om die bestelling uit te voer. (15)
Gee ook die antwoord.

3. Vertaal :—

NEWSPAPERS.

(*a*) Newspapers, too, should be read if one would form correct views and attitudes on questions of daily life and interest and on matters that directly concern the citizen and the State. But to form fair, open-minded, generous opinions, is by no means easy. To read without thinking the opinion of any one newspaper, and to echo the political views therein expressed, is a danger which can only be avoided by hearing both sides of a question, and by keeping before us the ideals of impartiality and fair-mindedness. The need for clear thinking is obvious, but it must be on all the facts available.

METHOD *VERSUS* FACTS.

(*b*) Education is not merely acquiring facts. The educated man may have few facts at his command, but he knows how and where to obtain others. He is at home in the world of ideas and things. His education has taught him a method of acquiring knowledge and how to use it, and has not stopped short at teaching him facts. Thus a pupil is not well-educated by learning only how to do sums, how to write, or how to read. He must learn the way to use these implements in the business of living. He must know how to apply successfully what he learns. Agility of mind is fostered by exercise, and knowledge is valuable only as material for practice in thinking. (20)

4. (*a*) Verklaar die volgende idiome in u eie woorde :—

(1) Oë vol sand skop.
(2) Hy eet my ore van my kop af.
(3) Van die os op die esel.
(4) Hy is gou op sy perdjie.
(5) Pêrels voor swyne werp.
(6) Hy is platsak.
(7) Nou sal die poppe dans.
(8) Iemand in die rede val.
(9) Daar is 'n slang in die gras.
(10) Stokkiesdraai.

(*b*) Gebruik onderstaande idiome in sinne wat hulle betekenis verduidelik :—

(1) Hy is hoog in die takke.
(2) Twee vlieë in een klap slaan.
(3) Dis water op sy meul.
(4) Hy is soos die vyfde wiel aan 'n wa.
(5) Iemand in die wiele ry. (15)

5. Verbeter die volgende drukproewe :—

(*a*) heel wat is dara al in ons sonige suidafrika gespekknleer, geskry we, gepraat en gefilosofeer oor die amblankevragstuk, sy onstaan, en alle moontlik maniere om dti op te los. To Dusver hetons nog altyd probeer om dei wortel van die kwaed, wat ons afrikanervlok ten gronde druk by die groet opgegrooide mnse te soek, en die kanker by hulle t egenees, net asfo om dit ons in die p raktyk soe kon doen.

(*b*) in dei ierste p lek neem die kerk een groet deelvan die veranwoorddelikheid en sorg vir d ie kindres van die betrokke ouers se skouers af. die kerk gee mos klerre in skone. Hoe reegeer Die ouers nuo heerop : wat vindons nou. (10)

6. Gebruik in goeie volsinne :—

Ongeveer, ten behoewe van, oorspronklik, veroorsaak, buitengewoné, met man en muis, beoordelaar, wissel, notering, onvermydelik. (10)

Leesoefening 11.

DIE BESKERMING VAN NYWERHEDE.

policy. protection.

In alle lande vind ons vandag dat 'n *politiek* van *beskerming* teenoor eie nywerhede gevolg word. Dié beskerming bestaan nie net daaruit dat die publiek dit as hulle plig en *voorreg beskou* om aan artiekels wat plaaslik *vervaardig* word die *voorkeur* te gee bo ingevoerde artiekels nie ; maar in die meeste lande vind ons ook dat die regering *deur middel van* wetgewing *plaaslike* industrieë beskerm teen *onbillike mededinging* van buite.

privilege; regard manufactured ; preference. by means of ; local. unfair competition. levying. import duties.

Dit word gewoonlik gedoen deur die *hef* van taamlik hoë *invoerbelastings* op dié artiekels wat binnelands vervaardig word, en in verband waarmee daar dus geen *noodsaaklikheid* bestaan om hulle van *elders* in te voer nie. Laat ons, by wyse van opheldering, 'n konkrete *geval* neem. As 'n land b.v. sy skoen-nywerheid wil aanhelp en *bevorder,* kan die *owerheid* 'n wet maak waarvolgens alle invoerders van elders-vervaardigde skoene op die *grens* 'n sekere bedrag aan die regering moet betaal voordat die ingevoerde skoene toegelaat word om die land binne te kom. Dit beteken natuurlik dat die invoerder 'n abnormaal hoë prys vir die skoene moet betaal voordat hy in staat is om hulle te verkoop. 'n Verdere *gevolg* van so 'n invoerbelasting is dat die kopers van sulke ingevoerde skoene op die ou end *die gelag moet betaal,* want hoe hoër die invoerbelasting hoe hoër sal die prys van die artiekel wees. So kan dit baie maklik gebeur dat 'n mens £1 10s. betaal vir 'n paar ingevoerde skoene waar jy skoene van dieselfde kwaliteit, plaaslik vervaardig, teen £1 kan koop.

necessity; elsewhere. case. promote ; authorities. border. result. must pay the piper.

realise. demand. consequently. (afneem— decrease). of necessity. accomplished.

Die hef van 'n hoë invoerbelasting het dan ook gewoonlik as natuurlike gevolg die stopset van die invoer van so 'n artiekel. Die publiek *besef* dat dit nie in hulle voordeel is om 'n onnodig hoë prys vir die ingevoerde artiekel te betaal nie ; die *aanvraag* vir die ingevoerde artiekel neem *gevolglik* af ; die invoerders van sulke artiekels word *noodwendigerwys* minder en minder ;—en die beskerming van binnelandse nywerhede is 'n *voldonge* feit.

Veral in jong lande soos Suid-Afrika is dit absoluut noodsaaklik dat die regering stappe sal doen om die nywerhede te beskerm. In die industrieë van 'n land lê tot 'n groot *mate* sy toekoms, en as daardie industrieë nog jonk is en nog nie op eie finansiële bene kan staan nie, *betaam* dit 'n regering om as *voog* en beskermer op te tree. Doen hy dit nie, dan kan so 'n jong nywerheid in die meeste gevalle nie *wedywer* met lang-*gevestigde*, buitelandse nywerhede nie, en gaan vroeër of later ten gronde. Dit sou beteken die verlies van een van die grootste nasionale *bates* van 'n land.

especially.

extent.

becomes.

guardian.

compete ;

established.

assets.

Invoerbelastings is nie die enigste weg waarlangs 'n regering binnelandse nywerhede kan help opbou nie. In baie gevalle *moedig* die regering ook plaaslike nywerhede *aan* deur geldelike steun in die vorm van premies aan fabrikante. Dump-belastings is nog 'n *middel* wat *vaak aangewend* word om die plaaslike mark en industrieë te beskerm teen onbillike *konkurrensie* van buite.

aanmoedig—

encourage.

means ; often.

applied.

competition.

Hoewel die beskerming van eie nywerhede *in hoofsaak* 'n gesonde *beginsel* is, en hoewel dit in die geval van jong nywerhede *beslis* noodsaaklik is, tog *behoort* beskerming net so lank te geskied as wat die industrie nog jonk en swak is. Later, as hy finansieel sterk genoeg is om op eie bene te staan, behoort die beskermende invoerbelastings *verwyder* te word, sodat die plaaslike fabrieke op gelyke voet sal moet wedywer met die buitelandse nywerhede. Deur hierdie gesonde konkurrensie sal die binnelandse industrieë *genoodsaak* wees om artiekels te lewer wat goed sal *vergelyk* met die ingevoerdes, want as die hoë invoerbelastings verwyder is, sal *minderwaardige* plaaslike artiekels *verdring* word deur ingevoerde artiekels. By die hef van beskermende tariewe moet 'n regering dus *heel versigtig* te werk gaan, daar *voortdurende* beskerming ongetwyfeld 'n verlies vir 'n land is.

in the main.

principle.

absolutely ;

ought.

removed.

compelled.

compare.

inferior.

replaced.

very carefully ;

continual.

HOOFSTUK TWINTIG.

WOORDVORMING.

vocabulary.

Die *woordeskat* van 'n taal is gedurig aan die verander deurdat nuwe woorde gevorm word wat voorheen nie *bestaan* het nie, of deurdat ou bestaande woorde minder en minder gebruik word sodat hulle later heeltemal *verdwyn*.

exist.

disappear.

Gewoonlik word nuwe woorde gevorm—

compounds.

derived words.

(1) deur gebruik te maak van reeds bestaande woorde (vgl. *samestellings* soos **stadsaal** = stad + saal, of *afleidings* soos **stedelik** = stad + -lik), of

onomatopœia.

(2) deur die skep van splinternuwe woorde wat voorheen nie bestaan het nie (vgl. klank-*nabootsinge* soos **kwêkwê-voël, Piet-my-vrou,** ens.).

In hierdie hoofstuk sal ons ons besig hou met die vorming van nuwe woorde deur gebruik te maak van woorde wat alreeds in Afrikaans bestaan.

increased.

Soos ons al gesien het, kan die Afrikaanse woordeskat *uitgebrei* word deur twee of meer woorde saam te stel—dan kry ons wat ons noem **samegestelde woorde, wat in Afrikaans altyd aanmekaar geskryf word,** met of sonder 'n *koppelteken*; b.v.:—

hyphen.

Onderwysdepartement,
stadsaal, see-eend,
roemryke, wêreldberoemde,
goed-gekwalifiseerde,
oppas, skoolgaan, asemhaal,
wildeblommetentoonstelling.

(Vir die gebruik van die koppelteken vgl. Hfstk. 10, paragraaf 9).

Behalwe samestellings, kry ons ook afleidings, waar ons van ou woorde nuwes vorm deur gebruik te maak van *voorvoegsels* of *agtervoegsels* of albei, soos b.v. in:—

prefixes; suffixes.

onmens (on + mens),
menslik (mens + -lik),
onmenslik (on- + mens + -lik).

By woordvorming kry ons partykeer in één woord samestelling sowel as afleiding, b.v. in :—

hardnekkig (hard + nek + -ig).

Om nuwe woorde te vorm maak ons dus gebruik van die volgende drie metodes :—

(*a*) Samestelling : mensvreter.
(*b*) Afleiding : menslik.
(*c*) Samestellende afleiding [(*a*) + (*b*)] : bowemenslik.

A. SAMESTELLINGS.

1. **Samegestelde snw.** (Compound nouns),
kan as volg samegestel wees :—

(*a*) Snw. + snw. : skoolbank, inkpot.
(*b*) Ww. + snw. : eetkamer, leerskool.
(*c*) Bnw. + snw. : voorvader, kaalkop.
(*d*) Telwoord + snw. : drie-uur, driekwart.

In bogenoemde voorbeelde sal u oplet dat die twede deel van die samestelling in elke *geval* 'n snw. is, en dat ons *eenvoudig* die twee woorde naas mekaar stel, sonder meer. Ons kry egter ook samestellings wat *teweeggebring* word deur verbindingsklanke, d.w.s. klanke wat *dien* om die twee woorde as één te *verbind*, soos b.v. in :—

case.
simply.
brought about.
serve.
join.

Verbinding**s**klank, land**s**taal.
uniwersiteit**s**kollege, volk**s**lied,
boer**e**plaas, bedd**e**goed,
lewen**s**taak, kinder**s**kool.

U sal oplet dat **s** en **e** (veral s) dikwels diens doen as verbindingsklanke.

Let ook op dat, as die eerste woord op **s** eindig en die twede woord begin met **s**, ons dan **ss** in die samestelling kry, b.v. :—

rot**ss**pelonk (rots + spelonk),
ja**ss**ak (jas + sak),
gra**ss**aad (gras + saad),
jakhal**ss**treke (jakhals + streke).

Onthou verder dat **lewe** en **gees** (spirit), as hulle die eerste woord is, altyd **lewens** en **geestes** word in die samestelling ; dus :—

lewe + taak = lewenstaak.
lewe + werk = lewenswerk.
lewe + skets = *lewensskets*. — biography.
gees + toestand = *geestestoestand*. — state of mind.
gees + skepping = *geestesskepping*. — creation of the mind.

2. Samegestelde Werkwoorde.

Soos ons in Hoofstuk 7 gesien het, kan samegestelde ww. skeidbaar of onskeidbaar wees.

Skeidbaar samegestelde ww. word gewoonlik gevorm deur :—

Voorsetsel (bywoord) + ww. : oppas, aanbly: (vgl. Hoofstuk 8, par. 27.)

In plaas van 'n voorsetsel (byw.), kan die eerste deel van die samestelling 'n snw. wees, soos in :—

asemhaal, skoolgaan,

of 'n bnw., soos in :—

mooipraat.

Onskeidbaar samegestelde-ww. bestaan ook gewoonlik uit :—

(*a*) Voors. (byw.) + ww. : ondergáan, oortréf ; of
(*b*) Bnw. + ww. : voltooi.

3. **Samegestelde byv. naamwoorde** word gevorm :—

(*a*) Bnw. + bnw. : donkergroen, liggeel, doofstom.
(*b*) Snw. + bnw. : bloedrooi, *wonderskoon*. wonderfully beautiful.
(*c*) Byw. + bnw. : oorgroot.
(*d*) Bnw. + verl. deelwoord : goed-gekwalifiseerde, lang-gesoekte.
(*e*) Snw. + verl. deelw. : bosbegroeide, grasbedekte.

Veral (*b*) : Snw. + bnw., is 'n vrugbare metode om samegestelde bnw. te vorm. denote. Sulke bnw. *dui* 'n hoë graad *aan* en kán geen trappe van vergelyking hê nie. Ons noem 'n paar :—

Goudgeel, spierwit, asvaal, grasgroen, pikswart, stokoud, stokblind, stokdoof, klipdoof, potblou, hemelhoog, hemelblou, bloedjonk.

4. Samegestelde Bywoorde.

'n Baie algemene, en tiepies-Afrikaanse, manier om samegestelde byw. te vorm is deur verdúbbeling, d.w.s. dieselfde woord word tweekeer herhaal. Sulke verdubbelinge word altyd met 'n koppelteken geskrywe :—

kort-kort, gou-gou, sing-sing, fluit-fluit, ens.

Veral werkwoordstamme (sing-sing) en kort byw. (kort-kort) word so verdubbel.

B. AFGELEIDE WOORDE.

Afleiding kan *geskied* deur voor- en agtervoegsels, of deur interne klankverandering. | occur, happen.

1. Afgeleide snw.

Hier gebruik ons die **voorvoegsels** :—

aarts- (eerste, vernaamste, Engels arch-) :
aartsvyand, aartsengel.

af- (beteken gewoonlik „weg" of „nie") :
afgrond (precipice), *afstand*, afguns (jealousy, envy). | distance.

ant- : antwoord.

ge- het baie betekenisse, o.a. :

(*a*) *Versameling* : geboomte, gebergte. | collection.

(*b*) Om 'n *handeling* uit te druk : | action.
'n geskree (a shouting).
'n geblêr (a bleating).

oer- (dui gewoonlik *oorsprong* aan) : | origin.
oermens (original, *i.e.*, primitive man).
oerwoud (original, *i.e.*, native forest).
oertaal (original language).

on- („nie," „sleg" ; Engels **un-**, **non-**) :
onsin, onmens, ongeluk, *onkunde*. | ignorance.

oor- (dui oorsprong aan) :
oorsprong, *oorsaak*. | cause.

wan („nie," „sleg" ; Engels **dis-**) :
wantroue, wanorde, *wanklank*. | discord.

Om afgeleide snw. te vorm, maak ons ook gebruik van **agtervoegsels.** Hier kry ons 'n groot menigte, wat ons as volg kan verdeel :—

(1) **Konkrete snw.** (name van persone of *sake*) word gevorm deur— | things.

-aar (-naar, -enaar) :
(*a*) Persone : wewenaar, leuenaar, skuldenaar.
(*b*) Dinge : lessenaar (desk).

-er : (*a*) Persone : Transvaler, redder.
(*b*) Dinge : gieter, *stamper*. | pestle.

-aard : Persone : luiaard, grysaard.

-erd : Persone : stouterd, lelikerd.

-ier (-nier, -enier) :
(*a*) Persone : tuinier, *vlieënier*, *howenier*. | pilot ; courtier.
(*b*) Dinge : skarnier (hinge).

-ik (-rik, -erik) :
Persone : *stommerik*. | poor fellow.

-aan : Persone : Mohammedaan, Italiaan.
-iet : Persone : Isaraeliet, Paarliet.
-and : Persone : vyand, *Heiland.*
Saviour. **-is** (-nis) :
(*a*) Persone, nasionalis, puris.
(*b*) Dinge : vuilis (dirt).
-es : Persone, vroulike geslag :
dienares, onderwyseres.
-e : Persone, vroulike :
eggenote, presidente.
-in : Vroulike persone : boerin, heldin.
novice. **-ling :** Persone : kleurling, *nuweling*, liefling.
-ster : Vroulike persone : bakster, werkster.
-sel : Dinge : maaksel, mengsel, weefsel.

(2) **Abstrakte snw.** word gevorm deur :—

-de : liefde, vrede.
-te : diepte, hoogte, lengte, breedte.
-e : koue.
-ing : lyding, *lesing.*
lecture. **-s :** koms, wins.
-teit : kwaliteit, kwantiteit, soliditeit.
-ment : *dreiement.*
threat. **-isme :** spiritisme, spiritualisme.
-heid (-igheid) :
novelty. skoonheid, goedheid, slegtheid, *nuwigheid.*
-dom : ,mensdom, rykdom, ouderdom.
-skap : dronkenskap, genootskap,

(3) **Verkleinwoordjies** word gevorm deur :—

-ie : hoekie, bankie, rakkie.
-jie : hoedjie, kantjie.
-tjie : stoeltjie, koeitjie.
-etjie : blommetjie, karretjie, ringetjie.
-entjie : waentjie, nooientjie.
-pie : boompie, geheimpie.
-kie : koninkie, woninkie.

Afleiding, soos ons gesê het, kan ook geskied deur **interne klankverandering,** d.w.s., die vokaal in die woord verander. Vgl. die volgende :—

Werkwoord.	**Selfst. naamwoord.**	
ly	*leed*	grief.
ry	*rit*	trip.
wreek	*wraak*	revenge.
	wrok	grudge.
sluit	sloot	
	slot	
	sleutel	
graaf (grawe)	graf ; groef	
buig	boog	
bind	band ; *bende* ; verbond	troop, gang.
gaan	gang	
drink	drank	
	dronk	toast.
spreek	spraak ; *spreuk*	proverb.
ruik	*reuk*	odour, smell.

(2) **Afgeleide werkwoorde.**

Om afgeleide ww. te vorm maak ons gebruik van die voorvoegsels **be-**, **ge-**, **er-**, **her-**, **ont-** en **ver-**, soos ons in Hoofstuk 9 gesien het, waar ons sulke ww. onskeidbaar samegestelde ww. genoem het.

(3) **Afgeleide byv. naamwoorde.**

Om afgeleide bnw. te vorm gebruik ons die **voorvoegsels** :—

aarts- (,,baie ") : aartsdom, aartslui.

on- (,,nie," Engels **un-**, **im-**, **in-**, ens.). onwaar, onmoontlik, onjuis.

be- (beteken ,,om te voorsien van ") : beroemd, *bevlek*. soiled, stained.

ge- : gekleed, getrou, gesond.

oer- (,,baie ") : oeroud.

Ons gebruik ook **agtervoegsels** om afgeleide bnw. te vorm :—

-ig (-rig, -erig, -tig) : moedig, regtig, winderig, siekerig.

-agtig (-eragtig, -haftig) : reënagtig, kinderagtig, manhaftig.

-s : Transvaals, kinds, Natals.

-loos (,,sonder," Engels **-less**) ; hopeloos, gevoelloos, kinderloos.

-lik (**-elik,** Engels **-like**) : eerlik, kinderlik, menslik, *afskuwelik*. repugnant.

-baar (Engels -able, -ible) :
eetbaar, onverstaanbaar, draagbaar.

-baar het oorspronklik beteken „wat dra," soos ons nog kan sien in woorde soos „vrugbaar" = wat vrugte dra.

risky; rare.

-saam : *waagsaam*, gehoorsaam, *seldsaam*.

-e : (Engels **-en**) : goue, sye.

-end : stukkend.

(4) **Afgeleide Bywoorde** word gevorm deur **agtervoegsels :**—

-s : dikwels, snags, soggends.

-lik : naamlik, eindelik.

-liks : grootliks, kortliks.

just now.

-ies (-tjies) : *strakkies*, effentjies.

from the side.

-ling (-lings) : plotseling, *sydelings*.

-waarts (Engels -ward) : huiswaarts, noordwaarts.

-toe (óm „motion towards" uit te druk; altyd met 'n koppelteken) : huis-toe, Kaap-toe.

C. SAMESTELLENDE AFLEIDING.

Hier kry ons samestelling en afleiding in een en dieselfde woord, soos b.v. in :—

Houthandelaar (hout + handel + -aar).
hardnekkig (hard + nek + -ig).
kleinserig (klein + seer + -ig).
swartgallig (swart + gal + -ig).
taalbeweging (taal + be- + weeg + -ing).

Oefening 20a.

Vorm samegestelde woorde van die volg. woordpare en gee die betekenis (b.v. os + wa — ossewa = ox-wagon) :—

Staat en man; hoof en onderwyser; lewe en skets; hoog en veld; laag en veld; asem en haal; plat en land; land belange; volk en karakter; volk en bond; debat en vereniging; kalf en hok; kalf en vleis; kind en kamer; rund en pes; lewe en opvatting; gees en verband; lam en vanger; mens en lewe; winter en voete; winter en nag; see en eend; eet en eet; wa en as; rib en been; wa en huis; hoed en kas; oor en weeg; uniwersiteit en kursus. (30)

Oefening 20b.

Vorm, deur middel van voor- en agtervoegsels, twee afgeleide woorde van elkeen van die volgende, en gee die betenisse van die woorde wat u so gevorm het :—

Werk, Transvaal, mens, dra, berg, buig, oud, wreek, nasionaal, wens. (10)

Oefening 20c.

Gebruik in sinne sodat die verskil in betekenis duidelik blyk :—

Seldsaam, selde ; kinds, kinderlik, kinderagtig ; siekerig, sieklik ; draagbaar, draaglik ; Indiër, Indiaan ; nuwigheid, nuutheid ; wetlik, wettig ; eerlik, eerbaar ; verkieslik, verkiesbaar, verkiesing. (20)

Oefening 20d.

Gee die voor- en agtervoegsels, met hulle betekenisse of funksie, in die volgende woorde (b.v. liefde, -de, vorm abstrakte snw.) :—

Berin, ontsnap, wandaad, herhaal, kruidenier, oorsaak, onwaar, barones, wanhopig, fatalis, gebergte, oompie, vrede, nuweling, oertaal, smorens, krygshaftig, verkiesbaar, meesterlik, wêrelds. (20)

Oefening 20e.

Vul in die regte woord en vertaal :—

Meesterlik, meesteragtig.

(1) Hy speel die viool —.
(2) 'n —, dominerende kêrel is hy.

Sedelik, sedig.

(1) Die predikant sorg vir ons — belange.
(2) Sy is so — soos 'n predikant.

Tydig, tydelik.

(1) Ek is — aangestel as lektor.
(2) Ek het die nuus — gekry : more sou dit te laat gewees het.

Vyandig, vyandelik.

(1) Die — leër het naby ons verbygetrek.
(2) Hy is — gesind teenoor my.

Vertrou, ontrou, wantrou, getrou, getroud.

(1) Jy kan hom nie — nie, want hy is baie — ; dus moet jy hom — omdat hy nie — is nie.
(2) Hy is met mej. Theron —.

Begin, beginsel.

(1) Piet is 'n man van —.
(2) Hy het 'n — met die werk gemaak.
(3) My seun het — rook.

Lieflik, liefderik.

(1) Hiervandaan kry jy 'n — uitsig.
(2) Sy het my baie — behandel.

Hoogte, hoogheid.

(1) Wat is die — van die boom ?
(2) Sy Koninklike — die Prins. (20)

Leesoefening 12.

TESTAMENTE.

'n Testament of uiterste wil (ultima voluntas) is die *beskikking* waarby iemand *verklaar* hoe na sy dood met sy goedere *gehandel* moet word.

arrangement; declares.

Enigeen wat nie deur die wet *belet* word nie kan 'n testament maak. Die enigste persone wat deur wet belet word om 'n testament te maak is *swaksinniges* en *verkwisters* aan wie die *beheer* van hulle besittings *ontneem* is. Kinders onder twaalf jaar oud, in die geval van meisies, en onder veertien, in die geval van jongetjies, kan ook nie testamente maak nie. Dis interessant om op te let dat kinders (buiten dié wat pas genoem is) bindende testamente kan maak sonder die verlof van hulle ouers of *voogde*.

acted. prohibited.

imbeciles.

wasters; control. deprived.

guardians.

Gewoonlik word 'n testament deur die testateur self, of deur iemand wat volgens sy instruksies ageer, *opgestel*. Dit word dan deur die testateur geteken in die teenwoordigheid van twee *getuies* en deur elkeen van die getuies in die teenwoordigheid van die testateur en van mekaar. Die testament moet aan die end van elke blad *geteken* word en die datum en plek waar dit geteken word moet ook gegee word. Die getuies moet meer as veertien jaar oud wees maar *behoort* nie persone te wees nie wat uit die testament sal voordeel trek of wat as eksekuteure *aargestel* word nie.

drawn up.

witnesses.

signed.

ought.

appointed.

Die testament *bevat* gewoonlik die volgende klousules:

contains.

(1) Waarin die testateur verklaar dat hy in volle besit van sy *nugtere* sinne is en ten volle bekwaam is om te verstaan wat hy besig is om te doen.

sober.

(2) Waarin alle vorige testamente, kodisille en beskikkinge herroep, kanselleer en *vernietig* word.

destroyed.

(3) Waar die werklike instruksie gegee word hoe met die *uitgestorwe boedel* gehandel moet word. Die *erfgename* word aangestel en die *bemakings* word uiteengesit.

deceased estate. heirs. bequeathments.

Natuurlik word hierdie klousule soms oor 'n groot aantal paragrawe uitgesprei.

(4) Wat handel met die aanstelling van 'n eksekuteur, d.i. die persoon wat die boedel *volgens* die wense van die testateur moet verdeel.

according to.

(5) Gewoonlik die „klousule reservator" genoem, waarin die testateur die reg *behou* om die testament te eniger tyd en in enige *opsig* te verander *deur middel van* 'n kodisil (aanvoegsel) of 'n nuwe testament.

retains. respect. by means of

Dit is goed om nie die testament te *langdradig* te maak nie. Dit behoort terselfdertyd so kort moontlik en so duidelik moontlik te wees. Party slim mense probeer om hulle testamente *besonder* kort te maak. Dat dit nie altyd wys is nie *blyk uit* die bekende geval van 'n geëerde regter van die hooggeregshof wat in sy wysheid 'n model-testament in omtrent twintig reëls gemaak het. Dit het drie ander regters meer dan twintig jaar geneem om die testament te *verduidelik*.

lengthy.

especially.

is evident from

explain

As daar iemand te sterwe kom sonder om 'n testament na te laat dan word die boedel *ooreenkomstig* die *gemene* reg verdeel. 'n Eksekuteur word deur die *bloedverwante* aangestel en hy verdeel die boedel.

in accordance with.

common.

relatives.

In *opvolging* „ab intestato" is die gemene wet in Suid-Afrika baie *bekommerd* oor die regte van kinders; en as A te sterwe kom sonder om 'n testament te maak dan verdeel A se kinders die boedel gelyk tussen hulle. Die deel van die kinders wat voor A gesterf het word *oorgedra* na hulle kinders, die kinders se deel weer na kleinkinders, ens., ad infinitum.

succession.

concerned.

transferred.

In geval daar nie kinders is nie dan gaan die boedel na die ouers van A in *gelyke* dele. As een van die ouers dood is dan kry die ouer wat leef die een helfte en die twede helfte gaan na die broers en susters van A in gelyke dele.

equal.

Dit is onmoontlik om hier die volle wet van opvolging „ab intestato" te kwoteer, maar wat alreeds aangegee is, is genoeg om *aan* te *toon* dat die afwesigheid van 'n testament baie moeilikheid en ook *lyding* kan veroorsaak. Dit is dus elkeen se plig om 'n testament te maak—al hou 'n mens nie daarvan om aan die *onvermydelike* dood te dink nie.

aantoon—show.

suffering.

unavoidable.

HOOFSTUK EEN-EN-TWINTIG.

OPSOMMINGS.

lay out.

standard.

Om die hoofgedagtes van 'n paragraaf op kort en saaklike wyse *uiteen* te *sit* is 'n kuns wat baie min mense verstaan—behalwe wanneer hulle telegramme moet opstel—dan is hulle opsommings soms van 'n baie hoë *gehalte!*

Telegramme is één vorm van opsomming: in hulle word gedagtes in so min woorde as moontlik uitgedruk.

complete.

Die bewoording van 'n telegram moet heeltemal duidelik wees, maar hoef nie grammatikaal *volledig* te wees nie. In die geval van prosa-passate, egter, **moet** die opsomming grammatikaal korrek wees, hoewel dit die *oorspronklike* passaat so kort moontlik weergee.

original.

HOE OM TE WERK TE GAAN.

proficiency.
ability.
only.

Vaardigheid in die *vermoë* om opsommings te maak kan *slegs* deur oefening verkry word—hier sal dit nie help om op teorie terug te val nie. Al wat ons kan doen is om 'n paar algemene *wenke* aan die hand te gee. Hou hulle voor oë wanneer u die oefeninge aan die einde van hierdie hoofstuk *aanpak* :—

hints.

attempt.

(1) Sorg dat u die betekenis van die paragraaf deeglik *begryp* voordat u die opsomming maak. Lees die passaat en probeer om 'n *geskikte opskrif* daarvoor te kry.

understand.
suitable.
heading.

(2) Lees die passaat 'n twede keer om die belangrikste *besonderhede* daaruit te kry.

detail.

(3) Skryf u opsommings volgens die aantekeninge onder (2) gemaak. Dit behoort nie nodig te wees om die oorspronklike passaat te *raadpleeg* nie.

consult.
compare.

(4) *Vergelyk* u opsomming met die oorspronklike passaat om te verseker dat daar geen verandering in die betekenis plaasgevind het nie.

VEREISTES VIR TRAP III. (Requirements for Stage III.).

As kandidate vir die Trap III.-Eksamen sal van u net *verwag* word om opsommings van prosa-passate te maak, en wel in Afrikaans.

expected.

fluently.

U behoort nou-al taamlik *vlot-weg* Afrikaans te kan lees. Sorg dat u die betekenis van elke woord verstaan in die passaat wat moet opgesom word voordat u probeer om die opsomming te gee; dan kan u te werk gaan op die manier hierbo *aangedui*.

indicated.

DIE WAARDE VAN OPSOMMINGS.

'n Opsomming moet *ongeveer* een-derde van die oorspronklike passaat wees. Die vermoë om passate op hierdie manier te verkort is *veral* waardevol in verband met sakebriewe. Die bestuurder van 'n groot firma het nóg die tyd nóg die *neiging* om deur die *oorbodige* besonderhede, waarmee die briewe oorlaai word wat daagliks sy kantoor binnestroom, te *spartel nie*; én hy vind die dienste van 'n klerk wat *bedrewe* is in die kuns om opsommings van 'n *reeks* sakebriewe te maak, van groot waarde.

about.
especially.
inclination.
superfluous.
struggle.
proficient.
series.

VOORBEELD VAN OPSOMMING: TRAP III.

Die volgende passaat kan *dien* as voorbeeld van die soort opsomming wat op hierdie stadium van die kandidaat verwag word :—

serve.

„*Heelwat* is daar al in ons sonnige Suid-Afrika gespekuleer, geskrywe, gepraat en gefilosofeer oor die armblankevraagstuk, sy *ontstaan*, en alle moontlike maniere om dit op te los. Tot dusver het ons nog altyd probeer om die wortel van die kwaad, wat ons Afrikanervolk ten gronde druk, by die groot, opgegroeide mense te soek, en die kanker by hulle te genees, net asof ons dit in die praktyk sou kon doen.

A considerable amount.
origin.

„Uit die *ervaring* weet ons tog immers, dat om 'n volk te hervorm, te verbeter, is dit nie die regte plek om by die ouers te begin nie, maar om die kind beet te kry en van hom te maak, om hom te *ontwikkel* tot wat ons hom eendag, in die toekoms, wil sien.

experience.
develop.

„Begin dus by die kind, by die klein boompie, wat nog vatbaar is vir goeie indrukke, wat nog *gesnoei* en opgelei kan word, na die smaak van die goeie opvoeder of goeie *ondervindingryke* tuinier.

pruned.
experienced.

„Kort-kort gebeur dit in ons dorp, dat daar straatkollekte gehou word—*voorwaar* een van die ongesondste dinge wat ooit kan plaasvind, en wat glad nie in so 'n ryk land met so 'n skone toekoms soos Suid-Afrika tuis hoort nie, waar daar werk genoeg is vir elke gesonde Afrikaner, wat maar net gewillig is om sy hand uit sy mou te steek, en nie die brandende hitte van die son te ontsien nie, of nie te skaam is om met die graaf in sy hand daarbuite op die land gesien te word nie."

forsooth.

appears.
axle.

1. As ons die passaat vir die eerste keer lees dan *blyk* dit dat die Armblankes die *spil* is waarom alles draai. Ons kan dus as opskrif kies : „Die Armblankes."

elaborated.

2. Die hooftema kan nou as volg *uitgebrei* word :—

elicited.

(*a*) Die armblankevraagstuk het al baie bespreking *uitgelok* in Suid-Afrika.

(*b*) Die kwaad is tot dusver by die grootmense gesoek, maar ons moet by die kind begin omdat hy nog vatbaar is vir goeie indrukke.

(*c*) In plaas van straatkollektes te hou vir mense wat geld nodig het, moet ons vir hulle werk verskaf. Hier is oorgenoeg werk as hulle maar net die hand uit die mou wil steek.

3. Die aantekeninge onder (2) kan nou soos volg uitgebrei word :—

DIE ARMBLANKES.

„Die oplossing van die armblankevraagstuk het al heelwat bespreking uitgelok in Suid-Afrika ; maar tot dusver is dit die grootmense wat onder beskouing gekom het. Dit help nie om by hulle te begin nie : ons moet die kind bearbei, want hy is nog vatbaar vir goeie indrukke. Dis 'n slegte teken dat daar soveel straatkollektes gehou word. Ons moet nie vir die

directly.

mense *regstreeks* geld verskaf nie : in 'n ryk land soos Suid-Afrika is daar oorgenoeg werk ; enigeen wat gesond is en gewillig om te werk kan sy eie brood verdien."

indicates.
sense.

4. 'n Vergelyking van die opsomming met die oorspronklike *toon aan* dat daar geen verandering in die *sin* van die passaat plaasgevind het nie.

Oefeninge.

Gee 'n opsomming van die volgende passate :—

(*a*) „Ons penne het vandag baie meer vryheid as vroeër. Daar was 'n tyd in ons eie land toe die koerant nie die owerheid moes te na kom nie of die goewerneur laat somar die kantore van die koerant toesluit. Dit was in die dae van sir Charles Somerset en die kampvegters vir die vryheid van die pers—Fairbairn en Pringle. Nou kan jy maar teen die Goewerment opdons byna sonder enige gewetenswroeging, want hulle sal jou nie laat voorbring nie. Jy moet net oppas dat jy nie name noem nie, en nie iets baie laag teen die karakter van een of ander owerheidspersoon skryf nie.

Dit noem ons die vryheid van die pers. En dit is seker goed dat mense toegelaat word om die manne, wat oor ons regeer, vry te kritiseer. Dit is een manier waarop ons die owerheid op die regte spoor kan hou. Hulle is bang vir die penne, want die koerant word gelees deur die kiesers en die Regering moet goeie vriende bly met die kiesers, anders kom hulle nie weer in nie.

Ons regeer onsself, want onsself het die owerheid tot stand gebring. Daarom het ons die reg om ons owerheid op die vingers te tik, as ons meen dat hulle nie die wil van die volk uitvoer nie. Die pers is ons voorslag waarmee ons die voormanne wakker piets en padlangs hou. Die vryheid van die pers is nodig waar daar 'n demokratiese regering of volksregering is. Die volk moet 'n mondstuk hê.

Maar ook hiertoe is 'n sekere mate van rypheid nodig. Die persoon wat die pen hanteer, moet 'n verstandige man wees, en hy moet eerlik die belange van sy volk in die oog hê. Te dikwels word allerhande leuens en verdraaiinge van die waarheid in die koerant gesit, net maar om die eie party te dien of die eie saak te bevorder of om 'n persoonlike wrok te lug."

(*b*) Die wette skryf voor wat 'n lid van die maatskappy mag doen en wat hy moet laat. As daar geen wette was nie, kon elkeen maar doen soos hy wil. En wat sou die toestand van sake dan nie wees nie? Niemand sou eintlik van sy lewe of van sy goed seker wees nie. Die sterkste man sou baas wees.

Daar is natuurlik ook sedewette en gewoontes wat 'n mens se gedrag tot op 'n seker hoogte beteuel, maar iemand wat die sedewette verag en die gewoontes veronagsaam, sou ongestraf bly behalwe dat hy die openbare mening teen hom sou kry. Maar as hy onverskillig is omtrent wat die publiek van hom dink, sou hy kan aanhou met kwaaddoen, tensy iemand dit op sigself sou neem om hom te straf. Dit is nie die geval met staatswette nie. As iemand die landswette oortree, dan word hy aanstonds gestraf, en as hy nie wil luister nie, dan kan dit gebeur dat hy vergoed opgesluit word. Agter die sedewette sit die openbare mening, maar dié is nie altyd baie streng nie. Dit is nie altyd voldoende om die kwaaddoener van sy misdade terug te hou nie. Maar agter die landswette sit die staatsmag, en dié mag is in staat om die hoogste mate van dwang uit te oefen, ja selfs om 'n kwaaddoener om die lewe te bring. Die landswette is dus onmisbaar om die goeie orde voor te skrywe en te handhaaf, en om te verhinder dat iemand deur sy gedrag, of deur sy versuim of agtelosigheid, aan sy medeburgers nadeel sal berokken. So alleen kan daar vrede, veiligheid en orde in die samelewing bestaan. Ons moet dus probeer om die vernaamste

landswette te verstaan, en; deur ons voorbeeld, eerbied vir die wet in te boesem. Dán sal daar minder misdaad plaasvind en die volk sal welvarender en gelukkiger wees."

(*c*) „Daar is niks wat in waarde met gesondheid kan vergelyk word nie. 'n Mens sal alles wat hy besit wil gee om weer gesond te kan wees, as hy dit eenmaal verloor het. Rykdom en eer en mag beteken nie veel nie, as die besitter daarvan 'n kranklike liggaam met hom moet meesleep.

En ongelukkig is dit nie net jy wat daaronder ly nie; jou huisgesin, jou vriende en almal wat in jou belang stel ly saam met jou. Nie alleen deur hulle meegevoel nie, maar ook omdat so 'n sieke veel minder kan doen en dikwels die hele omgewing met weemoed vervul. Ja, gesondheid is die kostelikste skat wat 'n mens kan besit. Maar jy besef dit selde voor jy dit nie eérs verloor het nie. Veral jong mense het geen idee wat hulle gesondheid werd is nie. Hulle geniet die volle gesondheid sonder om oor die skat na te dink of dit op prys te stel.

Maar die gesondheid van 'n volk is baie werd vir die Staat en die maatskappy. Want iemand wat sieklik is, hou op om te produseer en om vir die samelewing van diens te wees. En wat erger is, 'n groot persentasie van die siekes word op die skouers van die Staat en maatskappy afgelaai. Dink maar aan al die hospitale, kranksinnige en swaksinnige gestigte en die inrigtinge vir melaatses en teringlyers—dan sal ons enigsins 'n denkbeeld kan vorm van wat krankheid vir die Staat kos. En waar kom die geld vandaan? A, ons wat nie siek is nie, moet dit betaal. Die Staat haal die geld uit ons deur belastings.

Negatief ly die Staat en die maatskappy, omdat die krankes ophou om te werk en die rykdom van die land te vermeerder, en positief, omdat die krankes so dikwels ten koste van die Staat moet leef. 'n Sieke is nie 'n voordelige wese nie en ook nie 'n gelukkige nie. Siekte is skadelik vir Staat en Maatskappy."

Leesoefening 13.

VAKANSIE-INDRUKKE.

Holiday impressions.

convey; slowly. left; time.

look forward; rest.

Ons kon skaars glo dat ons vakansie begin het totdat die groot skip wat ons na Engeland sou *voer stadig* die kaai *verlaat* het. Ons het vir die laaste *keer* vaarwel gesê aan al die goeie vriende wat na die boot gekom het om ons te sien vertrek, en kon nou *uitkyk* na 'n ware *rus* van sewentien dae.

Dit was meer as tien jaar vandat ons van ons vaderland vertrek het om ons in Suid-Afrika te *vestig*, en gedurende daardie *tydperk* het ons nie ons ouers en *familiebetrekkinge* in Engeland gesien nie. *Gevolglik* was ons baie *gretig* om ons *bestemming* te bereik, alhoewel ons besluit het om *ten volle* gebruik te maak van die rus wat ons *verplig* was om te neem gedurende die lang seereis.

settle.
period; relations
accordingly ; eager.
destination.
full ; compelled.

Ek sal liewer nie *uitwei* oor die eerste paar dae op see nie, Die weer was buitengewoon *onstuimig*, en dit was nie 'n besonder aangename *ondervinding* nie. Op die derde dag, egter, het ons begin dink dat dit *per slot van sake* die moeite werd was om te lewe. Ons het 'n *lewendige belang* in ons maaltye begin stel, en het selfs gevoel dat ons *bes moontlik* die seereis werklik sou *geniet*. Teen die vierde of vyfde dag het ons *deelgeneem* aan al die dekspelle, baie maats gekry onder ons medereisigers en gewoon geword aan die *beperkte* ruimte van ons *kajuit* en die *algehele verandering* in ons daaglikse lewensloop.

enlarge, dwell on.
wild, stormy.
experience.
after all.
lively.
interest.
quite possibly ; enjoy.
taken apart.
confined; cabin.
entire; change.

Op see moet 'n mens jou eie *vermaak verskaf*, en na 'n tydjie word jy baie *moeg* van die *eentonigheid*. Daar is natuurlik die dekspelle ; en gewoonlik word daar *saans* na ete gedans. Vir iemand wat van lees hou, gaan die tyd gouer verby, maar die gewone mens is in elk geval bly wanneer die seereis op 'n end is.

pleasure ; provide.
tired; monotony in the evenings.

Nadat Madeira bereik is, waar gewoonlik gebruik gemaak word van die kans om vir 'n paar uur aan *wal* te stap, gaan die tyd gouer verby, en *sien* 'n mens *uit* na die landing by Southampton binne 'n paar dae.

shore.
looks forward to

Aan boord het dit gelyk asof ons tyd *hoofsaaklik* deur lees, eet en slaap *in beslag geneem* is, en ons was *albei* baie bly toe ons die *kus* van Engeland weer gesien het. Alhoewel ons die seereis geniet het en *deurgaans* 'n *luilekker bestaan* gevoer het, wou ons graag met ons werklike vakansie 'n *aanvang* maak, en ons het gevoel dat dit eers sou begin wanneer ons ons bestemming bereik het. Ek sal nie die *genot* om vriende en famieliebetrekkinge te ontmoet probeer *beskrywe* nie. U kan u *voorstel* hoe u sou voel na 'n *afwesigheid* van byna elf jaar.

mainly.
taken up ; both.
coast, shore.
generally ; lazy existence.
beginning.
joy.
describe ; imagine.
absence.

Eienaardig was dit hoe min verandering daar te *bespeur* was in die plekke wat ons besoek het.

peculiar ; observe.

Ou bekende plekke was net soos ons hulle jare vantevore geken het. Die mense was dieselfde—hoewel hulle natuurlik ouer geword het. Die verandering was die *treffendste* in die jonger en ouer mense. Seuns en dogters

most striking.

wat ons geken het, was nou jong mans en vrouens. Die ou mense se hare het witter en *yler* geword, en party van hulle het *dikker* geword, maar hulle gewoontes was nog dieselfde.

thinner.
stouter.

Na 'n paar dae in Engeland kon ons maklik vir ons *verbeel* dat ons nooit weg gewees het nie. Maar die eienaardigste, *meen* ek, was die *besef* dat ons self 'n *ontsaglike* verandering ondergaan het. Dit het gelyk asof ons op een of ander manier *vorentoe* gegaan het, terwyl ons ou wêreld stilgestaan het. Ons het 'n *verruimde* uitkyk verkry—*waarskynlik* omdat ons in 'n nuwe *omgewing* en 'n ander land gewoon het. Dit het gelyk asof ons dinge uit 'n ander standpunt *beskou*, asof ons uit *voeling* geraak het met ons *voormalige* gewoontes, vriende en omgewing. Ek kan die gevoel nie duideliker omskrywe nie, maar daar was al die tyd 'n *bepaalde* gevoel van *vervreemding*, en—alhoewel ons dit skaars wou *erken*—van *teleurstelling*.

imagine [tion
think; realiza-
tremendous.
forward.
wider.
probably; surroundings.
looked at; touch.
former.
definite; estrangement.
admit; dis-appointment.

Natuurlik het die wonderlike groen velde, die *vrugbare* grond, die bome, *heinings*, en pragtige tuine aangename *herinneringe* by ons *laat herlewe*, en dit was baie verfrissend na jare in *natuurtonele* van 'n heeltemal ander aard deurgebring.

fertile.
hedges.
recollections; revive.
scenery.

Die weer was *daarenteen* 'n bietjie *neerdrukkend*, en 'n onafgebroke *reeks* van *triesterige* dae met *bewolkte lug* het ons laat verlang na die *strelende* warmte en lig van ons Suid-Afrikaanse son.

on the other hand; depressing.
series; dull; cloudy skies.
genial, pleasant.

Na 'n paar dae in ons *geboortestad* het ons besluit om 'n week of twee in Londen te gaan bly.

native town.

HOOFSTUK TWEE-EN-TWINTIG.

DIE OPSTEL.

In hierdie hoofstuk sal die student algemene instruksies vir die skrywe van opstelle vind. Dit hang baie af van die mate van natuurlike *aanleg* wat 'n kandidaat besit, of hy 'n goeie opstel-skrywer sal word of nie; maar terwyl dit nie wenslik is om te veel *nadruk* te lê op vorm of inhoud nie, sal dit tog help om sekere punte te bespreek.

ability.

stress.

Die twee *vereistes* vir die skrywe van opstelle is:—

requirements.

(1) **Kennis van die taal** wat gebruik word as medium om u gedagtes uit te druk; en

(2) **Kennis van die stof** wat moet *behandel* word.

dealt with.

Die enigste manier om u uitdrukkingsvermoë in enige *bepaalde* taal te verbeter is om dit te lees en te praat, en om so ver moontlik ook daarin te dink. Maak 'n gewoonte daarvan om eenvoudige gedagtes in die nuwe medium *in* te *klee*, en maak gebruik van elke moontlike kans om daarin te praat.

particular.

clothe.

Wat betref die lees, dit sal veel meer goeddoen om die lysie boeke, wat aan die end van hierdie hoofstuk *verskyn*, te raadpleg, as om oor die teorie van opstelskrywe uit te wei. Die boeke is gekies en *gerangskik* met die oog op die *vereistes* vir die Trap III.-Leerplan.

As regards.

appear.

arranged.

requirements.

DIE VORM.

Die eintlike **vorm** van u opstel hang af van die inhoud en ook van u besondere styl. Party onderwerpe *vereis* 'n suiwer subjektiewe *behandeling*; ander, weer, gee vrye teuel aan die *verbeelding*. U sal dit natuurlik in ag neem voor u te werk gaan, maar die *aanpassing* sal grotendeels onbewus plaasvind. In hoe ver u daarin sal slaag om die vorm van u opstel na die inhoud te *skik* sal van die buigsaamgeid van u eie styl afhang.

demand.

treatment.

imagination.

adaptation.

adapt.

Ons kan egter sê dat alle opstelle 'n sekere algemene vorm het: **'n inleiding, 'n liggaam** en **'n slot.** Dit moet in aanmerking geneem word wanneer die raamwerk opgestel word; want dit sou onverstandig wees om 'n

enumeration. onderwerp aan te pak sonder 'n logiese *uiteensetting* van die punte wat onder behandeling sal kom. Onthou dat u probeer om u gedagtes deur 'n nuwe medium te probeer
proverly. uit ; en dat u die stof of inhoud *behoorlik* onder die duim
taken up. moet hê voordat u aandag deur die vorm *in beslag geneem* word.

Stel dus 'n raamwerk op voordat u die opstel begin
separate. skrywe ; dan kan u die punte in *afsonderlike* paragrawe
ambiguity. behandel. Dis noodsaaklik as u vaagheid en *dubbelsinnigheid* wil
avoid. *vermy*. Elke paragraaf moet kristalhelder wees—'n uiteensetting van één hoofgedagte.

DIE RAAMWERK.

Probeer om u raamwerk regstreeks in Afrikaans op
contribute, aid. te stel. Dit sal daartoe *bydra* dat u gedagtes al gedeeltelik
in die nuwe medium ingeklee is teen die tyd dat u die
actual. *eintlike* opstel aanpak.

Laat ons 'n opstel oor „Suid-Afrikaanse Probleme" by wyse van voorbeeld neem :—

Suid-Afrikaanse Probleme.

necessity. 1. **Inleiding :** *Noodsaaklikheid* van instudering van hierdie probleme as ons die wit beskawing hier wil
maintain. *handhaaf*.

2. **Die Probleme :**—

(*a*) Die Naturelle ;

(*b*) Die Asiate—met verwysing na Natal ;

(*c*) Immigrasie ;

(*d*) Die Armblankes ;

(*e*) Irrigasie (besproeiing).

3. **Die Oplossing** van die een probleem van die ander
dependent. *afhanklik*.

4. **Slot :** Aansporing om saam te staan as ons hierdie moeilikhede wil te bo kom.

Hierdie aantekeninge kan nou in opstel-vorm uitgebrei word :—

Suid-Afrikaanse Probleme.

Soos veral met jong lande die geval is, het Suid-Afrika 'n aantal probleme wat op 'n bevredigende oplossing wag. Slaag ons nie daarin om hierdie struikelblokke tot ons ekonomiese, politieke en maatskaplike vooruitgang uit die weg te ruim nie dan is dit twyfelagtig of die pilare van die Westerse beskawing bestand sal wees teen die
threaten. bruisende stroom van barbarisme wat hulle tans *bedreig*.

Hierdie probleme is van 'n baie uiteenlopende aard : Die koelie-kwessie in Natal het aan ons staatsmanne al baie hoofbrekens besorg ; immigrasie, die armblanke-vraagstuk en besproeiingskemas *verg* ook die aandag ; en bo almal, soos 'n Hiedra-koppige monster, steek die Naturelleprobleem uit. | demand.

Wat gaan in die toekoms die *verhouding* tussen die naturelle en die blankes wees ? Op die oomblik is daar agt naturelle teenoor een witman in Suid-Afrika, en dit lyk nie of daar veel kans bestaan om dié verhouding gunstiger te maak vir die verteenwoordigers van die blanke ras nie. | relation.

Die naturelle word stadigaan opgevoed en dit kan nie van hulle verwag word dat hulle met die *huidige stand* van sake moet tevrede bly nie. Boonop verskaf hulle goedkoop arbeid, en is hulle daarvan oorsaak, dat die witman in Suid-Afrika nog steeds *geneig* voel om handearbeid as benede sy waardigheid te beskou. | present state | inclined.

Nou *verwant* aan die vraagstuk hierbo genoem is die Asiaté-probleem, waardeur veral Natal *geteister* word. Die lewensbehoeftes van die koelie is so gering in vergelyking met dié van die witman dat eersgenoemde altyd in staat is om sy ware teen 'n laer prys te verkoop. Dan ook, net soos in die geval van die naturelle, stel hulle die hele samelewing gedurig bloot aan aansteeklike siektes deur hulle *verwaarlosing* van gesondheidsmaatreëls. | related. | harassed. | neglect.

Sou immigrasie die vurig-begeerde oplossing kan verskaf ? In hoe verre sal 'n instroming van gesonde, energieke witmense daartoe bydra om die bolwerk van die wit beskawing teen die vyandelike aanvalle te *vrywaar* ? Dit lyk asof dit baie gewens sou wees om die regte soort van immigrant na ons land uit te lok. | protect.

Maar ons moet rekening hou met die werkloses met wie ons alreeds opgeskeep sit. Die *geledere* van die armblankes word nog gedurig aangevul deur mense wat van die land na die stede toe stroom. | ranks.

Immigrasie sou dus slegs geregverdig wees as dit gepaard gaan met die ontwikkeling van ons landbou en die uitbreiding van ons nywerhede.

Saam met hierdie vraagstukke moet ons nog die besproeiing *meld*. Duisende morge vrugbare grond moet as gevolg van waterskaarste onbewerk bly lê. Kon hulle onder bewerking kom, dan sou dit in aansienlike mate daartoe bydra om die moeilikhede op te los. | mention.

scope.

'n Volledige bespreking van hierdie probleme kan onmoontlik binne die *bestek* van één opstel plaasvind—hulle kan slegs hier genoem word ; maar dis goed om hulle onder die aandag te bring, want die Suid-Afrikaanse burgers sal soos een man moet staan in hulle poging om tot 'n oplossing te geraak.

ONDERWERPE VIR OPSTELLE.

Hieronder vind u 'n lys van onderwerpe vir opstelle.

Suid-Afrikaanse Nywerhede ; Immigrasie ; Die Naturelle van Suid-Afrika ; 'n Toertjie na die Viktoria-Waterval ; Vrouestemreg ; Die ontwikkeling van die Vliegmasjien ; My Lieflingskrywer ; Die Mag van die Pers ; Die Voor- en Nadele van Tweetaligheid ; Die Volkerebond ; Is die Wêreld Sportmal ? Die Mooiste Natuurtoneel wat u Ken ; Die Invloed van Klimaat op Karakter ; Werkloosheid ; Assuransie ; Musiek.

BOEKE AANBEVEEL.

Trap III.-kandidate behoort soveel as moontlik van die boeke, in die lysie hieronder aangegee, te lees.

1. Donker Spore. (C. J. Langenhoven.)
2. Geeste op Aarde. (C. J. Langenhoven.)
3. Die Skateiland. (R. L. Stevenson).
4. Onweershoogte. (M. E. Rothmann.)
5. Teleurgestel. (J. R. L. van Bruggen.)
6. Ons Weg deur die Wêreld. (C. J. Langenhoven.)
7. Uit ons Volkslewe. (B. Spoelstra.)
8. Die Veldblommetjie. (M. Jansen.)
9. Die Swart Tulp. (A. Dumas.)
10. Ou Gawie en ander Verhale. (J. F. E. Cilliers.)
11. Patrys Hulle. (E. B. Grosskopf.)
12. Waar Spoke Speel. (C. L. Leipoldt.)

Oefening 22a.

Skryf 'n opstel van ongeveer 50 reëls oor één van die onderwerpe hierbo aangegee (Onderwerpe vir Opstelle).

Oefening 22b.

Skryf 'n opstel van ongeveer 50 reëls oor één van die bogenoemde onderwerpe (moenie dieselfde een as in 24A kies nie).

Oefening 22c.

Vertaal die opstel „Suid-Afrikaanse Probleme" in die voorafgaande hoofstuk.

Leesoefening 14.

VAKANSIE-INDRUKKE.

(*Vervolg.*)

Londen! Liewe ou Londen! *Geskiedkundige* Londen! *Mistige* Londen! *Onveranderlike* Londen! Unieke Londen! Vir die Brit sal Londen, meen ek, altyd die *as* wees waarom die *heelal* draai. Daar is geen *dergelike* plek in die wêreld nie. Parys mag joliger wees en mooier, Rome meer geskiedkundig, Nu-York meer modern, maar Londen bly Londen.

historic.
foggy; unchangeable.
axis.
universe; similar

Watter vloed van aangename herinneringe het ons besoek nie *losgelaat* nie! Elke dag iets nuuts, en tog dieselfde wonderlike plek van ons kinderdae; dieselfde ou Vader Teems en Big Ben, Westminster-abdy en die Toring, die Sint-Pauluskerk, Trafalgar-plein en die *talryke* bekende bakens wat *feitlik* elke ware Brit *bemin*.

released.
numerous.
practically; loves.

Ons het *inderdaad* 'n genotvolle maand te midde van sy nimmer-eindigende *aantreklikhede* deurgemaak, en toe moes ons vertrek met die gevoel dat ons nog so veel *onaangeroerd* gelaat het. Winkels en teaters en ander *vermaaklikhede* tas 'n mens se sak *geweldig* aan—maar wie kan die *versoeking* van die Londense winkels *weerstaan*?

indeed.
attractions.
undone.
entertainments; severely.
appeal; resist.

In elk geval, ons geld was *vinnig* aan die verminder, en die tyd *aan die verbygaan*. Geen reis na Europa is *afgerond* sonder 'n besoek aan die Vasteland nie, en ons het 'n taamlik *uitgebreide* toer *gereël* wat ons sou moet *inkort* as ons veel langer in Engeland wou bly.

quickly.
passing; complete.
extensive; arranged; curtail.

'n Besoek aan 'n reisburo het ons reis baie makliker en aangenamer gemaak, en binne 'n paar dae was ons gereed om te vertrek met al ons trein- en hotel-plekke *bespreek*, en alle *reëlings getref* vir 'n toer van ses weke.

booked; [made. arrangements

Ons het Londen in die oggend verlaat, en teen middernag was ons *gerieflik gevestig* in ons hotel in Parys. Ons het in 'n nuwe wêreld wakker geword, en hoewel die *tonele* nie onbekend was nie, kon ons nie help om weer op die *treffende onderskeid* tussen Engeland en Frankryk te *let* nie.

comfortably established.
scenes.
remarkable.
difference; notice.

Parys is natuurlik een van die mooiste stede van die wêreld, en sy wye strate en groot, oop ruimtes, *tesame* met die artistieke geboue en geskiedkundige assosiasies het

together.

imagination ; [appealed. art productions, interesting. surface. press, scratch.

nogmaals op ons *verbeelding ingegryp*. 'n Dag by die Louvre deurgebring—'n skatkis van die wêreld se *kunsvoortbrensels*—was *belangwekkend*, maar dit was onmoontlik om in daardie kort tydjie selfs deur die *oppervlak* van sy skatte te *dring*.

taken up.

Besoeke aan Versailles, Malmaison, Fontainebleau en baie ander plekke het baie dae van ons kort besoekies *in beslag geneem*, wat vir ons alte gou verbygegaan het. Dan was daar natuurlik die winkels—van die allergrootste belang by die dames—en die kerke, Notre Dame, Sacre Coeur, Saint Chapelle en die Madeleine, waarvan almal moet gesien word om *behoorlik gewaardeer* te word.

properly appreciated.

attractive.

Maar dit lyk onmoontlik om al die gesigte en wondere van so 'n *aantreklike* stad te beskrywe of selfs op te noem.

Ons twee weke het in elk geval ver te gou omgegaan, en ons het besluit om nog 'n week in Parys deur te bring met ons terugkoms—d.w.s. as ons nog genoeg tyd en geld te spaar had.

banks.

Ons volgende besoekplek was Switserland, waar ons 'n paar dae deurgemaak het om die pragtige *oewers* van die Genève-meer. Hier was die aantreklikheid van 'n ander

tidy. healthy. indelible impression; engraved. sincere.

aard ; die sneeu-bedekte berge teen 'n blou lug, die *netjiese* en goed-bewerkte plasies, die *gesonde*, lewe-gewende lug het 'n *onuitwisbare indruk* op ons geheue *gegriffel*, en ons het vertrek met 'n *innige* gevoel van spyt dat ons besoek so kort was.

most important.

Ons volgende besoek was aan Milaan, een van die *vernaamste* fabriekstede in Noord-Italië. Hier het ons nie lank gebly nie, maar ons het genoeg tyd gehad om die

marble.

pragtige katedraal van wit *marmer*, sowat vyfhonderd jaar gelede gebou, te besoek. Die prentegalerye en winkels

remaining.

het die meeste van ons *orige* tyd in beslag geneem.

Na 'n paar dae het ons na Venesië gereis, waar 'n gondola ons by die stasie afgewag het om ons na ons hotel op die wye Groot Kanaal te vervoer. Prente en geskrewe

[ever. nothing whatbeauty ; cleanliness. scope ; fairy tale.

beskrywings van Venesië kan *hoegenaamd niks* van sy wonderlike *skoonheid* en sjarme weergee nie ; 'n mens moet daarheen gaan om te glo dat so 'n plek werklik bestaan buite die *bestek* van 'n *sprokie*. Inderdaad, ons

suddenly.

het gevoel soos twee mense wat *skielik* na Feëland vervoer is.

delightful.

Gondolas is die vernaamste vervoermiddels in hierdie *verruklike* stad waar die voordeure op die kanale oopgaan in plaas van op die strate. Die wye Groot Kanaal is die

narrower. part.

hoofweg, terwyl op albei kante 'n netwerk van *nouer* kanale is deur middel waarvan 'n mens enige *gedeelte* van die stad kan bereik.

Wie *behalwe* 'n *digter* sou so 'n reis in die maanlig langs die Groot Kanaal kan beskrywe, terwyl soetvloeiende musiek deur *tal van drywende konsertgeselskappe* verskaf word ? Daar is geen perde, karre, *fietse* of motors in Venesië nie, en te voet kan 'n mens slegs langs die *pikante*, nou *laantjies* gaan tussen die hoë geboue wat weerskante staan. Natuurlik is daar honderde klein *bruggies* oor die kanale wat dit moontlik maak om van een gedeelte van die stad na die ander te gaan.

except ; poet.

a number of floating concert parties.
bicycles.
quaint.
lanes.
little bridges.

Vir die toeris is die Sint-Markusplein, die Campanile, die paleis van die Dogê, die kerke en prentegalerye maar 'n paar van die wonderlike gesigte wat sy *aandag verg*.

attention ; claims.

Ons besoek aan Venesië het vir ons soos 'n aangename *droom* en 'n *geluksalige* herinnering gelyk.

dream ; happy.

Selfs die aangenaamste drome gaan verby, en na 'n week se *verblyf* moes ons na Rome vertrek, wat ons bereik het na 'n *gemaklike* reis deur 'n besonder interessante *landstreek*.

stay.
comfortable.
stretch of country.

Aan Rome behoort 'n mens 'n *afsonderlike* hoofstuk te wy ; en ek sal nie probeer om ons indrukke van die *Ewige* Stad neer te skryf nie. Hier uit Feëland gekom, het dit vir ons gelyk asof die toneel van ons droom slegs verander het. Dit was nog 'n droom—'n realistiese droom van sewentien- of agtienhonderd jaar gelede, en ons het gevoel of ons weer lewe in die atmosfeer van die Vroeë Romeinse Ryk.

separate.
Eternal.

Ons vakansie het nou sy end *genader*, en ons reis terug na Engeland deur Genua, Pisa en Florence en daarvandaan weer na Parys het vir ons besonder gou omgegaan.

neared.

Nog 'n kort besoekie aan Engeland en aan België en Holland het ons vakansie op 'n end gebring, en dit het nie lank geneem nie voordat ons weer die welbekende vorm van Tafelberg, *skerp-omlyn* teen die helder Suid-Afrikaanse lug, sien uitstaan het.

sharply outlined.

Om te reis *verryk* inderdaad die *gees*, en gee 'n fyner gevoel vir perspektief. 'n Mens voel waarlik verbaas dat daar nog 'n valse sentiment kan bestaan wat *weier* om die *perke* van 'n eie omgewing te *oorskry*. Hierdie dwase sentiment weier om te erken dat daar iets goeds is buite die bestek van 'n mens se eie beperkte bestaan.

enriches ; mind.
refuses ; limits.
exceed, go beyond.

Dit mag miskien vreemd *klink*, maar ons was bly om terug te wees na 'n hoogs genotvolle vakansie. Suid-Afrika het nog aantrekliker gelyk na 'n afwesigheid van *ongeveer* ses maande. Ons was weer tuis, en het met ons 'n *hernude* krag, 'n *verskerpte* werklus, en veral 'n groter *waardering* vir ons *aangenome* land teruggebring.

sound.
about.
renewed.
keen ; appreciation.
adopted.

TOETS VIER.

(Drie Uur.)

1. Skryf 'n opstel van ongeveer 50 reëls oor één van die volgende onderwerpe :—

   (*a*) Gewoonte.
   (*b*) Tweetaligheid.
   (*c*) Moet dames dieselfde salaris as mans ontvang ?
   (*d*) Hoenderboerdery. (30)

2. Skryf *één* van die volgende briewe en die antwoord daarop :—

   (*a*) Aan 'n drukkersfirma waarin u prysopgawe vra vir die druk van 'n geïllustreerde katalogus ; of
   (*b*) Waarin u aansoek doen vir die pos van sekretaris by 'n pasgestigte firma. (20)

3. Gebruik die volgende in goeie sinne :—

   Staat maak op; uit vertroubare bron, hou van, na aanleiding van, weens, by voorbaat, bewaring, agterstallig, onafhanklik, begeerte. (10)

4. Skryf die volgende sinne oor en vul 'n passende voorsetsel in :—

   (*a*) Ek is verwonderd — die saak.
   (*b*) Ek luister — die musiek.
   (*c*) Ek kerm — die pyn.
   (*d*) Ek is bekwaam — my vak.
   (*e*) Ek herinner hom — sy belofte.
   (*f*) Ek is jaloers — daardie kêrel.
   (*g*) Ek verlang — my moeder.
   (*h*) Ek is siek — verlange.
   (*i*) Ek is moeg — die loop.
   (*j*) Ek verkies water — melk. (5)

5. Gee die teenoorgestelde van :—

   Skerp, vals, kurkdroog, afskuwelik, fluks. (5)

6. Verklaar die volgende uitdrukkings :—

   (*a*) Die man se Moses is dood.
   (*b*) 'n Nuwe besem vee skoon.
   (*c*) My buurman leef op alte groot voet.
   (*d*) Daar sal geen haan na kraai nie.
   (*e*) Hy sal maar die kat uit die boom kyk. (5)

7. Vertaal :—

When a stranger desires to open an account, a banker will usually ask for an introduction from some person known to the bank. If the introduction is not given personally, the banker will require a letter signed by the introducer—a business or address card is not sufficient. The banker will, of course, communicate with the introducer, to ascertain privately all that is known about the introduced person. If the proposed customer is unable to obtain an introduction from some one already known to the bank, two satisfactory references will usually be required. This custom varies in different banks with regard to introductions and references. (10)

8. Skryf die volgende stukkie oor en vul die nodige leestekens en hoofletters aan :—

Pa pa roep jannie 'n seuntjie van vyf jaar skielik uit kyk daar loop 'n tamaai groot bobbejaan uit die mielielande rivier se kant toe sal ek die geweer gaan haal sodat pa hom kan skiet voor hy op oom hans se grond is nee my kind hy is nou al te ver vir die haelgeweer en ons het nie meer koeels in die huis nie antwoord sy vader tewyl hy sy leë koppie op die tafel wat langs hom staan sit. (5)

9. Gee 'n kort opsomming van die inhoud van die volgende :—

VERKEERSREGULASIES.

Die ophoping van die verkeer op straat deur die steeds toenemende gebruik van motorvoertuie word so langsamerhand 'n vraagstuk van die wêreld. Verkeersregulasies en ander maatreëls is ingestel om tot 'n oplossing te probeer geraak, maar alhoewel verbode staanplekke vir motors die druk in die sentrale gedeeltes van die stede en dorpe verminder, volg dit tog dat dit eenvoudig na elders uitgestoot word. Die jongste en strengste stap deur 'n distriksowerheid gedoen het in Amerika plaasgevind. Vanaf 1 Januarie het die poliesie in die Staat Nu-York die mag om ou motors en vragmotors uit die strate te verban indien hulle van oordeel is dat die toestand daarvan van so 'n aard is dat die voertuie op die een of ander wyse, b.v., deur 'n skielike defek, tot die stremming van die verkeer kan lei. Die poliesie sal hierdie mag uitoefen deur die weiering van lisensies aan genoemde voertuie. Terwyl hierdie stap tot beter beheer van die straatverkeer mag lei, is dit egter daarop bereken om 'n ander groot vraagstuk van die motorwêreld te verskerp, naamlik die vraag wat om met al die twedehand-motors te doen. Maar daaroor bekommer Amerika homself seker minder ! (10)

Addisionele Leesoefening I.

discovery.

DIE ONTDEKKING EN OKKUPASIE VAN SUID-AFRIKA.

generally.

Dit word *algemeen* aangeneem dat die moderne Suid-Afrikaanse geskiedenis begin het toe Van Riebeek in die jaar 1652 die eerste *nedersetting* aan die Kaap *gestig* het. Voor hierdie *jaartal is* daar *blykbaar* geen *poging* tot kolonisasie deur witmense *aangewend* nie.

settlement; [founded. date; apparently; om 'n poging aan te wend—to make an attempt historian.

Herodotus, die Griekse *geskiedskrywer*, vertel ons dat die Egiptenare sowat 600 jaar v.K. (voor Kristus) om die kus van Afrika geseil het. Daarna weet ons niks—of *feitlik* niks—van die suidelike deel van ons kontinent nie, tot die middel van die vyftiende eeu. Toe het Venesië die *toppunt* van haar mag *bereik*, en die systowwe, diamante, goud en *speserye* van die Ooste is in Venesiaanse skepe *vervoer* van Aleksandrië en ander Oostelike hawens af waarheen hulle oor die land of via die Rooi See gebring was. Dit was die tyd toe Venesië die monopolie gehad het van die *handel* met die Ooste, met die gevolg dat sy op handelsgebied *oppermagtig* was.

practically.

highest point, height; reached. spices. transported.

trade. supreme.

provoked. incited; desire. riches. navigators; decided. accordingly. ventured.

Geen wonder dat dit die jaloesie van die Portugese *geprikkel* het nie. *Aangespoor* deur hierdie jaloesie en die *begeerte* om te deel in die *skatte* van die ryke Ooste, het die Portugese *seevaarders besluit* om ernstige pogings aan te wend om 'n seeweg na Indië te ontdek. In die jaar 1434 het Prins Hendrik die Seevaarder *gevolglik* 'n ekspediesie uitgestuur wat dit *gewaag* het om so ver suid te gaan as Kaap Bojador, op die noordweskus van Afrika. Op hierdie ekspediesie het daar baie ander gevolg, en in 1447 is Kaap Verd ontdek. Die Portugese het geldelike *voordeel* uit die seereise getrek deurdat hulle negers in groot *getalle* na Portugal saamgeneem het om hulle daar op die slawemark te verkoop. Hoewel Prins Hendrik in 1460 reeds gesterf het, het die werk van *ondersoeking* en ontdekking wat hy begin het nie met sy dood geëindig nie. Sy *opvolgers* het ingesien dat die slawehandel *op sigself* 'n *winsgewende* onderneming was, en hulle het, teen betaling van 'n jaarlikse *huurgeld*, konsessies *uitgereik* aan seevaarders, maar op *voorwaarde* dat elke jaar 'n sekere lengte (honderd myl) onbekende kuslyn ontdek word. Die gevolg was natuurlik dat groot *vooruitgang* gemaak is, en in 1481 was hulle al twee *grade* suid van die *ewenaar*. Daarna het sake nog vinniger *ontwikkel* sodat die mond van die Congo alreeds in 1484 bereik is.

advantage. numbers.

exploration. successors. in itself; lucrative. rent; issued. condition.

progress. degrees; equator developed.

In 1487 het Bartolomias Dias sy *geskiedkundige* ontdekkings-*tog* gemaak. Van Koning Johan II. van Portugal het hy *opdrag* ontvang om nie terug te keer voordat hy die suidelikste punt van Afrika bereik het nie. Dias het gevolglik verby die mond van die Congo geseil—die verste punt *tot dusver* bereik—en toe het 'n sterk wind hom so uit sy koers gedryf dat hy *werklik* om die Kaap geseil het sonder dat hy daarvan *bewus* was, en Mosselbaai bereik het. Daarvandaan het hy in 'n oostelike *rigting gevaar*, by Algoabaai verby, en op 'n eilandjie *aan wal gestap* wat hy Santa Cruz (Heilige Kruis) genoem het, omdat hy daar 'n kruis op dié eilandjie ingeplant het.

historic. journey. charge (noun). thus far, up to [this point. actually. aware. direction ; sailed lánded.

Toe het Dias dié terugreis *aanvaar*, oni die „Kaap van Storms," soos hy dit genoem het omdat storms en *gevare* hom daar *bedreig* het. By sy *aankoms* in Portugal het Koning Johan egter die naam verander tot „Kaap die Goeie Hoop," want—so het hy *beweer*—nou was daar weer baie hoop dat die seeweg na Indië ontdek sou word.

began. dangers. threatened ; arrival. maintained.

Twaalf jaar later het Dias in 'n storm by die Kaap die Goeie Hoop *omgekom*, maar aan hom *kom* die eer *toe* dat twaalfhonderd myl van tot dusver onbekende kus ontdek is, en dit was hy wat die weg aangewys het *waarlangs* 'n seeweg na die Ooste—die ideaal van die seevaarders van daardie tyd—gevind kon word.

perished ; toekom = deserve. by which.

Op 8 Julie 1497 het Vasco da Gama Lissabon verlaat om vier-en-'n-half maande later die Kaap van Storms te passeer, op sy geskiedkundige reis na Indië. Op die 25ste November het hy Mosselbaai bereik waar hy dertien dae oorgebly het, om op die 8ste Desember sy reis *voort te sit*. Hy het verby die mond van die Groot Visrivier geseil—die verste punt deur Dias bereik—en dit was die eerste keer in die geskiedenis dat Europese skepe hierdie seë *bevaar* het. Op Krismisdag het hy 'n baai bereik wat hy „Natal" genoem het—die Portugese woord vir „Krismis." Daarvandaan het hy in 'n noordelike rigting geseil tot by Mosambiek waar hy Arabiese dorpies *aangetref* het wat *gereeld* met Indië handel gedryf het. Met die hulp van *gidse* het hy *oor* die Indiese oseaan *gesteek* en Calicut bereik op 20 Mei 1498, d.w.s. (dit wil sê) sowat tien maande na sy *vertrek* uit Lissabon.

continue. navigated. lit on, found. regularly. pilots ; crossed. departure.

Die lang-gesoekte seeweg na Indië was ewentueel 'n heerlike *werklikheid*, en die droom van Prins Hendrik die Seevaarder is *verwesenlik*.

actuality. realised.

Na Vasco da Gama se terugkoms het vlote Portugal elke jaar verlaat om met Indië en die Ooste handel te dryf en om oor see terug te kom, ryk belaai met systowwe,

precious stones ; [formerly.
distributed ; armed.
soon ; conquered.
captured.
empire.
founded.
according as.
maintained ; meantime.
powers ; dependency.
turn.
defeated.
often.
fixed.
wild ; native tribes ; booty ; to offer.
prosperity.
at that time.
cargoes.
commodities.
change.
Independence ; engaged.
forced.
defeat.
task.
made easier.
charter.

speserye en *edelgesteentes* wat *voorheen* oor land na Venesië geneem was om daarvandaan oor die res van Europa *versprei* te word. Die Portugese het *gewapende* skepe en soldate uitgestuur, en hulle het *spoedig* die Arabiere *oorwin* en hulle handel *verower*. In minder as twintig jaar het die Portugese die mag van die Arabiere totaal verbreek, hulself meesters gemaak van die Indiese Oseaan, 'n koloniale *ryk* in die Ooste *gestig*, en die monopolie van die handel met die Ooste in hande gekry. En *namate* die mag van Portugal vermeerder het, het die mag van Venesië verminder.

Vir 'n eeu het die Portugese hulle oppermag in die Ooste *gehandhaaf*. In die *tussentyd* het die Hollanders, Engelse en Spanjaarde ook ontwikkel tot groot see-*moonthede*. In 1580 het Portugal 'n *onderhorige* van Spanje geword, en op haar *beurt* is die mag van Spanje gebreek toe die Armada in 1588 deur die Engelse *verslaan* is.

Hoewel die Portugese by die Kaap *dikwels* aan wal gestap het, het hulle geen poging aangewend om die land te koloniseer nie. Hulle was in die eerste plek handelaars met hulle oë op die Ooste *gevestig*, en die Kaap met sy *woeste inboorlingstamme* het geen *buit* gehad om *aan te bied* nie. Gedurende die tydperk toe die Portugese in die Ooste oppermagtig was, het die Hollanders gedeel in die *welvaart* wat uit die handel met die Ooste voortgevloei het. Die Portugese het hulle skatte na Lissabon vervoer wat baie gou die sentrum van die handelswêreld van daardie dae geword het. Die Hollanders, wat *destyds* die vervoerhandel-monopolie in hande gehad het, het die *ladings* by Lissabon opgekoop en op dié manier die *handelsartiekels* uit die Ooste oor Europa versprei.

In 1580 het daar egter 'n groot *verandering* gekom in die handelswêreld deurdat Portugal en haar handel geannekseer is deur Spanje, met wie die Nederlande toe in die lang tagtigjarige *Onafhanklikheids*oorlog *gewikkel* was. Filips II. van Spanje het die hawe van Lissabon gesluit vir die Hollandse handelaars wat dus *genoodsaak* was om direk met die Ooste handel te dryf. Die *nederlaag* wat die Spaanse Armada in 1588 gely het, het die *taak* van die Hollanders *vergemaklik*. Teen die end van die 16de eeu was daar, vanuit Holland, Engeland en Frankryk, 'n groot aantal onafhanklike handelsekspediesies wat voordeel getrek het uit die winsgewende handel met Indië en die Ooste. Op 31 Desember 1600 het Koningin Elisabeth 'n *oktrooi* uitgereik aan die Engelse Oos-Indiese Kompanie (E.O.I.K.), en in 1601 het die eerste vloot, deur hierdie

Kompanie uitgestuur, in Tafelbaai 'n *verskyning* gemaak op weg na Indië. In 1602 is die Hollandse Oos-Indiese Kompanie (H.O.I.K.) in die lewe geroep, en hierdie twee maatskappye het 'n gereelde handel met die Ooste gedryf. Tafelbaai was die *verversing*stasie waar hulle vars water, groente en ander *voorrade* verkry het.

appearance.
refreshment.
supplies.

Vir baie lang jare het die Kaap dus *diens* gedoen as 'n soort van internasionale verversingstasie sonder dat enigeen van die handelsmaatskappye 'n poging aangewend het om 'n nedersetting te stig of die land te koloniseer. 'n Vloot van vyf skepe van die E.O.I.K. onder *bevel* van Andrew Shillinge en Humphrey Fitzherbert het wel in 1620 in Tafelbaai anker gewerp, die Engelse vlag op Seinheuwel *gehys* en *besit* geneem van die land in die naam van Koning Jakobus II.; *nogtans* was daar geen poging aan hulle kant om die land te koloniseer nie.

service.
command.
hoisted; possession.
nevertheless.

In 1651 het die Engelse besit geneem van St. Helena wat hulle as halfwegstasie na Indië gebruik het. Vir dieselfde *doel* het die Engelse Mosambiek en die Franse Madagaskar gebruik. Die H.O.I.K., wat ewentueel daarvan *oortuig* was dat dit in hulle voordeel sou wees om aan die Kaap 'n verversingstasie te stig, het 'n ekspedisie *bestaande uit* drie skepe onder Johan van Riebeek, op Krismisdag 1651 uitgestuur met die opdrag om 'n nedersetting aan die Kaap te stig.

purpose.
convinced.
consisting of

Vergesel van omtrent 100 setlaars—die meeste waarvan soldate en *matrose* was—het Van Riebeek op 6 April 1659 in Tafelbaai aan wal gestap. Hierdie setlaars was nie koloniste in die ware sin van die woord nie: niemand van hulle was van plan om die Kaap 'n permanente *tuiste* te maak nie, en selfs die kommandeur het die H.O.I.K. *versoek* om na Indië *verplaas* te word. Vir tien jaar het die H.O.I.K. hom egter aan die Kaap gehou.

accompanied by; sailors.
home.
requested; transfer.

Die bevele wat Van Riebeek ontvang het was om 'n fort te bou, tuin te maak, en op 'n vriendskaplike voet met die inboorlinge te bly. Al hierdie bevele het Van Riebeek *getrou uitgevoer*, hoewel laasgenoemde opdrag—om in *vrede* met die inboorlingstamme te lewe—blykbaar nie na sy *sin* was nie. Groente is *gekweek* om aan verbygaande skepe 'n voorraad te kan gee, en om te *voorsien in* die *behoeftes* van die garnisoen self.

faithfully; carried out.
peace; liking; grown.
provide for.
needs.

So is, in hierdie eeu van ontdekking, die saadjies gesaai van die eerste okkupasie van die Kaap deur Europeane.

Addisionele Leesoefening II.

DIE EERSTE JARE VAN DIE VOLKSPLANTING IN SUID-AFRIKA.

remarkable.
made, employed simply.

Dis 'n *merkwaardige* feit dat vir meer as 'n eeu na die ontdekking van die Kaap daar geen poging *aangewend* is om die land te koloniseer nie; dit was *eenvoudig* 'n plek waar 'n voorraad vars water kon verkry word en waar briewe naby die kus onder klippe gelaat is ter informasie van ander skepe wat die baai besoek het.

belonged.
shipwreck; suffer; crew.
natives; obtained.
urged.
establish; pointed out.
on account of.
moderateness.
plentiful.
measure.
prevent.
tend.
recovered; [occasion.
religion.
attack.

In 1648 het die „Haarlem," 'n skip wat aan die Hollandse Oos-Indiese Kompanie *behoort* het, in Tafelbaai *skipbreuk gely*. Die *bemanning* het geland en vir vyf maande het hulle gelewe van die produkte wat hulle gekweek het en die skape en ander vee wat hulle van die *inboorlinge verkry* het. Toe die skipbreukelinge in Holland aankom, het twee van hulle by die Hollandse Oos-Indiese Kompanie daarop *aangedring* om by die Kaap 'n halfwegstasie te *stig*. Hulle het *aangetoon* dat dit moontlik sou wees om hier baie produkte te kweek *weens* die vrugbaarheid van die grond en die *gematigdheid* van die klimaat. Verbygaande skepe kon voorsien word van *volop* vars vleis en groente, en op dié manier kon skurfte tot 'n groot *mate voorkom* word. Hulle kon ook vars water hier kry, en die siekes aan boord kon hier *verpleeg* word totdat hulle weer heeltemal *herstel* was. Dit was ook 'n goeie *geleentheid* om die Kristelike *godsdiens* onder die inboorlinge te versprei, en om te voorkom dat die Spanjaarde en Portugese in die baai lê en Hollandse skepe op weg na Holland *aanval*.

body.
decided; adopt.

In 1651 het die Raad van Sewentien—soos die regerende *liggaam* van die Hollandse Oos-Indiese Kompanie genoem is—*besluit* om hierdie plan te *aanvaar*; gevolglik het hulle Johan van Riebeek met drie skepe uitgestuur om aan die Kaap 'n stasie te stig.

aan wal stap—[land.
proceeded.
to carry out.
sailors.

Op 6 April 1652 het hy in Tafelbaai *aan wal gestap* en *voortgegaan* om die bevele van die Hollandse Oos-Indiese Kompanie *uit te voer*. Met behulp van sy klein bende van 100 setlaars, waarvan die meeste soldate en *matrose* was, het hy 'n fort gebou en tuin gemaak. Hoewel hy probeer het om op vriendskaplike terme met die Hottentotte te bly, het hy gou ontdek dat hulle *geslepe* diewe was en glad nie sou *dien* om as *bediendes* gebruik te word nie. Die Hottentotte het *blykbaar* nie daarvan gehou dat Van Riebeek hulle van hulle land *beroof* nie.

cunning.
serve; servants.
apparently.
deprive.

Vyf jaar na die aankoms van die eerste koloniste—in 1657—het hulle al land agter Tafelberg *bewoon*, en by „die ronde bos" (Rondebosch) het Van Riebeek 'n groot graan*skuur* gebou, wat hy „Groot Skuur" genoem het. *Langsaan* hierdie skuur het hy die *aangrensende* huis „Rustenburg," gebou wat vir baie jare die *amptelike* somer*verblyf* van die Hollandse goewerneurs was. Van Riebeek se plaas, wat sy eie private *eiendom* was, was „Boscheuvel" (vandag „Bishopscourt"), en hier het hy wingerde, olyfbome en 'n groot *verskeidenheid* vrugtebome geplant.

inhabited.
barn.
next to; adjoining.
official.
residence.
property.
variety.

Tot 1655 was al die setlaars betaalde *dienaars* van die Kompanie, maar *met die oog op* die onmoontlikheid om die land sonder boere te bewerk, is 'n *aantal* van hulle *ontslaan* en plase in die vallei is aan hulle *toegeken*. Daar die Hottentotte as plaasbediendes *onbruikbaar* was, en daar die Hollandse Oos-Indiese Kompanie *verorden* het dat hulle nie as slawe moes gebruik word nie, was die burgers *genoodsaak* om slawe *in te voer*, eers van Guinea en Angola af, en later van Madagaskar en die Maleise eilande.

servants.
with a view to.
number; discharged.
allotted.
useless.
decreed.
compelled; import.

Langsamerhand het die klein nedersettinkie *uitgebrei*, maar toe Van Riebeek in 1662 na Indië veplaas is, was die *blanke* bewoners maar net sowat 600 in getal, en van hulle was net 60 vry burgers. *Selfs* tien jaar later was die blanke bevolking nie veel groter nie. Die eerste koloniste het hulle om die voet van Tafelberg *gevestig*. Eers in 1679 en 1680 is 'n begin gemaak met die stig van Stellenbosch, en voor die koms van die Hugenote teen die end van die eeu is daar maar min *vordering* gemaak.

gradually; extended.
white.
even.
settled.
progress.

Deurdat die Hollanders in die eerste plek handelaars was, het hulle aan die begin nie baie *aandag gewy* aan die kolonisasie van die Kaap nie, maar dit meer *beskou* as 'n verversingstasie. Hulle was 'n klein nasietjie; hulle land was nie oorbevolk nie; op godsdienstige *gebied* was daar nie die *vervolging* wat so baie Engelse by voorbeeld (b.v.) na Amerika laat *uitwyk* het nie; tot nog toe het die Kaap geen ryk myne of ander *bronne* van welvaart opgelewer nie—in kort, daar was niks om die Hollanders te *beweeg* om hulle vaderland te verlaat en hulle in 'n *verafgeleë* land te gaan vestig nie.

as (because).
devoted attention.
regarded.
domain.
persecution.
to go into exile.
sources.
induce.
distant.

Van Riebeek se opvolger as kommandeur van die Kaap was Zacharias Wagenaar, wat in 1666 'n begin gemaak het met die bou van die kasteel by Kaapstad. Agt jaar later was dit sover gevorder dat die garnisoen

die *oorspronklike* fort, wat Van Riebeek gebou het, kon verlaat om hulle *intrek in* die kasteel *te neem*. Maar eers aan die begin van die agtiende eeu was die kasteel *voltooi*.

original.
to move into.
completed.

Die *beroemdste* Hollandse goewerneur aan die Kaap was sonder enige *twyfel* Simon van der Stel wat van 1679 tot 1699 die *bestuur* van die nuwe kolonie in sy hande gehad het. Hy het hom onder andere *toegelê op* ontdekkingsreise, en gedurende sy bestuur het die kolonie baie uitgebrei, sodat die distrikte Stellenbosch en Drakenstein gevorm kon word. Hy het ook die Raad van Sewentien probeer beweeg om meer koloniste uit te stuur, maar die antwoord van die direkteure was dat hulle nie boere so ver kon kry om uit te kom nie omdat daar vir mense, wat hulle op boerdery wou toelê, destyds in Holland *genoegsame* geleentheid daartoe was : daar was geen *gebrek* aan grond in die moederland nie. Nogtans het baie van die familiës wat reeds in Suid-Afrika was, hulle in Stellenbosch gevestig, en binne vyf jaar na die aankoms van Simon van der Stel was daar nie minder as neën-en-neëntig familiës wat in die Stellenbosse distrik geboer het nie.

most famous.
doubt.
management.
devoted himself to.
ample.
want.

Toe het 'n *gebeurtenis* van die grootste belangrikheid aan Van der Stel die koloniste besorg wat hy so *hartstogtelik begeer* het. As gevolg van die godsdienstige vervolging wat in Frankryk sy *toppunt* bereik het toe die Edik van Nantes in 1685 herroep is, het duisende Hugenote uitgewyk na Holland, waar hulle sonder *vrees* vir vervolging die Protestantse geloof kon *beoefen*. Die direkteure van die Hollandse Oos-Indiese Kompanie het hierdie geleentheid *te baat geneem* om die Kaap van koloniste te voorsien, en vanaf 1687 het daar 'n stroom van Franse *vlugtelinge* die nuwe kolonie binnegevloei—en Van der Stel se hart was bly. Hy het bevele ontvang om alles in sy *vermoë* te doen om die nuwe koloniste te help sodat hulle *'n bestaan kon voer*. Aan die Hugenote is plase toegeken en so ver as moontlik is hulle onder die Hollandse setlaars versprei. Hulle kinders moes Hollands aanleer, en, hoewel die Franse taal nie absoluut *verbied* is nie, het die goewerneur maar baie min gedoen om die onderwys van Frans *aan te moedig*. Inderdaad, Van der Stel was vas besluit om *met verloop van tyd* die Franse taal *te verban* en die Hugenote-element in die Hollandse bevolking op te neem.

event.
ardently.
desired.
highest point.
fear.
practise.
availed themselves of.
refugees.
ability.
could earn a living.
forbidden.
to encourage.
in the course of time.
banish.

Die Hugenote wat na die Kaap *verhuis* het word op omtrent 155 geskat. Nieteenstaande die feit dat hulle getal *betreklik gering* was, het hulle 'n groot invloed op die kolonie *uitgeoefen*. Hulle het beter *landbou*metodes

emigrated.
relatively ; insignificant.
exercised.
agricultural.

ingevoer en *ontsaglik* baie daartoe *bygedra* om die *wynbou* te *bevorder*. As boere was hulle dus 'n baie groot *aanwins* vir die kolonie.

tremendously ; aided ; viticulture. promote ; acquisition.

Simon van der Stel, wat 'n groot liefhebber van bome was, het baie eikebome laat plant. Elke boer moes ten minste 100 eikebome op sy plaas plant, en die statige eike*lanings* van die Westelike Provinsie het ons aan hom te danke. Die *tydperk* toe Simon van der Stel goewerneur was, was 'n tydperk van groot vooruitgang en welvaart.

stately. avenues. period.

In 1685 het hy van die Hollandse Oos-Indiese Kompanie *verlof* gekry om self te boer. Naby die *teenswoordige* Wynberg het hy vir hom 'n plaas van 891 morge *uitgesoek* wat hy „Constantia" genoem het. Hier het hy hom gevestig, en nadat hy in 1699 as goewerneur *afgetree* het, het hy sy laaste jare op sy plaas deurgebring totdat hy in 1712 die *ewige* rus ingegaan het.

leave ; present. chose. retired. eternal.

Addisionele Leesoefening III.

PRYSVASSTELLING.

'n Mens wonder dikwels waarom die pryse van goedere in Suid-Afrika so hoog is *in vergelyking met* pryse wat in ander *dele* van die wêreld *heers, veral* in die *geval* van artiekels wat in die land geproduseer of *vervaardig* word.

in comparison [with. parts ; rule. especially ; case. manufactured.

As ons 'n bietjie daaroor *nadink*, sal dit *duidelik* wees dat die prys van 'n handelsartiekel 'n hele *aantal* elemente *bevat*, en die meeste daarvan *verteenwoordig lone* op een of ander manier. By voorbeeld, as ons 'n *pak klere* koop, dan bevat die *ru*-materiaal maar 'n klein *gedeelte* van die bedrag wat ons vir die pak klere betaal. Laat ons probeer om die lewensgeskiedenis van 'n pak klere *effentjies na te spoor* vanaf die ru-materiaal tot dit *gereed* is om te *dra*.

reflect ; clear. number. contains ; represent wages. suit of clothes. raw ; part. a little; to trace. ready ; wear.

Gestel dat die wol geproduseer is op een of ander Suid-Afrikaanse plaas ; die boer het miskien *maar* 'n paar sjielings vir die wol gekry waarvan die pak klere gemaak is. Selfs die ru-materiaal verteenwoordig 'n groot gedeelte van die lone wat die boer aan sy *skaapwagters* en ander mense wat op sy plaas *werksaam* is betaal het. Sy eie *winste* is *in werklikheid* hoofsaaklik lone *ten opsigte* van sy eie persoonlike *geeskrag*. Die wol is *waarskynlik* op een of ander plaas verkoop deur 'n agent wat kommissie vra—weer sy lone vir die *hantering* van die wol. Die spoorweg-

assuming. only. shepherds. employed. profits; in reality; in respect of. energy; probably handling.

charges ; transport ; consist.

onkoste vir *vervoer* *beslaan* hoofsaaklik uit lone wat aan drywers, klerke en ander werksmense van die spoorweg-administrasie betaal is.

freight charges. seamen. shipowners. interest ; invested. largely. unloaded; centre chief ; increases. cloth.

Die *vraggeld* op die vervoer oorsee verteenwoordig lone van verskillende soorte *seeliede*, en selfs die gedeelte wat die *skeepseienaars* se winste verteenwoordig is werklik *rente* op kapitaal wat in skepe *bele* is, die koste waarvan *grootliks* deur lone opgemaak is. Die wol word in Engeland van die skip *afgelaai*, en per spoor na die vervaardigings*wyk* gestuur, en op elke plek van die reis verteenwoordig lone die *vername* faktor wat die koste van die wol *vermeerder*. In die verskillende stadiums van vervaardiging tot *kledingstof* is lone weer die vernaamste faktor by die berekening van die onkoste.

services ; merchant. byvoeg—add. distributed. reward ; rent ; warehouse. accumulated. builders ; bricklayers. taken part. etcetera.

Op die terugreis na Suid-Afrika moet daar weer die assuransie en vrag betaal word, wat weer niks anders is nie as lone ter betaling van *dienste*.. Die *handelaar* wat die kledingstof koop *voeg* sy winste *by* die koopprys voordat hy dit aan die snyer verkoop—maar weer is hierdie winste *verdeel* as lone aan sy weksmense, of dit verteenwoordig die *beloning* van sy eie dienste, die *huur* van sy *pakhuis*, en rente op sy kapitaal. Die twee laasgenoemde ietems is niks anders nie as *opgehoopte* lone wat betaal is in die eerste plek aan *bouers*, *messelaars*, timmermans, en honderd-en-een ander persone wat *deelgeneem* het aan die produksie van die geboue *en dies meer*.

aspects, forms. taken into account.

Die snyer betaal lone aan sy werksmense vir die maak van die pak klere, en maak natuurlik sy eie winste, huur, en rente—die laaste twee faktore, soos u al opgemerk het, is in werklikheid meestal ander *vorme* van lone.

Dis 'n wonder dat ons pak klere so min kos as *in aanmerking geneem* word die honderde persone wat direk of indirek vir hulle deel van die vervaardiging moet betaal word.

dependent. closely. connected with. by far.

Die prys van 'n handelsartikel is dus *afhanklik* van die bedrag wat vir lone, wins, huur en rente betaal word, en die laaste drie faktore, soos ons gesien het, is *nou verbonde aan* lone. Die grootste gedeelte van die koste van 'n artikel bestaan *verreweg* uit lone; en, in die algemeen, hoe hoër die skaal van die loon is, hoe hoër sal die prys van 'n artikel wees.

complain. bananas ; undoubtedly. producer.

Ons *kla* dikwels dat die prys wat ons, by voorbeeld, vir vrugte betaal, te veel is; en ons betaal vir ons lemoene, appels, perskes, *piesangs*, pynappels, druiwe, ens., *ongetwyfeld* twee- of driemaal soveel as wat die *produsent*

daarvoor kry. Dit kan ook gesê word van ons *kool*, aartappels, *ertjies*, *boontjies*, en al die ander goed wat van die *groentehandelaar* gekoop word. Dit lyk asof die *kweker* baie minder dan sy *regmatige* deel kry van die prys wat ons daarvoor betaal.

cabbage.
peas ; beans.
greengrocer.
grower ; fair

Ons moet, egter, nie vergeet nie dat ons nie net vir die vrugte of groente betaal nie, maar vir die dienste van verskillende mense deur wie se hande hulle gaan voordat hulle in ons gebruik is. As ons 'n dosyn lemoene koop, betaal ons 'n klein sommetjie aan die vrugtekweker, maar ons betaal ook vir spoorwegamptenare, *karweiers*, en arbeiders wat die kissies hanteer, makelagente en *afslaers*, *verkopers*, boekhouers, bankiers, messelaars, timmermans, en baie ander mense wat min of meer direk of indirek daarin betrokke is.

servants ; carters.
auctioneers ; salesmen.

As ons die lae prys van eetware in aanmerking neem *in vergelyking met* die groot *hoeveelhede*, en die kwantiteit wat een verkoper kan hanteer, begin ons die rede vir die *blykbare* groot *verhoging* van koste *waardeer*.

in comparison with ; bulk.
apparent ; increase appreciate.

Onthou dat, wanneer u 'n paar pond suiker koop, u ook 'n gedeelte van die verkoper se tyd koop ; ook help u om 'n gedeelte van die huur van die winkel te betaal, en selfs die *belastings* van die *kruidenier*. Met feitlik alles wat u koop, betaal u verreweg die grootste gedeelte van die koste vir die persoonlike dienste van 'n groot *aantal* persone wat gewerk het om u te *bedien*.

taxes ; grocer.
number.
serve.

UNIE-DEPARTEMENT VAN ONDERWYS.

AFRIKAANSE EKSAMEN, 1925.

(Trap III.)

[*Drie uur.*]

1. Skryf 'n opstel van ongeveer 50 reëls oor *een* van die volgende onderwerpe :—
   (*a*) Die naturellekwessie.
   (*b*) Gee ons goeie paaie.
   (*c*) " Leef en laat leef."
   (*d*) Uitverkopings.
   (*e*) Gelyke regte vir dames. (32)

2. Gebruik die volgende in goeie sinne :—
   verklaring, verskoning, bevel, vertrou, eienskap, toebehoort, aanhou win, hou van, houding inneem, grens. (10)

3. Verbeter die volgende :—
   (*a*) Nooit het ek kon dink dat dit sy eië werk is.
   (*b*) Ek nie het gekom om jou sleg te sê nie.
   (*c*) Die hard vloer verniel my skoene.
   (*d*) Dit wit meisie kyk agter die kind.
   (*e*) Die skool seun doen sy uiters bes.
   (*f*) Ek sal gaan as hy my vra wil.
   (*g*) Hoe gaan dit nou met jy ? Weet jy jou les ?
   (*h*) Hoe en laë bome kry in die somer blare. (8)

4. Skryf een van die volgende briewe en die antwoord :—
   (*a*) Waarin u 'n boer vra of u op sy plaas kan gaan jag.

   Of,

   (*b*) Waarin u 'n uitgewer vra of hy gewillig is om 'n seker boek wat u geskryf het uit te gee. (20)

5. Gee 'n kort opsomming van die inhoud van die volgende :—

DIE KAPTEIN SE KRAAL.

Geen kaffer mag sonder enige goeie rede in die kaptein se kraal kom nie, en enige kaffer wat sonder 'n goeie verdediging daar gevang word, of wat die rus en die vrede in die buurte van die " Umnumdana " se hut verstoor, kan op las van die kaptein gearresteer en vir die oortreding na die magistraatshof vir verhoor gebring word. Die kaptein het geen mag op kriminele regspraak nie en moet alle misdaad dadelik aan die poliesie rapporteer en die misdadigers of verdagte persone laat vang en aan die poliesie oorhandig.

Ons sien dus dat die kaptein heelwat meer as vleis eet en bier drink en vroue trou te doen het. En as beloning vir sy werk kry hy die eer van sy pos wat hy beklee, sy salaris, waar hulle

salarisse kry (almal word nie betaal nie; in Soeloeland geskied dit net by hoë uitsondering), die verhoorgelde van siviele sake, die boetes deur hom opgelê, en die reg om eerbied en gehoorsaamheid van sy mense te verg.

Die hoofman of indoena, wat soos ons gesien het, deur die kaptein aangestel word, onderhewig aan die goedkeuring van die magistraat, is op sy beurt weer verantwoordelik teenoor die kaptein vir die goeie gedrag van sy mense in die wyk waaroor hy aangestel is, wat bestaan uit 'n seker aantal krale wat aan sy sorg toevertrou word. Hy moet alle buitengewone gebeurtenisse van einge aard dadelik onder die aandag van sy kaptein bring en tree sonder enige vergoeding as bemiddelaar op in alle geskille oor tuingronde en weiveld, en waar een of albei van die partye nie in sy uitspraak wil berus nie, kan hulle die saak as 'n siviele hofsaak voor die kaptein bring, met die reg van appèl na die magistraat. Verder moet hy toesien dat geen kaffer sy kraal verwyder uit sy wyk of 'n nuwe kraal daar kom oprig, sonder die toestemming van die kaptein nie en hy moet die plekke vir die oprigting van nuwe krale aanwys, sodat dit nie te veel afbreuk doen aan die gemeenskaplike weiveld nie. (10)

6. Vertaal in Afrikaans :—

THE "RIGHT AWAY."

With the advent of the locomotive there was introduced the warning whistle announcing the departure of all trains from platforms, but in this connection the South African Railways have framed a regulation banning the warning in respect of all passenger trains leaving platforms. The regulation has been published departmentally, not publicly; the idea being that in due course passengers will realise that the warning has been discarded. From the viewpoint of safety, however, there remains a great deal to be said in favour of the continuance of the old regulation. (14)

7. Verbeter die drukfoute in die stukkie drukwerk, wat u sal gegee word en sit dit in u antwoordeboek. (6)

AFRIKAANSE EKSAMEN, 1925.

(Trap III.)

Verbeter hierdie drukproef en lê die papier in u antwoordeboek :—

'n Eertydse boswagter wat nou hierlangs
boer en wAt sy hele lewe lang hier ge-
woon het, skot die aantal leeus op 19,000.
my vriend, Pieterse het n riviergrens
van dertien mlye lank teenoor die
Reserwe en heet opgemerk dat wild baie
minder is Omtrent tien jaa rgelede
was dar nog duisende sebras, maar nou
isdaar nie mee nie. (6)

UNIE-DEPARTEMENT VAN ONDERWYS.

AFRIKAANSE EKSAMEN, 1926.

(Trap III.)

Drie uur.

1. Skryf 'n opstel van omtrent 50 reëls oor *een* van die volgende onderwerpe :—

(*a*) Die voor- en nadele van 'n tweetalige land.
(*b*) " Sien Suid-Afrika eers."
(*c*) Moet dames dieselfde salaris as mans kry ?
(*d*) Beskerming van ons industrieë.
(*e*) " Aanhou wen."

2. Gebruik die volgende in sinne wat die betekenis duidelik uitbring :—

Betrap, verplig, beskrywing, houding, begeerte, diensbode, slot, toevertrou, pronk, met, vergaan. (10)

3. Verbeter die volgende sinne :—

(*a*) Hy het dit nie gedoen nie, om sy vriend te plesier nie.
(*b*) As hy op kantoor kom, was dit al tien uur.
(*c*) Die kind het gebeloof te gaan as sy ma die nodige toestemming gee.
(*d*) Toe ons die Afrikaanse eksamen skryf die opsiener agter ons het gekyk.
(*e*) Die skurf klippe in die pad verniel die buite bande van my rywiel.
(*f*) Sy eië werk is nie so goed as dié van ander.
(*g*) Hoe ouër hy word, hoe harder hy werk.
(*h*) Het jy jou potlood by jy ? Of is dit thuis ? (8)

4. Skryf *een* van die volgende briewe en die antwoord daarop :—

(*a*) Waarin u aansoek doen vir die pos van sekretaris by 'n pasgestigte firma.

Of,

(*b*) Waarin u u werkgewer om verhoging van salaris vra. (20)

5. Gee 'n kort opsomming van die inhoud van die volgende :—

SPAARSAAMHEID.

Hierdie spandeergees het veral met die oorlog ontwikkel. 'n Groot oorlog bring altyd iets mee, en die jongste oorlog het 'n gees van losheid geskep, 'n gees van spandeer en wat alles opleef. Oor die toekoms wil niemand hom bekommer nie, solank hulle maar net vandag kan lekker leef, die dag van môre kan maar vir homself sorg.

Maar as dit nog daarby wil bly dat 'n persoon maar net opleef wat hy verdien, dan sal dit nog op 'n manier gaan. Die groot gros van mense leef egter vandag bo hulle inkomste. Die verderflike kredietstelsel het vandag ook nog 'n ander vorm aangeneem, n.l., die huurkoopstelsel, 'n stelsel wat baie aanloklik is vir mense wat graag bo hulle middele leef, maar wat aan baie verdriet gebring het. Baie jongmans wat vandag trou, steur hulle nie daaraan of hulle b.v. vir hul meubels kan betaal of nie.

Hulle koop die boel op skuld en betaal maandeliks 'n sommetjie daarop af, maar met die gewoonte aan groot leef kom hulle en hul jong vroutjies dan nie met die orige uit nie, en baie keer word die meubels weer deur die handelaar teruggevat.

En as ek die jong klomp in die stad so deurkyk, dan weet ek nie wat van die volk in die toekoms moet word nie. Waar die jongmans in my dae almal probeer het om iets bymekaar te maak en die dogters deur die moeders geleer is om spaarsaamheid te betrag, hardloop almal vandag wild rond met hulle geld en is hulle alleen gelukkig as hulle geld by die hope kan mors.

Die Minister van Finansies was op die opening van die kongres teenwoordig en hy het aangetoon hoe Suid-Afrika in vergelyking met ander lande die spandabelikste lewe. Ons staan b.v. ver, baie ver agter Australië, en in Frankryk, die land wat beskou word as 'n land met 'n baie onbesorgde bevolking, is elke derde persoon 'n geldbelegger. By ons is dit 'n wonder as 'n gewone persoon 'n klein sommetjie uitstaande het, die pennies kry nie kans om sjielings, en die sjielings ponde te word nie.

Hy het hierdie spandabelikheid genoem as die grootste oorsaak van ons arm-blankedom. Dis treurig om vandag die duisende Hollandssprekende armblankes te sien, mense wie se ouers besitters was van breë akkers. (10)

6. Vertaal in Afrikaans :—

BRIDGE BUILDING POLICY.

The Government has announced a policy of building low-level bridges over spruits and small rivers, and steel bridges over the larger rivers. As a matter of fact, material for the larger bridges arrived at Beira almost simultaneously with the flooding of the Pungwe Flats, and is still lying at the port. With the resumption of traffic the material will be available and the bridges will be erected with all expedition.

The serious state of affairs has resulted in a protest from the Salisbury Chamber of Commerce, the members of which have been unable to obtain supplies except through the more expensive route from the Union ports. (14)

7. Verbeter die drukfoute in die stukkie drukwerk, wat u sal gegee word en sit dit dan in u antwoordeboek. (6)

AFRIKAANSE EKSAMEN, 1926.

(Trap III.)

(N.B.—Die stuk sal nie vir punte in aanmerking geneem word as die kandidaat dit eenvoudig gaan oorskryf nie.)

7. Verbeter hierdie stukkie drukproef en lê dit in u antwoordeboek :—

Ons droem drome en ons sien afrikaanse
vergezigte. so Innig glo ons aan die
teokoms van ons volk, dat oons nou,
by die erste rooidag skynsels van
onseie kultuur, seker weet dat di
vole middagson nuwe glorie en nuwe
groei krag an die volksboom gaan
gee Maar ons sal nie die wereld
oorw in deur net die vreemde te
annekseer nie. (6)

UNIE-DEPARTEMENT VAN ONDERWYS.

AFRIKAANSE EKSAMEN, 1927.

(Trap III.)

Drie Uur.

1. Skryf 'n opstel van omtrent 50 reëls oor *een* van die volgende onderwerpe :—

(*a*) Beskerming van ons industrieë.
(*b*) " Arbeid adel."
(*c*) 'n Haelstorm.
(*d*) Hoe ek my vrye ure deurbring.
(*e*) Die gevare van die delwery. (32)

2. Gebruik die volgende in goeie sinne :—Staatmaak, oorwin, swoeg, iniaal, veroordeel, verswak, ondersoek, bespreek, gelykte, lessenaar. (10)

3. Verbeter die volgende :—

(*a*) Al het hy lank weg gewees, tog het ons gedink dat hy ons ken sou.
(*b*) Hy het nie gevlug toe die leeu het gebrul nie.
(*c*) Geen een kon die bottel raakskiet.
(*d*) Die hael het die vrugte tuine weggeslaan.
(*e*) Vir sy eie huis het hy maar min gesorg.
(*f*) In die vroeë môre neem hy 'n stortbad.
(*g*) Al die maatskaplik en godsdienstig werkers moes hier help.
(*h*) Die kind het alweer gevergeet om sy werk te doen. (8)

4. Skryf een van die volgende briewe en ook die antwoord :—

(*a*) Waarin u 'n vrugteboer vra om gedurende 'n seker tydperk u gereeld 'n kassie vrugte te stuur.

Of,

(*b*) Waar in u 'n stasiemeester berig dat u 'n jas in die trein vergeet het en vra of dit nie gekry is nie. (20)

5. Verbeter die stukkie drukwerk wat aan u gegee sal word en sit dit dan in u antwoordeboek. (N.B.—*Daar sal geen punte toegeken word as die stuk eenvoudig oorgeskryf word nie.*) (6)

6. Gee 'n opsomming van die inhoud van die volgende :—

HOE DIE WOL GEHANTEER WORD.

In die pakhuis word elke baal oorgeweë op weegskale wat daeliks getoets en maandeliks geïnspekteer word. Na die weeg word die bale na die groot uitstalsale bo gebring, waar hulle met die vragbriewe van die spoor vergelyk word. Die wol word dan behoorlik

geklassifiseer en dan word die katalogus vir die volgende veiling opgestel. Dan word die wol deur die makelaars gewaardeer, sodat die boer verseker kan wees van 'n behoorlike reserweprys van sy produk.

As die katalogus gedruk is, word elke opkoper van 'n eksemplaar voorsien en dan kom hulle om hulle eie waarderings te maak, onafhanklik van dié van die makelaars. Die taksasies is natuurlik 'n baie moeilike werk en moet baie sekuur gedoen word, want daar is groot somme geld aan verbonde.

Die veiling vind op die eerste drie weekdae van elke week plaas en elke makelaar kry daarby sy beurt. Die verkopings gaan baie vinnig en is vir die toeskouer baie eentonig en meestal onverstaanbaar. Hulle is klaar afgeloop voor die oningewyde sulks vermoed. En nou sit die bale wol hulle uitlandse reis voort.

Van die sale bo word hulle na die verkoping afgebring; onder word hulle met hidroliese perse tot op die helfte van hulle oorspronklike volume gepers, met sterk bandysters vasgemaak, gemerk, weer geweë en dan wag hulle op instruksies van die kopers om langs die Punt ingeskeep te word en—die Suid-Afrikaanse wol versprei oor die hele wêreld. (10)

7. Vertaal in Afrikaans :—

HOW I DISCOVERED DIAMONDS.

" There was something in my blood," he said yesterday, " which made me a prospector. Wherever I went I took an interest in the formation of the country. Round about that time there had been a lot of talk about the discovery of diamonds in other parts of the country."

" Mounted on a horse, I used to roam all over the place, always hoping and sometimes believing that I would one day make a fortune." (14)

UNIE-DEPARTEMENT VAN ONDERWYS.

AFRIKAANSE EKSAMENS, 1927.

(Trap III.)

VRAAG 5.

Verbeter hierdie drukproef en sit dit in u antwoordeboek. Hiervoor sal geen punte toegeken word, as die stuk net oorgeskryf word nie.

Hei sê dat miljone Sjinese beroof, uitGehonger, of dodgemaak is, baie fabrieke en duisende handelshuise gesluit het, teinduisende mens ebankrot ge gaan, studente hulle studies *laat* vaar en boere opgehoe het om hulle lande te bewerk, dit gaaan van kwaad tot erger. (6)

UNIE-DEPARTEMENT VAN ONDERWYS.

AFRIKAANSE EKSAMENS (JUNIE), 1928.

(Trap III.)

Drie Uur.

1. Skryf 'n opstel van ongeveer 50 reëls oor *een* van die volgende onderwerpe.

(*a*) My moeilikhede in die studie van Afrikaans.
(*b*) In 'n vliegmasien.
(*c*) " My doodkry is min."
(*d*) In die bosveld.
(*e*) Vrouestemreg. (32)

2. Gebruik die volgende woorde in goeie sinne :—veroordeel, beperk, straf, besit, verbreking afskrif, tikskrif, instelling, kook, vertrek. (10)

3. Verbeter die volgende :—

(*a*) Sy knip mes is van hard staal.
(*b*) Niemand kon se wat hy gedurig doen.
(*c*) Die onderwyser het gekoop 'n boek wat duur is.
(*d*) In die vroë more het hy sy reis deur die wereld begin.
(*e*) Jare lank het hy aan allerhande siektes gelei.
(*f*) Hy het goed gebegin, maar om elf uur was hy al gedaan.
(*g*) Al die laag rante in die distrik is mét bome begroei.
(*h*) Die wilde boke het skielik in die ruië gras verdwyn. (8)

4. Skryf een van die volgende briewe, en ook die antwoord :—

(*a*) Waarin u u werkgewer versoek om u na 'n takbesigheid aan die kus oor te plaas.

Of,

(*b*) Waarin u 'n boer verlof vra om 'n rukkie op sy plaas te gaan uitkamp. (20)

5. Verbeter die stukkie drukwerk wat aan u gegee sal word en sit dit dan in u antwoordeboek. (N.B.—Daar sal geen punte toegeken word as die stuk eenvoudig oorgeskryf word nie.) (6)

6. Gee 'n opsomming van die inhoud van die volgende :—

ONTWIKKELING VAN DIE VLIEGDIENS.

Stadigaan ontdoen die staat hom nou ook van die beheer van die hooflyne, sodat die hele bedryf in hande van privaat ondernemings kom. Waar die Suid-Afrikaanse beleërs soos hierbo

meegedeel, vandag gekant is teen belegging in vliegdiens-ondernemings skyn 'n ontwikkelingsproses, soos deur die Amerikaanse staat gevolg, in elk geval die moeite werd om 'n ondersoek daarna in te stel.

Intussen begin Suid-Afrika as 'n mark vir vliegtuie die aandag te trek van verskillende oorsese fabrieke van vliegtuie. Die Amerikaanse fabrieke is van mening dat Amerikaanse ligte vliegmasiene vir Suid-Afrika beter geskik is as die Moths wat nou hier ingevoer word. Meegedeel word dat die Amerikaanse fabrieke wil probeer om hier 'n vliegtuig op die mark te bring wat teen 'n prys van ongeveer £650 in Suid-Afrikaanse hawens kan gelewer word. Die Moths word hier verkoop teen £825. Maar ons kan moeilik verwag dat baie vliegtuie hier sal geplaas word, voordat die bevolking gewend geraak het aan vliegvervoer. Op die oomblik is 'n dergelike vervoer nog nie populêr genoeg om van enige invloed op ons verkeer en handelsvervoer te wees nie. (10)

7. Vertaal in Afrikaans :—

THE KRUGER GAME RESERVE.

I knew the country well, had been all over it, big game shooting for many years and had lived on the border most of my life. I had been in Gazaland big game shooting and exploring. I told the President all big game was to be found in the area and suggested that it was really a sportsman's paradise. (14)

UNIE-DEPARTMENT VAN ONDERWYS.

AFRIKAANSE EKSAMENS (JUNIE), 1928.

(Trap III.)

VRAAG 5.

Verbeter hierdie drukproef en sit dit in u antwoordeboek. Hiervoor sal geen punte toegeken word as dit eenvoudig, verbeter, oorgeskryf word nie :—

> Daaar was baie miNder inskrywings in mansafde ling as verledejaaren nieteenstaande di droogte swa baië van die inskrywings darem goed Dis jamer om te sê dat n grot deel van ons boere bevoling in hierdie dsitrek nie wil probeer om hulle plig te doen.

(6)

UNIE-DEPARTEMENT VAN ONDERWYS:

AFRIKAANSE EKSAMENS (JUNIE), 1929.

(Trap III.)

Drie uur.

1. Skryf 'n opstel van omtrent 50 reëls oor *een* van die volgende onderwerpe :—

(*a*) Die spoorweë van Suid-Afrika.
(*b*) Wat toeriste in Suid-Afrika kan sien.
(*c*) My geliefkoosde Afrikaanse skrywer.
(*d*) Wat geld kan doen.
(*e*) Die waarde van advertensies. (30)

2. Gebruik die volgende in goeie sinne :—Voorskot, bedrag, medeinger, teleurstel, skeidsregter, tydskrif, dringend, betrokke, binnekant, taat maak op. (10)

3. Verbeter die volgende sinne :—

(*a*) Die kind het 'n operasie ondergegaan.
(*b*) Hy rondloop so baie dat hy nie kan werk nie.
(*c*) Ek het die man nêrens gesien.
(*d*) Van die twee seuns is Jan die slimmer een.
(*e*) Oom Karel is 'n baie trots vader.
(*f*) Verstandelik ontwikkeling is van baie groot waarde.
(*g*) As die klok gaan, verlaat die kinders die skool.
(*h*) Hy wil nie ploeg tensy dit nie reent nie. (8)

4. Skryf *een* van die volgende briewe *en* ook die antwoord :—

(*a*) Aan 'n prokureur om uitstaande geld vir u in te vorder.

Of,

(*b*) Aan die hoof van die poliesie, waarin u kla oor die geraas wat motorkarre en -rywiele in u omgewing maak. (20)

5. Verbeter die stukkie drukwerk wat aan u gegee sal word en it dit dan in u antwoordeboek. (N.B.—*Daar sal geen punte toegeken ord as die stuk eenvoudig oorgeskryf word nie.*) (6)

6. Voorsien onderstaande stuk van 'n gepaste opskrif en gee dan 'n psomming daarvan in Afrikaans :—

Minr. Boydell het Vrydag die jaarvergadering van die Randse Vereniging vir Armesorg toegespreek.

Hy meen dat dit in sekere mate 'n klad is op ons beskawing, dat so baie gedoen moet word deur liefdadigheidsverenigings. In 'n behoorlik georganiseerde en goed bestuurde Staat behoor daar afdoende voorsiening gemaak te word vir mense wat tans deur die verenigings versorg word, net soos in ander dele van die wêreld gebeur.

o

Die regering het die las van die verenigings verlig deur uitbetaling van ouderdomspensioen. Mense wat werkloos word deur ekonomiese omstandighede en nie deur eie skuld nie, behoor deur die Staat gelelp te word. Die vraag doen hom voor of nywerhede in goeie tye nie behoor voorsiening te maak vir hul werklui vir die tyd wanneer werk skaars word nie. As dit nie gebeur nie, behoor dan nie die hele gemeenskap te betaal vir onderhoud van die man wat sonder eie skuld werkloos geraak het en nie sy gesin nie ?

In sommige lande bestaan volksversekering. Dieselfde kommissie wat ondersoek instel na die kwessie van ouderdomspensioen, doen tans ondersoek na die wenslikheid van volksversekering. Spreker hoop dat hy so 'n skema sal aanbeveel en dat die regering dit ten uitvoer sal bring.

'n Dwangkolonie word in Februarie te Elgin geopen waar mense opgeneem sal word wat nie wil werk nie. Dis geen strafkolonie nie, maar 'n plek waar die lus om te werk weer aangekweek sal word. In die begin sal slegs van 150-200 manne opgeneem word. Spreker hoop dat die dwangkolonie 'n goeie uitwerking sal hê. Statistiek toon aan dat 8 persent van elke bevolking net geskik is vir ongeskoolde werk. In Suid-Afrika is daardie werk ontsê aan die man wat daarvóór geskik is en as dit nog aan hom aangebied word, is dit teen kafferloon. Tensy Suid-Afrika dit vir daardie soort mense moontlik maak om ongeskoolde werk te verrig, teen loon wat hulle in staat sal stel om fatsoenlik te lewe as blankes, sal die vraagstuk nie opgelos word nie. (12)

7. Vertaal in Afrikaans :—

The grain deposited in an elevator is definitely guaranteed, and an elevator receipt is sufficient security for a grain owner to obtain an advance from his banker of anything up to 60 per cent. of the current market price of the grain represented thereby. An elevator receipt may be transferred from one owner to another, and upon production of the receipt and of delivery instructions, the grade and weight of grain specified will be delivered by the Railway Administration from any grain elevator in the system. (14)

UNIE-DEPARTEMENT VAN ONDERWYS.

AFRIKAANSE EKSAMENS (JUNIE), 1929.

(Trap III.)

VRAAG 5.

Verbeter hierdie drukproef en sit die in u antwoordeboek. Hiervoor sal geen punte toegeken word, as die stuk net oorgeskryf word nie.

Daarom het die uit deling van wwo nplekke
onder Hollans Sprekende Burgers in die teens
woord Igeste Ilenbosch en Perel se distrikte
plaas gevind. Daarom dat sʃʍɹəpuo, waar Da
Er nog 'n was skooltje, alleen in holans gegee is. (6)

UNIE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS.

SUID-AFRIKAANSE SPOORWEË EN HAWENS.

TAALEKSAMENS, FEBRUARIE 1928.

Afrikaans.

Drie uur.

1. Skryf 'n opstel van omtrent 30 reëls oor *een* van die volgende onderwerpe :—

(*a*) Die nut van die onlangs ingestelde padmotordienste.
(*b*) 'n Vakansie aan die kus.
(*c*) Ons hond.
(*d*) 'n Piekniek.
(*e*) Biblioteke. (50).

2. Skryf 'n brief aan die spoorwegadministrasie waarin u vra of daar geen opening vir u is nie. Gee u kwalifikasies, vorige ondervinding en die rede waarom u by die spoorweë wens in diens te tree. (30).

3. Gee 'n kort opsomming van die inhoud van *a*, *b* en *c* hieronder. Gebruik vir *a* en *b* omtrent 12 reëls ieder en vir *c* omtrent 8 reëls :—

(*a*)

Die Draai,
P.K. Janson,
2 Januarie 1928.

Geagte heer,

Ek het op 25 September 1927 geskryf omtrent die groot skade wat die trein wat hier om 10.15 v.m. verbygaan onder my skape aangerig het. Tot nou toe het ek nog geen antwoord op my skrywe ontvang nie.

Ongelukkig moet ek nou alweer kom kla, want vanmôre het dieselfde trein twee van my beste koeie en een os doodgetrap. Die eerste geval het ek nie persoonlik gesien nie en ek was geneig om dit as 'n blote ongeluk te beskou, maar hierdie keer was ek toevallig self in die nabyheid. Ek het net van die stasie teruggekom met leë melkkanne wat ek gaan haal het en toe ek omtrent 100 tree van die lyn af is sien ek die hek lê oop—ek het dit, nie 'n uur vantevore, toe ek daardeur is, ordentlik laat toemaak deur my piekenien wat met my saamry. Ook sien ek dat my beeste net besig was om deur die hek te gaan en meteens kom die trein om die draai. Hy het vreeslik vinnig gery—ek reken minstens 40 myl per uur—en sonder om te fluit jaag hy verby.

Die stoker en die masjienis het geen van beide uitgekyk nie en ek kon duidelik sien dat hulle besig was om uit 'n bottel te drink, hulle was skynbaar ook baie plesierig. Toe die trein tussen die beeste inloop, het die paar pas tot besinning gekom, hulle het verbouereerd uitgekyk, toe het die trein effens stadiger gegaan, maar toe hulle my sien aankom het hulle weer stoom aangedraai en verder gery.

Twee van my beste koeie—ek het drie maande gelede vir hulle £40 per stuk op 'n vendusie op Johannesburg betaal—was op die plek morsdood getrap en een os—waarde omtrent £11—was so beseer dat ek hom moes keelafsny.

U sien dus dat hierdie skade alleen veroorsaak is deur die nalatigheid van die masjienis. Ek vertrou dus dat u die saak sal ondersoek en die skade, £91, so gou moontlik sal vergoed, en dat u ook tegelyk my eis van 25 September, vir £35. 10s., sal uitbetaal.

Hoogagtend,

U dienswillige dienaar,

J. F. v. d. Merwe.

(8)

(*b*)

Die finansiële kriesis in ons onderwys is miskien nader as wat ons vermoed. Ek vertrou dat as dit kom, die nodige verstandige leiding aanwesig sal wees, en ek hoop veral dat ons laerskole nooit in hulle werk en ontwikkeling deur die noodsaaklikheid van geldbesparing belemmer sal word nie. Soos weldra sal blyk, is ek minder optimisties aangaande ons middelbare onderwys; en wat ons uniwersiteite betref, is dit nie meer 'n kwessie of en selfs wanneer die kriesis sal bereik word nie; hulle staan reeds daar vlak voor! Soos bekend is, het die Regering 'n kommissie benoem om „met die oog op besuiniging" na te gaan of die tyd nie aangebreek het nie om die bestaande stelsel van uniwersitêre staatssteun in hersiening te neem nie. Die posiesie is baie eenvoudig. Onder die geldende finansiële regulasies vir uniwersiteite kan elke inrigting sy staatssteun jaarliks met 10 persent vermeerder, en die meeste kom daar vandag na aan om die volle vermeerdering te kry, m.a.w. die uniwersiteite is op die oomblik op pad om hulle Regeringssubsiedie binne iets meer as tien jaar te verdubbel. Nou is dit ongelukkig 'n feit dat die landsrykdom en die bevolking hulle nie in dieselfde tydperk verdubbel nie. Dus—wat moet gedaan word? Moet ons aanneem dat die vermeerderingstempo vanself sal afneem of moet stappe gedaan word om dit te verseker? (6)

(*c*)

'n Boerderyleerling is nie 'n assistentboer nie en behoort gedurende die eerste ses maande van sy leertyd nie in 'n verantwoordelike posiesie geplaas te word nie. Allermins behoort sy dienste gebruik te word om toesig oor kaffers te hou. Dit lei onvermydelik tot geselsery tussen hom en die naturelle, waardeur 'n te grote familiariteit ontstaan. Die ideale stelsel is dat die leerling onder 'n bevoegde plaasarbeider geplaas moet word op presies dieselfde manier as wat 'n vakleerling in 'n werkplaas onder 'n ten volle gekwalifiseerde ambagsman geplaas word. Hy leer dan om gereedskap met die minste inspanning en met die grootste handigheid te gebruik en miskien ook om uiteindelik trots te wees op sy werk. Na die eerste ses maande kan hy miskien voldoende belangstelling in sy werk ontwikkel het om toegelaat te word om tot op 'n sekere hoogte op sy eie te werk. Ek maak gewoonlik aan my leerjongens duidelik hoe belangrik dit is om te weet hoe om 'n eenvoudige werktuig soos 'n skopgraaf te gebruik en hulle besef dat daar 'n regte en 'n verkeerde manier is, dog ek kan my voorstel dat met die betreklik snel ontwikkelende Suid-Afrikaanse seun baie persone sulke kleinighede nie van enige belang beskou nie. Ek is van oordeel dat 18 jaar heeltemal oud genoeg is om 'n aanvang te maak met leer. 'n Seun op daardie ouderdom sal leer deur op te let en hy sal in staat wees om sonder enige bewuste inspanning 'n bekwame handwerksman te word.

4. Verbeter die volgende sinne :—

   (*a*) Jan en Klaas het hom sleg gedra op skool.
   (*b*) Die sneltrein is al weg maar om tien uur verlaat weer een.
   (*c*) Hulle lyk nie hulle nuwe huis nie.
   (*d*) Kyk rond vir die trein.
   (*e*) Anna het sy hoed opgesit en skool-toe gegaan.
   (*f*) Hy was so siek dat ons die dokter moet inroep.
   (*g*) Hy het sy hoed agterstevoor op sy kop, waarvan die rand af was gesit.
   (*h*) Die leerlinge van die hoër skool het hierdie jaar 'n baie grotere oorwinning behaal.
   (*i*) Sannie van der Merwe was sekretaris van die plaaslike debatsvereniging.
   (*j*) Hy het hom aangemoedig om meer te vertel, want dit was water na sy meul. (20)

5. Vertaal in Afrikaans :—

   (*a*) Cheap excursion tickets are issued as advertised in the newspapers.
   (*b*) Make yourself acquainted with the conditions under which you travel with excursion tickets.

(*c*) Good morning, Sir ! Is there anything I can do for you ?

(*d*) Sir William Hoy, General Manager of the South African Railways and Harbours, has recently been retired on pension.

(*e*) The following months of the year have 30 days : April, June, September and November.

(*f*) He has spent his Christmas Holidays at the Capital.

(*g*) During 1927 only a few places in the Union have registered a normal rainfall.

(*h*) Apples, pears, plums, grapes, and oranges are exported to England.

(*i*) He was about to leave the post office when he noticed that his fountain-pen was missing.

(*j*) I'll call you to-morrow at five. See that you are ready.

(30)

UNIE-DEPARTEMENT VAN ONDERWYS.

SUID-AFRIKAANSE SPOORWEË EN HAWENS.

TAALEKSAMENS, FEBRUARIE 1928.

Afrikaans.—Mondelinge Toets.

Tien minute.

(N.B.—*Die kandidaat moet elke vraag hardop lees, en daarna in goeie volsinne beantwoord.*)

1. Waar woon u ? Hou u van die plek waarop u woon ? Gee redes vir u antwoord.

2. Wat is die waarde vir die land van die onlangs ingevoerde pad-motordienste ?

3. Waar en hoe het u die laaste Kersvakansie deurgebring ?

4. Noem die maande van die jaar en die dae van die week.

5. In watter afdeling van die spoorwegdiens is u werksaam en watter soort van werk doen u gewoonlik ?

6. Hou u van die spoorwegdiens ? Gee redes vir u antwoord.

7. Wat beteken die uitdrukking ?—

„Hy het te diep in die bottel gekyk."

8. Vertel kortliks hoe u u vrye tyd deurbring.

9. Noem drie punte waarin die winter van die somer verskil.

10. Wat is 'n inkpot, 'n skeermes en 'n kweperlat ?

UNIE-DEPARTEMENT VAN ONDERWYS.

SUID-AFRIKAANSE SPOORWEË EN HAWENS.

TAALEKSAMENS (OKTOBER), 1928.

AFRIKAANS.

Drie uur.

1. Skryf 'n opstel van omtrent 30 reëls oor *een* van die volgende onderwerpe :—

(*a*) 'n Besoek aan een van die spoorwegwerkplekke.
(*b*) 'n Motertoggie.
(*c*) Die grootste vis wat ek gevang het.
(*d*) Om die kampvuur.
(*e*) Die nut van koerante lees. (50)

2. Mnr. J. A. van der Ham, Poskantoor, Belfort, het op 15 Julie 1928 'n eis ingestuur vir skadevergoeding vir 12 stoele wat, soos hy beweer het, op 2 April 1928 aan die S.A.S. vir versending na Driefontein oorhandig is. Hy ontdek op 18 Julie dat genoemde stoele deur 'n vergissing nie by die stasie afgelaai is nie en dat hulle weer in sy pakkamer teruggebring is.

Skryf Mnr. van der Ham se brief aan die Spoorwegadministrasie waarin hy die vergissing uiteensit en ekskuus vra vir die moeite wat hy veroorsaak het. (30)

3. Verbeter die volgende sinne :—

(*a*) Die drie jongste kinders het sy werk die beste gedoen.
(*b*) Die oudste dogter van die magistraat het sy Matrikulasie-eksamen gedoen.
(*c*) Ek lyk nie die werk nie.
(*d*) Het jy jou sitplek al geboek ?
(*e*) Gister in die dorp ek het jou gesien.
(*f*) Die kinders het ses weke holiday gekry.
(*g*) Hy het die perd voor die kar gespan wat kreupel was.
(*h*) Ses meisies uit die klas het na die normal College gegaan om vir onderwyser te leer.
(*i*) Meneer, mag ek u tikket asseblief sien.
(*j*) As 'n mens oud word moet hy brille dra. (20)

4. Vertaal in Afrikaans :—

(*a*) We are in receipt of your letter of the 10th ultimo.

(*b*) Don't rely upon the advice of a porter in regard to the validity of your ticket.

(*c*) These trains do not convey passengers from Capetown for Woodstock.

(*d*) Property found at a station will be forwarded to the lost property office.

(*e*) We endeavour to arrange freight at lowest rates.

(*f*) See your own country first.

(*g*) Some of the chief exports of the Union of South Africa are gold, wool, and diamonds.

(*h*) The recently instituted road-motor services have proved a great success.

(*i*) During June, July, and August there is very little rain on the Central Plateau.

(*j*) On Tuesdays and Saturdays a train leaves Postmasburg at 8.30 a.m. and arrives at Douglas Station at 5.40 p.m.

(30)

5. Gee 'n kort opsomming van die inhoud van die volgende. (Gebruik nie meer as ses reëls vir iedere stuk nie.) :—

(*a*) Palestiena, soos reeds aangetoon, was baie geskik vir veeboerdery : „'n land vloeiende van melk en heuning." Ons leer die aartsvaders Abram, Isak en Jacob dan ook ken as groot veeboere, wat van plek tot plek trek om veld te soek vir hulle vee. Tot hierdie nomade- of trekkerslewe het veral aanleiding gegee die feit dat Palestiena net winterreën kry. Die velde was dus baie gou afgewei deur die groot troppe vee en dan moes daar weer getrek word na nuwe weidings. Ons tref hier dus ongeveer dieselfde toestande aan as die waarin die Afrikaanse trekker vroeër verkeer het, en hom vandag nog bevind.

In die somer is gewoonlik die verafgeleë velde aan die kant van die woestyn opgesoek, of ook die hoogvlaktes en bergtoppe. In die winter is die vee dan teruggebring na die laer en bosryke gedeeltes of na die skure. Dit laat ons dink aan die gewoonte in ons land om in die somer na die hoëveld en in die winter na die warm bosveld te trek met die vee.

(*b*) Dit is 'n welbekende feit dat inboorlinge of bewoners wat reeds lank in lande gevestig is waar slange volop is, sonder uitsondering kort voor hulle loop en kyk, en instinkmatig altyd op die uitkyk is vir enige skadelike ondier wat hom wellig op hul pad mag verskuil. Die stedeling of pas gevestigde setlaar let selde op waar hulle trap en stel hulle dus bloot aan die aanvalle van slange wat op die loer lê.

Hierdie gewoonte om onwillekeurig die grond te bespied wanneer 'n mens op die plaas of in die veld rondloop, behoort deur almal aangekweek te word.

Vir diegene wie se werk van so'n aard is dat hulle dikwels genoodsaak word om die nou voetpaadjies van die inboorlinge te volg, is 'n kierie, met 'n metaalring naby die punt, 'n uitstekende middel om slange in die nabyheid mee op die loop te ja. Aangesien die ring los is, gee dit 'n metaalagtige klank elke slag dat die kierie die grond raak. Hierdie klank waarsku enige slang wat in die paadjie mag lê, en stel hom in staat om vroegtydig weg te seil.

(*c*) Dis van groot belang om lid van 'n outomobielklub te wees. Die volgende is 'n voorbeeld daarvan. Dit het 'n rukkie gelede met 'n sekere garage-eienaar gebeur. Hy was daarop uit om die afstand tussen Kokstad en Queenstown, 'n saak van 264 myl, in een dag af te lê, dog hy het die ongelyk gehad om 'n veer te breek net buite Matatiele. Tot oormaat van ramp nog, was dit op 'n Sondag. Hy het na die offisiële klubgarage gegaan, en die kaffer aldaar het die baas gaan roep, wat op sy beurt 'n ander werktuigkundige op die toneel geroep het om hom te kom help. Daar was nie 'n veer van die juiste grootte in die plek nie, dog die garagemanne het hulle nie daardeur van streek laat bring nie. Hulle het eenvoudig 'n veer van 'n ander motorkar geneem en dit verander om op die motorkar te pas en na al hierdie moeite die herstelling in rekkordtyd voltooi. Die prys wat die garageman vir die herstelling bereken het, was belaglik klein, met die oog op die gerief van die motoreienaar en op die tyd en geld wat hy bespaar het deur spoedig weer op die pad te wees. Die garageman wou egter nie meer aanneem nie, want hy het verklaar dat sy prys die korrekte prys vir die tyd en die materiaal was, en die ongerief wat hy ondervind het om op Sondag te werk, word meer as vergoed deur die besigheid wat hy van ander lede van die klub kry op hul besoeke aan die dorp. (20)

UNIE-DEPARTEMENT VAN ONDERWYS.

SUID-AFRIKAANSE SPOORWEË EN HAWENS.

TAALEKSAMENS (OKTOBER), 1928.

Afrikaans (Mondelinge Toets).

Tien minute.

(N.B.—*Die kandidaat moet elke vraag hardop lees, en daarna in goeie volsinne antwoôrd.*)

1. 'n Trein vertrek om twaalfuur van 'n sekere stasie na 'n stasie wat daar $2\frac{3}{4}$ uur vanaf lê. Hoe laat moet die trein aankom ?

2. 'n Heer vra u vir sekere inligtings wat u nie kan gee nie, maar u dink dat die kaartjiesklerk die inligting kan gee. Wat sou u hom antwoord ?

3. Hoe lank is u al in die spoorwegdiens en op watter verskillende stasies het u al gewerk?

4. Wat is die invloed van 'n groot droogte op die goedereverVoer op die spoorweë ?

5. Sê kortliks wat die verlofregulasies is waaronder u werk.

6. Verklaar die betekenis van die uitdrukking :—„Lewe soos kat en hond."

7. Noem die seisoene van die jaar en sê van watter seisoen u meeste hou en waarom.

8. Gee 'n kort beskrywing van die weer in u distrik gedurende die somer.

9. Verklaar die betekenis van die volgende woorde :—Ekskursie-kaartjie, treinbrug, wagkamer.

10. Wat is die nut van koerante ?

UNIE-DEPARTEMENT VAN ONDERWYS.

SUID-AFRIKAANSE SPOORWEË EN HAWENS.

TAALEKSAMENS, APRIL 1929.

AFRIKAANS.

Drie uur.

1. Skryf 'n opstel van omtrent 30 reëls oor *een* van die volgende onderwerpe :—
   (*a*) Ons Spoorweë.
   (*b*) 'n Toetswedstryd.
   (*c*) Die Ossewa.
   (*d*) Wat ek sou doen as ek ryk was.
   (*e*) 'n Jagtog. (50)

2. U het 'n pakkie in die trein laat lê. Skryf 'n brief aan die Spoorwegadministrasie waarin u duidelik vertel waar en wanneer u die pakkie verloor het en wat die herkenningsmerke is, en vra die Administrasie om dit aan te stuur, ingeval dit gevind word. (30)

3. Verbeter die volgende sinne :—
   (*a*) Hy wil my afraai om nie die huis te koop nie.
   (*b*) Die hoender sit bo die dak.
   (*c*) In winter is dit baie koud op die hoëveld.
   (*d*) Dit spyt my meneer, maar die sneltrein is net getrek.
   (*e*) Dis altyd die veiligste om jou sitplek betyds te boek.
   (*f*) Hy het drie weke gelede 'n aanstelling as 'n stasiemeester gekry.
   (*g*) As ons die pakkie vind sal ons dit na die lost property kantoor stuur.
   (*h*) Die Algemene Bestuurder van die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawes het hulle personeel bedank vir hulle goeie werk.
   (*i*) Die beeswagtertjies het die skape in die kraal gejaag en toe vir die nooi sy kos gevra.
   (*j*) In die Unie van Suid-Afrika is daar sewe grote onderwysersverenigings. (20)

4. Vertaal in Afrikaans :—
   (*a*) Great was the excitement when the travellers knocked at the door.
   (*b*) That's no fault of ours.
   (*c*) Soon after breakfast they set off again.
   (*d*) In Denmark, Spain and Russia coiners were using his machinery for minting money.
   (*e*) The Physics class had a model of the Newcomen engine, and to his great delight it was sent to him for repair.
   (*f*) On Mondays, Tuesdays, Wednesdays, Thursdays, and Fridays a train leaves Pretoria at 4.15 p.m. and arrives at Witbank at 7.44 p.m.

(*g*) Passengers from Waterval Boven, and to and from intermediate points, must travel by the 11.10 p.m. train from Waterval Boven.
(*h*) A—Stops only to set down passengers.
(*i*) His first occupation was to herd cows for two-pence a day.
(*j*) Not the engine alone claimed his attention. (30)

5. Gee in Afrikaans 'n kort opsomming van die inhoud van die volgende twee stukke. (Gebruik nie meer as ses reëls vir iedere stuk nie.)

(*a*) In een van sy rondtes het neef Gert een aand, so teen skemer, op sy pad huistoe, deur 'n droë sandsloot moet ry. Toe hy die sloot ingaan, bemerk hy aan die ander kant 'n beweging in die riete. Hy meen dat dit een of ander bok moet wees en ry maar gerus voort. Plotseling sien hy 'n gedaante op hom toespring. Die perd gee 'n geweldige ruk voorentoe. Die ruiter verloor sy ewewig en daal in die rigting van moeder aarde ; maar voor hy dié bereik, word hy ru onderskep in die muil van 'n leeumannetjie, wat sonder verder seremonie met hom die bos instap.

Neef Gert vertel dat, toe die leeu so met hom wegstap, net een gedagte hom besig gehou het, n.l. : of die wreedaard hom nou sou doodmartel of met een geweldige byt die ewigheid instuur. Daar die leeu egter geen van beide dadelik doen nie, kry neef Gert tyd om aan selfverdediging te dink. Meteens skiet dit hom te binne dat sy mes aan sy gordel hang. Na veel gesukkel geluk dit hom om sy mes uit sy skede te kry. Versigtig bring hy sy mes na die punt waar hy meen dat die hart van die leeu moet sit. 'n Paar flinke stote en die lyf van die dier gee 'n geweldige ruk. Nog 'n paar oomblikke en hy laat sy prooi val en gaan reg voor hom staan. Toe stap hy stadig weg en neef Gert neem sy kans waar om in 'n doringboom te klim. Hoe lang hy daar gesit het weet hy self nie, maar diep in die nag het sy volk hom daar gekry en huistoe gedra. Die volgende dag het hulle die ou leeumannetjie in die nabyheid van die doringboom gekry, morsdood, met twee steke in sy hart.

(*b*)

Umkunkinglove.
4 Febr. 1838.

Laat almal hierby weet, dat nademaal Piet Retief, Goewerneur van die Hollandse uitgewekene Boere, my vee teruggeneem het van Sikonyella (wat dit gesteel het) en aan my gelewer het, ek, Dingaan, koning van die Soeloes, hierby sertifiseer en verklaar dat ek dit goed gevind het om aan hom, Retief en sy landgenote, af te staan die plek genoem Port Natal met al die daaraangrensende land, d.w.s. van die Toegela tot aan die Oemsimvoborivier, weswaarts en van die see tot aan die Noorde, sover as die land bruikbaar en in my besit is.

Dit doen ek hiermee en gee dit aan hulle tot hulle ewigdurende eiendom.

Merk van Dingaan X (20)

UNIE-DEPARTEMENT VAN ONDERWYS.

SUID-AFRIKAANSE SPOORWEË EN HAWENS.

TAALEKSAMENS, APRIL 1929.

AFRIKAANS (Mondelinge Toets).

Tien minute.

(N.B.—*Die kandidaat moet elke vraag hardop lees, en daarna in goeie volsinne antwoord.*)

1. Hoe laat staan u gewoonlik op en hoe laat begin u met u werk ?

2. Wat is u werkure en watter soort werk doen u ?

3. Hou u vaſi u werk ? Gee redes vir u antwoord.

4. Hoe lang is u al in die diens ? Is u van plan om altyd by die S.A. Spoorweë en Hawens in diens te bly ?

5. Van watter sport hou u die meeste ? Gee twee redes vir u keuse.

6. In watter provinsie lê die stasie waarop u werk ? Hoe is die klimaat van die plek ?

7. Wat loop die stadigste : 'n goedere- of 'n passasierstrein ? (Gee twee redes vir u antwoord.)

8. Verklaar die betekenis van die volgende woorde :—'n wissel, bagasiewa.

9. Gedurende watter twee tydperke van die jaar is die passasiersverkeer die drukste ? Waarom is die verkeer dan so druk ?

10. Wie is die Algemene Bestuurder van die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens ? Wie was sy voorganger ?

Gedruk deur CAPE TIMES LIMITED, *Kaapstad*.—L.8554.

Opr 1853
JUTA
& K.IE B.PK